# DIE OPLEIDING VAN HOËRSKOOLONDERWYSERS BINNE DIE VERBAND VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE EN DIE ROL WAT DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND DAARIN GESPEEL HET - 'N KRITIES-HISTORIESE OORSIG.

deur

JACOBUS WILLEM PAYNE

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

Departement Historiese Pedagogiek

aan die

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

STUDIELEIER: PROF. P. P. KIRSTEIN.

BELLVILLE

1984

http://etd.uwc.ac.za/

## DANKBETUIGINGS

In die eerste plek wil ek my opregte dank betuig teenoor my promotor, prof. Pieter Kirstein, vir sy opoffering en leiding, hulp en bystand. Hy het my aangemoedig om die projek aan te pak en sonder sy besielende en inspirerende leiding sou ek dit eerlikwaar nie tot hier gebring het nie.

'n Hartlike dank aan drr. Avenant en Harmse en ander amptenare van die Onderwysdepartement (Binnelandse Aangeleenthede) vir raad en inligting aan my beskikbaar gestel. Baie dankie aan prof. Meiring wat my te woord gestaan het en veral baie dankie aan die rektor, prof. Van der Ross, wat kosbare "rustyd" opgeoffer het om met my te gesels.

Verdere dank en waardering aan die Sekretariaat van die K.P.O. vir inlig= ting aan my verstrek. Ook dank aan mnr. G. Strauss van U.T.A.S.A. wat, ten spyte van ongesteldheid, my te woord gestaan het.

'n Spesiale woord van dank aan mnr. Paulse van die U.W.K. -biblioteek, wat, saam met ander personeellede, uit hulle pad gegaan het om vir my die aangevraagde leesstof in die hande te kry. Graag bedank ek ook die Onderwysbiblioteek van die K.O.D. (Koningin Victoriastraat) en by name mej. Roodt, vir hulle moeite om my te help. Dankie aan my goeie vriend Archie Vergotini, vir sy hulp en inligting, en mnr. Morta van die Admi= nistrasie (U.W.K.) vir inligting aan my verstrek.

Dankie aan my kollega Stephen wat my gehelp het met die Engelse opsomming.

Dankie aan my vrou vir ondersteuning en geduld en veral vir die groot taak om hierdie verhandeling te tik (en my handskrif ook nog te moet ontsyfer). Dankie aan familielede en vriende vir hulle positiewe aanmoediging.

Baie dankie aan my God vir genade en krag, vir gesondheid en gesonde verstand, en vir vriende, soos dié hierbo.

DURBANVILLE
Februarie 1984.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Ek verklaar hiermee dat:

DIE OPLEIDING VAN HOëRSKOOLONDERWYSERS BINNE DIE VERBAND VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE, EN DIE ROL WAT DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND DAARIN GESPEEL HET - 'N KRITIES-HISTORIESE OORSIG my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysing aangedui en erken het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

DIE OPLEIDING VAN HOëRSKOOLONDERWYSERS BINNE DIE VERBAND VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE EN DIE ROL WAT DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND DAARIN GESPEEL HET - 'N KRITIESE-HISTORIESE OORSIG.

HOOFSTUK I.

ORIëNTERENDE INLEIDING.


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1.1. | Algemene inleiding. | 1 |
| 1.1.1. | Perspektief. Onderwys teen die agtergrond van die historiese omstandighede van die verlede. | 3 |
| 1.1.1.1. | Die primitiewe mens. | 3 |
| 1.1.1.2. | Die Grieke. | 3 |
| 1.1.1.2.1. | Sparta. | 3 |
| 1.1.1.2.2. | Athene. | 4 |
| 1.1.1.2.3. | Die Sofiste. | 4 |
| 1.1.1.3. | Die Romeine. | 4 |
| 1.1.1.3.1. | Die vroeë tydperk, ± 750 - 146 v.C. | 4 |
| 1.1.1.3.2. | Die latere tydperk, 146 v.C. - 476 n.C. | 5 |
| 1.1.1.4. | Die Joodse Volk (Bybelse tyd). | 5 |
| 1.1.1.5. | Enkele persone. | 6 |
| 1.1.1.5.1. | Comenius. | 6 |
| 1.1.1.5.2. | John Locke. | 7 |
| 1.1.1.5.3. | Jean Jacques Rousseau. | 9 |
| 1.2. | Begripsbepaling. | 10 |
| 1.2.1. | Opleiding van onderwysers. | 10 |
| 1.2.2. | Akademiese opleiding. | 12 |
| 1.2.3. | Professionele opleiding. | 14 |
| 1.2.4. | Praktiese opleiding. | 15 |
| 1.2.5. | Persoonsvorming, gesindheidsvorming. | 16 |
| 1.2.5.1. | Die fisieke persoonlikheid. | 16 |
| 1.2.5.2. | Geestelike paraatheid. | 17 |
| 1.2.5.3. | Die sosiale persoonlikheid. | 17 |
| 1.2.5.4. | Sedelike persoonlikheid. | 17 |
| 1.2.5.5. | Godsdiens. | 18 |
| 1.2.5.6. | Algemene persoonlikheidsontwikkeling. | 18 |
| 1.3. | Doel van die ondersoek. | 20 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1.4. | Metode van ondersoek. | 23 |
| 1.4.1. | Literatuurstudie. | 23 |
| 1.4.1.1. | Sekondêre bronne. | 23 |
| 1.4.1.2. | Primêre bronne. | 23 |
| 1.4.2. | Onderhoude. | 24 |
| 1.5. | Afbakening van die studieterrein. | 24 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

HOOFSTUK II.

ONDERWYSERSOPLEIDING IN PERSPEKTIEF.

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Kort oorsig van literatuur t.o.v. onderwysers= opleiding in die algemeen en hoërskoolonderwysers in die besonder. | 30 |
| 2.1.1. | Die opleiding van onderwysers. Motivering. | 30 |
| 2.1.2. | 'n Veranderende siening. | 32 |
| 2.1.3. | 'n Kort historiese oorsig van die ontstaan en groei van onderwysersopleidingsinrigtings in die buiteland. | 34 |
| 2.1.4. | Onderwysersopleiding in Suid-Afrika - 'n Historiese oorsig. | 38 |
| 2.1.5. | Die verskillende komponente van die opleiding van onderwysers en dan veral hoërskoolonderwysers soos gesien deur verskillende skrywers oor die onderwys. | 44 |
| 2.1.5.1. | Opleiding. | 44 |
| 2.1.5.2. | Lewensbeskouing en godsdienssin. | 45 |
| 2.1.5.3. | Inhoud en patroon. | 46 |
| 2.1.5.4. | Duur van die opleiding. | 51 |
| 2.2. | Riglyne wat na aanleiding hiervan getrek kan word. | 54 |
| 2.2.1. | Aanloop. | 54 |
| 2.2.2. | Gehalte van opleiding | 55 |
| 2.2.3. | Geïntegreerde kursusse. | 57 |
| 2.2.4. | Die praktyk. | 59 |
| 2.2.5. | Die opleiding is te teoreties. | 60 |
| 2.2.6. | Indiensopleiding. | 62 |
| 2.2.7. | Die karakter, persoonlikheid en agtergrond van die onderwyser. | 63 |
| 2.2.8. | Keuring. | 65 |
| 2.2.9. | Prioriteite. | 65 |
| 2.2.10. | Onderwysersopleiding en onderwyshervorming. | 67 |
| 2.2.11. | Samevatting. | 69 |
| 2.3. | Die opleiding van onderwysers binne die verband van Binnelandse Aangeleenthede. | 69 |
| 2.3.1. | Inleidend. | 69 |


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 2.3.2. | Sedert 1910. | 71 |
| 2.3.3. | Vanaf 1961. | 73 |
| 2.3.4. | Opleiding van Onderwysers, 1964 - 1983. | 74 |
| 2.3.4.1. | In 1964. | 74 |
| 2.3.4.2. | Opleiding van sekondêre onderwysers. | 75 |
| 2.3.4.3. | Laerskoolonderwysersopleiding. | 76 |
| 2.3.5. | Opleidingskole. | 80 |
| 2.3.6. | Onderwyserskolleges (opleidingskolleges). | 81 |
| 2.3.7. | Technikons. | 84 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

HOOFSTUK III.

ONDERWYSERSOPLEIDING: UNIVERSITEITE EN DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND.


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.1. | Inleiding. | 95 |
| 3.1.1. | Die ontstaan van die Middeleeuse Universiteite - 'n kursoriese oorsig. | 95 |
| 3.2. | Toestande voor 1960. | 99 |
| 3.3. | Wetgewing. (agtergrond) | 100 |
| 3.4. | Die ontstaan van die U.K.W.K. Eerste jare. | 106 |
| 3.4.1. | Wet 45 van 1959. | 106 |
| 3.4.2. | Openingsplegtigheid, 29 Februarie 1960. | 106 |
| 3.4.3. | Die eerste jare. | 107 |
| 3.4.4. | Ontwikkeling. | 109 |
| 3.5. | Die opleiding van hoërskoolonderwysers. Kursusse. Statistiek. | 113 |
| 3.5.1. | Inleiding. | 113 |
| 3.5.2. | Gegradueerdes voor 1960. | 114 |
| 3.5.3. | Die huidige posisie. | 115 |
| 3.5.4. | Statistiek. | 118 |
| 3.5.4.1. | Onderwyser - leerling verhouding. | 118 |
| 3.5.4.2. | Kwalifikasies van onderwysers. | 118 |
| 3.5.4.3. | Hou toename tred? | 119 |
| 3.5.4.4. | Kwalifikasies. | 119 |
| 3.6. | Huidige stand van sake. (statistiek) | 120 |
| 3.6.1. | Student-onderwysers. | 120 |
| 3.6.2. | Toename vanaf 1960. | 120 |
| 3.6.3. | Siening van die K.P.O. | 122 |
| 3.7. | Huidige stand. | 122 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

HOOFSTUK IV.

ONDERWYSERSOPLEIDING IN PERSPEKTIEF.


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.1. | Agtergrond waarteen onderwysersopleiding gesien moet word. | 133 |
| 4.1.1. | Primêre (laer) skole. | 134 |
| 4.1.1.1. | Inleidend. | 134 |
| 4.1.1.2. | Kurrikulums, sillabusse en eksaminering. | 136 |
| 4.1.1.3. | Gedifferensieerde onderwys. | 136 |
| 4.1.1.4. | Die primêre fase (junior en senior). | 137 |
| 4.1.1.4.1. | Toelating. | 138 |
| 4.1.1.4.2. | Doel. | 138 |
| 4.1.1.4.3. | Inhoud. | 138 |
| 4.1.1.4.4. | Metode - differensiasie. | 139 |
| 4.1.2. | Sekondêre onderwys. | 140 |
| 4.1.2.1. | Junior sekondêre fase. | 140 |
| 4.1.2.1.1. | Doelstelling. | 140 |
| 4.1.2.1.2. | Inhoud. | 140 |
| 4.1.2.1.3. | Metode. | 141 |
| 4.1.2.2. | Die senior sekondêre fase. | 141 |
| 4.1.2.2.1. | Doelstelling en metodiek. | 141 |
| 4.1.2.2.2. | Inhoud. | 142 |
| 4.1.2.2.3. | Ander. | 142 |
| 4.1.3. | Samevatting. | 143 |
| 4.2. | Personeelposisie. | 143 |
| 4.2.1. | In hoërskole (volgens statistiek) | 143 |
| 4.2.2. | Skoolhoofde. | 145 |
| 4.2.3. | Bevorderingsposte (skole) | 147 |
| 4.2.3.1. | Primêre skole. | 148 |
| 4.2.3.1.1. | Adjunkhoof. | 148 |
| 4.2.3.1.2. | Departementshoof. | 148 |
| 4.2.3.2. | Junior sekondêre skole. | 148 |
| 4.2.3.2.1. | Adjunkhoof. | 148 |
| 4.2.3.2.2. | Departementshoof. | 148 |
| 4.2.3.3. | Senior sekondêre skole. | 148 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 4.2.3.3.1. | Adjunkhoof. | 148 |
| 4.2.3.3.2. | Departementshoof. | 148 |
| 4.2.4. | Personeelvoorsiening (nie-bevorderingsposte) | 149 |
| 4.2.4.1. | Primêre skole. | 149 |
| 4.2.4.2. | Junior sekondêre skole. | 150 |
| 4.2.4.3. | Senior sekondêre skole. | 150 |
| 4.3. | Die onderwysopset in die lig van die Theron-verslag. | 151 |
| 4.3.1. | Inleiding. | 151 |
| 4.3.2. | Historiese perspektief. | 151 |
| 4.3.3. | Skolastiese peil en skoolprestasies. | 153 |
| 4.3.4. | Skoolplig. | 154 |
| 4.3.5. | Onderwysersopleiding en diensvoorwaardes. | 154 |
| 4.3.6. | Universitêre opleiding. | 155 |
| 4.3.7. | Samevattend. | 156 |
| 4.4. | Die De Lange - verslag. | 157 |
| 4.4.1. | Ondersoek. | 157 |
| 4.4.2. | Kwaliteit van onderwysersopleiding. | 157 |
| 4.4.3. | Onderwysersvoorsiening aan die Kleurlinggemeenskap. | 158 |
| 4.4.3.1. | Werwing. | 158 |
| 4.4.3.2. | Keuring. | 159 |
| 4.4.3.3. | Opleiding. | 159 |
| 4.4.3.3.1. | Minimum toelatingsvereistes. | 159 |
| 4.4.3.3.2. | Kursusse aangebied. | 159 |
| 4.4.3.3.3. | Huidige stand van kwalifikasies. | 160 |
| 4.4.3.3.4. | Fasiliteite. | 160 |
| 4.4.3.3.5. | Koördinering van opleiding en benaming van sertifikate. | 161 |
| 4.4.3.3.6. | Finansiële voorsiening. | 161 |
| 4.4.3.3.7. | Tendense in opleidingskursusse en riglyne vir 'n moontlike ideale opleidingstruktuur. | 161 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

BLADSY

| | | |
|---|---|---|
| 4.4.3.3.8. | Akademiese kwalifikasies, professionele bevoegdheid en onderwyservaring van onderwysersopleiers. | 162 |
| 4.4.3.4. | Voortgesette onderwysersopleiding. | 162 |
| 4.4.3.4.1. | Indiensopleiding. | 162 |
| 4.4.3.4.2. | Verdere opleiding. | 163 |
| 4.5. | Perspektief. Toekomstige behoeftes. | 164 |
| 4.5.1. | Aanloop. | 164 |
| 4.5.2. | Probleme. | 164 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

HOOFSTUK V.

SAMEVATTING EN RIGLYNE.


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.1. | Aanloop. | 170 |
| 5.1.1. | Onderwysersopleiding. | 170 |
| 5.1.2. | Groei in skoolbevolking. | 171 |
| 5.2. | Aanbevelings. | 172 |
| 5.2.1. | Die skoolopset. | 172 |
| 5.2.2. | Personeelvoorsiening. | 173 |
| 5.2.3. | Opleidingsgeriewe. | 174 |
| 5.2.4. | Kwaliteit van onderwysers. | 174 |
| 5.2.5. | Skaars vakke. | 174 |
| 5.2.6. | Matrikulasievrystelling. | 175 |
| 5.2.7. | Akademiese oplekding. | 175 |
| 5.2.8. | Die U.W.K. - fakulteit opvoedkunde. | 175 |
| 5.2.9. | Gesindheid en professionele trots. | 177 |
| 5.2.10 | Ten slotte. Enkele gesigspunte van twee rektore. | 177 |

---oOo---

| | |
|---|---|
| OPSOMMING | 202 |
| BRONNELYS | 208 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

LYS VAN TABELLE.


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| I. | Kwekelinge. Inskrywing aan die Söhnge opleidingskool vir die tydperk 1906 - 1918. | 41 |
| II. | Ingeskrewe onderwysstudente, 1961 - 1963. | 73 |
| III. | Inskrywings vir sekondêre onderwysers, 1964. | 76 |
| IV. | Inskrywings aan U.W.K. 1960 - 1983. | 112 |
| V. | Onderwysers aan hoërskole verbonde. | 114 |
| VI. | Kleurlingonderwysers aan hoërskole verbonde. | 114 |
| VII. | Leerling- en onderwyserstal, 1964 en 1982. | 118 |
| VIII. | Leerlinginskrywing teenoor onderwysers. | 119 |
| IX. | Kwalifikasies van onderwysers. | 119 |
| X. | Aantal studente wat afstudeer het aan die U.W.K. (opvoedkunde). | 120 |
| XI. | Grade (onderwysgerig) toegeken deur die U.W.K. | 121 |
| XII. | Diplomas (onderwys gerig) toegeken deur die U.W.K. | 121 |
| XIII. | Onderwysstudente geregistreer by U.W.K. | 121 |
| XIV. | Personeelposisie in skole, 1980. | 123 |
| XV. | Aantal skole, leerlinge en onderwysers in 1981 en 1982. | 123 |
| XVI. | Kwalifikasies van onderwysers, 1982. | 124 |
| XVII. | Die junior primêre fase (tyd in ure en minute). | 138 |
| XVIII. | Die senior primêre kursus. | 139 |
| XIX. | Getal sekondêre skole soos in 1982. | 143 |
| XX. | Leerlinggetalle in sekondêre skole, 1982. | 144 |
| XXI. | Onderwysers aan sekondêre skole, 1982. | 144 |
| XXII. | Kwalifikasies van hoërskoolonderwysers, 1970 en 1980. | 145 |
| XXIII. | Groei in getalle sekondêre skole, 1965 - 1982. | 147 |
| XXIV. | Onderwyserskursusse aangebied aan opleidingskolleges, -skole en die Skiereilandse Technikon. | 159 |
| XXV. | Huidige (1980) kwalifikasies van onderwysers. | 160 |
| XXVI. | Sekondêre skole. Toename en verwagte toename. | 165 |


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## LYS VAN BYLAES


| BYLAE | TITEL | BLADSY |
|---|---|---|
| A | Studentegetalle | 188 |
| B | Studenteghtalle | 189 |
| C | Studentegetalle | 190 |
| D | Grade per Fakulteit | 191 |
| E | Kleurlingstudente aan ander universiteite, 1982. | 192 |
| F | Leerkragte in .......... skole. | 193 |
| G | Samevatting van getal onderwysers...., 1982. | 194 |
| H | Getal opleidingskolleges, skole, ens., 1982. | 195 |
| I | Skoolverlating by hoërskole, 1980 - 1981. | 196 |
| J | Primêre skool, personeelvoorsiening. | 197 |
| K | Junior sekondêre skool, personeelvoorsiening. | 199 |
| L | Senior sekondêre skool, personeelvoorsiening. | 200 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

# HOOFSTUK 1.

## ORIëNTERENDE INLEIDING

### 1.1. ALGEMENE INLEIDING

Die mens is van sy geboorte af aangewese op die hulp en bystand van andere en vir 'n aantal jare bly hy op veral die volwassenes aangewese om ondersteuning, leiding en ook onderwysing. Tereg verklaar Bavinck "Van alle schepselen op aarde wordt de mensch het meest hulpeloos en hulpbehoevend geboren"[1)]

Waar hy in sy baba- en kleuterjare veral blootgestel is aan lig= gaamlike ondersteuning, is hy in die latere jare al hoe meer gereed en ingestel op geestelike en intellektuele bystand.

In dié verband vervul die onderwyser 'n sleutelrol. As opvoeder is hy die verantwoordelike instansie wat moet help om die kind te lei tot volwassenheid. Opvoeding behels die oordrag van wat die opvoeder self waardevol gevind het en berei die kind voor vir volwaardige deelname aan die lewe van die gemeenskap.[2)] Soos Lionel Elvin dit stel, bestaan doeltreffende onderwys uit "those studies and experiences selected from the culture of communities as the most important to transmit to the next generation."[3)]

In die Verslag van die Werkkomitee van die R.G.N. se Ondersoek na die Onderwys word dit so gestel: "Om onderwys te gee, beteken om kinders in beplande, opeenvolgende reekse situasies met bepaalde aspekte van die werklikheid te konfronteer. Hierdie bepaalde aspekte van die werklikheid is geselekteerde snitte uit die werk= likheid wat na die oordeel van die opvoeders die fikseerpunte moet verskaf aan die hand waarvan die kinders hulleself ten aansien van die werklikheid kan oriënteer. Die skool dien as tussenganger tussen die gesinslewe en die volwasse lewe van die kind en daar kan verwag word dat die skool dus lewensgetrou en werklikheids-naby moet wees. Dit is noodsaaklik dat 'n skoolstelsel voorsiening maak hiervoor.[4)]

Die onderwyser is die as waarom die wiel van opvoeding draai, hy moet sin en rigting aan die kurrikulum, die sillabusse, die leer= stof en die aanbiedingswyse van elke les gee. Deur sy persoonlike optrede binne en buite die klaskamer, gee hy vorm, gestalte, lewe en rigting aan die onderwys- en opvoedingspraktyk. Hy is die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

brandende lamp wat vir die onvolwasse leerling die koers aandui.[5)]

Dit is noodsaaklik dat die onderwyser 'n persoon met hoë aansien sal wees - hy moet status hê. In sy openingsrede by die S.A.O.R.-simposium te Durban, het prof. N.T. van Loggerenberg gesê dat kinders, ouers en die samelewing, agting moet hê vir onderwysers en dat hulle aan onderwysers 'n sekere status moet verleen.[6)] Status as sodanig moet gesien word as die agting (eerbied) wat 'n onderwyser in die oë van die mense of die samelewing geniet op grond van die gehalte diens wat hy lewer. Status is dus nie iets wat goedsmoeds deur die staat, onderwysdepartement of 'n onderwysersraad of -vereniging aan iemand geskenk kan word nie; as die onderwyser status wil hê, moet hy dit verdien.

Volgens Cawood e.a. is die belangrikste aspek t.o.v. die status van die onderwyser dié van plaasvervangende ouerskap. Dit is sy diepere status en besorg aan hom in die Christelik-georienteerde gemeenskap 'n besondere plek. Ouerskap as godgegewe voorreg gaan gepaard met die reg om gesag uit te oefen oor die kind, asook die verantwoordelikheid om die kind op te voed. By bereiking van skoolpligtigheid word hierdie take deels aan die onderwyser oorgedra.[7)]

Om onderwysende opvoeding moontlik te maak, moet bepaalde kennis= inhoud aan die kind oorgedra word. Beklemtoning van inhoud is om veral vier redes noodsaaklik:

- Die oordra van kulturele erfenis en tradisies van gemeenskappe;
- die steeds toenemende kennisontploffing;
- die steeds toenemende demokratisering van die onderwys wat daartoe lei dat skool, kollege en universiteit al hoe toegankliker word; en
- die steeds toenemende hoër eise wat deur gemeenskappe aan onder= wysinrigtings gestel word.[8)]

Na aanleiding van bogenoemde word O.J. van Schalkwyk se siening aangehaal: "Every human being has his own history, education, culture, habits, lifeviews, values, norms, political convictions, economic views, life experiences and many other matters."[9)]

Daar word aangevoer dat die opvoedingsdoel van 'n volk of samelewing (gemeenskap) grootliks bepaal word deur die omstandighede en lewens= beskouing van daardie bepaalde tyd.[10)] In aansluiting hierby kan

http://etd.uwc.ac.za/

dit ook aangevoer word dat die opvoedingsdoel in die teken van omstandighede, soos bepaalde ideologieë, staan.

Om hierdie stelling te illustreer, kan kortliks na enkele voorbeelde verwys word.

1.1.1. Perspektief: Onderwys teen die agtergrond van die historiese omstandighede van die verlede.

1.1.1.1. Die Primitiewe Mens.

Die primitiewe mens het nie bewus oor opvoeding nagedink nie,[11] tog het hy sy kinders volgens sekere basiese beginsels opge= voed, sommige waarvan vandag nog geld. Ons kan dit dus nie sonder meer verwerp nie. Dit het gehelp tot die opbou van 'n samelewing wat uiteindelik 'n indrukwekkende kultuur tot stand gebring het. Wilde diere is getem, plante veredel, wapens en gereedskap is ontwikkel, en so meer. Die primitiewe samelewing is die fondament waarop die huidige samelewing gebou is en so is primitiewe opvoeding die grondslag van ons moderne op= voeding.[12]

"The world of the primitive man is all of the present, for he possesses little or no consciousness either of the past or the future. As his environment is non-changing, his education is non-progressive."[13]

Opvoeding en onderwys was by die primitiewe mens byna suiwer gerig op oorlewing, die behoud van die veilige, bekende, be= staande lewensvorm deur reproduksie (i.p.v. produksie) van die volkskultuur en lewenswyses.[14]

1.1.1.2. Die Grieke

Dit is moeilik om die Griekse opvoeding saam te vat omdat daar verskillende stadstate en strominge was.

1.1.1.2.1. Sparta

Hier was die doel van die opvoeding om die seun op te lei tot 'n gevoellose, vreeslose soldaat, en die dogter tot 'n

http://etd.uwc.ac.za/

gesonde moeder wat gesonde babas sou voortbring.[15)]

Die Spartaanse kind is hard groot gemaak en gedwing tot blinde gehoorsaamheid en selfbeheer. Die gesinslewe het nie bestaan nie - kinders was nie kinders nie, maar toekomstige soldate en moeders.

Die opvoeding is volkome deur die Staat beheer.[16)]

1.1.1.2.2. Athene

In Athene was die ideaal die harmonies-ontwikkelde mens, met 'n hoogontwikkelde intellek, op soek na die waarheid. Die enkeling kom dus meer tot sy reg as in Sparta.[17)]

Die kind het 'n vrye aangename lewe gevoer, met die doel om sy hele persoonlikheid op natuurlike wyse te ontwikkel. Die opvoeding het hoofsaaklik by die ouer berus wat die kind na 'n privaat onderwyser gestuur het.[18)]

1.1.1.2.3. Die Sofiste

Hierdie was 'n nuwe soort professionele onderwyser wat hulle verskyning gemaak het. Hulle het meer in geldmaak belang gestel en het op die Retoriek gekonsentreer (aan die ouer seuns) om van hulle goeie sprekers te maak, want so kon 'n mens dit ver bring in die publieke en die politieke lewe. Hierdie soort opvoeding het misluk en sou uiteindelik lei tot die Staat se onderwerping deur die Romeinse Ryk.[19)]

1.1.1.3. Die Romeine

Die Romeine se belangrikste kenmerk was sy praktiese sin. Die Romeinse opvoeding het gestrek oor twee tydperke.

1.1.1.3.1. Die vroëe tydperk, ± 750 - 146 V.C.

Die opvoedingsdoel was militêre paraatheid en pligsgetroue burgerskap en die hoogste doel was bruikbaarheid (utiliteit). Doelwitte soos sedelikheid, moraliteit, geregtigheid, fami= lie- en volkstrots en lojaliteit, gehoorsaamheid aan gesag

http://etd.uwc.ac.za/

pligsgetrouheid, hardwerkendheid, Godvresenheid is nage=streef. Seuns moes 'n beroep of ambag hê en dogters is deur hul moeders onderrig in huishoudelike vaardigheid. Streng dissipline is gehandhaaf en liggaamstraf is vrylik gebruik.[20]

1.1.1.3.2. Die latere tydperk (bloeiperiode). 146 V.C. - 476 N.C.

Die vroeëre Romeinse tydperk se opvoedings doelstellings is in 'n groot mate gehandhaaf, maar onder die invloed van die Griekse kultuur, is besondere nuwe doelstellings in die in=rigtings vir hoër onderwys ingevoer. Soos in Athene, is jongmanne opgelei as "orators", manne wat die woord kon voer in die publiek en in die Senaat. Hierdie opleiding het reeds op elementêre vlak begin. Taal- en letterkunde was die ver=naamste studievakke. Aardrykskunde, geskiedenis en die na=tuurwetenskap is onderrig om die letterkunde beter te begryp.

Daar was geen aandag aan die kind as individu bestee nie, die leerstof is nie aangepas by belangstelling en aanleg nie en die meisies is erg verwaarloos.

Alle skole was aanvanklik privaatinstellings en skoolbywoning vrywillig. Op elementêre onderwys is neergesien, maar se=kondêre en hoër onderwys het meer aansien geniet. Die Romeine het reeds begin met staatsubsidiëring en toenemende staatsbe=heer oor onderwys.[21]

1.1.1.4. Die Joodse Volk (Bybelse tyd).

Israel se opvoedkundige beskouinge was besonder hoogstaande van aard, en die onverbreekbare band wat hierdie volk tussen opvoeding en godsdiens bewaar het, het hom deur rampe en verstrooiing heen bewaar. Vir dié volk, net soos vir die enkeling, sou hy feitlik enigiets kon verduur solank dit sinvol was. Israel se Gods- en mensbeskouing het die lewe en die opvoeding beklee met die hoogste denkbare betekenis - medewerkerskap met God.[22] Die opvoeding onder ou Israel vorm een van die belangrikste grondslae van selfs ons moderne opvoedkundige teorie en praktyk. Sonder 'n kennis van die opvoeding onder ou Israel kan ons eenvoudig nie die Christelike

http://etd.uwc.ac.za/

Westerse opvoeding verstaan nie. Ons opvoeding is pedosen=tries, en dit was Christus wat gesê het: "Wie nie soos 'n klein kindjie word nie, kan nie die ewige lewe beërwe nie.[23]

1.1.1.5. Enkele persone

Hierbo is 'n bewering gemaak dat die opvoedingsdoel van 'n volk of samelewing (gemeenskap) grootliks bepaal word deur die omstandighede en lewensbeskouing van daardie bepaalde tyd. Enkele volke is aangehaal as bewys. Ook gedurende die Middeleeue, die Renaissance en die Kerkhervorming het die onderwys in die teken van aanpassing by die veranderde eise gestaan. Persone het ook hulle stempel op die opvoeding nagelaat; die bydraes van slegs drie word hier kortliks be=spreek, t.w. Comenius, Locke en J.J. Rousseau. Hulle kan almal as van die eerste werklike groot "onderwysers" in die geskiedenis van die opvoeding beskou word en hul opvoedkun=dige beskouinge is van besondere betekenis vir ons wat in hierdie studie gaan besin oor die onderwyser, die opleiding van onderwysers en alles wat daarmee saamgaan.

1.1.1.5.1. Comenius

In die sewentiende eeu kom die Realisme tot volle ontplooiing in die werk van Comenius. Hy was 'n diep-gelowige Christen en as sodanig was die hoofdoel van die opvoeding vir hom die eer van God en die uitbreiding van die ryk van Christus, want slegs daarin kon die mens geluk vind. Hy soek na 'n samelewing wat na God toe georden is.[24]

Die bestemming van die mens se geluksaligheid lê by God, maar volgens hom, is die mens deur die sonde verwyder van God. Tog kan die mens deur Jesus Christus tot God kom en geluk vind, en juis hier staan die rol van die opvoeding voorop. Deur die opvoeding moet die mens kennis van homself opdoen en strewe na selfbeheersing, deug en vroomheid - en dit is die hoogste doel van die opvoeding.

Comenius het uitgewei oor die drie stadia van die mens se lewe op aarde: plantaardig, dierlik en geestelik. Die op=

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

voeding moet die eerste twee diensbaar maak aan die derde.[25)]

1.1.1.5.2. John Locke, 1632 - 1704.

Die Rasionalisme had sy oorsprong in Engeland, waar dit oorheersend politiek van aard was. Die eerste formuleerder, John Locke, het in sy persoonlike lewe steeds Christen gebly en self nooit die Openbaring verwerp nie. In Frankryk het die Rasionalisme gelei tot Ateïsme en materialisme.

Die einddoel van opvoeding was vir Locke die vorming van karakter - die hele karakter, liggaamlik, verstandelik en sedelik. 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde verstand. Die opgevoede mens is die mens met deug, wysheid, verfyndheid en gehardheid. Die ideale mens was die prakties bruikbare mens, gesterk deur 'n ontwikkelde verstand en karakter, 'n waardige gedissiplineerde mens.

Locke was 'n aanhanger van die Deïsme - God het alle dinge geskep en hom daarna onttrek en die beheer daarvan aan die natuurwette oorgelaat. Aan die mens het God die verstand gegee om die wette te leer ken.

Op sedelike gebied moet die kind leer om sy eie dade te be= oordeel, om homself te beheers, en om eergevoel te hê. Kennis lei tot deug en daar is dus 'n baie nou verband tussen onderwys en opvoeding.

Locke het geglo in "education before instruction". Nie slegs klassieke vakke nie, maar ook die humanitêre vakke, was vir hom belangrik. Sy metodiek het uitgegaan van die "tabula rasa"-teorie - "a sheet of white paper, devoid of all characters". Sy teorie dat leer "die verwerwing van nuwe kennis" was, het die didaktiek sterk bevorder: wat van die kind gaan word, hang feitlik uitsluitlik af van die op= voeder.[26)] In sy metodiek het hy baie klem gelê op die rol van sintuiglike waarneming.

Sy opvoeding was prakties. Vir hom het denke alleen beteke= nis gehad as dit tot dade lei. Die opvoeding en die opvoeder moet redelik wees. In 'n mate het hy sy eie tabula rasa-

http://etd.uwc.ac.za/

teorie weerspreek in sy erkenning van die uniekheid van die kind.

Locke was nie ten gunste van algemene opvoeding nie, maar slegs in dié van die geestelike aristokrasie, wat volgens hom, die toekomstige leiers was. Hieruit het die Engelse "public schools" ontwikkel.

Locke het die onderwyser as 'n baie belangrike persoon gesien. Hy sè dat 'n diamant eers geslyp en gepoleer moet word voordat dit skitter. Net so moet 'n onderwyser by sy kennis ook wel= opgevoed wees,[27] want "the first task of the teacher was to create character".[28]

Hy sê dat ..."children should from their first beginning to talk, have some <u>discreet</u>, <u>sober</u>, nay, <u>wise</u> person about, whose care it should be to fashion them aright, and keep them from all ill, especially the infection of bad company. I think this province requires great sobriety, temperance, tenderness, diligence and discretion, qualities hardly to be found united in persons, that are to be had for ordinary salaries; nor easily to be found anywhere. .... As to the charge of it, I think it will be the money best laid out, that can be, for our children, and therefore though it may be expensive more than ordinary, yet it cannot be thought dear".[29]

Volgens Locke is dit noodsaaklik dat die onderwyser welopge= voed is en wêreldkennis moet hê; hy moet kennis dra van die weë, die stemmings, die dwaashede, die bedrog en die foute van die tyd en die samelewing waarin hy lewe en die kind daarop voorberei[30] "in so interesting a fashion that the children learn with the same zest as they play".[31]

Die onderwyser moes dus spesiaal uitgesoek word om dieselfde eienskappe te besit as wat hy in sy leerlinge moes aankweek, dus van goeie afkoms, belese, 'n deeglike kennis van mense en die wêreld hê, deugsaam, geleerd en aktief; hy moes 'n gentle= man wees.[32]

http://etd.uwc.ac.za/

1.1.1.5.3. Jean Jacques Rousseau (1712 - 1778) en die Naturalisme.

Die Naturalisme, waarvan Rousseau 'n vername eksponent was, het voortgevloei uit die humanisties-realisties-rasionalis= tiese denke. Die mens, wat van nature goed was, se goeie natuur is bederf en misvorm deur 'n bedorwe en korrupte same= lewing. Hy moes dus terugkeer tot sy natuurlike staat.

Die naturaliste het geglo in natuurlike moraliteit, natuurlike godsdiens, opvoeding deur die natuur, natuurlike lewenswyses en gedrag en die natuurlike verwerwing van kennis deur sin= tuiglike ervaring en natuurlike, rasionele denke.[33)]

In hierdie opsig was sy boek, "Emile", sekerlik die handboek van sy opvoedingsfilosofie. Emile is volgens hierdie filo= sofie opgevoed. Tog was dié werk onwetenskaplik, herhalend en dikwels teenstrydig.[34)]

Elke mens moes sy natuurlike neigings en gevoelens uitleef, volgens Rousseau en die Naturaliste se opvoedingsdoel. Hy moes sy natuurlike geaardheid, vermoëns, aanleg en neigings langs 'n natuurlike weg teen sy natuurlike tempo ontwikkel. Hierdeur sou 'n natuurlike "goeie" mens en samelewing verkry word. Die Naturaliste het nie geglo aan opvoeding as leiding en die kunsmatige organisering van ervarings vir die kind, versnelling van die leertempo deur onderrig, en bekendstelling van die kind met die volwasse kultuur nie. Vrye, onbelemmerde ontwikkeling van die individualiteit van die kind moes ver= seker word.[35)]

Oor die opvoeding van die kind skryf Rousseau dat "the real nurse is the mother and the real teacher is the father. He will be better educated by a sensible though ignorant father than by the cleverest master in the world."[36)]

Maar as die vader dan wel die opvoedingstaak aan 'n ander moet oorlaat, dan kom die 'tutor' op die toneel. "A tutor! What a noble soul! Indeed for the training of a man one must either be a father or more than man. It is this duty you would calmly hand over to a hireling. The tutor must have

http://etd.uwc.ac.za/

been trained for his pupil, his servants must have been trained for their master, so that all who come near him may have received the impression which is to be trans= mitted to him. We must pass from education to education, I know not how far. How can a child be well educated by one who has not been well educated himself?"[37)]

In Rousseau - en die Naturaliste - se opvoedingsteorie was daar geen godsdienstige motiewe nie - hulle erken geen hoër gesag as die mens self nie.[38)]

Rousseau en die Naturaliste se belangrikste bydrae tot die opvoedkunde was dat hulle die kind tot die middelpunt van die opvoedende werksaamheid gestel het.[39)] Pistorius vat dit so saam: "Dit is Rousseau se besondere bydrae dat hy dit pertinent gestel het dat dit in die opvoeding om die hulp van die kind gaan en dat die kind die hoofpersoon in die opvoedingsgebeure is. Hierdie beginsel van pedo-sentrisme beheers die moderne opvoedkundige denke.[40)]

Historiese omstandighede bepaal die opvoedingsdoel, soos blyk uit die enkele voorbeelde hierbo genoem. En hier speel die onderwyser 'n sleutelrol. Hy moet die kind op= voed in "those studies and experiences selected from the culture of communities as the most important to transmit to the next generation."[41)]

## 1.2 BEGRIPSBEPALING

1.2.1 Presies wat behels die begrip "opleiding van onderwysers" of in Engels "teacher training"? Verskillende antwoorde kan hierop verstrek word.

In die R.G.N. se ondersoek na die onderwys, die De Lange Verslag se Verslag oor die werwing en opleiding van Onder= wysers word dit so gestel: Professionele vorming en voor= bereiding van onderwysers is bedoel om persone te bekwaam vir suksesvolle taakverrigting in die onderwys.[42)]

http://etd.uwc.ac.za/

Aangesien effektiewe onderwys veel meer as die beheersing van 'n spesifieke vakgebied behels, behoort 'n wetenskaplike benadering by onderwysersopleiding gevolg te word. Dit word vandag algemeen aanvaar dat opleidingskursusse vir onderwysers akademiese, professionele en praktiese komponente moet insluit, maar die vraag is of hierdie komponente so geïntegreer word dat kursusse in 'n gebalanseerde eenheidstruktuur afspits op die verwerwing van spesifieke kundighede, vaardighede en tegnieke wat van die onderwyser 'n unieke persoon maak wat 'n uiters belangrike plek in die samelewing beklee.

Die Statebondskongres oor onderwysersopleiding wat in 1974 gehou is, het besluit: "The key to educational quality is the quality of the teaching force. This high quality can be assured only through effective training."[43)]

Hoofdoel van onderwysersopleiding bly die voorbereiding van die student vir 'n besondere taak. Hierdie besondere taak is die opvoeding van die kind soos hy is en wat van hom sal word. Die aspirant-onderwyser moet weet waarheen hy met die opvoedeling wil, eerstens ter wille van die opvoedeling self en in die tweede plek ter wille van die samelewing waarin hy sal skakel. Die opvoedelinge moet behandel word na wat hulle is en nie na wat hulle mag word nie, en hiervoor moet die aspirant-onderwyser opgelei word.[44)]

Ook in hierdie verband stel McCarty dit soos volg: "Teacher education should do more than prepare a professional for a classroom, important though that is. A true professional should look beyond the expectations of his public and of his corporate constituency. He must understand not only the inherited traditions of the craft through apprenticeship, but he must also visualize the practical implications for the learning of youngsters both of his own common sense and of theoretical reformulation based on new scientific evidence. A correctly trained teacher should be a critic of compulsory education as presently practised, as it is a system which assumes that human beings learn in the same way at the same rates at the same time. In a word, he must learn not to be

http://etd.uwc.ac.za/

deluded by outmoded traditions of the past, by recollections of his own education or by dysfunctional convention."[45)]

Nuttall benader dit weer uit 'n ander hoek as hy sê ...... "that the success of the teacher depends less on his know= ledge of set methods than on what he is himself: the quality and content of his mind, his interests and habits, his imaginativeness and sympathies and the general balance and poise of his character. He needs to learn the disciplines of study as well as the tricks of the trade, to recognise the value of studying a subject to the limit of his capacity for its own sake and not necessarily for subsequent classroom practice." [46)]

Daar was deur die jare 'n meningsverskil tussen diegene wat glo dat kennis nie nodig is nie, maar wel kennis van die regte aanbieding, dus nie wat nie maar hoe, aan die een kant, en aan die ander kant hulle wat sê die metode (hoe) is nie belangrik nie, maar wel wat aangebied moet word. Tog word algemeen aanvaar, en al meer toegepas, dat die jong onderwyser akademies, professioneel en prakties opgelei moet word. 'n Vierde komponent, wat deel moet vorm van die professionele komponent, n.l. karakter- of persoonlikheidsontwikkeling, moet bygevoeg word. Enkele gedagtes oor elkeen van hierdie komponente word genoem.

1.2.2. Akademiese opleiding

Aan die universiteit geniet die akademiese opleiding van die aspirant-onderwyser aanvanklik, veral die eerste twee of drie jaar, die meeste aandag, indien nie die uitsluitlike aandag nie. Die hoofgedagte hier is om die voornemende onderwysers te voorsien van kennis, van vakkennis, van die leerstof waarvan hy nagenoeg 'n oorvloed moet hê sodat hy uit= eindelik, in sy eie klaskamer, uit 'n gesagsposisie kan praat; sy kennis moet dié van die leerling oortref sodat hy kan praat uit die oorvloed van kennis waaroor hy beskik.

Daar moet in gedagte gehou word dat die student tydens sy

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

aankoms by die universiteit, slegs oor daardie kennis beskik wat hy self in die skool opgedoen het, en dis hoegenaamd nie voldoende vir sy toekomstaak nie. Hy het geen agtergrond= kennis nie. Daarom is dit noodsaaklik dat hy akademies deeg= lik toegerus word vir sy toekomstaak.

Akademiese opleiding aan die universiteit kan in 'n handels= rigting (B.Comm., B.Econ.), natuurwetenskaplik (B.Sc) of Lettere & Wysbegeerte (B.A.) geskied.

Insake die akademiese opleiding van student-onderwysers sê Adams dat dit baie bemoedigend is om te sien dat navorsing op gebiede soos die Sosiale Studies, lees, spel, wetenskap, wiskunde en musiek daartoe lei dat oplossings gevind of antwoorde verstrek word vir tot-nou-toe onbeantwoorde op= voedkundige probleme; bv. leesprobleme kan geïsoleer word en remediëring toegepas word. Die lukraak metodes in die onderwys maak plek vir die kritiese benadering. Feit bly staan, veral die sekondêre onderwyser moet akademies deeglik opgelei word; hy moet 'n vakman wees - 'n spesialis op sy vak= terrein.[47)]

Reeds in 1885 het Payne betoog dat die onderwyser 'n deeglike kennis moet hê van die vak(ke) wat hy onderrig, veral omdat hy nie alleen kennis oordra nie, maar die verstaan-en-leer= proses moet lei; daarom is dit noodsaaklik dat hyself deur daardie proses gegaan het. ... Die enigste werklike metode is dat hy die leerproses met al sy probleme ken, asook die oplossing daarvan.[48)]

Daar bestaan meningsverskille oor die aard van die opleiding. In die verlede was die beleid hoofsaaklik dat eers akademiese opleiding aan 'n universiteit verkry word en dat die profes= sionele opleiding (onderwysersdiploma(s)) daarna voltooi word. In sekere gevalle was hierdie opleiding geïntegreerd.

Hieroor het Adams geskryf: "Furthermore, teacher education cannot and must not be viewed as the frosting which can be added to the cake after the liberal arts program has been completed. The most effective programs are those which relate and integrate professional education and the liberal

http://etd.uwc.ac.za/

arts permitting each to supplement the other while the teacher is developing." 49)

Tans is dit gebruiklik dat die student 'n vierjarige graad=kursus plus diplomakursus deurloop, hetsy eers 'n graad=kursus en dan die diplomakursus of 'n geintegreerde vierja=rige kursus.

1.2.3 Professionele opleiding

In die klaskamer het die onderwyser meesal weinig te sê oor wat hy gaan onderrig, maar hy het 'n groot verantwoordelikheid in hoe hy gaan onderrig, en die besit van deeglike kennis en begrip van die rol van "kennis" om hierdie vakke deeglik te kan onderrig. 50)

Die professionele opleiding behels hoofsaaklik die kennis van die Empiriese Pedagogiek (Sielkunde/Psigologie van die Op=voedkunde), die Fundamentele Pedagogiek (Filosofie van die Opvoedkunde), die Sosiale Pedagogiek (Onderwys en die Same=lewing), die Didaktiese Pedagogiek (Opvoedkundige beginsels en toepassing of metodiek), die Historiese Pedagogiek (Geskiedenis van die Opvoedkunde), die Onderwysorganisasie en -administrasie, en die Vergelykende Pedagogiek.

Die student-onderwyser moet vroegtydig kennis maak met die kinders, die materiaal waarmee hy gaan werk; hy moet kennis hê van die opvoedkunde en die opvoeding, die wese en die doel daarvan; hy moet kennis dra van die invloede van die Skool, die huisgesin, die samelewing, die kommunikasiewese, op die kind, van die onderwyssituasie, die leersituasie, probleme, hulpverlening, remediëring; hy moet kennis dra van die groei van die opvoeding en opvoedingsteorieë deur die eeue, van die organisasie en die administrasie in die skool en daarbuite en hy moet kennis dra van die opvoeding van en in ander lande.

Payne, hierbo aangehaal, sê hieroor: "We can have little hesitation (then) in asserting that the pretention to be able to teach without knowing even what teaching means; without

http://etd.uwc.ac.za/

mastering the processes and methods as an art; without gaining some acquaintance with its doctrines as a science; without studying what has been said and done by its eminent practitioners, is an unwarrentable pretention which is so near akin to empiricism and quackery, that it is difficult to make the distinction." 51)

Samevattend kan dan gesê word, in die woorde van Kruger: "Die vakdidaktiek vorm ..... die brug tussen opleiding en skool. .......die student leer om die inhoude van die akademiese dissiplines te analiseer en te omvorm tot peda= gogies-relevante inhoude wat onderrigbaar en leerbaar is en vormingsimpak op die leerders behoort te hê."52)

1.2.4. <u>Praktiese opleiding</u> is die derde komponent van die onderwyser se opleiding. In die resente verlede was hierdie deel van die opleiding te dikwels die aspoestertjie. Baie studente het opgesien teen die "proefles". Gelukkig word die waarde van die praktiese opleiding almeer tot sy reg gebring. McCarty stel dit so: "If an educator is to be highly compe= tent, he must have an excellent academic preparation. But the best educators, whether teachers or administrators, or specialists, are those who combine this background with the capacity to assimilate and profit from experience".53)

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Reeds honderd jaar gelede is gesê dat "no problem area in education is as unstudied and as important as the practice-teaching period. ....the efficacy of the experiences which do or should precede practice-teaching, and the development of procedures that would allow us to evaluate the effects of practice-teaching on the neophyte teacher, procedures which would be better than private opinions"54)

In 'n artikel oor onderwysersopleiding in Alpha, word gewys op die belangrikheid van die praktiese opleiding. Eerstens noem die skrywer die waarde van dosente (kollege-, universi= teit en/of Technikon) wat self jare lank in die klaskamer-situasie gestaan het en die deskundige leiding wat hy aan die student moet gee. Verder toon hy die belangrike bydrae van die Skoolhoof en sy personeel in die noodsaaklike leiding wat

http://etd.uwc.ac.za/

hulle aan die student-onderwyser moet gee gedurende die proefonderwyssessie. Indien die student-onderwyser aan 'n ervare onderwyser, wat die toekoms van die professie op die hart dra, toevertrou word, kan hy ervaring opdoen wat hom uiters laat luskry vir skoolhou en die begeerte laat ont=staan om so gou as moontlik voor sy eie klas te staan. Die ouer onderwyser kan die jong leerkrag baie leer veral ook t.o.v. die toepassing van effektiewe metodes in die klas=kamer.[55)]

1.2.5. Persoonsvorming, gesindheidsvorming.

Dit is 'n onweerlegbare feit dat die persoonlikheid van die onderwyser die kind moet lei en inspireer. Taute het dit gestel dat karaktervorming belangrik is, want 'n mens voed meer op deur wat jy is as deur wat jy sê.[56)]

Persoonlikheid behels beide 'n objektiewe en subjektiewe element. Objektiewe persoonlikheid is die indruk wat die persoon na buite op ander probeer maak, dus 'n masker wat aan ander voorgehou word. Hierteenoor is die subjektiewe persoonlikheid die ware self van die mens - ook genoem ka=rakter. Die ideaal is dat die objektiewe - die masker - die indruk na buite, dieselfde is as die subjektiewe, die innerlike, die karakter.

Dit is noodsaaklik dat algehele of volledige persoonsvorming of persoonlikheidsontwikkeling ook saam met die onderwysers=opleiding sal geskied. Persoonlikheid word geopenbaar in verskillende fasette, soos die fisieke, geestelike, sosiale, sedelike en godsdienstige.

1.2.5.1. Die fisieke persoonlikheid het te doen met die liggaam, kleding en algemene voorkoms. Die klere maak nie altyd die man nie, maar dit is waar dat die uiterlike meestal die innerlike re=flekteer. Daar moet agting wees vir die liggaam deur die kleredrag, netheid en sindelikheid. Uiterlike slordigheid en verwaarlosing weerkaats dikwels 'n soortgelyke innerlike. Fisieke fiksheid gaan ook saam met die onderwyserspersoonlikheid. Pectora roborant cultus Recti.[57)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

1.2.5.2. Geestelike paraatheid van die onderwyser vind weerklank in sy taakbenadering, sy gesindheid t.o.v. sy professie. Dit blyk uit die stiptheid by die werk, keurigheid van sy lesaanbieding. Wat is sy ingesteldheid teenoor die hoof, sy kollegas, die ouers, die leerlinge en sy gemeenskap? Is hy (verstandelik) genoegsaam toegerus om die aanslae van die eise van die moderne lewe te weerstaan, trotseer en oorwin? Die Professionele Erekode van die S.A.O.U. stel dit met die woorde: Ons glo in die behoud van 'n ewige jeug deur altyd student te bly.

1.2.5.3. Die Sosiale persoonlikheid gaan om die mens se betrekkinge en verhoudinge met sy medemens. Dit gaan dus om hoflikheid, vriendelikheid en oorredingsvermoë. Dit ontstaan wanneer mense kommunikeer, wanneer kennis of bepaalde gedagtes aan ander oorgedra word. Wat is die mens se waardeskatting t.o.v. ander persone? Hoe evalueer die mens homself: ge= lykwaardig, minderwaardig, meerderwaardig? Die sosiale persoonlikheid is oorerflik, maar tog in 'n hoë mate vatbaar vir beïnvloeding, ten goede of ten kwade. Gedurende onder= wysersopleiding moet baie aandag aan hierdie aspek bestee word - selfs deur sy onderwysloopbaan tydens indiensopleiding.

1.2.5.4. Sedelike persoonlikheid dui op karakter in sy engere betekenis. Dit is baie vatbaar vir beïnvloeding ten goede of ten kwade. Verandering geskied soms geleidelik, veral deur uitwendige opvoeding en innerlike selfopvoeding, maar dit kan geweldig (skielik) wees, b.v. deur bekering, ambisie, liefde, teleur= stelling. 'n Mens wat na die karakter toegerus is, is 'n mens van integriteit - 'n "heelgetal mens".[58)]

'n Belangrike faktor is die dosent se invloed op die student se vorming, deur die oordra van dit wat eg, suiwer en beproef is. Die student staan altyd blootgestel aan liberale be= skouinge in die pers (koerante en tydskrifte), oor die radio en die televisie. Hy moet gelei word tot die regte keuse: behoudend, positief.

http://etd.uwc.ac.za/

1.2.5.5. In sy opleiding moet daar ook aandag gegee word aan die kandidaat-onderwyser se godsdiens. C.P. van der Merwe sê hieroor: "'n Mens wat klemloos teenoor godsdiens staan .... behoort nie onderwys te gee nie, want hy beroof die leerlinge van dié hoeksteen van ware karaktervorming. Hy kan leerlinge hoogstens 'n bietjie vakkennis bybring - om van hulle geleerde heidene te help maak, maar tot opvoeding, ware opvoeding vir tyd en ewigheid, is hy nie in staat nie." Van der Merwe vat dit so saam: Vir leerlinge is jou optrede miskien die belangrikste, want lank nadat hulle jou kerkverband reeds vergeet het, sal hulle jou nog altyd onthou as die man wat ankers en bestemming gehad het en wat elke dag, sonder baie woorde, 'n boodskap uitgelewe het - omdat hy 'n toonbeeld was van wat dit beteken om God bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself.[59)]

Uit 'n studie wat gemaak is oor die gesindheid teenoor gods= dienstige aangeleenthede blyk dit dat die godsdiens nog 'n belangrike rol speel in die lewe van die senior universiteit= student. Die studente is nog positief ingestel teenoor die godsdiens - hulle gaan nog gereeld kerk toe, lees die Bybel/ Koran, bid, besef die waarde van godsdiens as sodanig. .... Hy glo in God ....., dink dat die jeug 'n godsdienstige op= voeding moet ontvang en dat godsdiens kan bydra tot beter menseverhoudings in Suid-Afrika.[60)]

1.2.5.6. Algemene persoonlikheidsontwikkeling.

Dit is daarom belangrik dat gedurende onderwysers opleiding gepoog word om die onderwyser op te voed tot 'n goed-geïn= tegreerde, goed aangepaste en gebalanseerde persoonlikheid sonder afwykinge. Persoonlikhede wat nie gebalanseerd ont= wikkel is nie, kan lei tot baasspelerigheid, afknoumetodes, onbesonnenheid, ongeduld, vooroordeel, oormatige strengheid, afsydigheid, sarkasme, oorbeklemtoning van wedywering en straf, gebrek aan selfvertroue, oorgevoeligheid, minder= waardigheid. Dit kan gevaarlik wees as die onderwyser omrede swakhede in sy persoonlikheid, kompensasie soek.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die opleiding van die onderwyser het ten doel om die student te lei om 'n suksesvolle leermeester te wees, maar tog meer, om opvoeder te wees in diens van die onderwys en die gemeen=skap in die ware sin van die woord.[61)]

Die tuisbring van teoretiese kennis by die student is van groot belang, ook die daarstelling van metodologiese vaar=digheid, maar die belangrikste is seker die tuisbring van 'n gesonde idealistiese beskouing van die onderwys as beroep.[62)] Anders gestel, die aspirant-onderwyser, en die onderwyser in die algemeen, se gesindheid teenoor die onderwys moet reg ontwikkel word en reg wees. Kirstein beweer dat die feit dat 'n student as 'n volwassene behandel word nie beteken dat hy heeltemal ryp, klaar gevorm en onbeïnvloedbaar is nie. Hy bly oop vir indrukke en die daarstelling van gesindhede.[63)]

Kennis, kundighede, vaardighede, vorming en opvoeding is almal samestellende komponente van een en dieselfde geheel, en die integrasie en uitbouing van al hierdie dinge moet plaasvind binne dieselfde situasie, nl. die opvoeding=situasie. Hierdie is die ware gesindheid wat by die aspirant-onderwyser gekweek moet word en waarvolgens hy sy taak moet benader.[64)]

In welke mate die onderwyser sy beroep as 'n roeping, 'n lewenstaak, sien waaraan sy beste kragte gewy moet word, hang af van sy gesindheid teenoor die professie. Hy sal sy talente en vermoëns toewys en aanwend tot heil van die jeug van sy volk en in alles die beswil van die jeug soek. Daar is seker maar 'n graduele verskil tussen gesindheid en idealisme.

Te midde van baie strominge, tendensies en aanslae van buite sal hy voortgaan met bou, want daar is visie, daar is 'n ver=gesig, en daar is toekomsverwagting. Die wete dat hy met 'n moeite-werd taak besig is, sal hom oor die moeras van sleur=werk, die berge van nasienwerk en duisend-en-een ander struikelblokke dra.[65)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

As die student afstudeer, moet hy helderheid t.o.v. bogenoem=de eienskappe hê. Hy moet dus in sy optrede en persoonlik=heid werklik volwasse wees om self leiding te kan gee, en altyd 'n voorbeeld te stel.

Die skool is so goed soos die mense wat daarin onderwys gee, en hoë eise word vandag aan die onderwyser gestel. Die ware opvoeder bring skoonheid in die hart van die kind. Hy wek liefde in al wat skoon en edel is en daarom is hy 'n hand=langer van die Skepper wat ons leer dat waarheid en goedheid een is.[66)]

## 1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

In 'n veelrassige land soos die Republiek van Suid-Afrika, is dit noodwendig dat die verskillende rasse, groepe en gemeenskappe naas mekaar en saam met mekaar moet lewe en ontwikkel. Elke groep en gemeenskap het in die verlede sy deel bygedra en sal dit nog meer in die toekoms moet doen, tot die ontwikkeling en groei van ons geliefde vaderland.

Dit is 'n historiese feit dat hierdie rassegroepe en gemeenskappe naas mekaar, maar tog afsonderlik van mekaar, ontwikkel het. Die redes en oorsake is nie hier ter sprake nie. So is dit dan ook 'n algemeen erkende feit dat die Kleurling en die Blanke van hierdie land, saam, en tog geskei van mekaar, ontwikkel het. Die Kleurling en die Afrikaner het albei hul ontstaan gehad hier aan die suid=punt van Afrika en wel ongeveer gedurende dieselfde tyd. Vandaar dan dat hulle dieselfde taal praat, dieselfde God aanbid, aan dieselfde kerkgenootskappe behoort, hoofsaaklik dieselfde kultuur aanhang en nagenoeg dieselfde lewenswyse en toekomsideale nastreef.

Ten spyte van hierdie egaliserende faktore, bly dit 'n feit dat die verskillende bevolkingsgroepe in baie gevalle, baie min van die gesigspunte, lewenswyse en ideale van hulle anders-rassige land=genote weet. Hulle leef en dink en doen saam in dieselfde land, naas mekaar en tog geskei van mekaar. En dit bly 'n aanvaarde en bewese feit dat mense mekaar alleen kan verstaan as hulle mekaar ken, goed ken.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Om nader te kom na die tema van hierdie verhandeling, rakende die opleiding van onderwysers, dus 'n verhandeling wat te doen het met die onderwys, kan dan nou die vraag gestel word: Hoe goed ken die blanke en die Kleurling van ons land mekaar? As in aan=merking geneem word dat opleiding geskied aan 'n inrigting wat a.g.v. die beleid van afsonderlike ontwikkeling ontstaan het, is daar min sprake van "akademiese" en sosiale kontak, faktore wat noodsaaklik is vir beter wederwydse begrip.

Toe skrywer hiervan by die Universiteit van Wes-Kaapland geregis=treer het as B.Ed.-student (met spesiale goedkeuring van die Minister) het hy ook geglo hy weet iets van sy Kleurling landge=note. Eers toe hy sy medestudente leer ken, en 'n aantal goed leer ken het, nie slegs in die lesingsaal nie, maar as medemense in hulle huise, het hy besef hoe swak die kennis van die blankes oor die Kleurling werklik is.

In gesprekke met dosente en mede-studente is agtergekom wat die knelpunte in Kleurlingonderwys is, gesien van die kant van Kleur=lingonderwysers. 'n Mens kan aanvaar dat alle klagtes en dinge waaroor daar ontevredenheid is, nie almal ewe sterk staan en ewe grondig is nie. By alle onderwysdepartemente is daar tog redes tot klagtes. Maar alles dui daarop dat Kleurlingonderwys redes tot klagtes het, en dat baie met Kleurlingonderwysersopleiding verkeerd mag wees, is net so 'n feit.

In 'n gesprek met die hoof van 'n Senior Sekondêre Skool is gemeld dat die Kleurlinge wel rede het tot ontevredenheid, 'n bewering wat te verstane is. Toe daar gewys is op "tekortkominge" in Kleurling=onderwys, het gemelde skoolhoof geantwoord dat dit tyd word dat die mense hulle nie blind staar op wat hulle nog wil hê nie, maar 'n slag dankbaar moet wees vir wat alles die afgelope 10 tot 20 jaar bereik is en vir wat vir Kleurlingonderwys gedoen word.

Toe aan 'n medestudent gevra is of hy na die B.Ed. ook die M.Ed. gaan aandurf, was die antwoord: "Ja, maar ek wil eers 'n jaar rus."
Dit blyk toe dat dié jong man, ná st. 8 die L.P.O.S. voltooi het.
Na enkele jare van skoolhou, het hy sy matriek aangepak en voltooi.
Vir drie jaar het hy daarna gereeld die afstand van ongeveer 80 km.

http://etd.uwc.ac.za/

tussen sy skool en die U.W.K. afgelê en die B.A.-graad behaal. Daarna het hy weekliks dieselfde afstand afgelê (vir 2 jaar) om die B.Ed. te voltooi.

Dit is hierdie soort deursettingsvermoë, positiewe kritiek en belangstelling, wat kan help om Kleurlingonderwys op 'n gesonde voet te plaas. Die feit dat die B.Ed.-klasse aan die U.W.K. oor die afgelope 4 jaar groter as 100 p.j. is, is 'n bewys van die opregte strewe om kwalifikasies te verbeter en self by te dra tot die uit= bou van die onderwys. Die lewendige besprekings in die lesingsale was 'n duidelike bewys van opregte belangstelling.

Ook het die hoë standaard wat die dosente gestel het, beide in hulle eie kundigheid en metodiek asook in die gehalte werk wat van die studente verwag (en verkry) is, beïndruk. Dit bewys dat die aanvanklike (en vanuit sekere groepe tans nog) kritiek en teen= kanting, geen regverdiging het nie. Uit eie ondervinding wil skrywer die stelling maak dat die U.W.K. beslis nie meer 'n "bush college" is nie.

Samevattend kan die doel van dié ondersoek dan soos volg gestel word: Om 'n historiese aanloop te gee tot die opleiding van onder= wysers, as agtergrond waarteen die opleiding van onderwysers vir Kleurlingonderwys, gesien moet word. Daar is gepoog om vas te stel waarom Kleurlingonderwys en die opleiding van onderwysers "agter" geraak het by blanke onderwys, sowel as by die voorsiening in die behoeftes van die gemeenskap.

Teen dié agterstand word dan gelet op die snelle ontwikkeling die afgelope klompie jare. Daar is 'n vinnige groei in leerlinggetalle, veral wat betref die sekondêre afdeling, wat toon op 'n rooskleuriger toekoms. Daar is 'n toename in die belangstelling by jong mans en vroue om die onderwys as loopbaan te kies. Verbeterde ekonomiese toestande, beter salarisse en diensvoorwaardes en meer pariteit met blanke onderwys dra definitief by.

Die bydrae van die U.W.K. tot die verbetering van die toestand, moet nooit onderskat word nie. Tussen 1962 en 1982 is b.v. 1556 B.A-grade toegeken, 337 B.Sc.-grade (suiwer wetenskaplik), 122 B.Comm.-grade, 248 Hons.B.A., 12 M.A., 56 Hons.B.Sc., 14 M.Sc., 879 S.O.D. sertifikate, 406 L.S.O.D. en 162 S.O.D. (nie gegradueerd), asook

http://etd.uwc.ac.za/

172 B.Ed., 13 M.Ed., en 7 D.Ed.-grade. Al hierdie mense het nie tot die onderwys toegetree nie, maar die oorgrote meerderheid het wel.

As hierdie syfers met dié van bv. die Universiteite van Stellen= bosch en Kaapstad vergelyk word, lyk dit dalk nie so indrukwekkend nie, maar as in gedagte gehou word dat hierdie inrigting doelbewus in die lewe geroep is om studente uit die Kleurlinggemeenskap op te lei, en die menigte probleme wat hulle teëgekom het (en steeds teëkom) dan is daar reeds 'n reusetaak verrig.

Daar word dus gepoog om die bydrae wat die U.W.K. lewer ten opsigte van die lewering van behoorlik en deeglike gekwalifiseerde onder= wysers, en dan in hoofsaak hoërskoolonderwysers, uit te lig. Hierdie inrigting is binnekort 25 jaar oud en dit het moontlik tyd geword om te besin en te boekstaaf wat reeds op verskillende terreine tot stand gebring of bereik is.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie ondersoek is daar hoofsaaklik van die historiese metode van navorsing gebruik gemaak sowel as die inwin van kennis en inligting uit primêre bronne.

### 1.4.1. Literatuurstudie

#### 1.4.1.1. Sekondêre Bronne

Om 'n agtergrond te verkry van die opleiding van onderwysers, sowel as die historiese ontwikkeling van onderwysersopleiding, is sekondêre bronne geraadpleeg. Hierdie bronne sluit in publikasies in die geskiedenis van die Opvoedkunde, publikasies en bydraes van akademici en opvoedkundige navorsers, weten= skaplike tydskrifte en gedenkuitgawes van onderwysinrigtings.

#### 1.4.1.2. Primêre Bronne.

Amptelike jaarverslae van die Departement van Kleurlingsake en die Departement van Binnelandse aangeleenthede, inlig= tingstukke van die bogenoemde twee Departemente, jaarverslae

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

uit die Provinsiale Biblioteek in Koningin Victoriastraat, inligtingstukke en statistiek van die U.W.K., is gebruik om soveel as moontlik eerstehandse inligting in te samel. Daar is heelwat gebruik gemaak van tesisse, verkry uit die Provinsiale biblioteek, die U.W.K.-biblioteek en die inter= biblioteekdiens van die U.W.K.

1.4.2. Onderhoude

Onderhoude is gevoer met opvoedkundiges verbonde aan uni= versiteite, skoolhoofde, onderwysers, afdelingshoofde van die Onderwysdepartement in Kaapstad en huidige en oud-ampsdraers van die U.W.K.

## 1.5 AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN

Die titel van die verhandeling nl. Die opleiding van hoërskool= onderwysers binne die verband van Binnelandse Aangeleenthede, met spesiale verwysing na die rol van die Universiteit van Wes-Kaapland - 'n Krities-historiese oorsig, toon dat die onderwerp hom vanself afbaken. Formele onderwysersopleiding in Suid-Afrika, soos in die res van die wêreld, is 'n histories-resente ontwikkeling. Wat die rol van die U.W.K. betref, word die opleiding duidelik afgebaken tot die afgelope 20 jaar.

Die benadering tot die onderwerp, word onderverdeel.:
Hoofstuk 1 - bied 'n oriënterende inleiding. Daar word begin met 'n kort oorsig van die onderwyser se plek en rol in die onderwys en in die opvoeding van die kind. Omdat die opvoedingsdoel van 'n volk of samelewing (gemeenskap) grootliks bepaal word deur die omstandighede en lewensbeskouing van daardie bepaalde tyd, word daar verwys na enkele voorbeelde, bv. die primitiewe mens, die Grieke en die Romeine, en na enkele persoonlikhede as eksponente van spesifieke ideologieë (-ismes), soos Comenius (Realisme) Locke (Rasionalisme) en Rousseau (Naturalisme).

In hierdie opsig moet daar altyd in gedagte gehou word dat die ontstaan van die Universiteit van Wes-Kaapland staan in die R.S.A. se heersende ideologie of lewensbeskouing, soos blyk uit die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

In die hoofstuk word verder verwys na begripsbepalings, doel van die ondersoek, metode van ondersoek en afbakening.

Hoofstuk 2 - word in die eerste plek gewy aan 'n oorsig van litera= tuur wat geraadpleeg is oor onderwysersopleiding in die algemeen en hoërskoolonderwysers in die besonder. Die inligting oor onder= wysersopleiding word ook onderverdeel in inligting en gedagtes oor opleiding in die algemeen en dan 'n historiese oorsig oor die ont= wikkeling van onderwysersopleiding, oorsee en in Suid-Afrika.

Vervolgens word sekere riglyne getrek na aanleiding van bogenoemde inligting.

Daarna word daar aandag gegee aan die opleiding van onderwysers binne die verband van Binnelandse Aangeleenthede en, omdat in hoofstuk drie aandag gegee word aan die U.W.K., word hier slegs aandag gegee aan die opleiding van onderwysers aan Opleidingskole, Opleidingskolleges en die Skiereilandse Technikon.

Hoofstuk 3 gaan oor die opleiding van (hoërskool)-onderwysers aan Universiteite. Eers word daar inleidend 'n kursoriese oorsig gegee van die ontstaan van die middeleeuse universiteite. Dan word aan= dag gegee aan die toestand in Suid-Afrika voor 1960, daarna Wetge= wing wat aanleiding gegee het tot die totstandhoming van die Uni= versiteitskollege van Wes-Kaapland in 1960 en die eerste moeilike jare. Daar word met behulp van statistiek gelet op die groei en ontwikkeling van die U.W.K.

'n Verdere afdeling ondersoek die opleiding van hoërskoolonderwysers, die kursusse en statistiek, en dan word gelet op die huidige stand van sake.

In Hoofstuk 4 word onderwysersopleiding in perspektief geplaas. Wat is o.a. die agtergrond waarteen onderwysersopleiding gesien moet word? Die onderwyser moet tog opgelei word vir spesifieke taakver= rigting. Daarom sal daar noodwendig 'n verskil wees tussen die onderwyser vir die primêre skool (junior en senior) en die onderwyser vir die sekondêre skool (junior en senior) se opleiding.

http://etd.uwc.ac.za/

Dit moet ook gesien word in die perspektief van die personeel= posisie in hoërskole, veral skoolhoofde en die bevorderingsposte.

Daarna word aandag gegee aan twee baie belangrike ondersoeke na die onderwys, albei in opdrag van die regering van die dag, en die verslae wat deur die betrokke komitees in die Parlement ter tafel gelê is. Hier word verwys na die Theron-verslag wat o.a. die Kleurlingonderwys ondersoek het en na die De Lange-verslag wat die onderwysopset in die R.S.A. as geheel ondersoek het. Hierdie verslae sal onderwysvoorsiening in 'n groot mate beïn= vloed en moontlik kan verbeter en hierdie ondersoek in perspektief plaas.

Uit dié inligting word onderwysopleiding geprojekteer teen die toekomstige behoeftes in die skole.

Hoofstuk 5, die slothoofstuk, bied eerstens 'n samevatting, daarna word gevolgtrekkings gemaak oor die posisie soos dit tans is, en ten slotte word aanbevelings gedoen.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

VOETNOOT LYS - HOOFSTUK 1

1. Bavinck, H.: Paedagogische Beginselen, p.9.
2. Pistorius, P.: Gister en Vandag in die Opvoeding, p.23.
3. Elvin, Lionel : The Place of Commonsense in the Ed. thought, p.25.
4. R.G.N.: Ondersoek na die Onderwys : Verslag oor Werwing en Opleiding van Onderwysers. (No. 13), Julie 1981, p.6.
5. Cawood, J. e.a.: Doeltreffende Onderwys, p.1.
6. S.A.O.R.-Bulletin, No. 11, Junie 1952, p.4.
7. Cawood, J. e.a. : Doeltreffende Onderwys, p.3.
8. Ibid.: p.21.
9. Van Schalkwyk, O.J.: Focus on the education system, p.3.
10. Harmse, H.J. en Kirstein, P.P.: Pedagogiek, Deel I, p.153.
11. Monroe, P.: A Textbook in the History ....., p.10.
12. Pistorius, P.: Gister en Vandag ...., p.29
13. Monroe, P.: A Textbook in the History ....., p.13.
14. Harmse, H.J. en Kirstein, P.: Pedagogiek I, p.156.
15. Ibid.: p.161.
16. Pistorius, P.: Gister en Vandag ....., pp.44 & 45; Harmse, H.J. en Kirstein, P.P.: Pedagogiek I, p.166.
17. Harmse en Kirstein: Pedagogiek I, p.163.
18. Ibid.: p.163.
19. Ibid.: p.165.
20. Harmse & Kirstein: Pedagogiek I, pp. 169 & 170; Pistorius, P.: Gister en Vandag .... pp. 61 & 62.
21. Pistorius, P.: Gister en Vandag ...., pp. 63 - 65: Harmse en Kirstein : Pedagogiek I, p.173
22. Pistorius, P.: Gister en Vandag ...... p.76.
23. Coetzee, J.Chris.: Inleiding tot ....... p.19.
24. Pistorius, P.: Gister en Vandag .... p.141.
25. Coetzee, J.Chris.: Inleiding tot ....., p.210.
26. Locke het die rol wat aangebore aanleg speel ontken. Harmse & Kirstein : Pedagogiek I, p.198.
27. James Axtell: The Educational writings of John Locke, p.191.
28. Richard Aaron: John Locke, p.291.
29. James Axtell: The Educational ......, p.187.
30. James Axtell: The Educational ......, p.192.
31. Richard Aaron: John Locke ........, p.290.
32. Pistorius, P.: Gister en Vandag ......., pp. 155 - 161;

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Harmse & Kirstein: Pedagogiek I, pp. 197 - 198;
Coetzee, J.Chris: Inleiding tot ......, pp. 215 - 219.

33. Harmse en Kirstein: Pedagogiek I, p.200.
34. Coetzee, J.Chris : Inleiding tot ........., p.236.
35. Harmse & Kirstein: Pedagogiek I, p.200.
36. Rousseau, J.J.: Emile, p.16.
37. Rousseau, J.J.: Emille, p.17.
38. Pistorius. P.: Gister en Vandag ......, p.171.
39. Coetzee, J.Chris : Inleiding tot ......., p.237.
40. Pistorius, P.: Gister en Vandag ........, p.172.
41. Elvin, Lionel: The Place of Commonsense ........., p.25. Sien ook p.1 hierbo.
42. Werwing en Opleiding van Onderwysers. Verslag (No.13) van die Werkkomitee, R.G.N., p.7.
43. Teacher Education in a changing society - Commonwealth Secretariat, 1974, p.10.
44. Sadler and Gillett: Training for Teaching. Inleiding.
45. McCarthy, Donald & Ass.,: New Perspective on Teacher Education, p.45.
46. MacMillan: Education and our expanding Horizon, p.354.
47. Nicky Adams : Basic Principles of Student teaching, p.4.
48. Aangehaal in Sarasan e.a.: The Preparation of Teachers, p.36.
49. Nicky Adams: Basic Principles ......., p.3.
50. Gurrey, P.: Education and the training of Teachers, p.32.
51. Sarasen e.a.: The Preparation of Teachers, p.36.
52. Kruger, R.A., e.a.: Onderwyskunde en Onderwysersopleiding, p.22.
53. McCarty, Donald, J. e.a.: New Perspectives .........., p.55.
54. Sarasen e.a.: The Preparation of Teachers, p.34.
55. Kirstein, P.P.: Die Dosent-onderwyser vennootskap, Alpha Okt. 1983.
56. Ben Taute: Opvoedende Onderwys, p.87.
57. "'n Gesonde verstand in 'n gesonde liggaam".
58. Cawood e.a.: Doeltreffende Onderwys, p.8.
59. Van der Merwe, C.P.: Beeldbouers van 'n Nasie, pp. 7 & 8.
60. Kirstein, P.P.: Die Senior Universiteitstudent aan die U.W.K. se gesindheid teenoor Godsdienstige aangeleenthede, Fokus, Nov. 1979, p.1155.
61. Cawood, e.a.: Doeltreffende Onderwys, pp. 6 - 9.
62. Kirstein, P.P.: Die Gesindheid van die ......., p.103.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

63. Kirstein, P.P.: Die Gesindheid van die ......., p.112.

64. Ibid.: p.15.

65. Kirstein, P.P.: Gesindheid in die Onderwys; Alpha, Mei 1972.

66. Bergins, W.J.: Alpha, Des. 1973.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK II.

## ONDERWYSERSOPLEIDING IN PERSPEKTIEF.

## 2.1 KORT OORSIG VAN LITERATUUR TEN OPSIGTE VAN ONDERWYSERS-OPLEIDING IN DIE ALGEMEEN EN HOËRSKOOLONDERWYSERS IN DIE BESONDER.

### 2.1.1 Die opleiding van onderwysers : Motivering.

Die vraag of dit nodig is om onderwysers op te lei, is byna so oud soos die mensdom self.

Die welvaart van 'n volk word nie alleen bepaal deur natuur=like rykdomme en 'n gunstige geografiese ligging nie, maar veral ook deur die peil van sy onderwys. Tog is dit verras=send om te sien hoe lank die meeste lande nodig gehad het om 'n enigsins goed funksionerende onderwysstelsel op te bou. "By ieder onderwijsstelsel gaat het in de eerste plaats om de opleiding der leerknechten. Deze is fundamenteel voor goed onderwijs." [1)]

Rousseau haal Herskovitz en Arthur Keats aan met die bewering dat as die tyd wat die mens reeds op aarde bestaan, aangedui word op 'n 30cm liniaal, sal die tyd waarin 'n soort of vorm van onderwyser bestaan het, minder as 2,5cm beslaan en die tyd waarin hy enige doeltreffende vorm van opleiding, ver=gelykbaar met bv. die opleiding van 'n soldaat, ontvang het, ongeveer 2,5mm wees. [2)]

In die vroegste eeue het mense geleer, kennis opgedoen, veral uit die natuur, maar ook van ander mense. Die vroegste vorm van opvoeding was in die huisgesin. Die vroegste "onderwys" buite die gesinsverband het, volgens oorlewering, meer as 3 000 jaar gelede in Egipte ontstaan. Tog is geen "onder=wysers" opgelei nie. Plato het dit verwerp. Volgens hom moes die leermeester slegs oor die vakkennis beskik, die res sou vanself kom. [3)]

In navolging van Plato is daar geglo dat "teaching is an art, you are born with it, either you have it or you don't. If you have the talent, you don't need any of this training; if you don't have it, the training is useless anyway. If you have

http://etd.uwc.ac.za/

the art, all other elements of teaching are merely common sense."[4]

Volgens Rousseau was die Hervorming, met sy strewe na onder=wys vir almal, die begin van onderwysersopleiding.[5]

Sowat 150 jaar gelede het Macaulay in die Britse Laerhuis van onderwysers gesê: "Schoolmasters, the refuse of all other callings, discarded footmen, ruined pedlars, men who cannot write a common letter without blunders, who cannot work a sum in rule of three, who do not know whether Jerusalem is in Asia or America; to such men, to whom none of us would entrust the key of his cellar, we have entrusted the mind of the rising generation, the freedom, the glory of our country."[6]

Vierhonderd jaar gelede het die Brit Richard Mulcaster beweer dat onderwys in sy eie reg 'n professie was net soos die medisyne, die teologie en die regte: "Is the framing of young minds and the training of their bodies a matter of so little skill?..... Why should not teachers be well provided for, so that they can continue their whole life in school (without having to earn a living partly in other work) as Devines, Lawyers and Physicians do? In (the schoolmaster) there is as much learning necessary as ...... is required by any of the other three professions ..... . In our Universities there should be a special college for the training of teachers."[7]

Daar sal verderaan 'n beknopte historiese oorsig volg oor die ontstaan van onderwysersopleidingsinrigtings, maar skrywer wil ter wille van verduideliking hier meld dat die eerste "pedagogiese seminaar", die moeder van alle onderwysers=kolleges, in 1619 gestig is te Köthen deur die Duitser Ratich en die volgende in 1670 te Lyons, deur Vader Demia.[8]

Vir eeue nog is daar geglo (en in baie gevalle word vandag nog geglo), saam met Plato, dat sekondêre onderwysersopleiding on=nodig is. Elementêre onderwys was vir die massa; na-primêre onderwys was net vir die sosiale elite, omdat daar geglo is dat hulle intellektueel superieur was.[9]

http://etd.uwc.ac.za/

Die eerste universiteitseminarium vir onderwysers is in 1734 te Gottingen begin deur Cesnor,[10)] terwyl die eerste gereelde opleidingskool vir na-primêre onderwysers in Berlyn begin is in 1748 deur Hecker en die eerste onafhanklike leerstoel vir opvoedkunde te Halle in 1779.[11)]

Byna wêreldwyd het elementêre onderwysers weinig aansien, agtergrond of opleiding besit. So het Compayere oor Parys, die intellektuele hoofstad van die wêreld, geskryf dat onderwysers gerekruteer word uit tweederangse klereverkopers, herbergiers, kokke, messelaars, ens., terwyl Zeidler in 1703 oor Duitsland geskryf het dat diegene wat in hulle jeug niks geleer het nie, geen ander keuse gehad het dan herbergier of onderwysers te word, "want geeneen van hierdie twee professies verg veel geleerdheid nie." [12)] Daar is reeds verwys na Macaulay [13)], terwyl Bell, die Britse Koloniale Sekretaris in 1837 (oor Suid-Afrika) beweer het dat onderwysers in die afgeleë gebiede "dronkaards, onbetroubaar en rondlopers" was.[14)]

Vir baie jare was dit ongelukkig die algemene opvatting oor, of siening van, die onderwys as professie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

2.1.2 'n Veranderende siening.

Pestalozzi het begin met hervorming in onderwysersopleiding aan sy inrigting te Yverdun. Daar is begin met 'n verantwoordbare studie van die beginsels van die "Wetenskap van die opvoedkunde", tesame met die opdoen van praktiese ondervinding. Vandaar dat hierdie "kollege" van Pestalozzi bekend staan as die moeder van die moderne onderwyserskollege. Dit het gedien as voorbeeld en voorloper van soortgelyke onderwyserskolleges in vele lande, en so is die onderwysers se agtergrond, studentskap en bekwaamheid verbeter.[15)]

Gedurende die agtiende en negentiende eeue het dit in lande soos Duitsland, Frankryk, Holland en Switserland, later ook in Brittanje, Amerika en Suid-Afrika gebruiklik geword om belowende seuns en dogters van ongeveer 15 jaar en ouer, as

http://etd.uwc.ac.za/

"vakleerlinge" by onderwysers in te skryf om te leer om onderwys te gee.[16]

So is leerlinge opgelei as monitors en die beste monitors as onderwysers. Hierdie halfopgeleide onderwysers was wel beter as onopgeleides en moet meer as 'n noodmaatreël gesien word; teen 1840 was die stelsel egter uitgedien.[17] Die stelsel is toe aangepas volgens die Hollandse "pupil-teacher" stelsel en talle pogings is aangewend om die opleiding te verbeter, soos verhoogde toelatingsvereistes, meer akademiese opleiding en praktiese werk.[18]

Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu het regerings as gevolg van sosio-politieke veranderinge, probeer om onafhanklike denke by onderwysers te beheer. Tog het van die beste onderwysersopleiding gedurende hierdie tyd ontstaan o.a. aan die Stow's Glasgow Normal Seminary (1826), waar algemene opvoeding gekombineer is met die studie van teorie en praktyk.[19]

Eers in 1871 is Brittanje se eerste leerstoel in die opvoed= kunde ingestel vir die opleiding van hoërskoolonderwysers. Joseph Payne, die eerste lektor (opvoedkunde) aan hierdie universiteit - die London College of Preceptors - is in 1873 bevorder tot die rang van professor in die opvoedkunde.[20]

Kontinentale opleiding van onderwysers aan kolleges en univer= siteite kan gesien word as baie ondemokraties en ook was onderwysersopleiding hoofsaaklik gerig op elementêre onder= wys en was sterk onder beheer van die staat. In baie Europese lande was 'n graad in onderwysvakke as voldoende beskou om onderwys te kon gee.[21]

Volgens Flowers <u>et al</u> lê die V.S.A. groot nadruk op egalita= riese (gelykmakende) demokrasie waarbinne elke persoon aange= moedig word om sover moontlik te ontwikkel volgens die "from log cabin to White House" tradisie. Daarom lê hulle hulle toe op die gesamentlike opleiding van alle onderwysers, afgesien van wat hulle gaan doseer; hulle glo eerder in bespreking van tegnieke as in lesings, hulle glo in groepak=

http://etd.uwc.ac.za/

tiwiteite en sosiale ontwikkeling en maak hulle opleiding meer beroepsgerig as ander lande. Die ideaal is dat, waar moontlik, elke kind in staat gestel moet word om sekondêre onderwys te ontvang.[22)]

Wat die opleiding van Russiese onderwysers betref, sê King: "In the U.S.S.R. not only ideology and patriotism, but sheer industrial realism, make leaders of the country's enterprises realize that education is an investment that can never be skimped." [23)]

2.1.3 Kort historiese oorsig van die ontstaan en groei van onder=wysersopleidingsinrigtings in die buiteland.

Reeds vanaf die vroegste tye van die menslike bestaan is die kind, as lid van die gesin en die gemeenskap, op die een of ander wyse "geleer" en "opgevoed" deur volwasse persone uit daardie gemeenskap. Daar was egter geen formele onderwys nie en dus geen formele opleiding van die onderrigter of onderwyser nie. Die opleiding wat wel plaasgevind het, was toevallig en informeel. "At its worst the primitive system produced teachers who were charlatons; they extorted money from their more simple and trusting fellows and were cruel, perhaps even expected to be cruel, to the children in their care, and education and training based on nothing but each individual's perception of how children learn, produced ste=reotyped and ineffective teaching".[24)]

Gedurende klassieke tye in Griekeland en Rome, en selfs vroeër in Indië en Sjina, het onderwysers geleidelik op=leiding ter voorbereiding van hulle professie, verkry. Hier=die opleiding was gebaseer op (a) dit wat beskou is as be=langrik vir die kinders in 'n besondere samelewing om te leer en (b) op die filosofie van die persoon aan wie die opleiding van onderwysers toevertrou is.[25)]

Die twaalfde-eeuse Peter Abelard het in sy onderwysersopleiding baie gebruik gemaak van bespreking en debattering, terwyl aan

http://etd.uwc.ac.za/

die dertiende-eeuse universiteit van Parys studente opgelei is in die vaardigheid van voordrag, en hulle moes 'n tesis met die Raad van Eksaminatore disputeer, en, indien hulle sukses=vol was, het hulle dan die sg. licentia docendi ('n lisensie om onderwys te gee) ontvang.[26)]

Die koms van die Nywerheidsomwenteling in die laat agtiende eeu het gelei tot die ontstaan van groter stede en dit tot 'n groter aanvraag na onderwys, verpligte onderwys, maar daar was nie genoeg onderwysers nie en dit het gelei tot massa=produksie van onderwysers. Voor die Nywerheidsomwenteling is die meeste onderwysersopleiding deur die Kerk en univer=siteite gedoen. Die universiteitsopleiding was gekonsentreer op vakinhoud en onderwysmetodes is agterweë gelaat, terwyl die kerke meer gekonsentreer het op karakteropleiding en nie op die eise van die onkundige massas nie.[27)]

In Engeland het baie bejaarde dames, meestal onopgelei, teen geringe vergoeding, elementêre onderwys gegee. Baie privaat=skole is behartig deur onopgeleide mans, dikwels self swak opgevoed, dikwels dronk en wreed teenoor die kinders.[28)]

In 1798 het Joseph Lancaster, 'n kwaker, begin met die Borough Road School. Terselfdertyd bepleit Andrew Bell 'n stelsel van opleiding soos hy vroeër in Madras toegepas het. George III het hulle ondersteun en so het die Monitor-stelsel ontwikkel. Die beste leerlinge in die skool het monitors geword; daar is geglo dat iemand wat kon lees, ander kon leer lees. Teen 1820 was daar ongeveer 200 000 kinders in 'n groot aantal Bell en Lancaster skole. Die monitors is "opgelei" terwyl hulle ander leer. Daar was selfs 'n bietjie teorie by die opleiding ingesluit. Daar is geglo dat jy leer deur te doen. Hierdie tipe opleiding het oral oor die wêreld posgevat, ten spyte van baie kritiek.[29)]

Die Glasgow Normal Society, gestig in 1837, het Skotland ver voor Engeland geplaas wat die opleiding van onderwysers be=tref. Die "Society" het begin met vier "model" skole, in 'n unieke gebouekompleks, gegradeer vir verskillende onderdoms=groepe en prestasievlakke en 'n sg. normaalseminarium. Die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

gebruik van die term normaal in verband met onderwysers=opleiding is kenmerkend van die begrip van 'n opleidingskollege - die gedagte dat daar 'n norm of tipe onderwys is, en hoe nader die onderwyser aan daardie norm kom, hoe 'n beter onder=wyser sou hy wees. Die onderrig van 'n meestermetode was dan die norm in die tegniek van die opleiding.

Die leermeester (tutor) lewer modellesse en dan gee studente elk 15-minuut lesse, waargeneem deur die helfte van die studente terwyl die ander helfte besig was met ander klasse. Van tyd tot tyd moes die studente kritieklesse lewer, byge=woon deur hulle medestudente, die Rektor, hoofde van die modelskole en ervare onderwysers. Dit is gewoonlik opgevolg deur kritiek-klasse waar die ander hulle mening oor die les gegee het. Hulle moes ook tydtafels (roosters) opstel, regis=ters en skoolrekenings hou en leer om regeringsregulasies te lees en uit te voer. Hulle het lesings gekry oor die unieke onderwysfilosifie van Stow.[30)]

In die moderne geskiedenis van die opvoedkunde is dit op=merklik dat dit so lank geduur het vir die verskillende nasies om die noodsaak van onderwysersopleiding in te sien en te begryp dat 'n skool nooit beter kan wees as sy onderwysers nie.

In Pruise is alreeds in 1704 begin met 'n Normaalskool te Halle, Berlyn in 1748 en Munster in 1759. Teen die middel van die negentiende eeu was daar reeds 156 gevestigde normaalskole in Duitsland. In Frankryk is die eerste école normale in 1808 gestig met die doel om onderwysers op te lei vir die lycée, met nadruk op die praktiese sy, bv. die opstel van sertifi=kate (dood-, geboorte-, huwelik-) en die snoei van bome.[31)]

Die V.S.A. het sedert 1806 die Lancaster-tipe van onderwysers=opleiding toegepas. Horace Mann, sekretaris van Onderwys, was diep beïndruk deur die Pruisiese Stelsel en dit het in 1839 gelei tot die opening van die Lexington Normaalskool, gebaseer op die Pruisiese stelsel en die idees van die seminarium vir onderwysers in 1823 deur Samuel Hall ingestel te Vermont. Alhoewel Hall se normaalskool nie algemene byval gevind het nie

http://etd.uwc.ac.za/

is tog nog meer gestig; ook plekke vir indiensopleiding.[32)]

In 1840 het Kay Shuttleworth die Battersea College, volgens die voorbeeld van die Europese normaalskole, begin. Der= tienjariges is aanvaar vir 'n sewejarige vakleerlingskap. Vakke soos Engels, Kuns, Musiek en praktiese vakke soos landmeetkunde, en rekeningkunde, asook onderwysteorie, is bestudeer. Hierdie stelsel, geskoei op die Hollandse "pupil-teacher" stelsel, is in 1846 aanvaar as 'n nasionale skema. Belowende dertienjariges is onder 'n skoolbestuurder opgelei tot 18-jarige ouderdom en dan na 'n opleidingskollege gestuur.[33)]

Interessantheidshalwe kan hier genoem word dat J.R. Whitton, die eerste hoof van 'n suksesvolle onderwyskollege in Suid-Afrika, en Sir Thomas Muir, vroeëre S.G.O. van Kaapland, albei hulle opleiding in Skotland volgens hierdie stelsel ontvang het.[34)]

Teen die middel van die negentiende eeu was die wenslikheid van hoërskoolonderwysersopleiding nog nie ingesien nie; dit is eerder gesien as 'n "ungentlemanly idea". Soos hierbo ge= noem, was dit eers in 1871 dat die eerste leerstoel vir die Opvoedkunde tot stand gekom het aan die London College of Preceptors.[35)] Na Payne se dood in 1876 het sy leerstoel ver= val maar gedurende dieselfde jaar is leerstoele in Opvoedkunde begin aan die Universiteite van Glasgow en Edinburgh.[36)]

Vanaf 1890 is meer en meer "day training colleges" aan universiteite begin vir die opleiding van elementêre onder= wysers vir die verwerwing van grade en diplomas. Primêre en na-primêre onderwysers is hier gesamentlik opgelei.[37)] Hierdie gesamentlike opleiding het gelei tot groter samewerking tussen onderwyskolleges en universiteite, veral na die stigting van die Institute of Education. Die wêreldoorloë tesame met ver= hoogde skoolplig en die toename in geboortesyfers het gelei tot 'n groot onderwyserstekort en die totstandkoming van "Emergency Training Centres".[38)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

In die V.S.A. is in 1887 die Columbia Universiteit se Teachers College gestig vir die opleiding van sekondêre onderwysers, 'n vierjarige graadkursus. Dis spoedig deur ander gevolg.[39)]

Oor onderwysersopleiding sê Wragg: "There have certainly been cyclical elements in the history of teacher training. Methods die and are rediscovered in modified form by an exultant future generation. The gallery lesson survives but may be televised or viewed through a one-way screen. The Normal master may be a teacher tutor or co-operating teacher in the United States."[40)]

2.1.4. Onderwysersopleiding in Suid-Afrika - 'n historiese oorsig.

In 1788 het Jean Frederick Spenlin die Kaap besoek en 'n pleidooi gelewer vir die daarstelling van 'n opleidingskool vir onderwysers.[41)] In 1793 is 'n Latynse skool begin waar onderwysers opgelei kon word maar dit het spoedig doodgeloop, veral omdat die Politieke Raad ten gunste van ingevoerde onder wysers was.[42)] In 1804 het De Mist 'n opleidingsinrigting be= pleit maar in 1806 is die Kaap weer deur Brittanje beset.[43)]

Sir John Cradock het in 1813 gepleit vir die daarstelling van skole, soos die Britse monitor-stelsel, waar een onderwyser en 'n aantal groter seuns as monitors 'n hele aantal kinders kon beheer. Die Britse regering aan die Kaap het egter opdrag gehad om die Kaap te verengels en het dus verkies om Britse onderwysers in te voer. Verskeie pogings ter verkryging van 'n normaalskool het misluk.[44)]

Dit is wel interessant dat die eerste "onderwysers" wat in Suid-Afrika opgelei is, eintlik opgelei is as evangelis-onderwysers. Die sendeling Barnabas Shaw, van Leliefontein in Namakwaland, het in 1817 'n jong Namakwa, Jacob Links, leer lees en skrywe en voorberei as sendingwerker, wat kon help om die ander kinders te leer. Later is ook Andries Orang opgelei waarna hy vir baie jare behalwe sendingwerk, ook onderwys gegee het op Leliefontein. Shaw het ook die twee vroue Eva Bartels en Diana as "onderwyseresse" opgelei.[45)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Sendinggenootskappe het dus begin met onderwysersopleiding (vir Kleurlingskole) in Suid-Afrika. Teen 1838 was hierdie stelsel van onderwysersopleiding reeds 'n voldonge feit, ook by Genadendal. Die opleiding van hierdie onderwysers het deur drie stadia gegaan, nl.:

(a) sendelinge het hul eie leerkragte opgelei by sending=stasies. Opgeleide onderwysers het egter nie sertifikate ontvang nie.

(b) Die kwekelingstelsel. Onderwysers is op baie plekke opgelei en moes eksamen aflê vir 'n onderwysersdiploma.

(c) Die huidige stelsel; die opleiding van alle onderwysers aan goedgekeurde opleidingsinrigtings.[46)]

Die opleiding van twee seuns as "sendelingonderwysers" deur Biskop Hallbeck van die Morawiese sending te Genadendal in 1828, het gelei tot die "opleiding" van nog meer leerlinge om te help met beide sending en onderwys op 'n tydstip toe daar nog nie blanke onderwysers aan die Kaap opgelei is nie. By Genadendal is daar voortgegaan met opleiding van onder=wysers tot in 1928 toe die opleidingskool oorgeplaas is na Worcester.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die opleidingskursus op Genadendal het oor ses jaar gestrek. Die "studente" is na St. 4 in die opleidingskool opgeneem. Vir twee jaar is dan gewone skoolwerk gedoen, daarna is die onderwysersopleidingskursus van 3 jaar gevolg en daarna is een jaar gewy aan Bybelstudie en elementêre teologie.[41)]

Die doel van die opleiding was vierledig:

(a) Die kandidate moes genoeg akademiese kennis opdoen om onderwys te kan gee;

(b) hulle moes leer om hulle hande te gebruik;

(c) hulle moes leer om onderwys te gee, en

(d) hulle moes buite die skool help met geestelike bearbeiding.

Die onderwysersopleiding was baie teologies gerig en kerk=gebonde. Staatsubsidies en lidmate van ander kerkgenootskappe is geweier. In 1928 het die S.G.O., dr. W.J. Viljoen, die Genadendalse kweekskool na Worcester (Söhnge) verskuif. In

http://etd.uwc.ac.za/

die 90 jaar van sy bestaan het die opleidingskool te Genaden= dal meer as 200 onderwysers opgelei.[48)]

'n Sendingskooltjie wat in 1814 deur eerw. Esselen begin is, het later onderwysers volgens die monitorstelsel opgelei. Later is die monitorstelsel deur die kwekelingstelsel ver= vang wat in 1858 van owerheidsweë sy beslag gekry het.[49)]

Kandidate tussen die ouderdomme van dertien en sewentien jaar, wat 'n bevredigende standaard in rekenkunde, lees en skryf in Engels bereik het, kon 'n kursus van nie langer as vyf jaar nie, deurloop en kwalifiseer as onderwyser.[50)]

Baartzes gee 'n baie volledige uiteensetting van toelaes, toelatingsvereistes, kursusse, eksamens en sertifikate[51)] wat in hierdie omstandighede van toepassing was. So is daar b.v. vanaf 1924 drie kursusse aangebied:

(a) 'n Kursus vir die Laer Primêre Onderwysersertifikaat en
(b) 'n kursus vir die Hoër Primêre Onderwysersertifikaat en
(c) 'n kursus vir onderwysers van die Kleinkinderskool.[52)]

Die volgende tabel dui die aantal studente wat vir die kwekelingskursus vir die tydperk 1906 - 1918 ingeskryf het, aan:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL I [53]

Kwekelinge: Inskrywings aan die Söhnge opleidingskool vir die tydperk 1906 - 1918.

| Jaar | 1ste jaar | 2de jaar | 3de jaar | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1906 | 7 | - | - | 7 |
| 1907 | 5 | 4 | - | 9 |
| 1908 | 4 | 4 | - | 8 |
| 1909 | 3 | 3 | 2 | 8 |
| 1910 | 7 | 1 | 1 | 9 |
| 1911 | 5 | 2 | - | 7 |
| 1912 | 5 | 3 | 2 | 10 |
| 1913 | 6 | 3 | 1 | 10 |
| 1914 | - | 5 | 3 | 8 |
| 1915 | 8 | - | 4 | 12 |
| 1916 | 1 | 10 | 1 | 12 |
| 1917 | 3 | 5 | 6 | 14 |
| 1918 | 6 | 5 | 5 | 16 |

Soos hierbo gemeld, is die opleidingskool by Genadendal in 1928 oorgeplaas na Worcester, wat mettertyd ontwikkel het tot die Opleidingskool Söhnge.

In 1842 is die eerste Normaalskool vir die opleiding van blanke onderwysers in Kaapstad gestig, met Thomas Buchanan as eerste rektor. Hierdie kollege het vir 17 jaar bestaan en het heelwat studente opgelei, maar eienaardig genoeg het geeneen van hulle tot die onderwys toegetree nie, hulle wou slegs hoër opleiding ontvang het.[54]

In 1849 het die Sinode van die Hollandse Kerk 'n opleiding= skool vir onderwysers in Kaapstad begin, maar weens 'n gebrek aan studente is dit in 1851 weer gesluit.[55]

Sedert die middel van die vorige eeu is die kwekelingstelsel vir opleiding van onderwysers, soos in Engeland, ook aan die Kaap ingevoer, en vir baie jare was dit die enigste stelsel

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

waardeur onderwysers opgelei is. Hierdie was geen deeglike of wetenskaplike opleiding nie, eerder 'n geval van "doen soos ek doen."[56] Hierdie kwekelingstelsel is ook soos reeds aangedui, deur die sendingskole toegepas.[57]

Die kwekelingstelsel het in swang gebly tot in 1878 toe 'n normaalskool in Kaapstad gestig is met James Whitton as rektor. Aanvanklik was die toelatingsvereistes laag, maar dit is mettertyd verhoog. Hierdie normaalskool met 'n model= skool daaraan verbonde het 'n belangrike rol vervul in die voorsiening van onderwysers, in so 'n mate dat die invoer van onderwysers mettertyd oorbodig geraak het, want teen 1891 is reeds 150 onderwysers opgelei.[58]

Dr. Thomas Muir, S.G.O. van Kaapland aan die einde van die vorige eeu, was teen die kwekelingstelsel gekant[59], en het toe besluit om 'n aantal normaalskole op te rig vir die opleiding van blanke onderwysers. Sulke inrigtings is begin te Kaapstad (1894), Wellington (1896), Grahamstad (1897), Robertson (1910) en Paarl (1913)[60]

In 1920 het die S.G.O., dr. Viljoen, die kwekelingstelsel ook in Kleurlingonderwys vervang. Alle opleiding van onder= wysers moes aan goedgekeurde kolleges en/of universiteite geskied.[61]

Kerke en kerkgenootskappe is aangemoedig om onderwysers= opleidingskole op te rig. In werklikheid het ons huidige opleiding- of normaalskole uit die kwekelingstelsel ont= wikkel.

Teen 1922 was daar reeds vier opleidingskole vir Kleurling= onderwysers deur die Onderwysdepartement erken, nl. Zonnebloem te Kaapstad, Perseverance te Kimberley (beide Anglikaans), Wesley-kollege te Soutrivier en die Dower Memorial College te Uitenhage (Kongregasionaliste).[62] In 1922 was daar 323 studente aan hierdie 4 kolleges.[63]

http://etd.uwc.ac.za/

Teen 1942 het die getal opleidingskole aangegroei tot 8, t.w. reedsgenoemde 4 plus Battswood (Wynberg, N.G.Kerk), Athlone (Paarl, verskeie sendinggenootskappe), Söhnge (Worcester, Ryns) en St. Augustine's (Parow, Rooms Katoliek).[64)]

Al hierdie opleidingskole was Kerkgebonde.[65)] Volgens Behr was hierdie onderwysers eensydig en beperk in hulle uitsig en is die groter taak van die onderwyser, nl. om die welsyn van die maatskappy as geheel te dien, hierdeur belemmer.[66)]

Kleurlingleiers en opvoedkundiges het gevoel dat die toe=latingsvereistes vir onderwysers ook verhoog moet word tot St. 10, sodat dit gelykstaan met dié van blankes.[67)]

In Transvaal is die eerste onderwysersopleidingsinrigting in 1883 te Pretoria geopen. Onder W. Louis het dit later die Staatsgimnasium geword, maar dit het weinig sukses gehad. In 1893 is 'n opleidingskool met 'n modelskool onder dr. N. Mansvelt begin. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het onderwys in Transvaal feitlik doodgeloop.[68)]

Na die oorlog is gepoog om die onderwys weer tot sy reg te laat kom en is daar alreeds in 1902 begin met die Transvaalse Normaalkollege te Pretoria.[69)]

Teen 1920 was daar in Transvaal 24 skole vir Kleurlinge en Indiërs, met meer as 100 onderwysers van wie minder as die helfte blankes was. Van die Kleurlingonderwysers was 45 gediplomeer en 27 nie. Kleurlingonderwysers is hoofsaaklik uit die Kaap ingevoer.[70)]

Voordat Kleurlingonderwysers in Transvaal opgelei kon word, moes daar eers begin word met 'n middelbare skool. Op 6 Augus=tus 1919 is 'n eenmanskool in 'n sinkgebou in Vrededorp begin - die "Eurafrican Normal School". In 1921 is besluit dat gevor=derde leerlinge van hierdie skool, toegelaat sou word om te begin met onderwysersopleiding.[71)]

In 1910 het die Victoria Kollege en die S.A. Kollege (op Stellenbosch en Kaapstad onderskeidelik), begin met die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

opleiding van blanke onderwysers vir laer- en hoërskole. Ander kolleges (later universiteite) en tegniese kolleges het ook begin met onderwysersopleiding, hoofsaaklik van hoërskoolonderwysers.[72)]

In 1909 reeds is D.A. Pauw, hoof van die Paarlse Gimnasium, aangestel as "Master of Method" aan die Victoria Kollege en is in 1917 aangewys as professor in Metodiek. Prof. G.G. Cillie (Snr.)[73)] het in 1911 die eerste professor in Op= voedkunde op Stellenbosch geword.

In 1918 het die Victoria Kollege die Universiteit van Stellenbosch geword. Opvoedkunde was een van vier fakulteite. Drie onderwyskursusse is aangebied:

(a) Kursus A - $O_3$ en voorbereidend vir $O_2$.
(b) Kursus B - Tweedeklasdiploma vir die K.O.D. ($O_2$)
(c) Kursus C - Eersteklas-Akte van die Unie van Suid-Afrika. ($O_1$)

In 1921 is die Laer Sekondêre Onderwysdiploma ingestel en in 1929 het die Sekondêre Onderwysdiploma die Hoër Sekon= dêre Onderwysdiploma vervang. In 1920 is die B.Ed.-kursus ingestel en een van die eerste drie studente het die graad met onderskeiding geslaag; hy was J.G. Meiring, later pro= fessor aan Stellenbosch, S.G.O. van Kaapland en die eerste rektor van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland.[74)]

2.1.5. <u>Die verskillende komponente van die opleiding van onderwy= sers, en dan veral hoërskoolonderwysers, soos gesien deur verskillende skrywers oor die onderwys.</u>

2.1.5.1. Oor die <u>opleiding</u> van onderwysers sê Knight: "Few activities are more conservative than Education. Much of the work of the school is conventional or traditional. Much of it is being done in the way it is being done, for the most part, because it has been done in that way. Furthermore, the work of the teachers tends to limit and restrict their ideas to a narrow circle and their professional activities to a few

http://etd.uwc.ac.za/

subjects. The work of teaching usually brings the teacher into contact with minds less mature than his own and this restricted influence often results in narrowness."[75)]

Seay en Meece behandel onder andere programme vir onderwy=sersopleiding en voel dat probleme, behoeftes en belange van diegene vir wie die program nodig is, ingesluit moet word.[76)]

Jordan behandel onder andere die kwaliteite van die goeie onderwyser. Hy sien as die mees voortreflike kwaliteit van die onderwysstudent, die vermoë om menseverhoudinge te skep en te verbeter. "We are stimulated more by vital relation=ships than by teaching methods. ....for only he who is pre=pared to lose his life can finally save it." Ons moet glo in die goed in ons medemense en die wil om die medemens te dien sonder om hulle onder enige verpligting te plaas.[77)]

2.1.5.2. Die <u>lewensbeskouing</u> en met nadruk die <u>godsdienssin</u>, van die onderwysstudent, kom baie prominent na vore, veral in die werke oor onderwysersopleiding in Suid-Afrika. Rousseau sê dat die mens nooit die koninkryk van die Hemele op aarde kan bou nie, maar die mens se hoogste plig is om te help om die koninkryk van God uit te bou. En hiermee moet die onderwyser help.[78)]

In die werk <u>Besinning en Verantwoording</u> word gesê: "Hierdie onderwysersopleiding moet 'n Christelik-nasionale lewensbe=skouing behels, plus al die ander hoë en noodsaaklike ver=eistes."[79)]

E.C.C. Muller sien dit weer so: "Benewens die vaardighede, kennis en houdings waaroor hy moet beskik, moet hy in die skool, soms daar buite, sy dagtaak met geloofsvertroue tege=moetgaan, met liefde aan God en aan sy naaste ...... uit liefde en eer tot God".[80)]

Volgens W.J. Louw, moet onderwys in Suid-Afrika onder die beheer van die Staat (Departement), 'n Christelike karakter hê, terwyl die godsdiens (geloof) van elke ouer en kind geëer=biedig sal word.[81)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die werkstuk oor onderwysersopleiding, uitgegee deur die rektor en die personeel van die P.O.K., verwys herhaaldelik na die religeuse aspek in die onderwysersopleiding.[82)]

Pistorius verwys ook na die rol van godsdiens in die opvoe= ding en dus ook in die opleiding van onderwysers,[83)] terwyl J. Chris Coetzee sê: "God is die einddoel van die (menslike) lewe en is ook die einddoel van die opvoeding." [84)]

C.P. van der Merwe stel dit weer so: "'n Mens wat klemloos teenoor godsdiens staan, soos geopenbaar in die uitlewing van die groot Christelike beginsels, .... beroof leerlinge van die hoeksteen van ware karaktervorming." [85)]

A.L. Behr sê dat die gemeenskap na die onderwyser moet kan opsien. Hy moet dus 'n voorbeeldige lewe lei en meedoen aan kerklike, liefdadigheids- en kulturele bedrywighede.[86)]

De Vries <u>et al</u> wys op die vaslegging van norme en waardes as bolwerk teen aftakeling van die jeug in die moderne lewe: "Om dit suksesvol te kan doen, sal hulle (onderwysstudente) opgelei moet word om as sedelik-godsdienstige, roepingsbewuste en lojaal ingestelde lede van die opvoederskorps hulle taak uit te voer ...." [87)]

Potgieter en Swanepoel gee 'n verklaring van God se opdrag tot LIEFDE en die plig van die onderwyser as steungewer om die kind (steunbehoewende) daarheen te lei.[88)]

2.1.5.3. Oor die <u>inhoud en patroon</u> van onderwysersopleiding is daar baie geskryf.

So beweer Wragg in <u>Teaching Teaching</u> dat dit afhang van ver= skeie faktore, o.a.:

i. die grootte van die land,

11. oorlogsgevolge,

iii. teenwerking van sekere ideologië, bv. Nazi-isme en Kommunisme,

iv. sosiale toestande wat gepaard kan gaan met industriali= sering, armoede en gebrek aan onderwystradisie, en

v. godsdienstige invloed; die tradisie om ander voor te

http://etd.uwc.ac.za/

berei vir onderwys is dikwels gewortel in die ware beginsels van die Christendom, soos Christus sy eie dissipels gekru= teer en voorberei het.[89)]

Wragg beweer verder dat 'n groot mate van die ontevredenheid met onderwysersopleiding toegeskryf moet word aan die klaar= blyklike leemte tussen teorie en praktyk. Volgens hom moet 'n beduidende deel van die voorbereiding tot die professie gewy word aan ontdekking, ontleding, ontwikkeling en toepas= sing van die vaardighede benodig in die onderwys, 'n taak wat bemoeilik word deur die afwesigheid van 'n duidelike algemene ooreenstemming oor wat dit behels.[90)]

Ook de Vries et al verwys na doelgerigte opleiding van onder= wysers. So kan aktiwiteite wat niks te make het met die eint= like funksie van die onderwyser-opvoeder nie, geëlimineer word en opgedra word aan onderwyserassistente.[91)]

Ten einde die eise van die moderne tyd, sowel as die toekoms die hoof te bied, mag die belange van die individu nie onder= geskik word aan bv. die van die landbou, politiek, handel en nywerheid nie. Hierdie gesamentlike belange van die land kan alleen bevorder word deur individue wat deur opvoeding en onderwys voorberei word om in diens van hulleself, hul land en sy mense te staan. Die onderwyser van die toekoms sal nie alleen formele onderwys gee nie, maar ook nie-formele onderwys op georganiseerde vlak.[92)]

De Witt sê dat die opvoedkunde, met al sy nuwe gespesialiseerde vertakkings, tans 'n uitgebreide terrein behels, en die vakkun= dige verdieping wat metterjare in elke deeldissipline uitge= bou is, het die "omnibus-opvoedkundige" van die verlede 'n anachronisme gemaak. Die eietydse onderwysstudent moet 'n steeds wyerwordende kennisterrein baasraak voordat 'n kwalifi= kasie aan hom uitgereik word, terwyl die spesialiseringsrig= tings in nagraadse kursusse in die opvoedkunde al hoe meer word en studente op daardie wyse uitstekend vir hulle taak toegerus word.[93)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Muller haal Garbers aan: "Kenmerkend van die moderne tyd is die ongeëwenaarde kennisontploffing en die daarmee gepaard= gaande ontwikkeling op tegniese gebied. Maatskaplike ontwik= keling word ten nouste verbind met die tegniese ontwikkeling, terwyl die tegniese maatskappy wat ontstaan, aanleiding gee tot 'n bepaalde mensbeeld en volwassenheidsbeeld. Hierdie volwassenheidsbeeld kan alleenlik verwesenlik word via geïn= stitusionaliseerde kultuuroordrag, d.w.s. deur middel van onderwys." Omdat dit dan die onderwyser se taak is, moet sy opleiding hom toerus om so 'n verantwoordelikheid op hom te neem. Slegs 'n deeglike en goed beplande opleiding kan hom vir sy taak toerus, waarin alle fasette van die kurrikulum steeds ten opsigte van die relevansie daarvan bevraagteken moet word. Dit sal noodwendig tot voortdurende aanpassings van onderwysersopleidingsprogramme moet lei, m.a.w. pogings tot vernuwing in die opleiding, om met die eise van die tyd tred te hou.[94)]

Die handleiding oor onderwysersopleiding uitgegee deur die personeel van die Potchefstroomse Onderwyserskollege meld dat alle proefnemings oor onderwys en onderwysersopleiding rekening moet hou met die land se geskiedkundige agtergrond sowel as met sy heersende behoeftes. Die behoeftes van die omgewing bepaal immers die aard en inhoud van die onderwys en dit stel weer besondere eise aan daardie persone wat die opvoeding en onderwys behartig, nl. leermeesters.[95)]

In sy D.Ed.-proefskrif behandel Muller die inhoud van onder= wysersopleiding baie volledig. Volgens hom kan onderwysers= opleiding nie aanspraak maak op volledigheid nie. Daar moet gestreef word na 'n maksimumprofiel vir onderwysersparaatheid wat reeds tydens voorgraadse studie 'n aanvang neem.[96)]

Deelwetenskappe van die opvoedkunde wat bestudeer moet word, is:

(i) Die Filosofie van die Opvoedkunde (Teoretiese/Fundamen= tele Pedagogiek);

(ii) die Sielkunde van die Opvoedkunde (Empiriese/Psigolo= giese Pedagogiek);

http://etd.uwc.ac.za/

(iii) die Didaktiek van die Opvoedkunde (Didaktiese Pedagogiek);
(iv) die Sosiale Opvoedkunde (Sosio-pedagogiek);
(v) die Geskiedenis van die Opvoedkunde (Historiese Pedagogiek);
(vi) die Vergelykende Opvoedkunde/Pedagogiek en
(vii) die Orto-pedagogiek.[97)]

Dit is noodsaaklik om bv. "pedagogiek"-opleiding te hê, sowel as vakkennis. Daarby kom dan die praktiese vermoë om klas te gee: nie net te ken nie maar ook te kan. Saam hiermee moet die onderwyser opgelei word tot volwassenheid. Hy moet "ausgebilded" wees. Naas die beroepsgerigte vakke is daar die vakke met vormingswaarde, sodat 'n gesonde lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel word.[98)]

Bingle *et al* wys op foute in die onderwysersopleiding in Suid-Afrika. Die aantyging word gemaak dat aspirant-onderwysers in die R.S.A. 'n deeglike kennis moet hê van die Geskiedenis van die Onderwys in Europese (Stam-)lande maar in die duister gelaat word met betrekking tot die onderwysgeskiedenis van hul eie land. Baie onderwysers gaan na skole totaal onkundig ten opsigte van die ontwikkeling van die onderwysorganisasie, onderwysinstellings en -denkbeelde waarmee hulle self moet werk.[99)]

Gedurende die dertigerjare is die opvoedkunde te prakties benader en met te enge praktiese doeleindes bestudeer sodat die diepgaande lewensverband tussen opvoeding en die daadwerklike, ingewikkelde volkslewe nooit raakgesien is en die noodsaaklike perspektief oor die opvoedingsproses en die aandeel van die skool daarin, nooit behoorlik ontwikkel is nie.[100)]

Die opleidingstelsel vir onderwysers moet so ingerig wees dat dit rekening hou met die opvoedingsdoelstellings en die besondere eise wat dit stel sodat voldoende onderwysers behoorlik toegerus word om dit te verwesenlik. Christen-onderwysers moet oor al die persoonlikheidseienskappe beskik

http://etd.uwc.ac.za/

en moet akademies en professioneel deeglik toegerus wees.[101)]

Paul Woodring bepleit professionele sowel as akademiese ("liberal") opleiding vir onderwysers.[102)]

In Padogiekstudies, nr. 70, wy W.J. Louw 'n hele hoofstuk (v) aan die kurrikulum vir die opleiding van onderwysers aan universiteite. Dit word gebaseer op opleiding in terme van die Nasionale Wet op Onderwys (Nr. 39 van 1967) soos geamen=deer deur Wet Nr. 73 van 1969.[103)]

Volgens Edmund King moet die onderwyser opgelei word om die kind te lei tot:

i. emansipasie van sy ouers en familie;
ii. aanvaarding van onderwysdifferensiasie volgens sy (die kind se) prestasievermoëns;
iii. aanvaarding van die samelewing se waardes;
iv. verbinding tot spesifieke eise en strewes binne die sosiale struktuur, en
v. verkryging van kennis of tegniese toerusting vir vol=wasse verantwoordelikheid.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

En om die onderwyser hiertoe voor te berei, moet daar in sy opleiding vir al hierdie aspekte voorsiening gemaak word.[104)]

Op 'n Statebondskonferensie oor onderwysersopleiding, gehou te Nairobi in 1973, is die leerplaninhoud ook bespreek. Die verslag meld dat die probleem nie is wat om in te sluit nie, maar wel wat om weg te laat. Dit is belangrik dat die onder=wyser voldoende opleiding moet ontvang om sy werk te doen; hy moet genoeg van sy vak weet om dit te kan oordra; hy moet genoeg van die kind(ers) weet om hom (hulle) te motiveer en hy moet die tegniek hê om hulle te laat leer. Hy moet kennis dra van administratiewe en bestuursake; hy moet 'n aktiewe rol in sy gemeenskap speel. Vir al hierdie fasette moet hy goed voorberei word.[105)]

'n Inligtingstuk oor onderwysersopleiding in Engeland en Wallis meld dat onderwysersopleiding ontwerp is om onderwysers 'n deeglike opleiding te gee en hul slaggereed te maak vir die steeds veranderende eise van hulle professie.[106)]

http://etd.uwc.ac.za/

In 'n heel ander trant kom die verklaring van Donald J. McCarty dat, by die bepaling van die inhoud van die oplei=dingskursusse, daar onthou moet word dat "What is needed for tomorrow is what was needed yesterday; a sound under=standing of the officially prescribed subjects of the cur=riculum - physics, reading, mathematics, history and the rest, and some experience in purveying these to children." 107)

Lindsay bepleit dat die inhoud van die leerplanne vir onder=wysersopleiding so sal wees dat veral vier areas gedek word, t.w.:

i. kennis van die self en respek vir ander;
ii. kennis van die menslike prosesse en die leerprosesse;
iii. kennis van die vakinhoud, en
iv. kennis van die onderrigmetodes. 108)

Hierteenoor pleit Walter Beggs dat die kern van onderwysers=opleiding 'n akademiese agtergrond en algemene opvoeding sal insluit, sowel as spesialisering in een of twee akademiese dissiplines en die praktyk. 109)

Adams benader opleiding soos volg: "a functional programme of student teaching offers a challenge ..... of acquiring an understanding of the fundamental teaching-learning process, a knowledge of the problems of actual teaching and a mastery of the skills of directing the learning of boys and girls. .... it would seem advisable to develop sociological and phychological insights, a knowledge of procedures of teaching and numerous other abilities and skills." 110)

Uit voorgaande is dit duidelik dat daar reeds wyd nagevors en geskryf is oor hierdie aspek van onderwysersopleiding. Vir ons doel sal vir eers daarmee volstaan word, hoewel daar nog heelwat bykomende tersaaklike literatuur bestaan. 111)

2.1.5.4. 'n Ander afdeling van onderwysersopleiding waaroor baie geskryf is, is die duur van die opleiding, veral wat die opleiding van hoërskool onderwysers betref. Vrae wat gestel word, is: Hoe lank moet die opleiding duur? Is die meer aanvaarde vorm van opleiding, nl. eers 'n suiwer akademiese opleiding aan die

http://etd.uwc.ac.za/

universiteit en dan professionele opleiding, na graduering, wenslik? Of, aan die ander kant, die geïntegreerde kursus wat bv. reeds vir baie jare deur die Universiteit van Pretoria aangebied word? Is 'n gewone vier jaar opleiding genoegsaam of moet dit verleng word na bv. 5 jaar, d.w.s. 3 jaar akademiese en 2 jaar professionele opleiding? Moet die opleiding geskied as 3 jaar akademies en 2 jaar profes=sioneel of liewer 5 jaar geïntegreerde kursus? Moet studente dieselfde professionele opleiding ontvang of moet daar ge=differensieer word, afhangende van die "soort" onderwys wat die onderwysstudent graag sou wou gee? Watter rol moet die onderwysstudent se persoonlikheid, karakter en agtergrond speel by sy toelating? Presies hoe moet keuring gedoen word? Hoe vergelyk keuring van onderwysstudente vir laerskoolonder=wys met dié vir hoërskoolonderwys?

Hierdie is die soort vrae wat bespreek word in die meeste van die geraadpleegde werke, sowel as in studies wat mettertyd ter sprake sal kom.

Die onderwyser is betrokke by die opvoeding van die kind soos hy is en wat van hom sal word. Hy moet weet waarheen hy met die kind wil en hom opvoed vir die samelewing. Tog moet hy die kind behandel soos hy is en nie soos hy mag word nie. Hiervoor moet die onderwyser opgelei word.[112)]

Behr en Macmillon sê dat formele en georganiseerde onderwysers=opleiding 'n betreklik onlangse ontwikkeling is. Dit was eers toe gratis verpligte en universele onderwys as beleid aanvaar is, dat die noodsaaklikheid van die daarstelling van georga=niseerde en beplande onderwysersopleiding deur die staat, of onder sy toesig, besef is.[113)]

Lindsay voer aan dat dit goed sal wees as die onderwysstudent afgestudeer het en geslaag het in 'n lang lys vakke en dan ook nog 'n "internship" uitdien, waarvoor hy dan krediet kry.[114)]

Donald McCarty en sy medeskrywers sien onderwysersopleiding soos volg: "Teacher education should do more than prepare a professional for a classroom, important though that is. A

http://etd.uwc.ac.za/

true professional must look beyond the expectation of his public and of his corporate constituency. He must under= stand not only the inherited traditions of the craft through apprenticeship (which is, of course, what teacher complexes and centers are all about), but he must also visualize the practical implications for the learning of youngsters both of his own common sense and of theoretical reformulation based on new scientific evidence. A correctly trained teacher should be a critic of compulsory education as presently practised, as it is a system which assumes that human beings learn in the same way at the same rates at the same time. He must under= stand the whipsaw of prejudice and opinion and recognise his own ideologies as well as the need to prepare youngsters both to develop their own and to criticize all of them. In a word, he must learn not to be deluded by outmoded traditions of the past, by recollections of his own education or by dysfunctional convention." 115)

Hierteenoor sê Bruce Kemble: "Secondary education as opposed to senior elementary education, cannot begin until the basic skills have been sufficiently mastered to enable boys and girls to acquire understanding of the uses to which these skills can be put, so that they become actually engaged in their own education; this is why both the Crowther and the Newson com= mittees took the view ...... that the raising of the school-leaving age to 16 must be regarded as a test of our national commitment to the ideal of secondary education for all." 116)

Wat hierdie saak betref, kan tans volstaan word deur te verwys na die Bronnelys vir verdere bronne wat geraadpleeg is i.s. onderwysersopleiding.

Schultz vat dit mooi saam met die woorde: "The teacher lectures, the pupils retain, analyze, interpret with imagination. That is to say, they do these things if they are learning." 117)

http://etd.uwc.ac.za/

## 2.2. RIGLYNE WAT NA AANLEIDING HIERVAN GETREK KAN WORD.

### 2.2.1. Aanloop.

Met die bestudering van nagenoeg eenhonderd werke oor onderwysers=opleiding, is daar verskeie aspekte wat van besondere betekenis is. Die werke wat bestudeer is, gaan hoofsaaklik oor onderwysers=opleiding in Suid-Afrika, die Britse Eilande en die V.S.A., met enkeles oor die Vasteland van Europa.

Wat veral interessant is, is dat onderwysersopleiding werklik nog in sy kinderskoene staan en dat wasdom in onderwysersopleiding nog lank nie bereik is nie. Omdat ons in 'n snelveranderende en ontwikkelende wêreld lewe, sal volle wasdom nooit bereik kan word nie, omdat veranderende eise gedurig tot aanpassing moet lei, ook wat die eise wat aan die onderwys gestel word betref, en dit sal weer moet lei tot veranderde en/of verbeterde of aangepaste oplei=dingsmetodes.

Tog het 'n magdom skrywers, navorsers, onderwysers, dosente en be=langbehhendes gedurende die afgelope 50 jaar oor hierdie onderwerp geskryf. Die werke waarna in hierdie verhandeling verwys word, kan slegs 'n aanduiding gee van navorsing wat reeds op die gebied gedoen is.

Daar kan nie kommentaar gelewer word oor die onderwysaangeleent=hede in 'n bepaalde land as daar toevallig kennis gedra word van aangeleenthede in 'n ander land nie, of opvoedkundige aangeleent=hede van een land sito-sito van toepassing gemaak word op byvoor=beeld Suid-Afrika nie. Daar kan slegs by uitsonderlike gevalle 'n voorlopige hipotese opgestel word om as vertrekpunt te dien.

Sodra in 'n ander kultuur beweeg word of in 'n ander ontwikkeling=stadium, moet daar weer van vooraf besin word. "The risk to studies of education is all the more marked because education by its very nature is essentially an experience and interaction of the people on the ground; they live, interpret, decide and commit themselves in contexts which may be peculiar to them, and are certainly full of special meaning to them." [118)]

http://etd.uwc.ac.za/

King haal ook vir Karl Popper aan: "Anyone working on a problem can seldom say clearly what his problem is, unless he has found a solution. And even if he can explain the problem, he may mis= take it." [119)]

2.2.2 Gehalte van opleiding.

'n Afleiding wat na aanleiding van literatuurstudie gemaak kan word, is dat Suid-Afrika, sover dit die opleiding van veral hoërskool= onderwysers betref, reeds veel tot stand gebring het.

Die Gericke-verslag oor Onderwys het gelei tot die Nasionale Onderwyswet no. 39 van 1967 en die Onderwyswet no. 41 van 1967 en verder tot die Nasionale Onderwyswet no. 73 van 1969 (soos geamendeer). Hierdie wet het bepaal dat blanke hoërskoolonder= wysers slegs aan universiteite opgelei mag word en dat primêre en pre-primêre onderwysers aan kolleges en/of universiteite opge= lei moes word, met die voorwaarde dat kollege opleiding in medewerking met universiteite moes geskied. Die minimum opleiding vir laer= skoolonderwysers moet 3 jaar wees en die minimum opleiding vir hoërskoolonderwysers 4 jaar. 'n Nasionale Onderwysraad is aangestel om toesig te hou oor onderwysersopleiding.[120)]

Hierdie wetgewing het onderwysersopleiding in Suid-Afrika op 'n hoë vlak geplaas. Daar bestaan nog in baie lande, selfs in Europa, die gebruik dat slegs die besit van 'n graad met onderwysvakke toelating tot hoërskoolonderwys regverdig.[121)]

Tog kan met reg afgevra word of die opleiding in Suid-Afrika ge= noegsaam is. As daar uitgegaan word van die bekende stelsel van hoërskoolonderwysersopleiding van 3 + 1 jaar, kan aanvaar word dat na 3 jaar die student se vakkennis genoegsaam mag wees maar die probleem lê by die een jaar van professionele opleiding. ".....in a complex, multi-faceted activity such as teacher education, with it's many separate elements and the demands it makes for a wide range of specialized expertise, disciplines such as psychology, sociology, philosophy, anthropology, political science, history, linguistics - to name only some of the most obvious contenders - provide many ideas and information centrally relevant to the

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

planning of programmes and procedures. There has to be recognition that our ability to improve the quality of teacher education (based upon research, systematic curriculum development, improve= ments in teaching techniques, and improved organisation within teacher education institutions) ........" [122)]

In die V.S.A. is gesê dat "teachers' professional training courses are trivial, thin, repetitious, badly organised and badly taught. Teachers must be broadly, liberally educated." [123)] Smith verwys verder na die hoër eise wat gestel word as gevolg van die tegno= logiese ontwikkeling en groei, bevolkingstoename, kennis ontploffing, probleme van 'drop-outs', vertraging, herwinning en ontwikkeling van talent - almal faktore wat deegliker opleiding vereis. [124)]

Louw wys op dieselfde faktore en noem verder "sosiale probleme, geskep deur tegnologiese ontwikkeling, verstedeliking en metropo= lisme, snelle ontwikkeling van kommunikasie, kulturele pluralisme en onderwys-probleme weens 'n wêreldtekort aan onderwysers." [125)]

Volgens Gurrey word steeds meer en meer van die onderwyser verwag en hy sal hom daarop moet instel om in die toekoms nog meer te doen en hierdie vraag na beter onderwysers word aan die deur van die onderwyskolleges en die universiteite gelê. [126)]

Ook Cropley skryf oor die gedurige onderwysvernuwing en -veranderings, die eise, die rol van die onderwyser op die toekomstige lewens van die kinders en besluit dan oor hulle opleiding: "Belangrik is die rol van onderwysers in hulle voorbereiding en toepassing van onder= wyshervorming, veral op onderrigvlak, of van die nuwe kurrikulêre inhoud en metodologie voortvloeiend uit ontwikkeling in die onder= skeie en/of verskeie vakgebiede en uit die ontstaan van nuwe vorme van onderwys tegnologie." [127)]

Bingle wys op die groot verskeidenheid kursusse wat aangebied word, wat verskil in inhoud, in klem, in opleidingsaspekte, in maniere van eksaminering en sertifisering, in die verskillende provinsies en Staatsonderwysinrigtings. Dit wys alles op 'n laissez faire beleid, wat, uit 'n nasionale oogpunt gesien, 'n "gemors" is. En dit ten spyte van die baie konferensies, verslae en kommissies, amendamente in wette, ens. In 'n groot mate is dit die eindresul=

http://etd.uwc.ac.za/

taat van die gebrek aan 'n nasionale onderwysstelsel vir primêre en sekondêre onderwys en die gevolglike verdeelde beheer van hier=die belangrike staatsfunksie.[128)]

Daar word reeds aanbeveel dat vier jaar opleiding die minimum moet wees vir elementêre onderwysers en 5 jaar vir hoërskoolonder=wysers. Daar is selfs diegene wat pleit dat beide groepe 5 jaar opleiding moet kry. Daar word ook gepleit dat hoërskoolonderwysers moet strewe na 'n M.-graad.[129)]

Hierdie enkele aanhalings is ter stawing van die steeds groeiende gevoel vir langer (of dan veranderde en verbeterde) opleiding van onderwysers. In Duitsland is daar reeds begin werk in die rigting van langer opleiding.[130)]

In ons eie land bied die R.A.U. en die U.W.K. reeds 'n geïntegreerde graad en B.Ed. kursus aan.[131)] Ook volg al meer onderwysers in die R.S.A. nagraadse kursusse, waarvan die getalle by die U.W.K. 'n goeie voorbeeld is.[132)] Einde 1981 het 48 onderwysers aan die U.W.K. die B.Ed. graad ontvang en begin 1982 was die aantal inge=skrewe B.Ed. studente aan dié universiteit (om eksamen af te lê in 1982 en 1983) 151.[133)]

### 2.2.3 Geïntegreerde kursusse.

Dit blyk ook uit die bestudeerde werke dat al meer stemme uit onderwysgeledere opgaan ten gunste van 'n geïntegreerde opleidings=kursus veral vir sover dit die opleiding van hoërskool onderwysers aangaan. Aan die ander kant het die ouer stelsel van 3 + 1 jaar steeds 'n sterk aanhang, veral vanuit die akademiese oogpunt gesien. Die aanhangers van hierdie stelsel van opleiding glo dat die student 'n sterker akademiese agtergrond verkry deur die voltooiing van 'n suiwer akademiese graadkursus saam met sy medestudente wat hulle bekwaam vir verskillende rigtings binne die samelewing. Dit gee aan hulle 'n meer wetenskaplike en ontwikkelde (en universele) agtergrond wat lei tot 'n voller lewens- en wêreldbeskouing. Daar=teenoor, omdat kollegestudente in 'n homogene groep beweeg, heers daar by hulle 'n wêreldvreemdheid, 'n selfgenoegsame middelmatigheid, hoofsaaklik as gevolg van kontakarmoede met anders geaarde en

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

-georiënteerde studente.[134)]

In 1970 het die Parliamentary Select Committee on Education and Science die Streeksopleidingsorganisasies in Engeland versoek om navorsing te doen oor die gedagte om 'n groter proporsie onderwys= studente hulle opleiding te gee saam met ander studente wat nie die onderwys as loopbaan gekies het nie. Die verslag uitgebring was teen die gedagte.[135)]

As 'n uitvloeisel van die ontstaan en groei van die middeleeuse universiteite, is die gegradueerde onderwyser in Europa gesien as 'n deeglik opgeleide persoon van skerp rasionaliteit, 'n ware bourgeoisie-gentleman, selfs eerder 'n Platonis as 'n Christen, en die laerskoolonderwyser byna in die lig van 'n priester, 'n ware Christen-leier.[136)]

In Engeland het Frank Bowles in 1963 'n studie gemaak van verskillende vorme (tipes) van onderwysersopleiding en tot die volgende slotsom geraak: " (a) that university systems which included teacher edu= cation tended to be broader based both academically and socially and therefore offered more growing points, and (b) that the university systems on the 'multiversity' pattern also had higher powers of student retention." [137)]

Rousseau tref 'n parallel tussen die mediese dokter en die onder= wyser; elkeen praktiseer 'n kuns oor die mens wat gebaseer moet word op die mees effektiewe en akkurate kennis verkrygbaar; beide hoort aan 'n professie wat 'n deeglike opleiding vereis, waarin kennis en praktyk gedurig in wisselwerking is; waar die praktyk (toepassing) altyd meer tyd in beslag neem, en beide verdien waardige vergoeding. Die mediese student beweeg heen en weer tussen die lesingkamer en die hospitaal, beide deeglik toegerus, dikwels in dieselfde gebou; die onderwysstudent se hospitaal is die univer= siteit, die skool en die kliniek, ver van mekaar verwyder.[138)]

Hoe deeglik moet die mediese student opgelei word voordat by mag praktiseer, hoeveel meer voordat hy mag spesialiseer? En die onderwyser? Meer en meer word die noodsaaklikheid van deeglike onderwysersopleiding erken. Beter opgeleide onderwysers word

http://etd.uwc.ac.za/

immers daarvoor vergoed.[139)]

Die Amerikaner Paul Woodring stel dit dat "As long as the academic requirements of teacher education are set by one group of people and the professional requirements by another, with each teaching and defending its own, it is inevitable that each will try to expand at the expense of the other. The decisions must be made by groups of individuals able to see beyond the walls of their own departments and in terms of the educational needs of teachers and of our culture." [140)]

2.2.4 Die praktyk

Die jongste werke toon al meer eise vir meer praktiese ondervin= ding, of in meer bekende terme gepraat, vir proefonderwys. Mulder haal Pedley aan "We want students to acquire good, positive, optimistic attitudes (however these may be defined) from experience in good schools under the guidance of good teachers. ...... Sink or swim experience is not good enough." [141)]

Hierdie verklaring kan natuurlik onder verdenking geplaas word. Wat is 'n "goeie skool?" Die een met die meeste onderskeidings? Die "goeie onderwyser" word meestal deur die hoof aangewys - 'n subjektiewe oordeel?

Maar dit moet nie by proefonderwys bly nie, daar is nog die prak= tiese opleiding aan die opleidingsinrigting self. Die student moet nie net leer nie, hy moet doen, dit wat hy in die klaskamer= situasie en in die skoolhousituasie sal moet doen. Dit is tog die eerste stap van 'n aspirantonderwyser om die werk wat hy dalk as lewenstaak sal hê, aan te pak, van aangesig tot aangesig met die kinders te kom, om die kennis wat hy opgedoen het, nou aan ander oor te dra en om te sien wat die reaksie is.[142)]

Stabler sê dat "spaced intervals of teaching allow for a highly desirable aspect of training, time to reflect and analyze successes and mistakes, time to recollect the experience of tranquility and to plan the next campaign with deeper insight. It also allows a student a trial run before he makes a final career choice." [143)]

http://etd.uwc.ac.za/

Adams stel dit soos volg: "Student teaching enables each indivi= dual to examine his readiness to teach under the careful direction of a supervising teacher and a college supervisor. ....under their guidance the student has the unique opportunity to assume two roles, that of teacher and learner". Hy gaan dan verder "..... has shown that student teaching is the most functional and prac= tical experience included in the education of prospective teachers. Teachers with years of experience consistently rate student teaching as the most valuable part of all preservice training". [144)]

Paul Woodring erken die noodsaaklikheid van praktiese onderwys as deel-dissipline by onderwysersopleiding maar brei uit oor die probleme by praktiese implikasie; in hoofsaak tyd en koste en ook die houding van die leerlinge teenoor die "onderwyser" wat nie 'n onderwyser is nie en hulle besef dat hy geen outoriteit het nie. Hy beweer ook dat die tyd vir "proefonderwys" te min is om werklik effektief te wees. [145)]

Ook die voorligtingstuk van die Potchefstroomse Onderwyserskollege wys daarop dat die onderwyser deeglik onderlê moet wees in die praktiese tegnieke en vaardighede van "skoolhou". [146)]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

2.2.5 <u>Die opleiding is te teoreties.</u>

Hierbo is die belangrikheid van praktiese werk en opleiding genoem en daar is gemeld dat die tyd beskikbaar vir proefonderwys nie genoegsaam is nie.

'n Professor wat selde uit sy studeerkamer of voorlesingsaal gekom het, vra aan 'n seuntjie' "Hoe leer 'n mens swem?" Die antwoord: "Spring in die water en swem". Die professor glimlag oor die kind se snaakse antwoord en stap na sy lesingkamer waar hy sy studente leer om skool te hou deur hulle te laat stilsit en luister.

"We learn to do a thing by doing that thing, and seeing the sense of it ..... its meaning, its value." [147)]

Rousseau wy verder uit oor die opleiding! "Learning experiences are meaningful when they are related to the individual's interests, when they are involved in his living, when they not only contribute

http://etd.uwc.ac.za/

to his purposes at the time but enable him to make more intelligent adjustments in the future, when they involve discovery and problem -solving rather than formal drill or mere memorization, and when they result in satisfying social relationships". 148)

Rousseau het vraelyste aan skole gestuur en inligting verkry oor onderwysersopleiding. Vir die meeste onderwysers was die S.O.D.-(H.O.D.)-opleiding te teoreties. 149)

In 'n poging om die professionele opleiding minder teoreties te maak, minder "droog", is daar in Engeland begin om die lesings en programme meer algemeen en meer "polyvalent" (veelwaardig) te maak en om besprekings, lesings en studente-insig meer op profes=sionele en praktiese probleme in te stel. 150)

Die James Committee (1972) en die Skotse General Teaching Council (1972) het na 'n ondersoek voorgestel dat met baie van die teore=tiese opleiding weggedoen kan word en dat onderwysstudente baie meer praktiese opleiding moet kry, byna 'n vorm van vakleerling=skap. Hierdie "apprenticeship course" moet dan gevolg word deur teoretiese studie en dan deur indiensopleiding. 151)

Kruger et al beveel ook groter praktiese inoefening van onderwys=vaardighede aan om so die opleiding te optimaliseer. Daar moet meer aandag gegee word aan lesvoorbereiding, aan vakdidaktiek en aan praktiese onderwys. 152)

Ook by die aanbieding kan daar gepoog word om die werk minder teoreties te maak. As voorbeeld van hierdie bewering word Albert Reible aangehaal: "Die Aufgabe der Fachdozenten ist ja nicht nur facht metodischer Fragen zu behandeln, sondern sie wollen diese Lebensmächte selbst dem studenten gegenüber gleichsam repräsen=tieren, bei ihm innerlich für sie werben und ihn zu einer leben=digen Begegnung mit ihnen führen." 153)

Die siening van Wragg hiervan is: "At its worst it produces a lecture course saturated with information about historical, psychological, sociological and philosophical aspects of education, followed by an intensive burst of teaching practice in which the student is too desperately immersed in the intoxicating task of

http://etd.uwc.ac.za/

survival to stop and deliberate how these zealously acquired concepts might affect his classroom behaviour". [154]

2.2.6 Indiensopleiding.

Wat ook al die aard en tydsduur van die opleidingskursusse is, bly die oor-die-drumpel-stap jaar 'n waterskeidingstydperk ten opsigte van werksgeluk en daar is 'n legio faktore in en buite die klaskamer wat 'n deurslaggewende rol speel. Nou ontstaan die vraag: "Hoe begin 'n mens onderwys gee?" Onderwys is een van die weinige beroepe waar die beginner volle en onmiddellike verantwoordelik= heid kry. Hy is nou skielik baas-in-sy-klas. [155]

Baie gou sal die jong onderwyser besef dat hy nie alles weet van "skoolhou" wat daar te wete is nie. Hieroor het prof. Schwartz gesê: "'n Onderwyser se opleiding moet altyd voortbouend wees: hy kan homself nooit as kitsklaar en finaal afgerond beskou nie." [156]

Onderwysers behoort verplig te word tot volgehoue in-diens groei. Daar is in die professie nog onderwysers van wie gesê kan word: Hy het nie dertig jaar ervaring nie maar een jaar ondervinding wat dertig keer herhaal is. [157]

Alhoewel alle opvoedkundiges die noodsaaklikheid van indiensop= leiding bepleit, word volstaan met enkele verwysings.

King verwys na die "groei en uitbreiding" van die onderwys en sê dat vakverryking aan onderwysers gebied sal moet word om hulle vir die groter taak voor te berei. Hierdie kennis-ontploffing vereis voortdurende indiensopleiding. [158]

Ook Myers en Williams bepleit meer indiensopleiding as gevolg van veranderende leerplanne, vereistes, standaarde en aanpassing. [159]

Die Statebondskonferensie oor onderwysersopleiding te Nairobi in 1973 het baie aandag gegee aan die noodsaaklikheid van voortdurende indiensopleiding. "If schools and teachers are to continue to serve rapidly changing societies relevantly, the construction of comprehensive and structured systems of in-service training appears to be essential". [160]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Op 'n stadium (1967) het Engeland en Wallis egter baie krities teenoor indiensopleiding gestaan. Daar is beweer dat te veel onderwysers te veel ekstra tyd daaraan bestee het en dus te veel uit hulle klaslokale afwesig was. Vir sommige was dit slegs 'n geleentheid om "bietjie weg te kom". Ander het aanspraak ge= maak op krediet-ure, met salarisverhogings, vir indiensopleiding.[161)]

Ten spyte van kritiek, sal niemand vir wie die onderwys na aan die hart lê, die waarde en noodsaak van indiensopleiding betwis nie.

2.2.7 Die karakter, persoonlikheid en agtergrond van die onderwyser.

Laat die eerlike vraag gestel word: "Wie moet onderwyser word?"

Uit 'n studie van werke oor onderwysersopleiding blyk dit dat onderwysstudente hoofsaaklik uit die middelstand (-klas) kom. Die beste leerlinge word aangemoedig om beroemde geleerdes en/of wetenskaplikes te word, mense met D.grade, bekende regters, dokters, ingenieurs. Die geloof is dat die kind beter moet presteer as sy ouers.[162)]

Die Kenia Onderwyskonferensie van 1973 het bevind dat "teachers tend to come from modest backgrounds, with parents among the minor professionals or skilled craftsmen ...... . ..... the majority of children of teachers do not become teachers themselves."[163)]

Daar kan aangevoer word dat die (aspirant) onderwyser iemand van goeie karakter moet wees. Maar wat is karakter? "Karakter is immers dikwels 'n vermengeling van 'n hele aantal treffende kenmerke waarvoor daar geen resep aangegee kan word nie".[164)]

De Witt tipeer die onderwyser soos volg:

(i) hy moet 'n gelowige (Christen) mens wees,
(ii) hy moet 'n idealis wees,
(iii) hy moet 'n ontvanklike oop gemoed hê, vatbaar vir nuwe insigte,
(iv) hy moet 'n meester van sy vak wees,
(v) hy moet daarna strewe om elke kind in sy klas goed te ken,

http://etd.uwc.ac.za/

(vi) hy moet 'n grenslose sin vir lojaliteit hê (hoof, kollegas, skool),

(vii) hy moet sy klas (leerlinge) liefhê.

(viii) hy moet konsekwent, billik en opreg wees, en

(ix) hy moet besef dat hy 'n identifikasiefiguur is na wie die kind opsien.[165)]

Die roepingsbewuste opvoeder ..... het sy voete stewig op die aarde; hy geniet sy werk en ten spyte van daaglikse probleme en uitdagings slaag hy daarin om ware werksgeluk te ervaar.[166)]

Daar is diegene wat pleit dat die begaafde, intelligente, veelsydige studente onderwysers moet word. C.P. van der Merwe verwerp dié gedagte en vra of die onderwyskorps dan 'n keurbende moet word.[167)]

De Witt haal ook P.C. Schoonees aan: "Laat joù lewe 'n mooi boek wees wat altyd voor jou leerlinge oopgeslaan lê. Wees self waar en jou lewe sal die beste opvoeding tot waarheidsliefde vir hulle wees.[168)]

Die mense wat kinders opvoed moet beskaafde, opgevoede mans en vroue wees, van die hoogste morele waardes en daarby die nodige akademiese en professionele kennis besit, ....."trained intelli= gence, adaptability, resourcefulness, taste, imagination and deep spiritual conviction must be cultured."[169)]

Die ontwikkeling van die persoonlikheid van die jong onderwys= student is uiters belangrik. Die voorbeeld wat die onderwyser stel bly steeds groter en meer permanent as dit wat hy sê.[170)]

Littlewood sien die onderwyser so: "He must be a human being, himself filled with joi-de-vivre, with delight in nature and art, with sympathy for childhood and youth, with some practical skill, and with understanding of social problems. He must be something of a sportsman and explorer, an artist, a craftsman, a storyteller and a great fellow....." [171)]

http://etd.uwc.ac.za/

### 2.2.8 Keuring.

Hierdie is 'n baie omstrede faktor by die opleiding van onderwysers. Die besluit oor wie onderwys moet (mag) gee, kan nie maar net aan die noodlot oorgelaat word nie, nog minder kan toegelaat word dat 'n minderheidsgroep dit beheer. Die samelewing by monde van rade saamgestel uit onderwysleiers en verteenwoordigers uit die volk, moet die bekwaamste jong mense "uitsoek" en dan aanmoedig tot die onderwys, een van die belangrikste take van enige demokratiese samelewing.

Juis omdat onderwys 'n staatsverantwoordelikheid is, is dit nodig dat die staat 'n aandeel sal hê by die keuringsproses.[172)]

Aan die ander kant het die geweldige tekort aan onderwysers 'n probleem geskep. As reeds te min onderwysstudente hulle aangemeld het, kon daar nie nog uitgesoek en weggewys word nie. "For some Commonwealth countries selection is not difficult, because the number of training places available exceeds the number of appli= cants with minimum entry qualifications". Ook die kwessie van minimum toelatingsvereistes skep probleme. Op elke reël is die "grondige" uitsonderings.[173)]

Die onderwyserskorps beskik tans oor weinig beheer oor die keuring van kandidate tot sy beroep, asook oor weinig tugreg en werk dik= wels onder diensvoorwaardes wat nie altyd bevorderlik is vir die aansien van sy beroep nie.[174)] Ook P.G. Spies is van mening "..... dat die keuring van voornemende onderwysstudente uiters onsiste= maties en onwetenskaplik geskied."[175)]

### 2.2.9 Prioriteite.

Soos reeds hierbo genoem, word dit vry algemeen aanvaar dat 'n onderwysstudent akademiese, professionele en praktiese opleiding moet ontvang. Daar bestaan egter verskil van mening oor die akademiese en professionele opleiding: wat moet eerste kom? Hierbo is ook reeds genoem hoe onderwysersopleiding ontwikkel het, en vir die afgelope 30 tot 40 jaar was die mees algemene en wêreld= wye vorm (wyse) van opleiding van veral hoërskoolonderwysers, die

http://etd.uwc.ac.za/

3 + 1 stelsel, n.l. eers 'n suiwer akademiese graadkursus aan 'n universiteit en daarna 'n onderwysersdiplomakursus aan die Opvoed=kunde fakulteit van 'n universiteit.[176)] In Suid-Afrika is dit tans nog die mees algemene vorm van opleiding van hoërskoolon=derwysers.

'n Probleem wat egter hier gesien word is die kwessie van die een jaar professionele opleiding na die graadkursus. Is dit voldoende? Kan die ses of meer dissiplines van die opvoedkunde, waar dikwels oorvleueling moet plaasvind, saam met die praktiese (hoe om werklik in die klaskamer-situasie op te tree), tot hulle reg kom binne een jaar, wat eintlik maar agt maande lank is?

King verwys na die gedagte by sommiges dat onderwysersopleiding geskoei kan word op die lees van "sandwich courses" vir onderwysers soos vir ingenieurs of aptekers, nl. sekere tye in die klaskamer (werkwinkel) en ander tye in die lesingsaal. Maar die onderwyser werk met menslike materiaal, dis nie 'n proses waarmee jy kan ophou as dinge nie reg uitwerk nie.[177)]

Daar is wel baie te sê ten gunste van samewerking in leerplanne en besprekings tussen die akademiese en professionele personeel verbonde aan universiteite en kolleges.[178)]

Louw pleit dat die hoërskoolonderwyser die akademiese kennis moet besit om onderwys te kan gee, maar "....the subject sciences and pedagogic sciences will have to be fused in a positive profes=sional practice, or, put differently, professional teacher training is aimed at creating harmonious balance between subject scientific knowledge and scientific pedagogic insight." [179)]

Die vorm van die onderrig wat aangewend word en die organisasie van die kursusse, moet voorsiening maak vir gedurige wisseling van akademiese studies en professionele praktyk.[180)] Daar moet in gedagte gehou word dat die rol van die sekondêre onderwyser voort=durend verander: hy moet meer wees as 'n vakspesialis; hy moet baie kennis hê aangaande die kind, die aard en ontwikkeling van die kontemporêre samelewing, hy moet veel meer wees as 'n instrukteur, klaskamer bestuurder of eksamenafrigter.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die akademiese jaar is nie twaalf maande lank nie; trek daarvan af die tyd bestee aan praktiese onderwys, en in wat oorbly moet al die nodige kennis bygebring word. Onderwysstudente wil graag hulle loopbaan begin met dieselfde vaardigheid as hul skool onderwysers, daarom verwag hulle dat hulle professionele opleiding prakties moet wees, "down to earth". En dan hoor hulle heel dikwels van ouer onderwysers dat al die teorie wat hulle moet baasraak, nooit in die klaskamer toegepas sal word nie - "daar sal net verstand en 'n ferm hand nodig wees." 181)

'n Voorbeeld van goeie integrering van vakkundigheid en professio= nele opleiding is dié van die Szeged-Attila Jozsef universiteit in Hongarye. Onderwysstudente volg 'n akademiese kursus van twee dissiplines, sê bv. Wiskunde en Fisika of Geskiedenis en Geo= grafie. Saam hiermee volg hul studies in die opvoedkunde (die bekende dissiplines) asook probleme van die onderwys, praktiese klaskamerwerk, sowel as opvoedingswerk buite die klaskamer, soos jeugwerk en stokperdjiegroepe. 182)

Die Britse regering glo dat die onderwysstudent reeds vanaf die begin van sy opleiding met die kind en die klaskamersituasie kennis moet maak. Dit word reeds in Engeland bewys dat dit goed werk, maar die sterkste kritiek hierteen is organisatories. 183)

Daar is dus verskeie teorieë oor die vakkundige en professionele opleiding en elke teorie het sy voor- en nadele. Laat daar eerder besluit word dat dit wenslik is dat die onderwyser in al die af= delings deeglik onderleg moet word. Dan vat Coetzee dit mooi saam: "Net soos die kind is die nuwe onderwyser altyd 'n wordende, nooit 'n geworde mens nie". 184)

2.2.10 <u>Onderwysersopleiding en Onderwyshervorming.</u>

Die ou spreekwoord, "verandering is nie altyd verbetering nie", is ook op die onderwys van toepassing. Tog word verandering of dan hervorming in die onderwys deeglik oorweeg en beproef. Daar bly altyd egter praktiese implikasies. Die opvoeding en die samelewing moet konserwatief wees in die sin dat dit die beproefde waardes prakties uitlewe en oordra. Terselfdertyd moet dit ook

http://etd.uwc.ac.za/

kreatief wees deur aan die kind se uniekbegaafdheid ruimte te laat tot 'n eie, nuwe bydrae waardeur die kultuur verryk en ver= beter kan word.[185)]

Daar bestaan dus die probleem dat die onderwys gebou word op die kulture van die volk en dus konserwatief is, maar aan die ander kant moet die onderwys die kind lei na sy toekoms en hom dus voorberei vir daardie toekoms; dus moet die onderwys ook op die voorpunt van ontwikkeling bly.

Met die oog op die beplanning van die onderwys vir die toekoms en in die lig van huidige maatskaplike, politieke, ekonomiese en die daarmee gepaardgaande opvoedings- en onderwystendense, is dit uiters noodsaaklik om duidelikheid te hê oor watter mensbeeld die onderwyser van die 21ste eeu veronderstel is om te hê. Onderwysers sal doelbewus opgelei moet word om 'n baie hoë graad van verantwoordelikheid, roepingsbewustheid en pligsbesef te hê.[186)]

Onderwysersopleiding bevind hom in 'n stroomversnelling en dit is "bepaald bemoedigend te zien, hoevelen (en met hoeveel energie) zich geroepen voelen om dit schip een behouden vaart te verzeke= ren".[187)]

Dit word aanvaar dat die onderwyser wat aan die eise van die moderne wêreld wil voldoen, meer buigsaam (plooibaar) en aanpas= baar moet wees in sy benadering tot kennis, tegnieke en veral t.o.v. sy leerlinge as sy ouer kollega. Veral die hoërskool= onderwyser moet 'n deeglike begrip hê van die gedurig-veranderende ekonomiese en beroepsmoontlikhede in die samelewing. Gevolglik moet nie alleen die leerplanne vir onderwysers gerasionaliseer word nie, maar ook die rol en funksie van die opleidingsinrigtings.[188)]

Dit skyn asof skrywers oor die saak in die reël taamlik skepties staan teenoor die effektiwiteit van onderwysersopleiding en voortdurende hervorming. Rousseau se kommentaar is tipies van hierdie gesindheid: "Ons sukkel in die klaskamer met taalprobleme, meervoude, sinsontleding, voorgeskrewe werke en letterkunde, hoeke en driehoeke, omwenteling en aswenteling, Napoleon en die Russiese Veldtog, in 'n koel, donkerige of in 'n snikhete klaskamer vol

http://etd.uwc.ac.za/

bedompige lug, met behulp van verduidelikings en kryt (talk and chalk), terwyl die probleme van die wêreld en ons eie land daar buite so swaar lê dat die aarde se as wil buig". [189)]

## 2.2.11 Samevatting.

Dit blyk dus dat daar vir die onderwysstudent en vir diegene wat onderwysers moet oplei (teachers of teachers) baie probleme voor die deur lê. Enkele gedagtes ter verduideliking word aangehaal:

"Binne die konteks van onderwysersopleiding, d.i. die hoofterrein waarop die Opvoedkunde in ons land figureer, werk ons op tweërlei wyses baie indirek met die fundamentele opvoedingstaak van kinders wat opgevoed moet word: Eerstens lei ons die opvoeders van kinders op en veel kan misloop tussen die opgeleide onderwyser en sy onderwys en opvoeding. Tweedens impliseer onderwysersopleiding ook gedragsverandering by die kandidaat-onderwyser. Die weer= stand teen verandering en die vorm en veranderbaarheid van die volwassene, word, soos almal weet, nog al te dikwels heeltemal oorskat. Derdens word hierdie problematiek nog veel meer ge- intensiveer wanneer onderwysers opgelei word om leerlinge vir 'n onsekere toekoms voor te berei. Hoe duideliker 'n doel tog immers geformuleer is, hoe groter is die kans dat daardie doel verwesenlik sal word. Opleiding moet nie gesoek word in resepmatige opleiding nie maar in die fundamentele vorming van onderwysers wat die nodige opvoedkundige oordeel en soepelheid sal besit om hul opvoeding en onderwys op snel-veranderende en nuwe omstandighede af te stuur. [190)]

## 2.3 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS BINNE DIE VERBAND VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE.

### 2.3.1 Inleidend. [191]

'n Onderwysstelsel moet dinamies wees; dienooreenkomstig is daar baie faktore wat daartoe moet bydra. Daar word soms aangevoer dat dit eie is aan die gemeenskap en die volk waaruit dit ont= staan het en dat dit ook net in eie nasionale bodem kan gedy. Doeltreffende onderwys is 'n behoudende element vir elke volk en

http://etd.uwc.ac.za/

vir alle tye en daarom is ware nasionale onderwys partikulier. Dit wortel in die lewens- en wêreldbeskouing, die taal en kultuur en die tradisies van die volksgroep waarvoor dit bedoel is. Nasionale onderwys moet dien om die jeug op te lei tot 'n gesind=heid van patriotisme wat gefundeer is op lojaliteit en verant=woordelikheid teenoor die Vaderland, sy bodem en sy natuurlike hulpbronne. Om dit te bewerkstellig, moet die skole beman word met onderwysers wat self die liefde, begrip en waardering het vir die Vaderland, taal, kultuurerfenis, die eie volksgeskiedenis en die nasionale simbole.

Daar word ook aangevoer dat die onderwys aan die kinders van 'n bepaalde gemeenskap of volk, onlosmaaklik is van die betrokke gemeenskaps- of volkskultuur. Barnard skryf dat ten spyte van gemeenskaplike ideale en ooreenkomste, sal die afsonderlike bevolkingsgroepe in die R.S.A. met betrekking tot bepaalde prin=sipiële sake soos kultuur, tradisie, taal, esm., ernstig van mekaar verskil....."In 'n stelsel van veelvolkige onderwys..... moet die onderwysersopleiding so ingerig word dat elke afsonder=like volk oor voldoende goed toegeruste onderwysers beskik sodat daar in die onderwys gladweg aangesluit kan word by die eie identiteit, eie kultuur, eie lewens- en wêreldbeskouing, eie nasionaliteit en eie mandaat aan elkeen van die volke." [192)]

Behr maak die stelling dat die owerheid sy verpligtinge en verantwoordelikheid teenoor Kleurlingonderwys vir baie jare in 'n groot mate probeer ontduik het, en daardie verpligtinge en ver=antwoordelikhede aan die sendinggenootskappe oorgedra het. Hierdie sendingliggame het op onselfsugtige wyse en met groot toewyding hulle werk verrig en 'n reuse bydrae gelewer tot die onderwys in Suid-Afrika.[193)]

Ten spyte van die lofwaardige werk, het dit noodgedwonge tot die ontstaan van 'n stelsel van staatsondersteunde sendingskole in Kaapland gelei, en dit op sy beurt het ook sy gebreke. Dit het gelei tot skerp wedywering tussen die verskillende genootskappe, wat aanleiding gegee het tot 'n verspilling van kragte en die algemene peil van die onderwys benadeel het. Finansieel was die genootskappe nie sterk genoeg om 'n uitgebreide stelsel van onderwys

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

in stand te hou nie, met die gevolg dat die onderwys ver agter geraak het by blanke onderwys.[194)]

Ook was daar sedert ongeveer die agtiende eeu 'n konsekwente toepassing van segregasie; blankes en nie-blankes moes afsonder= like skole bywoon. Hierdeur het die onderwys gely en veral die onderwys van die plattelandse kind is feitlik totaal verwaarloos.[195)]

Op 31 Mei 1910 het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom, sonder 'n gekoördineerde nasionale onderwysersopleidingstelsel en op 31 Mei 1961 is die Unie beëindig,[196)] nog steeds daarsonder.

Tydens al die jare van verdeelde beheer oor onderwys kon geen koördinasie van onderwysersopleiding bewerkstellig word nie. Opleiding van laerskoolonderwysers was in die hande van die ver= skillende provinsiale owerhede, terwyl hoërskoolonderwysers (gegradueerd) deur die verskillende universiteite opgelei is (dus onder die beheer van die regering), dus 'n horisontale ver= deling.[197)]

2.3.2 Sedert 1910

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

So het die onderwys dan sedert 1910 onder die betrokke provin= siale administrasies geressorteer.

Teen 1920 het die Kaaplandse S.G.O., W.J. Viljoen, besluit daar was "a serious need for concentrating the training of Coloured teachers in a few centres properly equipped and staffed for the purpose". Dit was die begin van die stadium waar alle onder= wysers aan goedgekeurde opleidingsinrigtings moes geskied.[198)]

Daar word hoofsaaklik gelet op die stelsel van onderwysersoplei= ding in Kaapland, omdat die ander provinsies die Kaapse stelsel nagevolg het.

Teen 1922 is vier opleidingskole deur die K.O.D. erken, t.w. Zonnebloem te Kaapstad, Perseverance te Kimberley, beide van die Anglikaanse Kerk; Wesley in Soutrivier (Wesleyaans-Metodiste); en die Dower Memorial College te Uitenhage (die Kongregationaliste).

http://etd.uwc.ac.za/

Aan hierdie vier "kolleges" het in 1922 reeds 323 studente ge= studeer. In dieselfde jaar was daar 179 studente besig met hulle opleiding volgens die kwekelingstelsel.[199)]

In 1923 het die K.O.D. regulasies gepubliseer betreffende oplei= dingskursusse en sertifikate:

(i) 3 jaar-kursus, Laer Primêre (Kleurling) Onderwyssertifi= kaat, met St. 6 as toelatingsvereiste;

(ii) 2 jaar-kursus, Hoër Primêre Onderwyssertifikaat, met St. 8 as toelatingsvereiste, en

(iii) 1 jaar-kursus, Spesialiseringskursus, hoofsaaklik kleuter= werk, wat volg op die driejarige kursus.

Sedert 1924 het Transvaal hulle onderwysers identies opgelei en hulle moes die Kaapse eindeksamen aflê.[200)]

Van tyd tot tyd is regulasies aangaande sekere sertifikaatver= eistes gewysig, bv. 1936 en 1942.[201)]

In 1953 was daar 1 300 onderwysstudente aan onderwyserskolleges geregistreer.[202)]

Gedurende 1957 is alle onderwysersopleidingskursusse hersien en daar is besluit dat daar geen differensiasie sou wees tussen na-Senior-Sertifikaat kursusse vir blankes en Kleurlinge nie.[203)]

In 1963, ten tye van die oorname van Kleurlingonderwys deur die regering, was daar drie opleidingskursusse aangebied by die K.O.D. se agt opleidingskole en twee opleidingskolleges:

(i) 2 jaar opleiding na St. 8, laer primêre standerds (oplei= dingskole);

(ii) 2 jaar opleiding na St. 10, primêre onderwys (opleidings= kolleges); en

(iii) 1 jaar spesialisering na voltooiing van (ii) hierbo, of (i) hierbo + matriek.

Die inrigtings was: Hewat Opleidingskollege, Kaapstad; Bridgton Opleidingskollege, Oudtshoorn; Athlone Opleidingskool, Paarl; Battswood Opleidingskool, Wynberg; Dower Memorial Opleidingskool, Uitenhage; Perseverance Opleidingskool, Kimberley; St. Augustine's

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Opleidingskool, Parow; Söhnge Opleidingskool, Worcester; Wesley Opleidingskool, Soutrivier, en Zonnebloem Opleidingskool, Kaapstad.

Die volgende tabel toon die inskrywings by hierdie inrigtings gedurende die laaste drie jaar voor die oorname deur die Dep= artement van Kleurlingsake:

TABEL 2.(204)

Ingeskrewe Onderwysstudente, 1961 - 1963.

| Jaar | Laer Onder= wyserskursus | | Prim. Onder= wyserskursus | | Hoër Prim. onderwysers= kursus | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (Eerste kwartaal) | 1ste jaar | 2de jaar | 1ste jaar | 2de jaar | | |
| 1961 | 472 | 442 | 235 | 228 | 82 | 1459 |
| 1962 | 527 | 435 | 227 | 222 | 66 | 1477 |
| 1963 | 544 | 486 | 240 | 221 | 101 | 1592 |

2.3.3 Vanaf 1963.

In opvolging van die aankondiging deur die Minister van Kleur= lingsake op 13 Junie 1962, in die Volksraad gedoen, nl. dat die Kabinet besluit het dat alle onderwys vir Kleurlinge van die beheer van die vier provinsiale administrasies na dié van die Departement van Kleurlingsake oorgeplaas moet word, is stappe deur die Departement gedoen om uitvoering aan dié besluit te gee. 'n Wetsontwerp om voorsiening te maak vir die beheer van die Onderwys deur die Departement van Kleurlingsake, om die Wet op Buitengewone Onderwys, 1948 (Wet no. 9 van 1948), die Wet op Beroepsonderwys, 1955 (Wet no. 70 van 1955) en die Grondwet van Suid-Afrika, 1961 (Wet no. 32 van 1961), te wysig en om voorsiening te maak vir aan= geleenthede wat daarmee in verband staan, is deur die Minister van Kleurlingsake gedurende die 1963 Parlementsitting ingedien en die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet no. 47 van 1963) is op 24 Mei 1963 gepromulgeer.

http://etd.uwc.ac.za/

Ingevolge Proklamasie no. R.312 van 1963, in 'n Buitengewone Staatskoerant van 15 November 1963 afgekondig, het die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet no. 47 van 1963) op 1 Januarie 1964 t.o.v. die Provinsies Kaap die Goeie Hoop en Transvaal in werking getree en ingevolge Proklamasie no. R.44 van 1964 in die Staatskoerant van 13 Maart 1964 afgekondig, op 1 April 1964 t.o.v. Natal en die O.V.S.

Hierdeur sou die Departement van Kleurlingsake verantwoordelik wees vir die onderwys van Kleurlinge by alle skole en kolleges.

Die regulasies deur die Minister, kragtens artikel 34 van die wet uitgevaardig, is in 'n Buitengewone Staatskoerant van 4 Des= ember 1963 in Goewermentskennisgewing no. R.1898 van 21 November 1963 afgekondig.[205)]

Met hierdie oorname het die Departement van Kleurlingsake 'n wye verskeidenheid stelsels en kursusse van die verskillende provinsiale administrasies geërf, beide wat onderwys en die op= leiding van onderwysers betref.

Dertien opleidingsinrigtings is oorgeneem, 10 in Kaapland en een in elk van die ander provinsies. Drie van die 10 in Kaapland was Staatsbeheerde onderwyserskolleges. Die ander 7 was deur die Staat ondersteun, maar onder beheer van kerklike groepe. Die drie in die noordelike provinsies was onder Staatsbeheer.[206)]

## 2.3.4 Opleiding van onderwysers, 1964 - 1983.

2.3.4.1 In 1964 is primêre onderwysers soos volg opgelei in die Kaap= provinsie:

(i) Laer Primêre Onderwyssertifikaat (L.P.O.S.);

(ii) Primêre Onderwyssertifikaat (P.O.S.);

(iii) Na voltooiing van enige van bogenoemde, een bykomende spesialiseringsjaar, soos Naaldwerk, Huishoudkunde, Musiek, Houtwerk of Liggaamsopvoeding.

Die L.P.O.S., 'n tweejarige kursus, was net toeganklik vir dame= studente aan opleidingskole. Die minimum toelatingsvereiste was

http://etd.uwc.ac.za/

St. 8 en die kursus het kandidate voorberei vir onderwys in die laer primêre standerds.

Die P.O.S. is aangebied aan beide geslagte en wel slegs aan onderwyskolleges. Die minimum kwalifikasie was die Senior Ser= tifikaat of gelykwaardige kwalifikasie. Dit was 'n tweejarige kursus en het kandidate voorberei om onderwys te gee aan Senior primêre standerds.

Die Hoër Primêre kursus in spesialiseringsvakke was eintlik bedoel vir kandidate wat reeds oor die P.O.S. beskik, maar by uitsonder= like gevalle kon kandidate wat oor die L.P.O.S. beskik het, met die goedkeuring van die Departement, tot die kursus toegelaat word.

Aan die Randse Onderwyserskollege is voorsiening gemaak vir die opleiding van primêre sowel as sekondêre skool onderwysers. Die voltydse kursusse vir primêre onderwysers was:

(i) Die Laer Onderwyssertifikaat, (O.S.) was 'n tweejarige kursus vir dames na St. 8, en

(ii) die Transvaalse Onderwysdiploma (O.D.) was 'n driejarige kursus vir studente na matriek.

Die Dr. Blok Onderwyskollege in Bloemfontein het kursusse aangebied wat sou lei tot die Hoër Primêre (Klas B) onderwyssertifikaat vir kandidate wat St. 8 geslaag het en die Hoër Primêre (Klas A) on= derwyssertifikaat vir kandidate met matriek, of gelykwaardige kwalifikasie. Hierdie kursusse was blykbaar nie baie sterk in aanvraag nie.

Van die groottotaal van 1823 studentonderwysers wat in 1964 ge= registreer het, was 863 in hulle finale jaar van opleiding en 72 was tot so 'n mate opgelei dat hulle ook in Sekondêre Skole kon onderwys gee.[207)]

2.3.4.2 <u>Opleiding van sekondêre onderwysers.</u>

In 1964 het die Universiteit van Wes-Kaapland nog as die Univer= siteitskollege van Wes-Kaapland bekend gestaan. Hier is voorsiening gemaak vir die opleiding van hoërskool onderwysers.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Na voltooiing van 'n graadkursus, kon die volgende professionele opleiding verkry word, t.w. B.Ed., M.Ed., D.Ed., U.O.D. ('n een=jarige nagraadse kursus), U.O.D. (N.G.), ('n eenjarige kursus voordat 'n graad voltooi is), en die Laer Onderwysdiploma (L.S.O.D.), 'n driejarige kursus. Vanaf die tweede jaar is professionele vakke saam met die tweede jaar akademiese vakke aangebied.

Tot 1964 het die Randse Onderwyserskollege 'n Hoër Onderwysdi=ploma (H.O.D.) aangebied, wat ook 'n nagraadse kursus was. Ook is 'n driejarige Spesialiseringskursus aangebied ter voorbereiding tot junior sekondêre onderwys.[208)]

Die volgende tabel toon die aantal kandidate wat in 1964 inge=skryf was vir opleiding as hoërskoolonderwysers:

TABEL 3.[209)]

1964. Inskrywings vir Sekondêre Onderwysers.

| Inrigtings | Kursusse | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | L.S.O.D. | U.O.D. (N.G.) | U.O.D. | B.Ed. | M.Ed. |
| Kaapland: | 1e, 2e& 3e jaar | Finaal | Finaal | 1e& 2e jaar | 1e& 2e jaar |
| U.K.W.K. | 81;23;8 | 4 | 18 | 2 | 2 |
| Transvaal: | O.D. Finaal | | H.O.D. | | |
| Randse O.K. | 28 | | 2 | | |
| Totaal vir Sek. Onderw. | 140 | 4 | 20 | 2 | 2 |

2.3.4.3 Laerskoolonderwysersopleiding: Algemeen.

Daar word as basiese beginsel aanvaar dat onderwysersopleiding deur die Departement van Kleurling-onderwys aangepas moet word by die behoeftes van die verskillende soorte skole en opleidings=inrigtings. Hierdie vereistes word in 'n groot mate bepaal deur die veranderende eise van die ekonomie, en dit is teen hierdie agtergrond dat die inhoud en doelstellings van kursusse gesien

http://etd.uwc.ac.za/

moet word.[210)]

Die Verslag oor die boekjaar 1965 meld dat goeie vordering gemaak is en dat groter uniformiteit verkry is met opleiding van onderwysers, volgens die basiese beginsels in die vorige verslag vermeld. Die Departement was in volle beheer van eksaminering en sertifisering van onderwysers aan die 13 opleidingsinrigtings in die Republiek. Negehonderd-en-een onderwysers het afstudeer van wie 126 sodanig gekwalifiseerd was dat hulle sekondêre onderwys kon gee. In dieselfde jaar het 115 onderwysers hulle studies aan die U.K.W.K. voltooi.[211)]

Die invoering van kernsillabusse in die laerskole van al vier provinsies met ingang van Januarie 1968 het die verdere oplei= ding van onderwysers genoodsaak. 'n Reeks intensiewe oriënte= ringskursusse vir primêre onderwysers en dosente aan opleidings= kolleges en -skole is derhalwe beplan en 'n begin is gemaak met die hou van oriënteringskursusse.

Om onderwysers aan middelbare en hoërskole beter te bekwaam vir die nuwe kernsillabusse is oriënterings- en vakansiekursusse aangebied. Ook is driejarige kursusse vir onderwysdiplomas in tegniese en handelskursusse aan die Skiereilandse Tegniese Kollege in 1967 ingestel.

Aan die opleidingskollege Hewat is deeltydse kursusse ingestel vir die verbetering van kwalifikasies.[212)]

Om te voldoen aan die vereistes vir die nuwe sillabusse vir die Senior Sekondêre kursus wat in 1969 - 1970 ingestel is, is verdere oriënteringskursusse ingestel, terwyl die deeltydse kursusse aan Hewat steeds meer byval gevind het. In 1969 is 'n gunstiger beursskema ingestel om meer onderwysstudente te trek.[213)]

Sedert 1 Julie 1969 ressorteer onderwys onder die Administrasie van Kleurlingsake.

In 1970 is 'n driejarige kursus vir die P.O.D. ingestel. Die invoering van hierdie kursus het hoër eise gestel aan die op= leidingskolleges en het die afgestudeerde onderwysers beter toe= gerus om 'n voller aandeel te hê aan die algemene vernuwing van

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

die onderwys.

Die kursusse vir die H.P.O.S. is vir die laaste keer in 1970 aangebied en die kursus vir die Onderwysersdiploma (O.D.III) is vir die laaste keer in 1971 aan die Randse Onderwyskollege aangebied. Eenvormige kursusse is ingestel vir die L.P.O.S., asook beter opleiding vir kindertuinonderwysers deur die instel= ling van die P.O.D.(Kursus B.).[214)]

Met ingang van 1971 is die Intermediêre Primêre Onderwyssertifi= kaat ingestel. Die idee was dat mansstudente wat ingeskryf het vir die P.O.D. en dan matriek gedruip het, 'n tweejarige oplei= ding kon kry vir die I.P.O.S. Indien hy intussen matriek slaag, verwerf hy die P.O.S.[215)]

Die tweejarige kursus vir die L.P.O.S. is met ingang van 1977 vervang deur 'n driejarige kursus wat lei tot die Junior Primêre Onderwyssertifikaat (J.P.O.S.). Dié kursus was slegs vir dames met 'n St. 8-sertifikaat bedoel. Dan was daar ook nog 'n L.P.O.S. met spesialisering. Na 1980 is die Spesialiseringskursus afgeskaf en deur die J.P.O.S. (Spesiale kursus) vervang.

Vanaf 1 November 1980 ressorteer onderwys onder die Departement van Binnelandse Aangeleenthede.[216)]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Verpligte skoolbesoek vir kinders vanaf hulle sewende jaar (1974) is progressief uitgebrei tot vir 16-jariges in 1980, en dit het noodwendig 'n groot toename in veral die laerskool leerlingtal mee= gebring wat op sy beurt tot 'n groot aanvraag vir opgeleide onder= wysers gelei het.

Die driejarige P.O.D. kursus is sedert Januarie 1979 hersien. In die eerste jaar is die kursus eenvormig en van 'n algemene basiese aard, maar in die tweede jaar word begin met spesialisering in die verskillende vakrigtings en in die derde jaar word die opleiding hoofsaaklik op spesialisering toegespits.

Die drie spesialiseringskursusse in die 2de en 3de jaar is:

(i) Kursus A: Akademiese rigting vir onderwysers van die senior primêre en junior sekondêre klasse;

http://etd.uwc.ac.za/

(ii) Kursus B: Kindertuinrigting - junior primêre standerds, en

(iii) Kursus C: Spesiale vakrigting (Praktiese vakrigting) in die primêre en sekondêre standerds: musiek, kuns, handwerk, naaldwerk, huishoudkunde en liggaamsopvoeding.

As 'n student na voltooiing van sy tweede jaar die kursus sou staak, word 'n P.O.S. aan hom uitgereik.

Met ingang van Januarie 1981 is daar 'n aanvang gemaak met die uitfasering van die J.P.O.S. kursus op 'n progressiewe basis. Die laaste eindeksamen sal in 1983 afgeneem word.

'n Kursus wat lei tot die L.P.O.S. (Spesiale kursus), kan gevolg word deur onderwysers wat in besit van die L.P.O.S. is. Spe= sialisering kan gedoen word in kuns, kindertuin, musiek, naald= werk en L.O.

Onderwysers wat in besit is van die L.P.O.S. + Senior Sertifikaat, kan hulle kwalifikasies verbeter deur by die tweede jaar P.O.D. kursus aan te sluit en na een suksesvolle jaar die P.O.S. (al= ternatief) verwerf. Deeltydse kursusse word by die opleidings= kolleges aangebied.

Om voorsiening te maak vir die onderrig van handelsvakke in die skole, bied die Skiereilandse Technikon 'n driejarige kursus aan wat lei tot 'n O.D. (Handel).

'n Nasionale Onderwysdiploma (werkwinkel) vir ambagsmanne met die vereiste kwalifikasies is by die Skiereilandse Technikon ingestel (jaarkursus).

Studente wat reeds 'n onderwysdiploma besit, kan ook aan die Elsenburgse Landboukollege opleiding in Landboukunde kry en landbou as vak onderrig in uitgesoekte sekondêre skole.[217)]

Vanaf Januarie 1982 is onderwysersopleidingskursusse hersien om dit in ooreenstemming te bring met onderwysersopleiding in ander departemente. 'n Verpligte driejarige kursus vir die Onderwysdiploma (O.D.) vir primêre onderwysers en die Hoër Onderwysdiploma (H.O.D.) vir hoërskoolonderwysers (4 jaar) is ingevoer. Die kursusse is in die eerste jaar eenvormig en

http://etd.uwc.ac.za/

differensieer vanaf die tweede jaar.

(i) O.D. (Junior Primêr) - onderwys vir junior primêre klasse;
(ii) O.D. (Senior Primêr) - onderwys vir senior primêre klasse;
(iii) O.D. (Praktiese vakke) - onderwys vir primêre en sekon= dêre klasse, soos musiek, kuns, handwerk, naaldwerk, ens.
(iv) H.O.D. (sekondêr) - 'n verpligte vierjarige opleiding vir onderwysers van die akademiese vakke in die sekondêre standerds.

Ten opsigte van die kursusse gemeld in (i), (ii) en (iii) hierbo, sal 'n bykomende vierdejaarskursus, die H.O.D., in die gemelde rigtings, vir geselekteerde onderwysers aangebied word.[218)]

Studente wat hulle vir hoërskoolonderwys wil voorberei, kan aan die U.W.K. en elders met die nodige toestemming, eers 'n graad= kursus volg (met skoolvakke) en daarna die H.O.D.-kursus volg. Dan is daar die genoemde handelskursus aan die Skiereilandse Technikon. Beurse is beskikbaar vir onderwysersopleiding, ook vir nagraadse opleiding, soos Honneurs, B.Ed., M.Ed., en D.Ed.

2.3.5 Opleidingskole.

In 1838 is die eerste opleidingskool te Genadendal gestig onder leiding van biskop Hallbeck van die Morawiese Sendinggenootskap. Die opleiding van onderwysers het na St. 4 begin met twee jaar akademiese opleiding, dan 3 jaar onderwysersopleiding plus een jaar Bybelstudie en teologie. Dit was gebaseer op die Europese kwekelingstelsel.[219)]

In 1920 het die Kaaplandse S.G.O. besluit dat onderwysers aan deeglik toegeruste en behoorlik bemande inrigtings opgelei moes word.[220)]

'n Driejarige kursus het tot die Laer Primêre Onderwyssertifikaat gelei, met St. 6 as minimum vereiste, 'n tweejarige kursus tot die H.P.O.S. met St. 8 as toelatingsvereiste en 'n eenjarige kursus het tot die O.S. gelei, vir juniorwerk, met die L.P.O.S. as toelatingsvereiste.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die L.P.O.S.-kursusse is in 1936 gewysig. St. 8 was toe die minimum vereiste en weer in 1942 toe St. 10 die toelatings= vereiste geword het vir die P.O.S.[221)]

Toe daar in 1962 aangekondig is dat onderwys oorgeplaas sou word na die Departement van Kleurlingsake, was daar 7 opleiding= skole in Kaapland.[222)]

Aanvanklik het hierdie opleidingskole mans en dames opgelei, maar sedert 1958 was hierdie opleiding beperk tot dames. Die minimum toelatingsvereiste was St. 8. Die kursus het oor twee jaar gestrek en het gelei tot die Laer Primêre Onderwyssertifi= kaat. Groot getalle onderwysers en onderwyseresse wat hierdie opleiding ontvang het, gee onderwys aan laer en selfs ook aan junior sekondêre skole.[223)]

Van die onderwysers in besit van die L.P.O.S. is toegelaat om 'n eenjarige spesialiseringskursus te volg. Kandidate is ook toegelaat om deeltyds te matrikuleer om sodoende hul kwalifika= sies te verbeter.

Die L.P.O.S.-kursus is in 1973 verander tot die Junior Primêre Onderwyssertifikaat (J.P.O.S.) en die kursus is verleng na 3 jaar.[224)]

Die J.P.O.S.-kursus (vir dames) was besig om 'n geleidelike dood te sterf, aangesien steeds minder kandidate vir dié kursus in= geskryf het. So was daar bv. in 1974 (toe nog die L.P.O.S.) 2365 kandidate ingeskryf,[225)] in 1977 was daar 2247 geregistreer,[226)] terwyl daar op 1 Maart 1981 slegs 1227 geregistreer was.[227)]

Daar is toe besluit om vanaf 1982 geen nuwe inskrywings vir die kursus te aanvaar nie. Die kursus word dus aan die einde van 1983 uitgefaseer, wanneer die laaste groep kandidate afstudeer. Dit sal dan die einde van die opleidingskole beteken.

Enkeles van die inrigtings hou dus op met onderwysersopleiding terwyl ander omskep word (is) tot volwaardige opleidingskolleges wat slegs na-St.10-kursusse aanbied. So het Roggebaai en Zonnebloem reeds ge-amalgameer tot die Zonnebloem Onderwyskollege,

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

en die Athlone Opleidingskool (Paarl) en Söhnge (Worcester) word volwaardige opleidingskolleges.[228)]

Vanaf 1982 is die onderwysersopleidingskursusse gebaseer op die vereistes soos neergelê in die "Kriteria vir die Evaluering van Suid-Afrikaanse kwalifikasies vir Indiensneming in die Onderwys." Daarvolgens ondergaan onderwysers nou 'n minimum opleidingstydperk van 3 jaar na matriek en die Departement van Kleurlingonderwys is dus nou in lyn met die opleidingspatroon van ander onderwysdepartemente.[229)]

2.3.6 Onderwyserskolleges (Opleidingskolleges).

2.3.6.1 In 1941 het twee onderwysers in Transvaal die P.O.S. behaal na voltooiing van die Senior Sertifikaat. In dieselfde jaar is die eerste onderwyserskollege (vir Kleurlinge) in Kaapland geopen (Hewat). Hierdie tipe opleiding het byval gevind en teen 1960 was daar twee opleidingskolleges in Kaapland (Hewat en Suid-Kaapland in Oudtshoorn), en een elk in Transvaal (Rand) en Natal (Bechet). Tans is daar nege: een elk in Transvaal en Natal en sewe in Kaapland, t.w. Hewat, Suid-Kaapland, Athlone (Paarl), Bellville, Dower (P.E.), Perseverance (Kimberley) en Zonnebloem (Roggebaai).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Aan die begin van 1981 was daar 2415 onderwysstudente aan hierdie kolleges geregistreer.[230)]

Sedert 1979 skakel die Departement van Binnelandse Aangeleent=hede in by die ander onderwysdepartemente om te voldoen aan die vereistes van die "Kriteria....", soos hierbo vermeld.

2.3.6.2 Enkele van die doelstellings is:

(a) Slegs kandidate wat oor die Senior Sertifikaat beskik, en voldoen aan die minimum vereistes gestel deur die Kriteria, word aanvaar vir opleiding;
(b) Geen opleiding vir primêre onderwys sal korter wees as drie jaar na matriek nie;
(c) Geen opleiding van sekondêre onderwysers sal korter wees as vier jaar na matriek nie;

http://etd.uwc.ac.za/

(d) Voorsiening word gemaak vir diensdoende onderwysers om hulle (laer) kwalifikasies te verbeter; en

(e) Onderwysersopleiding moet gereël word volgens die Departement se behoeftes en oorproduksie op sommige gebiede moet voorkom word.[231)]

2.3.6.3 Struktuur van die nuwe kursusse.

Die eerste jaar van alle onderwysersopleiding sal 'n algemene en basiese professionele oriënteringsjaar, asook 'n verkenningsjaar, wees. Alle studente sal dus min of meer dieselfde kurrikulum volg en dieselfde vakke volg, ongeag die rigting waarin hulle later spesialiseer. Sommige akademiese vakke word op twee vlakke aangebied.

Vanaf die tweede jaar vind spesialisering plaas:

(a) Onderwysdiploma (junior primêr) - 3 jaar;
(b) Onderwysdiploma (senior primêr) - 3 jaar;
(c) Onderwysdiploma (prakties) - 3 jaar;
(d) Hoër Onderwysdiploma (junior primêr) - 1 jaar na O.D.;
(e) Hoër Onderwysdiploma (senior primêr) - 1 jaar na O.D.;
(f) Hoër Onderwysdiploma (prakties) - 1 jaar na O.D.;
(g) Hoër Onderwysdiploma (sekondêr) - 4 jaar. (Slegs toeganklik vir studente wat in hul eerste jaar in drie akademiese vakke op hoër vlak slaag).

Geen intermediêre diplomas, soos die P.O.S., sal meer uitgereik word nie en 'n student het nie meer die keuse om na twee jaar af te studeer nie.

Hierdie kursusse is in 1982 aan alle opleidingskolleges van die Departement van Binnelandse Aangeleenthede ingevoer t.o.v. eerstejaarstudente. Ook die bestaande P.O.D.-kursus word einde 1983 uitgefaseer.[232)]

2.3.6.4 Ontwikkeling.

Ten einde die groot tekort aan personeel te verlig, sal veel groter getalle onderwysers opgelei moet word. Om te verhoed

http://etd.uwc.ac.za/

dat die Departement onverhoeds betrap word en indien groot getalle studente inskryf, word groot uitbreidings aan bestaande kolleges beplan en word ook beplan vir die daarstelling van addisionele kolleges.[233)]

(i) O.K. Hewat (uitbreiding) - vir 720 studente.
(ii) O.K. Kuilsrivier (vervang O.K. Bellville) vir 900 studente.
(iii) O.K. Suid-Kaapland (uitbreiding) - vir 540 studente.
(iv) O.K. Perseverance (uitbreiding) - vir 900 studente.
(v) O.K. Worcester (nuwe kollege) - vir 900 studente.
(vi) O.K. Bechet (uitbreiding) - vir 360 studente.
(vii) O.K. Rand (uitbreiding) - vir 720 studente.
(viii) O.K. Atlantis (nuwe kollege) - vir 900 studente.
(ix) O.K. Mitchell's Plein (nuwe kollege) - vir 900 studente.
(x) O.K. Dower (uitbreiding) - vir 900 studente.

2.3.7 Technikons.

Die Skiereilandse Tegniese Kollege te Bellville is in 1967 gestig en met verhoging van status in 1972 is dit herdoop tot die Skiereilandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Hier word hoofsaaklik opleiding op na-matriek vlak gegee.

Hierdie Technikon bied ook onderwysersopleiding aan. Kandidate met 'n St. 10-sertifikaat, met Rekeningkunde en 'n ander handels= vak, of Wiskunde, kan 'n driejarige O.D.-kursus volg. (O.D.Handel). Hulle word opgelei vir die onderrig van handelsvakke tot op senior sekondêre valk.

Benewens aanvullende vakke en klasonderwys, bestaan die O.D.-(Handel)-kursus uit sewe handelsvakke, waarvan twee as hoofvakke en die ander as byvakke aangebied moet word.

Daar word ook 'n O.D.-kursus (Tegnies) aangebied. Kandidate moet oor St. 10 met Wiskunde en/of Houtwerk op St. 10 vlak, beskik. Hulle word opgelei om onderwys in tegniese vakke aan meerstromige sekondêre skole en tegniese skole en kolleges te gee.[234)]

http://etd.uwc.ac.za/

Die opleidingskole en opleidingskolleges was en is dus gerig op die opleiding van (veral) onderwysers vir die laerskole met enkele uitsonderings waar vir hoërskole voorsiening gemaak word. Die meeste hoërskoolonderwysers word aan universiteite opgelei en vervolgens word in diepte daarna gekyk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## VOETNOOT LYS - HOOFSTUK 2.

1. Jansen: Naar een hogere pedagogische school, p.V.
2. H. Jac. Rousseau: University Teacher Training, p.1.
3. Ibid. : p.1.
4. Smith, Elmer: Teacher Education, p. 105.
5. Rousseau, H.Jac: University Teacher Training, p.2.
6. McMillan, R.G. (ed.) : Education and our expanding Horizon, p.345; McKerran, M.E.: A History of Education in South Africa, pp. 142 & 143.
7. Oliphant, J: The Educational Writings of Richard Mulcaster, p.90.
8. Cubberley, E.P.: The History of Education, pp. 348 & 745.
9. Rousseau, H. Jac.: University Teacher Training, p.2.
10. Monroe, P. (ed.): A Cyclopedia of Education, Vol.3., p.105.
11. Rusk, R.R.: The Training of Teachers in Scotland, p.129 en Potgieter, J.J.: 'n Geskiedenis van die Opvoedkunde, p.155.
12. Rousseau, H. Jac.: University Teacher Training, p.4.
13. Sien p. 31.
14. Malherbe, E.G.: Education in South Africa, p.75.
15. Archer, R.L.: Secondary Education in the Nineteenth Century, pp.343 & 347. Potgieter, F.J.: Geskiedenis van die Opvoedkunde, p.155.
16. Malherbe, E.G.: Education in South Africa, p.96.
17. Jones, G.E.L.: The Training of Teachers ...., p.15 en Potgieter, F.J.: Geskiedenis van die Opvoedkunde, p.156.
18. Jones, G.E.L.: The Training of Teachers ....., p.23.
19. Rich, R.W.: The Training of Teachers, p.34.
20. Rusk, R.R.: The Training of Teachers ......, pp. 136, 141 & 142 en Archer, R.L.: Secondary Education ....., p.345.
21. Nathan, A.D.: De Opleiding van Leraren, p.16.
22. Flowers, J.G. et al: School and Community Laboratory ....., p.267.
23. King, Edmund, J.: Other Schools and Ours, p.387.
24. Wragg, E.C.: Teaching Teaching, p.21.
25. Wragg, E.C.: Teaching, Teaching, p.22.
26. Boyd, William : The History of Western Education, pp. 142 & 143; Butts, R.F.: The Education of the West, p.179.
27. Wragg, E.C.: Teaching Teaching, p.28.
28. Ibid.: p.29.
29. Wragg, E.C.: Teaching Teaching, p.30 en Dent, H.C.: The Training of Teachers, pp. 1, 2.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

30. Wragg, E.C.: Teaching Teaching, p.35 en
Rich, R.W.: The Training of Teachers, p.80.
31. Wragg, E.C.: Teaching Teaching, p.36.
32. Ibid.
33. Ibid, p. 37; Adams, J.W.: A Short History of Education, p.299;
Rousseau, H.Jac.: University Teachers Training, p.5;
Jones, G.E.: The Training of Teachers, p.23;
Dent, H.C.: The Training of Teachers, p.3.
34. Kellerman, J.E.: Geskiedenis van die opleiding van blanke onderwysers in Suid-Afrika, pp. 96 - 99.
35. Rusk, R.R.: The Training of Teachers ....., pp. 136, 141, 142;
Archer, R.L.: Secondary Education ...., p.345 en
Rousseau, H.Jac.: University Teacher Training, p.6.
36. Jones, G.E.L.: The Training of Teachers, p.29;
Rush, R.R.: The Training of Teachers, ...., p.136 en
Rousseau, H,Jac.: University Teacher Training, p.6.
37. Archer, R.L.: Secondary Education ....., p.351.
38. Jones, G.E.: The Training of Teachers, pp. 355 - 359 en
Dent, H.C.: The Training of Teachers, p.7.
39. Cubberley, E.P.: The History of Education, p.327 en
Rousseau, H.Jac.: University Teacher Training, p.8.
40. Wragg, E.C.: Teaching Teaching, p.43.
41. Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland, 1652 - 1939, p.37.
42. Ibid: p.40.
43. Ibid: p.53.
44. Potgieter, F.J.: Geskiedenis van die Opvoedkunde......, p.158, en
Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland....., p.80.
45. Coetzee, J. Chris.: Onderwys in Suid-Afrika ....., p.447, en
Behr, A.L.: Die Geskiedenis van die Onderwys ...., p.158.
46. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van die Onderwys ...., p.153.
47. Ibid: p.155.
48. Coetzee, J.Chris.: Onderwys in Suid-Afrika ....., p.448 en
Behr, A.L.: Die Geskiedenis van ......, p.155.
49. Baartzes, W.B.: Die Geskiedenis en bydrae van die opleidingskool Söhnge tot die Onderwys, p.115.
50. Ibid.
51. Ibid.: pp. 116 - 124.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

52. Ibid.: p.120.

53. Ibid: p.122.

54. Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland ...., p.88;
Behr, A.L.: Die geskiedenis van die Opvoeding ....., p.151;
Behr en Macmillan: Education in South Africa, p.240 en
Potgieter, F.J.: Geskiedenis van die Opvoeding ...., p.158.

55. Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland ....., p.89.

56. McKerran, M.E.: A History of Education ....., p.146;
Behr, A.L.: Die Geskiedenis van die Onderwys ...., p.151 en
Potgieter, F.J.: Geskiedenis van die ......, p.159.

57. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van ....., p.159.

58. Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland ....., p.107 en
Potgieter, F.J.: Geskiedenis van die ....., p.159.

59. Soos reeds gemeld was hyself en bogemelde Whitton self produkte van dié stelsel.

60. Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland ..., p.119;
Behr, A.L.: Die Geskiedenis van ....., p.160;
Behr en MacMillan: Education in South Africa ...., p.243 en
Potgieter, F.J.: Geskiedenis van die ...., p.160.

61. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van ....., p.160 en
Behr en MacMillan: Education in South Africa...., p.244.

62. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van ...., p.160.

63. Ibid: p.161 en
Coetzee, J.Chris.: Onderwys in Suid-Afrika, p.449.

64. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van ...., p.161.

65. 'n Uitvloeisel van die sendingskole?

66. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van ...., p.161 en
Coetzee, J.Chris.: Onderwys in Suid-Afrika ...., p.449.

67. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van ...., p.163.

68. Ibid.: p.176.

69. Ibid.:

70. Ibid.: p.180.

71. Ibid.: pp. 182 - 186 en
Coetzee, J.Chris.: Onderwys in Suid-Afrika ...., p.452.

72. Behr en MacMillan: Education in South Africa, p.254.

73. Ook bekend as professor "Groot Gawie".

74. Du Toit, P.S.: Opvoedkundige Studies, p.401.

75. Knight, E.W.: Twenty Centuries of Education, p.8.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

76. Seay, M.F. & Meace, L.E.: The Sloan Experiment in Kentucky, p.19.
77. Jordan, D.: Education and the Nature of Creativeness, p.6.
78. Rousseau, H.Jac.: University Teacher Training, p.325.
79. Bingle, H.J.J. et al: Besinning en Verantwoording, p.158.
80. Muller, E.C.C.: Evaluering van 'n Begeleidingsinstrument in Onderwysersopleiding, p.54.
81. Louw, W.J.: Pedagogiekstudies, nr. 70.
82. Onderwysersopleiding, Potchefstroom Onderwyskollege.
83. Pistorius, P.: Kaart en Kompas ....., p.9.
84. Coetzee, J.Chris.: Inleiding tot die algemene teoretiese opvoed=kunde, p.220.
85. Van der Merwe, C.P.: Beeldhouers van 'n Nasie, p.7.
86. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van ...., p.142
87. De Vries, C. et al: Drie Pedagogiese Perspektiewe, p.5.
88. Potgieter, F.J. en Swanepoel, C.B.: Temas uit die Historiese Pedagogiek, pp. 116 - 118.
89. Wragg, E.C.: Teaching Teaching, pp. 16,17.
90. Ibid.: p.vii.
91. De Vries, C. et al: Drie Pedagogiese Perspektiewe, p.127.
92. Ibid.: p.131.
93. De Witt, J.T.: Professionele Oriëntering vir die Onderwysberoep, p.11.
94. Muller, E.C.C.: Evaluering van ....., pp.2,3.
95. Rektor et al, P.O.K.: Die opleiding van onderwysers, p.11.
96. Muller, E.C.C.: Evaluering van 'n ....., p.54.
97. Ibid.: p.56.
98. Ibid.: pp. 56 - 58.
99. Bingle, H.J.J. (red.): Besinning en Verantwoording, p.3.
100. Ibid.: p.4.
101. Ibid.: p.147.
102. Woodring, Paul: A fourth of a Nation, p.171.
103. Louw, W.J.: An Evaluation of the Responsibilities of the University Regarding the training of Secondary School Teachers, pp.141-188.
104. King, Edmund J.: The Education of Teachers, p.29.
105. Commonwealth Conference: Teacher Education in a Changing Society, pp. 34, 35.
106. Summary of Teacher Training Courses, 1977, England and Wales, p.6.
107. McCarty, Donald J. & ass.: New Perspectives on Teacher Education, P44.
108. Lindsay, M.: Training Teachers for the Gifted and Talented, p.18.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

109. Beggs, Walter: The Education of Teachers, p.26.

110. Adams, Nicky: Basic Principles of Student Teaching, pp. 2, 3.

111. A.V.B.O. Jaarkongres: Aspekte van die opleiding van Onderwysers; Beggs, W.K.: The Education of Teachers; Cropley, A.J. & Dave, R.H.: Lifelong education and the training of Teachers; De Vries, C.G.: Die Opleidingskollege Paarl, 1913 - 1963; Education for South Africans: Stepping into the Future; Curry, P.: Education and the training of Teachers; Hewett, S.: Training of Teachers; Hodenfield, G.K. and Stennett, T.M.: The Education of Teachers; Jansen, J.: Naar een hogere pedagogische school; Jones, Lance: The Training of Teachers in England and Wales; Louw, W.J.: An evaluation of the Responsibility of the University regarding the training of Secondary School Teachers; Lynch, J. and Plunkett, H.: Teacher education and cultural change; Myers, A.F. and Williams, C.O.: Education in a Democracy; Sarason, S.B. et al: The Preparation of Teachers; Smith, Elmar: Teacher Education; Stabler, E.: Education of the Secondary School Teacher; Taylor, William: Research and Reform in Teaching Education.

112. Sadler en Gillett: Training for Teaching, p.11.

113. Behr, A.L. & MacMillan, R.G.: Education in South Africa, p.237.

114. Lindsay, M.: Training Teachers ...., p.4.

115. McCarty, Donald, J. et al: New perspectives on ...., p.50.

116. Kemble, Bruce (Ed.): Fit to Teach, p.10.

117. Schultz, R.E.: Student teaching at the Secondary Schools, p.91.

118. King, Edmund, J.: Other Schools and Ours, p.496.

119. Ibid.: pp. 21, 22.

120. Behr, A.L. en MacMillan, R.G.: Education in South Africa, pp.296, 297. Louw, W.J.: Pedagogiekstudies nr. 70, pp. 141, 142.

121. King, Edmund, J.: Other Schools and Ours, p. 154 en Lynch and Plunkett: Teacher Education and Cultural change, pp.32,33.

122. Taylor, William: Research and reform in Teacher Education, pp.11,13

123. Smith, Elmer; Teacher Education, pp. 2, 3.

124. Ibid.: p.195.

125. Louw, W.J.: Pedagogiekstudies, p. 1 en p.208.

126. Gurray, P.: Education and the Training of Teachers, p.1.

127. Cropley, A.J. and Dave, R.H.: Lifelong Education and ...., p.xix.

128. Bingle, H.J.J.: Aspekte van die opleiding van onderwysers, A.V.B.O., p.51.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

129. Meyers & Williams: Education in a Democracy, p. 328.
130. Lynch & Plunkett: Teacher Education and ......, p.39.
131. Gesprek met Dr. Mehl van die U.W.K., 28.7.1983.
132. Statistieke van die U.W.K.
133. Ibid, en Jaarverslag, 1 Julie 1981 - 30 Junie 1982, Departement van Binnelandse Aangeleenthede.
134. Potgieter, F.J.: Geskiedenis van die opvoeding ....., p.154.
135. Stanley Hewett: The Training of Teachers, p.10.
136. Kind, Edmund: The Education of Teachers, p.20.
137. Ibid.: p.80.
138. Rousseau, H. Jac.: University Teacher Training, p.69.
139. Ibid.
140. Paul Woodring: A Fourth of a Nation, p.166.
141. Muller, E.C.C.: Evaluering van 'n ....., p.70.
142. Gurrey, P.: Education and the Training of Teachers, p.150.
143. Stabler, E.: The Education of the Secondary ....., p.29.
144. Adams, Nicky: Basic Principles of Student Teaching, p.22.
145. Woodring, Paul: A Fourth of a Nation, p.192.
146. Rektor en Personeel, P.O.K.: Opleiding van Onderwysers, p.63.
147. Aangehaal deur H.J. Rousseau: University Teacher Training, p.45.
148. Rousseau, H.J.: University Teacher Training, p.45.
149. Ibid.: p.62.
150. King, Edmund: The Education of Teachers, p.94.
151. Morrison, A., & McIntyre, D.: Teachers and Teaching, p.79.
152. Kruger et al : Onderwyskunde en Onderwysersopleiding, p.19.
153. Jansen, J.: Naar een hogere pedagogische school, p.39.
154. Wragg: Teaching Teaching, p.vii.
155. De Witt, J.T.: Professionele Oriëntering......, p.85.
156. Aangehaal: Ibid, p.97.
157. Ibid.: p.17.
158. King, Edmund: The Education of Teachers, p.18.
159. Myers & Williams: Education in a Democracy, p.328.
160. Commonwealth Secretariat: Teacher Education in a changing Society, p.38.
161. Taylor, William: Research and Reform in Teacher Education, p.157.
162. Woodring, Paul: A Fourth of a Nation, p.163.
163. Commonwealth Secretariat: Teacher Education ....., p.30.
164. Van der Merwe, C.P.: Beeldhouers van 'n Nasie, p.17.
165. De Witt, J.T.: Professionele Oriëntering ....., p.2.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

166. De Witt, J.T.: Professionele Oriëntering ......, p.2.

167. Aangehaal in J.T. de Witt: Professionele Oriëntering ....., p.29.

168. Ibid.: p.46.

169. MacMillan (ed.): Education and our expanding Horizon, p.350.

170. Gurrey, P.: Education and the training ...., p.19;
Jansen, J.: Naar een hogere pedagogische School, p.56; en
Taute, B.: Opvoedende Onderwys, p.95.

171. Smuts, A.J.: The Education of Adolescents in South Africa, p.147.

172. Myers and Williams: Education in a Democracy, p.292.

173. Commonwealth Secretariat: Teacher Education ....., p.31.

174. Fourie, J.J., aangehaal in: Bingle, H.J.J. (Red.) : Besinning en Verantwoording, p.127.

175. P.G. van Z. Spies aangehaal: J.T. de Witt: Professionele Oriën=tering ......., p.29.

176. King, Edmund, J.: The Education of Teachers, p.57.

177. Ibid.: p.92.

178. Ibid.: p.93.

179. Louw, W.J.: Pedagogic Studies, no. 70, p.146.

180. Taylor, William: Research and Reform in ....., p.95.

181. Stabler, E.: Education of the Secondary ....., p.28.

182. Cropley, A.J.: Lifelong Education ......., p.71.

183. Great Britain Ministry of Education: Future patterns of the Education and the Training of Teachers, p.17.

184. Coetzee, J. Chris.: Die moderne Opvoeding, p.25.

185. Pistorius, P.: Kind in Ons Midde, p.47.

186. De Vries, Corné, et al: Drie Pedagogiese Perspektiewe, p.129.

187. Van der Linde, A.J.: Aangehaal in E.C.C. Muller: Evaluering van 'n ........, p.30.

188. Nel, B.F. (red.): Referate, Tersiëre Onderwys, S.A.B.O., p.37.

189. Great Britain Ministry of Education: Future Pattern ...., p.1.;
Cropley, A.J. and Dave, R.H.: Lifelong Education ......, p. xxi;
Beggs: The Education of Teachers, p.1.; Stabler, E.: Education of the Secondary ......, p.4, en vele meer.

190. Rousseau, H.J.: University Teacher Training, p.324.

191. Waar in hierdie verhandeling melding gemaak word van die opleiding van onderwysers, dan word daar verwys na die opleiding van Kleurling Onderwysers, tensy dit anders vermeld word.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

192. Garbers, J.G.: Die opleiding van onderwysers vir die primêre en sekondêre skool binne die huidige tydsgewrig; S.A.V.B.O. no.12, p.118.

193. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van die Onderwys ...., p.151.
Sien ook Nicolaai.

194. Barnard, S.S., aangehaal in H.J.J. Bingle (red.): Besinning en Verantwoording, p.151.

195. Behr, A.L.: Die Geskiedenis van die Onderwys ......, pp. 206, 207.

196. Ibid.: p.208.

197. Totstandkoming van die Republiek.

198. Bingle, H.J.J. (red.): Besinning en Verantwoording, p.145, en Departement van Binnelandse Aangeleenthede: Education for Life, p.2.

199. Coetzee, J. Chris.: Onderwys in Suid-Afrika ...., p.449.

200. Behr, A.L. en MacMillan, R.G.: Education in South Africa, p.427; en Coetzee, J. Chris: Onderwys in Suid-Afrika, P.450.

201. Behr, A.L. en MacMillan, R.G. : Education in ......, p.427 en Coetzee, J. Chris.: Onderwys in ......, p.450.

202. Behr & MacMillan: Education in ...., p.428 en Coetzee, J. Chris.: Onderwys in ......, p.451.

203. Coetzee, J. Chris.: Onderwys in ....., p.451.

204. Behr & MacMillan: Education in ....., p.428.

205. Ibid.: P.429.

206. Dept. van Kleurlingsake: Verslag 1 Januarie tot 31 Maart 1964; R.P. 82/1964.

207. Ibid.: 1 April 1964 tot 31 Maart 1965; R.P. 25/1966.

208. Ibid.

209. Ibid.

210. Ibid.

211. Ibid.

212. Dept. van Kleurlingsake: Verslag 1 April 1965 tot 31 Maart 1966, R.P. 22/1967.

213. Ibid., Verslag 1 April 1967 tot 31 Maart 1968; R.P. 22/1969.

214. Ibid., Verslag 1 April 1968 tot 31 Maart 1969; R.P. 27/1970.

215. Ibid., Verslag 1 April 1972 tot 31 Maart 1973; R.P. 40/1974.

216. Ibid., Verslag 1 April 1973 tot 31 Maart 1974; R.P. 40/1975.

217. Ibid., Verslag, 1 April 1980 tot 31 Maart 1981; R.P. 43/1982.

218. Ibid.

219. Ibid., Verslag 1 April 1981 tot 31 Maart 1982.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

220. Coetzee, J. Chris.: Onderwys in ....., p.471 en Departement van Kleurlingonderwys: Stepping into the future, p.112.

221. Coetzee, J. Chris.: Onderwys in ....., p.473; Behr and MacMillan: Education in ....., p.372.

222. Erica Theron: Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede ......, p. 191 en Coetzee, J. Chris.: Onderwys in ......, p.481.

223. Onderhoud met senior amptenaar, 21 September 1983.

224. Dept. van Kleurlingadministrasie: Education for Life, p.20, en Stepping into the Future, p.112.

225. Dept. van Kleurlingsake: Verslag, 1 April 1975 tot 31 Maart 1976.

226. Ibid., 1 April 1976 tot 31 Maart 1977.

227. Dept. van Kleurling Aangeleenthede: Verslag 1980 - 81 (R.P. 43/82)

228. Alpha, Februarie 1982, p.10.

229. Alpha, Junie 1983, p.9.

230. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede. Verslag 1980 - 1981 (R.P. 43/82)

231. Uit: Kriteria vir die Evaluering van Suid-Afrikaanse Kwalifikasies vir Indiensneming in die Onderwys (Afskrif verkry van Dept. van Onderwys, Binnelandse Aangeleenthede.

232. Alpha: Februarie 1982, pp. 10. 11.

233. Alpha: Maart 1982, p.3.

234. Alpha: April 1977, p.12.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

# HOOFSTUK III.

## ONDERWYSERSOPLEIDING: UNIVERSITEITE EN DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND.

### 3.1 INLEIDING

In Hoofstuk II is aandag gegee aan die algemene opleiding van onderwysers en die opleiding van onderwysers binne die verband van Binnelandse Aangeleenthede.

Voordat daar besin word op die ontstaan, ontwikkeling en bydrae van die Universiteit van Wes-Kaapland tot die hoër onderwys, is dit nodig om die begrip "universiteit" en die gepaardgaande konnotasie "hoër onderwys" in perspektief te plaas. Dit is nodig omdat die eerste universiteite, reeds gedurende die middeleeue, hul ontstaan te danke gehad het aan die feit dat daar 'n besondere behoefte ontstaan het waaraan voldoen moes word. Vir hierdie studie is dit van besondere betekenis omdat ook die Universiteit van Wes-Kaapland as gevolg van bepaalde redes (ideologies) ont=staan het, ook om in besondere behoeftes te voorsien.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

### 3.1.1 Die ontstaan van die Middeleeuse Universiteite - 'n kursoriese oorsig.

Die Kruistogte van die elfde en die twaalfde eeue was die glans=tydperk van die Ridderera. Die doel in hoofsaak was om die Heilige Land uit die hand van die "heidense" Turke te bevry en om ook die Mohammedaanse gevaar uit die Suide en die Midde-ooste te stuit.[1)]

Alhoewel die Kruistogte in sy primêre doel gefaal het, is daar tog belangrike kontak gemaak met die wêreld buite Wes-Europa en is nuwe denkrigtings, filosofieë na Europa oorgebring. Die hoë graad van die Saraseense geleerdheid het die Wes-Europeërs beïn=druk. Die aanraking met die Moslemgeloof het baie mense laat twyfel aan die ou (Middeleeuse) godsdiensbegrippe. Dit het gelei tot die herwaardering van die geloof; die Christelike geloof is op meer wetenskaplike wyse ondersoek wat uiteindelik sou lei tot die Skolastisisme en die Mistisisme, twee denkrigtings wat wel

http://etd.uwc.ac.za/

deeglik filosofies en teologies op hoë akademiese vlak argumente kon formuleer om die uitheemse aanslag op die tradisionele gods= diens die hoof te bied.[2] Hierdie teologiese bolwerk in Europa (Parys) het uiteindelik uitgeloop op die eerste fakulteit teo= logie van een van die eerste middeleeuse universiteite.[3] Wat hier ter sake is, is dat daar 'n besondere behoefte ontstaan het en dat aan hierdie behoefte slegs deur die tussenkoms van onder= wys op hoë vlak voldoen kon word.

Ou Griekse geskrifte is deur die Sarasene via Spanje na Europa gebring, wat gelei het tot nuwe belangstelling in die klassieke literatuur en kunste.

Weens bevolkingsgroei het stede ontstaan; dit het gelei tot hoër lewenstandaarde en die uitbou en besef van eie vermoëns. Hierdie stede het gevolglik gelei tot uitbreiding van handel met ander stede. Dit weer het gelei tot die beklemtoning van die noodsaaklikheid van onderwys, want kennis was nodig vir die opstel en skryf van kontrakte, briewe en ooreenkomste.

Na die ondergang van Karel die Grote en sy Heilige Romeinse Ryk (10de eeu), het daar drie lande ontwikkel uit hierdie voormalige Ryk, t.w. Frankryk, Duitsland en Italië.

Ierland, Brittanje en Noord-Frankryk is gedurende die agste tot elfde eeue deur die Vikings (Nore) binnegeval en verwoes, die Sarasene het die Straat van Gibralter oorgesteek en Iberië beset, terwyl die Magjare Duitsland, Suid-Frankryk en Italië binnegeval en verwoes het. Die kulturele- en onderwyslewe van Wes-Europa was op 'n laagtepunt.

Die spoedige verdrywing van die Magjare het gelei tot die beëindiging van die sg. donker eeue. Deur die Saraseense kennis is die Christendom gedwing om tot 'n hoër intellektuele vlak te ontwikkel om te kan oorlewe en homself te verdedig.[4]

Die blywendste Magjaarse invloed was die bou van versterkte stede in Suid-Italië, wat die geboorteplek sou word van die eerste universiteit. Ook wou die inwoners nie meer die Pous en die Kerk slaafs navolg nie; gedagtes en idees moes logies

http://etd.uwc.ac.za/

beredeneer word. In hierdie stede het mense rade begin vorm om hulle sake te beheer en gildes het ontstaan wat die groot ge= talle ambagslui kon beheer. Dit het alles bygedra tot 'n groter aanvraag om beter onderwys.

Basies het die ou hofskole en die sg. "Schools of Higher Learning" - die "Studia generalia" - ontwikkel tot universiteite, na skat= ting so teen die 12de eeu.[5)] Hierdie universiteite (studia generalia) het ontstaan as gevolg van 'n behoefte. In die lig van wat hierbo genoem is oor die Saraseense geleerdheid en die behoefte aan meer onderwys, was daar 'n behoefte aan gesaghebbendes op bepaalde gebiede, soos die Medisyne, die Regte en die Teologie.

Die universiteite het dus ontstaan omdat daar 'n aanvraag/be= hoefte was vir akademies-onderlegde persone, gesaghebbendes op hul vakgebiede, mense wat leiding aan die volksmassa kon gee. Die universiteite is aanvanklik rondom 'n enkele persoon gebou, wat dan vakmanne of spesialiste opgelei het om die kennis verder uit te dra. Aan hulle is die sg. "licentia docendi" (die reg om te kan doseer) toegeken en hulle het dan op hulle beurt die onderrigtaak voortgesit.[6)]

Studente uit verskillende lande van Europa het dus saamgetrek in 'n bepaalde stad wat 'n reputasie of bekendheid ontwikkel het vir die onderrig wat daar verskaf is, in 'n bepaalde rigting. So het Salerno bekend geword vir die medisyne, Bologna vir die regte en Parys vir die teologie.[7)]

In die noorde van Europa was die onderwys hoofsaaklik in die hande van die Kerk, en daarom het die teologie 'n vername plek ingeneem. In die suide het die Romeinse invloed nie heeltemal uitgesterf nie en het baie Romeinse regte en voorregte nog bestaan, gevolglik die belangstelling in die regte. In die skole het die regte 'n onderdeel van die vak Retoriek geword, soos bv. in Salerno, Italië.

Vir toelating tot hierdie "universitas" was daar geen spesifieke vereistes gestel nie. As 'n ouer sy kind wou laat leer, het hy hom eenvoudig na 'n spesialis geneem waar hy hoofsaaklik praktiese

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

opleiding ontvang het.[8)]

Die verskil tussen skole en "universitas" was dat skole bygewoon is deur kinders van die betrokke stad, terwyl "studia generalia" bygewoon is deur studente van oor die hele Europa. Die studente of dosente het nog geen voorregte of beskerming geniet nie.

In Bologna het die studente en die dosente hulle eie gildes gestig, hoofsaaklik in soeke na beskerming. Hierdie gildes, wat veral deur vreemdeling-studente gestig is, is dan "universitas" genoem. Die "universitates" van Bologna is in die jaar ± 1170 gestig.[9)]

Die studente het 'n vakleerlingskap, wat gewissel het van 5 tot 7 jaar, by 'n leermeester deurgemaak. Daarna het sy leermeester hom formeel aan sy gilde voorgestel, waar die student dan 'n "intreerede" moes lewer. Die universiteite het dus die patroon van die gildes gevolg.[10)]

Teen die dertiende eeu het verskillende "universitates" van 'n stad begin saamsmelt in een gilde. Aan die hoof van so 'n gilde was daar 'n rektor.[11)]

Stigtingsdatums van universiteite is vaag en vloeibaar, omdat universiteite eeue gelede nie gekonstitueer is soos vandag nie en die opgetekende geskiedenis nie altyd volledig en betroubaar is nie.

Twee baie beroemde universiteite wat ook hulle ontstaan gedurende die Middeleeu gehad het, is die universiteite van Oxford en Cambridge in Engeland. Oxford (± 1163) en Cambridge (± 1209) het hulle ontstaan ook met 'n spesifieke doel gehad, maar 'n heel ander doel as dié van die Europese universiteite.[12)]

Hierdie twee universiteite het 'n doel gehad totaal verwyderd van die behoeftes van die volksmassa. Hulle was akademies gerig; die klassieke tale Grieks en Latyn was belangrik. Hierdie aka=demiese inslag was ingestel op die aanbieding van die 7 Vrye Kunste,[13)] t.w. Grammatika, Dialektika, Retorika (Die Trivium) en Arithmetika, Geometrika, Sterrekunde en die Musiek (die

http://etd.uwc.ac.za/

Quadrium).[14] Dit was opleiding vir die adel, dus prestige-inrigtings; dit was die sg. "liberal education" om die adel, wat die land moet regeer, op te lei.

Die Suid-Afrikaanse universiteite is geskoei op die Britse lees,[15] vandaar die ontwikkeling van akademiese universiteite, wat dik= wels bloot op die akademiese gekonsentreer het en nie altyd rekening gehou het met die eise en behoeftes van die gemeenskap nie, of van die spesifieke behoeftes van die rigting waarin 'n student eendag wil spesialiseer nie. Die regter, die prokureur, die predikant, die vertaler, die onderwyser, ensomeer, loop almal 'n akademiese B.A.-graad en sit in dieselfde klas.

Die Universiteitskollege van Wes-Kaapland (U.K.W.K.) is uit die aard van die saak aanvanklik geskoei volgens die patroon van bestaande Suid-Afrikaanse universiteite met sterk Europese (aka= demies-gerigte) inslag. Die inisieerders van hierdie inrigting het, as gevolg van 'n bestaande behoefte, meer as dit in gedagte gehad: die U.K.W.K. is in die lewe geroep om studente van 'n bepaalde volksgroep akademies deeglik op te lei, MAAR dit terwyl daar 'n dringende behoefte was aan wetenskaplik opgeleide per= sone om die besondere volksgroep van diens te wees. Die U.K.W.K. moes in werklikheid nie as 'n replika van ander universiteite gestig gewees het nie, maar as 'n universiteit met 'n eie karakter, meer samelewingsgerig - dus, 'n universiteit met 'n spesifieke doel.

## 3.2 TOESTANDE VOOR 1960.

Die universiteitswese in Suid-Afrika het ontwikkel uit verskeie inrigtings, waar na-skoolse of hoër onderwys aangebied is. Hierdie inrigtings het ontwikkel tot kolleges, o.a. die South African College in Kaapstad [16] en die Victoria Kollege op Stellenbosch.[17] Hulle eksamens is afgeneem deur die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop, wat slegs eksaminerend was en grade toegeken het. Later het hierdie kolleges onafhanklike universi= teite geword, soos bv. Kaapstad en Stellenbosch in 1918. Die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop het ontwikkel tot die Universiteit van Suid-Afrika en verskuif na Pretoria.[18]

http://etd.uwc.ac.za/

Aan hierdie universiteite was daar aanvanklik net blankes inge= skryf, maar geleidelik het anderskleuriges (Kleurlinge, Bantoes, Indiërs) ook na geleenthede vir hoër onderwys gesoek.[19)]

In 1910 het Harold Cressey die eerste Kleurlingstudent geword wat toelating verkry het tot 'n universiteit, t.w. die Suid-Afrikaanse Kollege, later die Universiteit van Kaapstad. Sedert= dien kon anderskleurige studente aansoek doen om toelating tot die "oop" universiteite van Kaapstad, Witwatersrand, Natal en Fort Hare.[20)]

Fort Hare het tot stand gekom as 'n universiteitskollege vir anderskleurige studente, maar weens geografiese redes kon dit nie al daardie studente vanoor die hele land opneem nie. So was daar dan in 1955 tweehonderd een-en-sewentig anderskleuriges aan die Universiteit van Kaapstad, 214 te Witwatersrand, 327 by Natal en 370 by Fort Hare, terwyl 1145 korrespondensie-kursusse aan Unisa gevolg het, 'n totaal dus van 2327.[21)]

In 1960 toe die U.K.W.K. gestig is, was die inskrywing van anders= kleuriges aan ander universiteite soos volg: Kaapstad 396; Witwatersrand 29; Natal 57; en Unisa 236.[22)]

In 1961 was daar 396 by Kaapstad ingeskryf, 234 by Unisa en 288 by die U.K.W.K.[23)]

Hieruit blyk dat Kleurlingstudente oor die hele land versprei was en dat meer en meer studente universiteitsopleiding verlang het.

## 3.3 WETGEWING (AGTERGROND).

Die jare na die Tweede Wêreldoorlog het vir Suid-Afrika snelle groei op feitlik elke terrein gebring veral ekonomies en indus= trieel, en saam hiermee 'n bevolkingsaanwas. Dit het nuwe eise aan alle bevolkingsgroepe gestel. Die regering wat aan die bewind gekom het in 1948, het 'n beleid van segregasie, of parallelle ontwikkeling, voorgestaan en begin toepas. Die ideaal wat nagestreef is, is gelyke kanse en ontwikkeling vir almal, met inagneming van die volkseie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

So is daar in die middel vyftigerjare deur die regering aandag gegee aan die moontlikheid van afsonderlike universitêre geriewe vir alle volksgroepe.

In 1954 is 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel na die uitvoerbaarheid van afsonderlike universiteitsopleiding vir anderskleuriges, en opdrag is gegee om ook die finansiële implikasies van so 'n stap te ondersoek. Die aandag is gevestig op die woord uitvoerbaarheid, en nie wenslikheid nie. Dit kan aanvaar word dat, uit 'n ideologiese oogpunt van afsonderlike ontwikkeling, die regering reeds in beginsel daaroor besluit het.

Die benoemde kommissie het bestaan uit dr. J.E. Holloway, vroeër sekretaris van die Tesourie en later Suid-Afrikaanse gesant in Washington, prof. R.W. Wilcocks, voorheen rektor van die Universiteit van Stellenbosch en prof. E.G. Malherbe, destyds rektor van die Universiteit van Natal. In Februarie 1955 het die kommissie sy verslag ingedien.[24)]

Die Afrikaanse universiteite van destyds, t.w. Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria en Stellenbosch[25)] het geen anderskleurige studente toegelaat nie, terwyl Kaapstad, Witwatersrand en Natal hulle wel toegelaat het. Aan die Natalse Universiteit kon anderskleuriges nie saam met blankes lesings bygewoon het nie. Rhodes het anderskleuriges slegs op na-graadse vlak toegelaat, hoofsaaklik van die Universiteitskollege Fort Hare.

Aan die Universiteite van Kaapstad en Witwatersrand was daar segregasie in die koshuise en op sportgebied en danse, maar nie in die lesingsale, restaurants en verenigingslewe nie.[26)]

Baie getuies voor die Kommissie het gevoel dat die outonomie van so 'n ter stigte universiteit a.g.v. gedwonge segregasie, geskaad sou word; baie het gevoel dat "aparte" universiteite antagonisme sou bevorder, terwyl gemengde universiteite bevorderlik is vir onderlinge begrip. Die Universiteite van Kaapstad en Witwatersrand het gepleit dat afsonderlike klasse aan bestaande universiteite beter en goedkoper sou wees as om afsonderlike universiteite te stig, of dat inrigtings in Johannesburg en Wes-Kaap opgerig moes word om Kleurlingstudente van dié twee universiteite te huisves.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Daar is gepleit om eerder die geriewe te Fort Hare en Natal uit te bou en om al die anderskleurige studente daar te huisves.[27)]

Uit die verslag blyk dit dat die Kommissie nie ten gunste van dié gedagte was nie.

Ten spyte van sterk weerstand het die regering voortgegaan met sy beplanning van afsonderlike universiteite en in 1959 is Wet no. 49 van 1959, die Wet op die Uitbreiding van Universiteits= opleiding, ingedien. Volgens dié wet is daar "voorsiening gemaak vir die instelling, instandhouding, bestuur en beheer van universiteitskolleges vir nie-blankes; vir die toelating van studente tot en hulle onderrig aan universiteitskolleges...".[28)]

Hierna sou anderskleuriges, behalwe in sekere uitsonderlike gevalle, nie as studente by ander universiteite, uitgesluit Unisa, toegelaat word as studente nie. Teen hierdie klousule veral het die Opposisie hom met mening verset. Die Engelse pers het ge= skryf oor "tribal colleges" wat nie eers "glorified high schools" sou wees nie. Engelstalige universiteite, opposisie-parlements= lede, die "Black Sash", Kleurlingleiers en Swart leiers, het oral protes aangeteken.[29)]

Die Eerste Minister, dr. Verwoerd, het stapels protesbriewe ont= vang, selfs uit die buiteland. Tog is Wet no. 49 van 1959 op 11 Junie 1959 deur die Goewerneur-Generaal, dr. E.G. Jansen, goedgekeur en geteken. Dr. Verwoerd het dadelik stappe gedoen vir die stigting van universiteitskolleges vir Sotho- en Zoeloe-sprekendes in Pietersburg en Natal, die ontwikkeling van Fort Hare vir Xhosa-sprekendes en 'n universiteitskollege vir Kleurlinge en Maleiers in die Wes-Kaap. Die aanvoorwerk vir laasgenoemde inrigting is opgedra aan die Minister van Onderwys mnr. J.J. Serfontein en in Augustus 1959 is prof. J.G. Meiring, uittredende Kaaplandse S.G.O., aangewys as die eerste rektor met indienstreding op 1 Januarie 1960.

'n Onmiddellike probleem was akkommodasie. Na vele oorwegings, en

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

probleme, is daar uiteindelik besluit op tydelike huisvesting totdat 'n behoorlik beplande inrigting opgerig kon word. Daar is toe besluit op die blanke primêre skoolgebou in Goeie Hoop= straat, Bellville-Suid, wat aan die einde van 1959 moes ontruim word omdat dit binne 'n verklaarde Kleurling-gebied geval het.

'n Tweede probleem was dié van geskikte personeel, administratief en doserend. Daar was nie tyd om langs die gewone kanale te adverteer nie, gevolglik het die aangewese rektor aanbeveel dat geskikte persone genader moes word en dat die Raad so spoedig moontlik benoem moes word om te help met die aanstellings. Die Minister en mnr. B.J. Vorster het geskikte persone genader en oorreed om die betrekkings te aanvaar.[30)]

Die eerste, voltydse akademiese personeel het uit die volgende persone bestaan:
Dr. (later prof.) J.B. Gouws (Plantkunde)
Mnr. A. Small (Filosofie)
Mnr. J.J. Wyles (Chemie)
Prof. L.M.D. Stopforth (Engels)
Prof. W.J. de Kock (Geskiedenis)
Mnr. (later prof.) H.J. Pienaar (Wiskunde)
Dr. (later prof.) J.B. du Toit (Sosiologie)
Prof. T.D.G. van Schalkwyk (Fisika)
Mnr. (later prof.) H. Muller (Handel)
Mnr. (later prof.) J.A. van Zyl (Aardrykskunde)
Prof. K.W. Heese (Sielkunde)
Prof. V.F. Lategan (Afrikaans-Nederlands) en
Prof. C.M. van der Westhuizen (Dierkunde).

Die eerste twee dekane was prof. Lategan vir die geesteswetenskappe en prof. Van der Westhuizen vir die natuurwetenskappe. Die eerste universiteitsbibliotekaris was mnr. F.E. Leygonie. Aan die begin van die volgende jaar, 1961, is prof. D.I. de Villiers aangestel as die eerste professor in die Opvoedkunde.

(Van hierdie heel eerste personeellede is proff.H.J. Pienaar, J.B. du Toit, T.D.G. van Schalkwyk, J.A. van Zyl en C.M. van der Westhuizen tans nog aan die Universiteit verbonde. Dit geld ook

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

vir prof. De Villiers, die huidige dekaan van Opvoedkunde.)

Die eerste raad van die U.K.W K. het bestaan uit 13 lede met prof. Thom (U.S.) as voorsitter. Die ander 12 lede was: Prof. A.J. Coetzee (Wits.); dr. I.D. du Plessis (destyds se= kretaris van Kleurlingsake); mnr. T. Grobbelaar, (destyds onder= sekretaris van Onderwys, Kuns & Wetenskap); mnr. G.S.P. le Roux, L.V., Kleurlingverteenwoordiger vir die kiesafdeling Karoo, sen. J.G. Olivier, Kleurlingverteenwoordiger in die destydse Senaat; prof. S.P. Olivier, destyds dekaan van die fakulteit Opvoedkunde, U.K.; dr. S. Pauw, destydse rektor van Unisa; biskop Peacey van die Anglikaanse Kerk; mnr. Mike Pienaar, des= tyds stadsraadslid van Bellville; dr. A.M. Rabie, destydse voor= sitter van Port Elizabeth se skoolraad; eerwaarde J.A.J. Steenkamp destydse moderator van die N.G. Sendingkerk in Kaapland en prof. J.G. Meiring, die eerste rektor.[31)]

Derdens was daar die kwessie van watter vakke aangebied moes word. Daar was nie tyd vir opnames by hoërskoolleerlinge oor die aard van die vakke wat hulle sou verkies nie, daarom is besluit om inligting en voorstelle van Kleurlingstudente aan die Univer= siteit van Kaapstad te kry, en dit te neem as leidraad.

Daar moes ook 'n terrein verkry word waarop die nuwe universiteits = geboue opgerig moes word. Die Minister, die aangewese rektor en dr. I.D. du Plessis het veral twee terreine besoek, t.w. naby Faure en langs die Bergrivier by Paarl. Uiteindelik is besluit op die terrein ten ooste van Modderdamweg in Bellville-Suid. Die ligging was ideaal, maar daar was probleme van oordrag van een departement na 'n ander.[32)]

Die terrein waar die nuwe kampus sou ontwikkel word, was bedek met Port Jackson-bosse; geen wonder nie dat diegene wat gekant was teen die plan, gepraat het van die "Bush College" of Universiteit in die bos. Op hierdie stuk duinegrond het die Universiteits= kollege van Wes-Kaapland ontwikkel en in die onmiddellike omgewing later die Teologiese Skool van die N.G. Sendingkerk, die Skier= eilandse Technikon, die Skool vir Spyseniers, Seemanskool en daar naby 'n opleidingskollege.[33)]

http://etd.uwc.ac.za/

Die eerste registrateur, mnr. J.F. Louw, 'n lektor aan die Kaapstadse Tegniese Kollege, het op 1 November 1959 sy kantoor aan die bopunt van Adderleystraat betrek.

Prof. Meiring en mnr. Louw het die gebou (die skool in Bellville-Suid) waar die universiteitskollege sou begin, gaan besoek om te besluit oor lesingsale, laboratoria, 'n biblioteek, kantore en administrasieblok, en opslaangeboue is aangebring om genoeg lokale te verkry. Vorms is opgestel, 'n prospektus is opgestel en saam met omsendbriewe aan voornemende studente en skoolhoofde gestuur en hoërskole in die Skiereiland is besoek om inligting te verskaf.[34)]

Die skool is na 11 Desember ontruim en toe moes daar verbreek en verbou word, geverf, gemeubileer, water en elektrisiteit aangelê, opslaangeboue opgerig, 'n biblioteek ingerig en kantore ingerig word - alles voor die aanvang van die akademiese jaar vroeg in 1960.

Inligting verkry van die Universiteit van Kaapstad aangaande vakkeuse en registrasie, het getoon dat 160 eerstejaars verwag kon word en dat voorsiening gemaak moes word vir onderrig in vakke soos Afrikaans, Engels, Geskiedenis, Geografie, Sielkunde, Sosiologie, Wysbegeerte, Biblioteekkunde (geesteswetenskaplik), asook Wiskunde, Fisika, Chemie, Plantkunde, Dierkunde (Natuur=wetenskaplik) en Handel.

Daar kon dus nou dadelik beplan word vir personeel, en om aan=stellings en ander besluite te bekragtig, is die Raad van die Universiteit op 13 November 1959 deur die Minister gekonstitueer, onder voorsitterskap van prof. H.B. Thom, destydse rektor van die Universiteit van Stellenbosch. Op 14 Desember 1959 is die eerste elf aanstellings (doserend) bekragtig. Spoedig hierna is nog 3 dosente, 'n rekenmeester en 'n persoonlike klerk vir die rektor en registrateur aangestel.

Voorbereidingswerk het baie goed gevorder sodat daar beplan is dat die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. J.J. Serfontein, die Universiteitskollege van Wes-Kaapland op Maandag, 29 Februarie 1960, amptelik sou open. Intussen was daar van verskeie instansies baie sterk teenstand teen die opening van die universiteitskollege.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Daar is selfs op Saterdag, 27 Februarie, 'n brand in die uni=versiteitsgehou gestig wat egter spoedig geblus is.[35)]

## 3.4. DIE ONTSTAAN VAN DIE U.K.W.K. EERSTE JARE.

3.4.1. Kragtens sub-artikel (1) van artikel 3 van die Wet op die Uit=breiding van Universiteitsopleiding, 1959 (Wet 45 van 1959), is luidens 'n kennisgewing in Staatskoerant 6302 van 30 Oktober 1959 'n universiteitskollege vir anderskleurige persone ander as Bantoe-persone met ingang van 1 November 1959 te Bellville ingestel.

Artikel 2 (3) van die Wet bepaal dat die universiteitskollege persone bedien wat kragtens die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950), geklassifiseer is as lede van die Kaapse Kleurling-, Maleier- of Griekwagroep of Groep ander Gekleurdes soos kragtens daardie Wet omskryf. Artikel 22 van die Wet, saam=gelees met Artikel 21, bepaal dat die Raad van die Universiteits=kollege, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister van Kleurlingsake, 'n anderskleurige wat nie tot gemelde groep behoort nie, tot die universiteitskollege mag toelaat.[36)]

### 3.4.2. Openingsplegtigheid, 29 Februarie 1960.

Tydens hierdie historiese geleentheid het 400 mense die saaltjie volgepak. Buite was 'n klompie stil betogers met plakkate wat hulle sienswyse vertel het: "This is no university"; "We demand democratic education and a democratic South Africa"; "Education knows no colour"; "The doors of learning and culture shall be open to all": "We reject bush colleges"; "No question of academic training in a kitchen college", ens.

Na die verwelkoming deur prof. Thom en die gebruiklike groete en gelukwense van verskeie instansies, het die Minister (J.J. Ser=fontein), die openingsrede gelewer waarin hy o.a. gewys het op die belangrikheid van universiteitsopleiding en dat anderskleuriges werklik nooit tot hulle reg gekom het aan die "oop" blanke univer=siteite nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die Burger, "The Argus" en die "Cape Times" van 1 Maart 1960 het uitgewy oor die plegtigheid, positief en negatief.[37)]

## 3.4.3. Die eerste jare.

Vir die U.K.W.K. was die eerste jare ware louteringsjare. Sou en kon die kollege voldoen aan sy doel en verwagtinge? Die sleutel tot sukses het gelê in die gehalte werk wat gelewer sou word en of daar voldoen sou kon word aan die hoë eise. Kon uitbreiding van die fasiliteite voldoen aan die groeiende behoeftes?

Ten spyte van weerstand en negatiewe propaganda, het daar in 1960 reeds 166 eerstejaarstudente geregistreer en in 1961 was die getal 288.[38)]

Die normale groeipyne was ook hier teenwoordig. Vir eers was daar die algemene probleem wat eerstejaars aan alle universiteite ondervind, nl. die moeilike aanpassing van gewone skoolonderwys na universiteitstudie, wat dan lei tot 'n hoë druipsyfer. Dit het baie aandag vereis.

'n Ander probleem was dié van eksaminering. Die kollege het die onderrig verskaf en Unisa het die eksamen gestel, nagesien en dan sertifikate, diplomas en grade toegeken. Die Kollege was gewillig om Unisa leerplanne te gebruik en dan verder te onderhandel oor sekere opdragte, soos die kwessie van jaarpunte, die indien van wenke by die opstel van vraestelle, dit self nasien en verwerk en dan aan Unisa voor te lê.[39)]

'n Derde saak, een wat onmiddellike aandag vereis het, was die voorsiening van akademiese geboue en fasiliteite. Die tydelike huisvesting sou voldoende wees vir eerste- en selfs tweedejaar= studente, maar beslis nie vir meer gevorderde werk nie. Daar is onmiddellik 'n aanvang gemaak met die afsteek, skoon- en gelykmaak van die terrein vir die nuwe kampus.

Na deeglike beplanning en behoeftebepaling deur die hoofde van die verskeie departemente, is die hulp van twee argiteksfirmas inge= roep, nl. dié van Scholten, Lee en Roberts asook Van Riet en Mansvelt. Teen die middel van 1960 was die planne gereed.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Na aanvanklike probleme oor bouers, het die Kabinet ingegryp en die bouersfirma Lewis Construction aangestel. Daar is spoedig begin met die gebou vir die Natuurwetenskappe en later met die gebou vir die Geesteswetenskappe. Teen die middel van 1962 is die gebou vir die Natuurwetenskappe voltooi en kon die dosente en studente oortrek na die nuwe moderne gebouekompleks. Ongeveer twee maande later kon die Geesteswetenskappe ook hulle nuwe kompleks betrek. Die Administrasie was tydelik by Geesteswetenskappe gehuisves.

Intussen is daar gewerk aan die geboue vir Administrasie, die kafeteria, biblioteek, Opvoedkunde, Sosiale Wetenskappe, liggaamlike opvoeding, die koshuis en die swembad. Daar is dadelik begin met die aanlê van paaie, die plant van gras en algemene verfraaiing.

Die linksgesinde elemente het egter nie die saak gewonne gee nie. Spoedig het Nusas begin vastrapplek soek op die kampus en ingemeng met studente-aangeleenthede. Hierin is hulle deur die Engelstalige pers gesteun.[40)] Volgens die eerste rektor, prof. J.G. Meiring, het daar in die derde bestaansjaar, 1962, 'n kentering begin intree.

Desnieteenstaande is die Natuur- en Geesteswetenskappe-geboue voltooi en betrek, en met die ander geboue groot vordering gemaak. Die terrein was reeds keurig en netjies. Smalende opmerkings is al minder gehoor. Dit het alles sekerlik bygedra tot 'n veranderende gesindheid, 'n meer positiewe benadering.[41)]

Die jaar 1962 het ook reeds sy derdejaarstudente meegebring. Omdat die onderrig nou meer gevorderd was, is daar begin met groter navorsingsprojekte deur die verskillende departemente. Dit was ook die jaar waarin Kleurlingonderwys oorgedra is na die Departement van Kleurlingsake, en die Kollege se eerste registrateur, mnr. J.F. Louw, het die eerste Direkteur van Onderwys geword.

Om te help met die voorsiening van onderwysers (en daar was 'n groot tekort, veral in die hoërskole), het die Kollege, benewens die bestaande kursusse, die L.S.O.D.-kursus ingestel. Dit het aan kandidate tot op tweedejaarsvlak universiteitsopleiding gegee

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

en dan 'n professionele (1 jaar) opleiding. Onderwysers wat die L.S.O.D. besit kon aan die junior sekondêre skool onderwys gee.[42)]

Om aan die besondere behoeftes van die Kleurlinggemeenskap te voorsien, is ook in 1962 begin met 'n B.Sc.-kursus in Farmasie. Die Departement Sosiologie is ook uitgebrei en daar is begin met graad- en diplomakursusse vir Maatskaplike werk. Op handelsge= bied is naas die B.Comm.-kursus ook 'n driejarige diploma-kursus in Handel ingestel.[43)]

Op 22 Februarie 1963 is die geboue amptelik geopen en 'n brons gedenkplaat is deur die destydse Staatspresident, mnr. C.R. Swart onthul. Byna 2 000 besoekers, van wie tweederdes uit die Kleur= linggemeenskap, het die plegtigheid bygewoon. Mnr. Swart het o.a. daarop gewys dat universiteite daar is om die leiers te lewer en die studente van die U.K.W.K. sal eendag die leiers in hulle gemeenskap wees.[44)]

Op 23 Februarie 1963 het die Cape Times in sy hoofartikel die rektor en die Universiteitskollege lof toegeswaai. Die koerant het verdraagsaamheid eerder as verwerping bepleit, ter wille van "the interests of the younger Coloured generation, eager for in= tellectual and professional advancement."[45)] Oor hierdie artikel het Nusas die Cape Times sterk gekritiseer.[46)]

Op 11 Mei 1963 het die U.K.W.K. se eerste gradeplegtigheid plaas= gevind. Die geleentheidspreker was die Minister van Kleurlingsake, mnr. P.W. Botha. Twee-en-twintig studente het hulle baccalaurius grade ontvang van die vise-kanselier van Unisa.

Die U.K.W.K. het ook sy eie wapen ('n gelourierde skild met 3 reuse-proteas in goud op die vooraansig van 'n Griekse tempel) gekry. Die leuse "Respice Prospice" beteken: "Kyk terug en kyk dan vooruit".

Die kweekskool van die N.G. Sendingkerk is oorgeplaas van Welling= ton na die kampus van die U.K.W.K. Dié nuwe geboue is op 20 Maart 1965 ingewy. 'n Koshuis het later bygekom.[47)]

3.4.4. <u>Ontwikkeling.</u>

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die Universiteitskollege van Wes-Kaapland het in 1960 begin met 4 fakulteite, t.w. Natuurwetenskappe, Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Eintlik was dit, volgens verslae, twee fakulteite, nl. Natuurwetenskappe en Lettere en Wysbegeerte, want Opvoedkunde en Ekonomiese en Be= stuurswetenskappe het onder Lettere en Wysbegeerte geressorteer.[48)]

Die fakulteit Farmasie (aptekerswese) is in 1964 begin. Hierdie was die gespesialiseerde deel van die studie. Die eerste in= skrywings het reeds in 1961 begin, daarna het twee jaar van prak= tiese opleiding gevolg en dan die voltooiing van verdere akademiese opleiding.[49)]

Die eerste studente in die nuwe Regte- en Teologie-fakulteite het hulle in 1970 ingeskryf, terwyl die eerste 25 studente vir Tandheelkunde in 1974 geregistreer is.[50)]

Tans bestaan daar dus die 7 fakulteite aan die U.W.K., nl. Lettere en Wysbegeerte; Natuurwetenskappe; Opvoedkunde; Teologie; Regte; Tandheelkunde en Ekonomiese en Bestuurs= wetenskap.[51)]

Die U.K.W.K. het reeds vroeg begin strewe na akademiese onaf= hanklikheid. Diplomakursusse waarvoor Unisa nie voorsiening gemaak het nie, is met die goedkeuring van die Minister ingestel en kon die U.K.W.K. hulle eie diplomas toeken. In 1966 het die Minister, mnr. Marais Viljoen, daarop gewys dat hierdie diplomas geensins minderwaardig was nie en dat oud-studente met dié diplo= mas baie verdienstelike werk lewer. Volgens hom was die tyd ryp om die Wet so te verander dat volle akademiese onafhanklikheid (outonomie) aan die U.K.W.K. gegee word.[52)]

Die oordrag van Onderwys na die Departement van Kleurlingsake het baie senior poste geskep wat gevul moes word. Veral die fakulteit Opvoedkunde het 'n sterk oplewing belewe. Hoofskappe, inspektorate en administrasieposte; daar was gevolglik 'n toeloop by nagraadse studie deur onderwysmense wat hulle kwalifikasies wou verbeter.

Die instelling van graad- en diplomakursusse in Sosiologie en

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Maatskaplike werk, sowel as in die Handel, het nuwe weë geskep vir baie oud-studente en hulle is opgeneem deur die Staat, kerkgenootskappe en die handelswêreld. Na die implimentering van die Groepsgebiedewet is kursusse in Openbare Administrasie ingestel en is deeglik opgeleide mense gelewer vir die Bestuurs=komitees en die Staatsdiens.

Weens die groot vraag na opgeleide mense in die biblioteek is graad- en diplomakursusse in die Biblioteekwese ingestel. Die departement van Regte het uit die departement van Handel ontwikkel.

In 1965 is die eerste deel van die koshuis, die swembad en die rugbyvelde in gebruik geneem. Die geboue vir Opvoedkunde, Siel=kunde en Sosiale Wetenskappe is in 1966 betrek.

Aanvanklik was die toename in inskrywingsgetalle baie laag. Die moet egter toegeskryf word aan die betreklik lae getalle studente wat matriek voltooi het, die groter toeloop na onderwys=kolleges vir primêre onderwysersopleiding, na tegniese onderwys en dames na verpleging. Verbetering was tog te bespeur.[53)]

Einde 1967 het die eerste rektor, prof. Meiring uitgetree en is hy opgevolg deur prof. N. Sieberhagen.

Ingevolge Artikel 2 van die Wet op die Universiteit van Wes-Kaapland, 1969 (Wet 50 van 1969), hierna die Wet genoem, saamge=lees met Proklamasie R.227 in Staatskoerant 2511 van 29 Augustus 1969, is die Universiteitskollege uiteindelik verhef tot 'n vol=waardige Universiteit vanaf 1 Januarie 1970.[54)] Hierdie verkryging van outonomie was 'n natuurlike ontwikkeling wat moes volg op 'n tydperk van grondlegging en uitbouing. Maar daar moet steeds nuwer ideale gestel word, studierigtings ontgin word en beplan word vir sneller ontwikkeling.

Die volgende tabel toon die groei in studentegetalle tussen 1960 en 1983:

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL IV.[56)]

Inskrywings aan U.W.K., 1960 - 1983.

| JAAR | INSKRYWING | 1STE REGISTRASIE |
|---|---|---|
| 1960 | 166 | 166 |
| 1961 | 288 | 89 |
| 1962 | 320 | 115 |
| 1963 | 361 | 139 |
| 1964 | 391 | 179 |
| 1965 | 415 | 154 |
| 1966 | 508 | 205 |
| 1967 | 566 | 227 |
| 1968 | 665 | 310 |
| 1969 | 805 | 388 |
| 1970 | 936 | 435 |
| 1971 | 975 | 478 |
| 1972 | 1 254 | 523 |
| 1973 | 1 572 | 684 |
| 1974 | 1 535 | 721 |
| 1975 | 2 073 | 876 |
| 1976 | 2 531 | 864 |
| 1977 | 2 744 | 1 245 |
| 1978 | 3 270 | 2 041 |
| 1979 | 3 591 | 2 160 |
| 1980 | 4 153 | 1 295 |
| 1981 | 3 921 | 972 |
| 1982 | 4 027 | 1 246 |
| 1983 | 4 776 | 1 611 |

Die oorgrote meerderheid studente is vanaf die Kaapprovinsie afkomstig (vg. Bylae A)[57)]. Opvallend is die groei van die aantal vrouestudente aan die U.W.K.: in 1960 was 5,4% dames, terwyl dit in 1983 gestyg het tot 32,3% (Bylae B).[58)] In Bylae C[59)] word die aantal inskrywings per fakulteit vanaf 1960 tot 1983 aangegee; dit is opvallend dat 'n baie groot persentasie studente veral vir die geesteswetenskappe inskrywe.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Soos die studentegetalle met die jare gestyg het, het die per= soneel ook mettertyd aangewas. Vandag bestaan die doserende personeel uit 58 professore, 63 senior lektore en 102 lektore. Die administratiewe personeel bestaan uit 527 lede.[60)]

## 3.5 DIE OPLEIDING VAN HOëRSKOOLONDERWYSERS. KURSUSSE. STATISTIEK.

### 3.5.1. Inleiding.

In Hoofstuk II is vermeld dat daar feitlik dwarsdeur die ontwik= kelde wêreld aanvaar word dat 'n hoërskoolonderwyser nie minder nie as 4 jaar opleiding moet hê, eerder nog meer, en dat hierdie opleiding deeglik akademies en professioneel gefundeer moet wees. In Suid-Afrika het die Gericke-Kommissie van Ondersoek uitgeloop op die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1969) wat onder meer bepaal het dat onderwysers vir sekondêre skole slegs aan univer= siteite (behoudens uitsonderings wat die Minister mag bepaal) opgelei moet word en onderwysers vir primêre skole aan univer= siteite en opleidingskolleges en vanaf 'n later datum, soos deur die Minister bepaal, aan universiteite en kolleges in noue same= werking met mekaar.[61)]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die V.S.A. pleit opvoedkundiges vir langer opleiding en her= vorming van die wyse van opleiding. Daar is geskryf dat daar al baie jare gepoog is om die ou stelsel reg te skaaf, te verander en te verbeter, maar dat daar selde gedink is aan 'n nuwe stelsel. Opvoedkundiges fungeer eerder as kurrikulum-werktuigkundiges dan as uitvinders. As die onderwysmense dit nie self gaan doen nie, gaan ander instansies dit wel vir hulle doen.[62)]

Oor die opleiding van die hoërskoolonderwyser sê Sir John Adamson: "There is no institution which can adequately train men and women for this profession save one of university rank. The momentous task should be transferred ...... to the Faculty of Education equal in status to, say, the Faculties of Medicine and Agriculture. It seems absurd to have to argue that mind......should receive the same expert attention as the body and organic life in the veld."[63)]

http://etd.uwc.ac.za/

Ander menings is bv. dié van Cropley et al dat onderwysers opgelei moet word as "specialists" wat dié dinge weet en ken wat die kinders behoort te leer,[64] en van Hodenfield en Stinnett dat "America's teachers of the future are going to spend less time learning <u>how</u> to teach and more time learning <u>what</u> to teach."[65]

## 3.5.2. Gegradueerdes voor 1960.

In 1935 was daar dertig onderwysers wat 'n U.O.D. besit het en dus ook reeds 'n graadkursus voltooi het, en daar was 19 met die Laer Sekondêre Onderwysdiploma. Meeste van hierdie grade en diplomas is aan die Universiteit van Kaapstad behaal.[66]

Tussen 1930 en 1951 het sestig Kleurlingstudente die S.O.D. behaal. Van hulle het 13 die B.Ed. daarna behaal.[67] Van 1940 tot 1951 het 45 Kleurlingstudente die S.O.D. aan U.K. behaal.[68]

Die volgende twee tabelle verwys na onderwysers verbonde aan hoërskole gedurende 1948 en 1949 en die getal Kleurlingonderwysers verbonde aan hoërskole vir die betrokke 2 jaar.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

TABEL V.[69]

Onderwysers aan hoërskole verbonde:

| | 1948 | 1949 |
|---|---|---|
| Opleidingskole | 60 | 59 |
| Hoërskole | 113 | 137 |
| Sekondêre Skole | 85 | 71 |

TABEL VI.[70]

Kleurlingonderwysers aan hoërskole verbonde:

| | 1948 | 1949 |
|---|---|---|
| Opleidingskole | 29 | 23 |
| Hoërskole | 92 | 112 |
| Sekondêre Skole | 66 | 56 |

http://etd.uwc.ac.za/

Hierdie onderwysers was uit die aard van die saak nie almal gegradueerd nie.[71)]

In 1949 was daar 5 037 onderwysers van wie slegs 187 ongekwali= fiseerd was. Aan die ander kant was meer as die helfte van die gesertifiseerde onderwysers dié met St. 8 plus 2 jaar opleiding.[72)]

3.5.3. Die huidige posisie.

Die opleidingskolleges bied twee diplomakursusse aan wat onder= wysers kwalifiseer om junior sekondêre onderwys te gee, t.w. die O.D. met spesialisering en die H.O.D. (sekondêr), 'n vierjarige opleiding met spesialisering in akademiese vakke.[73)]

Die Skiereilandse Technikon bied ook twee diplomakursusse, nl. 'n Onderwysdiploma (Handel) en 'n Nasionale Onderwysdiploma (Werkwinkel) wat houers in staat stel om hoërskoolonderwys te gee.

Jaarliks kry drie onderwysers wat reeds 'n sertifikaat besit, op= leiding aan die Landboukollege Elsenburg, wat hulle in staat stel om landbou as vak in senior sekondêre skole te onderrig.[74)]

Voornemende onderwys- (en ander) studente kan met die goedkeuring van die Minister, ook by ander universiteite in die R.S.A. regis= treer. Gaan mens egter streng volgens die letter van die wet, "behoort" alle studente (onderwysrigting) hulle aan die U.W.K. in te skryf, indien hulle onderwys aan hulle eie skole wil gee. Daar was 'n stadium waarop daar baie meer Kleurlingstudente deur Unisa gestudeer het as aan die U.W.K. In 'n mate was die rede daarvoor moontlike antagonisme, maar beslis grootliks finansieel van aard. Studente kon bedags werk en verdien en dan deeltyds studeer deur Unisa. Ekonomiese (en finansiële) toestande het verbeter en so ook die beskikbaarheid van beurse, en dit trek meer studente na die U.W.K.

Vir die jong student wat hoërskoolonderwyser wil word, bied die U.W.K. in die eerste plek die gewone opleiding, soos meeste ander universiteite van ons land, nl. 'n driejarige akademiese graad= kursus, t.w. B.A., B.SC., B.Comm. of B.Econ. Om toegelaat te

http://etd.uwc.ac.za/

word tot 'n graadkursus moet die kandidaat oor matrikulasie= vrystelling beskik en dan met die goedkeuring van die Departement van Binnelandse Aangeleenthede, die graadvakke so kies dat dit "skoolvakke" insluit: minstens een op derde- en een op tweede= jaarsvlak. Studente wat Huishoudkunde en Naaldwerk as metodiek= vakke wil aanbied, word aangeraai om vir die geïntegreerde leergang B.A.(M.E.)[75] (opvoedkundige rigting) in te skryf. Dis 'n vierjarige kursus waar die S.O.D. (H.O.D.)-vakke in die derde en vierde jaar ingesluit is.

Die student wat sy akademiese graad verwerf het, kan dan vir die H.O.D. (na-graads) inskryf. Verpligte vakke hier is: Fundamentele Pedagogiek, Empiriese Pedagogiek, Sosiopedagogiek, Historiese Pedagogiek, Didaktiek, en Onderwyspraktyk, Onderwysmetodiek (hoofvak en tweede skoolvak), Afrikaans en Engels as voertaal, Godsdiensonderrig en Onderwysmiddele. Dan is daar 'n keusevak uit skoolbiblioteekkunde/L.O./skoolmusiek/Godsdiensopvoeding. Verder word, oor 'n periode van ses weke praktiese onderwys ge= doen waarvan die gee van evalueringslesse 'n komponent is.

Die U.W.K. bied ook 'n S.O.D. (N/G) kursus aan. 'n Student wat reeds twee jaar van sy graadkursus suksesvol voltooi het en dus binne 1 jaar sy graad kan behaal, mag ná die tweede jaar by die S.O.D. (H.O.D.)-kursus aansluit en na voltooiing by die S.O.D. of H.O.D. (N/G). Daar is heelwat voorwaardes verbonde aan hierdie diploma.

Die U.W.K. bied ook 'n L.S.O.D.-kursus aan. Die kursus duur drie jaar. Die eerste twee jaar word aan akademiese vakke be= stee, of B.A. of B.Sc. of menslike Ekologie rigting. Gedurende die eerste jaar word drie of vier vakke uit 'n voorgeskrewe lys van vakke gekies. In die tweede jaar word drie of vier vakke geneem, waarvan twee op tweedejaarsbasis moet wees. Die derde jaar val saam met die H.O.D. opleiding.

'n Spesialiseringsdiploma vir verstandelike gestremdheid (S.D.V.G.) kan gevolg word deur 'n student wat reeds oor 'n onderwyskwalifi= kasie beskik, verkieslik onderwyservaring het en deur die Departe= ment gekeur is. Die kursus duur een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

http://etd.uwc.ac.za/

Vir die Spesialiseringsdiploma in Remediërende onderwys (S.D.R.O.) geld dieselfde reëls en regulasies as vir die S.D.V.G.

'n Spesialiseringsdiploma in Kinder- en Jeugleiding vereis min= stens 'n driejarige onderwyssertifikaat na die Senior Sertifikaat of 'n graad of 'n diploma wat 3 jaar opleiding na matriek vereis, en verkieslik toepaslike ondervinding. Slegs 10 kandidate per jaar word toegelaat en die kursus duur een jaar.

Daar bestaan ook 'n Diplomakursus in Verplegingsonderwys en Gemeen= skapsverpleegkunde. Hiervoor word 'n Senior Sertifikaat of gelyk= waardige sertifikaat vereis, 'n geldige sertifikaat van regis= trasie as algemene of psigiatriese Verpleegkundige by die S.A. Raad van Verpleging, en agtien maande ondervinding as 'n geregis= treerde verpleegkundige waarvan een jaar in 'n kliniese afdeling. Die opleiding duur twee jaar.

'n Onderwyser met 'n graad en diploma en minstens twee jaar ervaring, kan inskryf vir die B.Ed. wat een jaar voltyds en twee jaar deel= tyds duur. Die vakke is in hierdie stadium: Fundamentele Peda= gogiek, Empiriese Pedagogiek, en Didaktiese Pedagogiek (al drie verpligtend) en drie uit! Sosiopedagogiek, Vergelykende Pedago= giek, Historiese Pedagogiek en Ortopedagogiek. Na B.Ed. volg die M.Ed. en die D.Ed.[76)]

Bylae D [77)] toon die inskrywing van studente vir die verskillende diplomas en grade van 1962 tot 1982.

Indien daar nog getwyfel mag word oor die standaard van die kursusse en opleiding, mag die volgende aanhaling die saak reg stel: "The academic standards at the University of the Western Cape are as high as those in any other South African University, and the degrees or diplomas it awards enjoy the same recognition. It shares in the system of interchange whereby all South African universities make use of one anothers teaching staff to scrutinise examination standards and the award of marks. The many countries which recognise South African academic qualifications, also recog= nise those gained at the University of the Western Cape." [78)]

http://etd.uwc.ac.za/

Nieteenstaande die fasiliteite wat die U.W.K. bied, het daar in 1982 meer as 'n duisend Kleurlingstudente (met vergunning a.g.v. Wet 45 van 1959) aan ander universiteite studeer. Bylae E [79] toon die inskrywing aan die verskillende universiteite.

Daarteenoor het daar (1982) 27 blanke, 48 swart en 109 Indiërstudente, met spesiale vergunning aan die U.W.K. studeer.[80]

3.5.4. Statistiek.

3.5.4.1. Uit statistiek kan antwoorde op vrae gesoek word, vrae soos bv. Is daar 'n onderwyserstekort? Wat is die onderwyser-leerling verhouding? Is daar 'n snelle toename in die skoolbevolking? Is daar kwalifikasieprobleme? Op die vraag hoe snel leerlinggetalle gegroei het, kan die volgende as voorbeeld dien:

TABEL VII. [81]

Leerling- en Onderwyserstal, 1964 en 1982.

| Jaartal | Leerlinge | Onderwysers |
|---|---|---|
| 1964 | 356 500 | 11 413 |
| 1982 | 763 000 | 28 127 |

Hieruit kan ons aflei dat die leerlingtal met 114% en die getal onderwysers met 146% toegeneem het.

3.5.4.2. Kwalifikasies van onderwysers.

Die posisie wat die kwalifikasies van onderwysers betref, is besig om te verbeter.

In 1977 was 17,9% van alle onderwysers in besit van 'n kwalifikasie van Senior Sertifikaat plus drie jaar en meer opleiding (hiervan was 3,8% gegradueerd), terwyl 64,6% oor kwalifikasies van laer as matriek plus twee jaar opleiding beskik het.[82]

In 1982 beskik 30,2% oor 'n onderwyskwalifikasie van matriek plus drie jaar opleiding en 59% beskik oor kwalifikasies laer as

http://etd.uwc.ac.za/

matriek plus 2 jaar opleiding.[83)] Dit dui op 'n bestendige verbetering van die posisie.

3.5.4.3. 'n Ander vraag wat gestel mag word is of die toename van onder=wysersgetalle tred gehou het met die toename in leerlingge=talle. Die volgende tabel toon die patroon aan:

TABEL VIII.[84)]

Leerlinginskrywing teenoor onderwysers:

| Jaar | Leerlinginskrywing | Onderwysers |
|---|---|---|
| 1964 | 356 500 | 11 413 |
| 1975 | 611 794 | 21 064 |
| 1980 | 720 590 | 26 024 |
| 1982 | 763 000 | 28 127 |

3.5.4.4. Kwalifikasies.

TABEL IX.[85)]

Kwalifikasies van onderwysers:

| Kwalifikasie | 1977 | 1982 |
|---|---|---|
| a) Gegradueerd en gediplomeerd | 3,8% (876) | 7,1% (1 993) |
| b) Senior Sertifikaat + drie jaar | 14,1% (3 231) | 23,1% (6 507) |
| c) Senior Sertifikaat + 2 jaar | 17,4% (3 989) | 10,3% (2 899) |
| d) Junior Sertifikaat + gediplomeerd | 53,1% (12 201) | 50,51% (14 207) |
| e) Benede Jnr. Sertifikaat + ongediplomeerd | 11,5% (2 643) | 8,9% (2 521) |

Hieruit kan afgelei word dat die aantal volledig gekwalifiseerde hoërskoolonderwysers met meer as 3% toegeneem het. Hiervoor moet die U.W.K. seker krediet kry.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## 3.6. HUIDIGE STAND VAN SAKE (MET STATISTIEK).

### 3.6.1. Student-onderwysers.

In 1983 is aansienlik meer eerstejaarstudente vir onderwysers=opleiding na die opleidingskolleges getrek, t.w. 1 375 teenoor 831 in 1982. Finansiële hulp in die vorm van studiebeurse het vermeerder van R420 per jaar in 1979 tot R1 200 p.j. in 1982.[86)] Vir die jaar 1984 is meer as 2 000 aansoeke ontvang,[87)] d.w.s. byna 700 meer as 1983.

Die kollege vir Verdere Opleiding het vanjaar (1983) begin funksioneer en meer as 300 onderwysers studeer tans onder hierdie Kollege[88)] se leiding om hulle kwalifikasies te verbeter.[89)]

Aan die U.W.K. het die volgende getalle studente die afgelope twee jaar in die Fakulteit Opvoedkunde afstudeer:

TABEL X.[90)]

Aantal studente wat afstudeer het aan U.W.K. (Opvoedkunde).

| Graad/Diploma | 1981 | 1982 |
|---|---|---|
| S.O.D. (H.O.D.) | 196 | 145 |
| L.S.O.D. | 95 | 81 |
| S.O.D. (N/G) | 28 | 27 |
| B.Ed. | 43 | 53 |
| M.Ed. | 2 | 3 |
| D.Ed. | 1 | 1 |
| S.D.V.G. | 10 | 1 |
| S.D. Kinderleiding | 9 | 9 |
| Diploma Verplegingsonderwys. | 5 | 8 |
| TOTAAL | 389 | 328 |

3.6.2. Sedert die ontstaan van die U.W.K. in 1960 is die volgende grade toegeken in die Onderwys of in grade wat tot die Onderwys kan lei:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XI. 91)

Grade (onderwysgerig) toegeken deur U.W.K., 1960 - 1982.

| Graad | Aantal | Graad | Aantal |
|---|---|---|---|
| B.A. | 1 556 | D.Sc. | 1 |
| B.A. (Menslike Ekologie) | 13 | B.Ed. | 172 |
| Hons. B.A. | 248 | M.Ed. | 13 |
| M.A. | 12 | D.Ed. | 7 |
| D.Phil. | 1 | B.Comm. | 122 |
| B.Sc. | 337 | B.Econ. | 37 |
| Hons. B.Sc. | 56 | Hons. B.Comm. | 8 |
| M.Sc. | 14 | Hons. B.Econ. | 1 |

Gedurende dieselfde tydperk is die volgende onderwysgerigte diplomas toegeken:

TABEL XII. 92)

Diplomas (onderwysgerig) toegeken deur die U.W.K., 1960 - 1982.

| Diploma | Aantal | Diploma | Aantal |
|---|---|---|---|
| Musiekonderwys | 17 | S.O.D.(H.O.D.)(N/G) | 162 |
| Skoolbiblioteekkunde | 107 | S.D.V.G. | 153 |
| S.O.D.(H.O.D.) | 879 | S.D. Kinderleiding | 50 |
| L.S.O.D. | 406 | Dipl. Verplegings= onderwys. | 90 |

Gedurende die afgelope drie jaar het die volgende getalle studente by Opvoedkunde ingeskryf.

TABEL XIII. 93)

Onderwysstudente geregistreer by die U.W.K.

| JAAR | Aantal |
|---|---|
| 1981 | 357 |
| 1982 | 314 |
| 1983 | 423 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die statistiek toon verder dat die Fakulteit Opvoedkunde tussen die jare 1960 - 1982 die totaal van 1938 grade en diplomas toegeken het.[94)]

3.6.3. Siening van die K.P.O.

Op die 14de Jaarkongres van die K.P.O. in 1981, is 'n paneel=bespreking gehou oor die opleiding van onderwysers. Die inleier was mnr. C.B. Scholtz, hoof van die Senior Sekondêre Skool De Duine op Walvisbaai.

In sy inleiding het hy gesê dat die skool 'n behoefte het aan onderwysers wat goed toegerus is om die kind in sy totaliteit op te voed. Onderwysers moet dus so opgelei word om in die aktualiteit van die klaskamersituasie in te pas, en dit kan slegs bereik word deur middel van indiensopleiding soos 'n verpleegster of vakman, m.a.w. die studentonderwyser moet op 'n skool se rol geplaas word en 'n maandelikse salaris ontvang terwyl hy opgelei word. So sal baie meer kwekelinge getrek word.[95)]

3.7. HUIDIGE STAND VAN SAKE.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die behoefte aan behoorlik gekwalifiseerde onderwysers lê in die Senior Sekondêre skole waar die getalle baie vinnig toeneem. (van 15 726 in 1970 tot 52 321 in 1980 en 54 715 in 1982,[96)]) en dan natuurlik in die onderwyserskolleges. Die probleem is dat daar net nie genoeg matrikulante is wat opgelei kan word nie.[97)] In 1980 het 5 282 kandidate St. 10 geslaag en in 1981 was die getal 5 279, en hulle het nie almal matrikulasievrystel=ling verwerf nie en kan dus nie graadkursusse volg nie.[98)] Baie van die matrikulante moet a.g.v. finansiële oorwegings dadelik gaan werk. Daarom moet daar nog baie gebruik gemaak word van blanke onderwysers wie se opleiding ook nie altyd na wense is nie.[99)]

Die personeeltoestand vir die vierde kwartaal 1980, was soos volg:

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XIV. [100)]

Personeelposisie in skole, 1980.

| Kwalifikasie | Dames | Mans | Totaal |
|---|---|---|---|
| Ongediplomeerd | 1 184 | 1 216 | 2 400 |
| Gediplomeerd | 15 808 | 8 348 | 24 156 |
| TOTAAL | 16 992 | 9 564 | 26 556 |

Vir 'n volledige uiteensetting van die aantal leerkragte met hulle verskillende kwalifikasies, vergelyk Bylae F.[101)]

Die aantal skole, leerlinge en onderwysers in 1981 en 1982 was soos volg:

TABEL XV. [102)]

Aantal skole, leerlinge en onderwysers in 1981 en 1982.

| Jaar | Aantal Skole | Aantal Leerlinge | Aantal Onderwysers |
|---|---|---|---|
| 1981 | 1 996 | 747 118 | 27 189 |
| 1982 | 2 009 | 755 267 | 28 083 |

(Vir 'n volledige uiteensetting van die aantal onderwysers en leerlinge per skoolstreek, vergelyk Bylaes G & H.)[103)]

Die onderwyser-leerlinge verhouding was primêr: 1 tot 35 (35 leerlinge per onderwyser) en sekondêr: 1 tot 25 (25 leerlinge per onderwyser). Volgens die verhouding uitgewerk op die gemid= delde van die gegewens in Tabel XV hierbo, gee 1981 se getalle 'n verhouding van 1 tot 27,5 en 1982 van 1 tot 26,9.

Gedurende 1982 was daar 'n totaal van 2 740 studente geregistreer aan opleidingskolleges (en -skole), met 'n doserende personeel van 405.[104)]

Gedurende die tweede kwartaal van 1982 was daar 758 867 leerlinge ingeskryf en is hulle onderrig deur 5 603 onderwysers in Senior Sekondêre skole, 591 in junior sekondêre skole en 21 869 onder= wysers in primêre skole, dus 'n totaal van 28 063 onderwysers vir

http://etd.uwc.ac.za/

758 867 leerlinge, wat neerkom op 'n verhouding van 1 onderwyser per 27 leerlinge.[105)]

Daar mag dus die oningeligte wees wat sou sê dat hierdie statis= tiek geen werklike onderwyserstekort aantoon nie. Word daar egter gekyk na die kwalifikasies van die onderwysers, dan lyk die posisie heel anders. Van die 1 107 blanke onderwysers wat by hierdie Departement (Kleurlingonderwys) betrokke was, was 472 gegradueerd, 624 het primêre opleiding gehad, vier het Junior Sertifikaat plus onderwysopleiding gehad en sewe was ongediplo= meerd.[106)]

Die kwalifikasies van die onderwysers lyk soos volg:

TABEL XVI.[107)]

Kwalifikasies van onderwysers, 1982.

| Opleiding | Aantal |
|---|---|
| Gegradueerd en gediplomeerd | 2 333 |
| Gegradueerd en ongediplomeerd | 211 |
| Sen. Sert. + 4 jaar opleiding | 344 |
| Sen. Sert. + 3 jaar opleiding | 5 318 |
| Sen. Sert. + 2 jaar opleiding | 3 474 |
| Sen. Sert. + ongediplomeerd | 980 |
| Jun. Sert. + 2 jaar opleiding + Sen. Sert. | 1 250 |
| Jun. Sert. + 4 jaar opleiding | 113 |
| Jun. Sert. + 3 jaar opleiding (J.P.O.S.) | 2 361 |
| Jun. Sert. + 3 jaar opleiding (L.P.O.S.Spes.) | 1 225 |
| Jun. Sert. + 3 jaar opleiding + Sen. Sert. | 320 |
| Jun. Sert. + 2 jaar opleiding | 9 338 |
| St. 9 + 2 jaar opleiding (I.P.O.S.) | 294 |
| Jun. Sert. + ongediplomeerd | 775 |
| Benede Jun. Sert. + ongediplomeerd | 94 |
| Benede Jun. Sert. + gediplomeerd | 137 |
| Vakleerlingskap + Tegniese kwalifikasies + onderwys diploma | 10 |
| Vakleerlingskap + Tegniese kwalifikasies + ongediplomeerd | 29 |
| TOTAAL | 28 606 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die totaal van 2 333 gegradueerde en gediplomeerde onderwysers, en voeg hierby 211 gegradueerde maar ongediplomeerde onderwysers lyk op die oog af nie te sleg nie. Volgens die onderwysstatis= tiek blyk dit dat net 1 156 gegradueerde + gediplomeerde onder= wysers en 193 gegradueerde maar ongediplommerde onderwysers aan sekondêre skole onderwys gegee het. Die res was by oplei= dingskolleges en primêre skole.[108)]

Dan was daar 140 hoërskoolonderwysers met Senior Sertifikaat plus 4 jaar of meer opleiding en 2 832 met Senior Sertifikaat plus 3 jaar opleiding. Van die 6 079 onderwysers aan sekondêre skole verbonde, het 1 758 kwalifikasies gehad wat volgens de= partementele (en Wets-)vereistes onvoldoende was. Vierhonderd-en-sewentien hoërskoolonderwysers het net oor Junior Sertifikaat of minder beskik, meeste darem met twee jaar onderwysersopleiding, d.w.s. onderwysers wat opgelei is vir junior primêre onderwys.

As daar streng volgens die besluite gewerk moet word, is net ± 1 300 hoërskoolonderwysers (uit die 6 079) behoorlik gekwali= fiseerd. Dan bly die vraag ook nog of al hierdie onderwysers behoorlik opgelei is vir die vakke wat hulle (moet) doseer.[109)]

Wat die laerskole betref, is die vereiste tans senior sertifikaat plus minstens drie jaar opleiding. By die laerskole is daar 1 176 onderwysers wat gegradueerd en gediplomeerd is, 17 gegra= dueerd maar ongediplomeerd, 201 met Senior Sertifikaat plus 4 jaar opleiding en 2 473 met Senior Sertifikaat plus 3 jaar opleiding, 'n totaal dus van 3 807 wat Senior Sertifikaat plus 3 jaar of meer opleiding het, uit 'n totaal van 22 166 onderwysers verbonde aan primêre skole.[110)]

Die doel is nie om diegene wat nie oor die nodige (huidige) kwa= lifikasies beskik nie, te kritiseer nie. Inteendeel, uit ge= sprekke met inspekteurs van Onderwys en skoolhoofde, blyk dat die oorgrote meerderheid van die swakker gekwalifiseerde onder= wysers dikwels voortreflike werk lewer. Die doel is om te wys op die braakgrond wat onderwysersopleiding in die toekoms betref.

Onderwysers wat laer gekwalifiseerd is as die vereiste matriek

http://etd.uwc.ac.za/

plus 3 jaar, skep probleme by die vasstel van salarisse (kategorieë). Omdat hierdie mense se salarisse uit die aard van hulle opleiding laer is as kategorie C (St. 10 + 3 jaar opleiding), bedank heelwat van hulle uit die onderwys om 'n beter heenkome elders te soek.[111)]

Volgens C.B. Scholtz lei swak gekwalifiseerde onderwysers tot die hoë druipsyfers.[112)] Harmse skryf dat jaarliks 25% van alle leerlinge druip. Geldelik beloop dit 'n verlies van R100 miljoen jaarliks, maar die skade aan die kinders se persoonlikhede en ontwikkeling en die uitwerking op die gemeenskapslewe, kan nie in 'n syfer bereken word nie. Die Departement strewe dus daarna om die gehalte van onderwysersopleiding drasties te verhoog.[113)]

Scholtz glo dat in die opleidingskursus meer tyd aan klasonderwys gegee moet word. Akademiese onderleg en professionele bevoegd= heid moet hand aan hand gaan.[114)]

Samevattend kan die posisie soos volg gesien word:

(i) Daar is 'n matige tekort aan leerkragte vir pre-primêre en vir primêre skole. 'n Groot persentasie onderwysers is egter onvoldoende opgelei aangesien hulle slegs oor standerd 8 plus 2 jaar professionele opleiding beskik maar

(ii) daar is 'n groot tekort aan voldoende opgeleide onderwysers in die hoërskool, veral wat mans betref. En hieroor sal daar deeglik besin moet word.

Daar moet egter, ten slotte, melding gemaak word van 'n saak wat enigiemand wat met die onderwys gemoeid is, tot nadenke stem. Dit is naamlik die groot aantal leerlinge wat in die loop van die jaar die skool verlaat en nie daardie bepaalde standerd voltooi nie. In standerd 6, byvoorbeeld, het daar gedurende 1980 'n totaal van 4 597 die skool verlaat, en in 1981 4 285. Dit geld ook vir al die ander standerds (vgl. Bylae I),[115)] en dit is 'n aangeleentheid wat 'n dringende teenoffensief vereis.

Die vraag doen sigself voor of meer volledig-gekwalifiseerde onderwysers, met gevolglik meer effektiewe onderwys, nie die moontlik-verlatende leerlinge kon oorreed het om aan te bly nie.

http://etd.uwc.ac.za/

Die redes waarom 'n leerling gedurende die jaar sy studies staak, is legio; deeglik opgeleide onderwysers kan egter die probleem in 'n groot mate help bekamp.

Ook dié aangeleentheid beklemtoon die noodsaaklikheid van be= hoorlik opgeleide onderwysers en die sleutelrol wat onderwysers= opleiding in dié verband kan speel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

VOETNOOT LYS - HOOFSTUK III.

1. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, p.128.
2. Ibid., p.125.
3. Boyd, William: The History of Western Education, p.135.
4. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Historiese......., pp. 126, 127.
5. Ibid.: p.128.
6. Ibid.: p.131.
7. Boyd, William: History of Western Civilization, p.140; Pistorius, P.: Gister en Vandag......, p.98; Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Historiese...., p.128, en 'n artikel "On Univer=sities, and Unisa's role in the modern world" in Unisa Alumnus, Vol. 5 no 1, Julie 1983, p.3.
8. Coetzee, J.Chris.: Inleiding tot die ....., p.128 en Boyd, William: The History of ......, p.138.
9. Boyd, William: The History of....., pp. 140, 141 en Harmse en Kirstein: Pedagogiek I, pp. 178 - 185.
10. Ibid.
11. Harmse en Kirstein: Pedagogiek I, pp. 178 - 185; Boyd, William: The History of....., pp. 125 - 149; Pistorius, P.: Gister en Vandag.., p. 96 en Coetzee, J.Chris.: Inleiding tot die Historiese...., p.140.
12. Joubert, Gideon: V.A.K., Die Burger, 8 Julie 1983 en artikel oor universiteite, Unisa Alumnus, Julie 1983, p.3. (sien 7 hierbo).
13. Na aanleiding van Spreuke 9 : 1.: "Die wysheid het haar huis gebou, haar sewe pilare uitgekap".
14. Pistorius, P.: Gister en Vandag...., p.37, en artikel oor universi=teite: Unisa Alumnus, Julie 1983, p.3.
15. Unisa Alumnus, Julie 1983, p.4.
16. Sedert 1918 die Universiteit van Kaapstad.
17. Sedert 1918 die Universiteit van Stellenbosch.
18. Die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop (1874) was 'n suiwer eksa=minerende liggaam en het ontwikkel uit die South African College, 'n seunskool wat in 1829 in Kaapstad gestig is. Feitlik al die Suid-Afrikaanse Universiteite het uit hierdie Universiteit van Kaap die Goeie Hoop, ontwikkel. Na die totstandkoming van die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch (in 1918) het die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop bly voortbestaan as 'n eksaminerende liggaam en wel

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

vanuit Pretoria as die Universiteit van Suid-Afrika. (Inligting: Eric Rosenthal: Encyclopaedia of South Africa, pp. 571, 572).

19. Meiring, J.G.: Die Ontwikkeling van die Universiteit van Wes-Kaapland (ongepubliseerd), p.1.
20. Theron, Erika: Die Erika Theron.verslag, p.194.
21. Meiring, J.G.: Die Ontwikkeling van...., p.1.
22. Erika Theron-verslag, p. 194.
23. Kirstein, P.P.: Die Aard en Omvang van....., p.61.
24. Meiring, J.G.: Die Ontwikkeling van....., p.1.
25. Hoewel daar amptelik geen anderskleurige studente toegelaat is nie, was daar so ver terug as 1950 swart studente aan die destydse P.U.K. vir C.H.O. ingeskryf. (Onderhoud met studieleier, 14.9.83).
26. Meiring, J.G.: Die Ontwikkeling van....., p.2.
27. Ibid.:
28. Ibid.: p.3.
29. Ibid., en Kirstein, P.P.: Die Aard en Omvang van....., p.61.
30. Meiring, J.G.: Die Ontwikkeling van....., p.5.
31. Inligting verkry uit 'n gesprek met die studieleier, 22.11.83.
32. Ibid.: pp. 7,8 en 9. Meiring, J.G.: Die ontwikkeling van ....., pp 7,8,9.
33. Ibid.: p.10.
34. Ibid.: p.11.
35. Ibid.: p.18.
36. Ibid., en Staatsdrukker, Pretoria: Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die U.W.K., p.3.
37. Meiring, J.G.: Die Ontwikkeling van...., pp. 19,20.
38. Venter, Al J.: Coloured: A Profile of two million South Africans, p. 338: Erika Theron.verslag, p.195; Verslag van die Kommissie van Ondersoek na....., p.58 en Statistiek, U.W.K.
39. Meiring, J.G.: Die Ontwikkeling van...., p.26.
40. Ibid.: pp. 33 - 36.
41. Persoonlike onderhoud met prof. Meiring, 8.9.1983.
42. Meiring, J.G.: Die Ontwikkeling van...., p.39.
43. Ibid.: p.30.
44. Ibid.: p.47.
45. The Cape Times, 23 Februarie 1963.
46. Meiring, J.G.: Die Ontwikkeling van ...., p.49.
47. Ibid.: p.55.
48. Statistiek, U.W.K.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

49. Alpha, Maart 1964, p.17.
50. Statistiek, U.W.K.
51. Departement van Binnelandse Aangeleenthede, Verslag, 1 Julie 1981 - 30 Junie 1982 (R.P. 31/83) p.72 en Statistiek U.W.K. 1960 - 1983.
52. Meiring, J.G.: Die ontwikkeling van ...., pp. 58, 59.
53. Ibid.: pp. 63, 64, 65.
54. Verslag van Ondersoek na aangeleenthede ...., p.3.
55. Alpha, Oktober 1969, p.7.
56. Statistiek, U.W.K.
57. Statistiek, U.W.K.
58. Ibid.
59. Ibid.
60. Inligting volgens studieleier (gesprek op 22.11.83.)
61. Bingle, H.J.J. (Red.): Besinning en Verantwoording, p.154.
62. Horton, L., & Horton, P.: Teacher Education, p.37.
63. Aangehaal in H.Jac. Rousseau: University Teacher Training, p.146.
64. Cropley, A.J. & Dave, R.H.: Lifelong Education and the Training of Teachers, p.27.
65. Hodenfield & Stinnett: The Education of Teachers, p.45.
66. Pieterse, C.G.L.: The Training of ....., p.53.
67. Vroeër het studente aan die U.K. wat die S.O.D. (Secondary Teachers' Diploma)-kursus gevolg het en onderskeiding behaal het, ook 'n B.Ed.-graad gekry. Dit is later verander: vir S.O.D. was 'n B-graad nodig en vir B.Ed. 'n M.-graad of twee B.-grade.
68. Pieterse, C.G.L.: The training of ....., p.53.
69. Ibid.: p.55.
70. Ibid.: Sien ook P.P. Kirstein: Die Aard en Omvang ...., p.58.
71. Pieterse, C.G.L.: The training of ....., p.55.
72. Ibid.: p.56.
73. Departement van Binnelandse Aangeleenthede, Jaarverslag, 1 Julie 1981 - 30 Junie 1982 (R.P. 31/83), p.40.
74. Ibid.: p.49.
75. M.E. (menslike Ekologie).
76. Die inligting oor die verskillende kursusse in die opvoedkunde is verkry uit die U.W.K. Jaarboek, Deel 5, Fakulteit Opvoedkunde, en gesprekke met my promotor en prof. Owen van den Berg, U.W.K.

http://etd.uwc.ac.za/

77. Statistiek, U.W.K.
78. Departement of Internal Affairs: Education for Life, p.22.
79. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Jaarverslag 1-7-1981 tot 30.6.1982.
80. Ibid.
81. Alpha, Junie 1983, p.9.
82. Ibid.: Vergelyk P.P. Kirstein: Die Aard en Omvang ...., p.61.
83. Ibid.
84. Departement van Binnelandse Sake (Aangeleenthede), Jaarverslae 1977 en 1982.
85. Alpha, Junie 1983, p.9.
86. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Jaarverslag 1981 - 1982.
87. S.A.U.K. nuusberig, Vrydag, 21 Oktober 1983.
88. Afstandonderrig.
89. Alpha, Junie 1983, p.9.
90. Ibid.
91. U.W.K. Statistiek.
92. Ibid.
93. Ibid.
94. Ibid.
95. Afskrif van toespraak verkry van die Sekretariaat, K.P.O., Bellville-Suid.
96. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Jaarverslag, 1981 - 1982.
97. Gesprek met dr. Avenant, Dept. van Onderwys, 22.9.83.
98. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Jaarverslag, 1981 - 1982.
99. Volgens 'n senior onderwysman wat liefs nie sy naam genoem wil hê nie.
100. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Jaarverslag 1980 - 1981.
101. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Jaarverslag 1 Julie 1981 - 30 Junie 1982.
102. Ibid., Jaarverslag 1981 - 1982.
103. Ibid.
104. Ibid.
105. Ibid.
106. Ibid.
107. Ibid.
108. Ibid.
109. Sien ook P.P. Kirstein: Die Aard en Omvang ...., p.61.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

110. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Jaarverslag 1981 - 1982.

111. Referaat oor onderwysersopleiding by die K.P.O. kongres, 1981, p.3. (sien 87)

112. Ibid.

113. Alpha, Oktober 1980.

114. Scholtz, C.B.: Jaarkongres van die K.P.O. 1981.

115. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Jaarverslag 1981 - 1982.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK IV

## ONDERWYSERSOPLEIDING IN PERSPEKTIEF

### 4.1 AGTERGROND WAARTEEN ONDERWYSERSOPLEIDING GESIEN MOET WORD

Die dag wanneer die vyf- of sesjarige kind vir die eerste keer die skoolgrond betree, is hy onbewus van die feit dat hy van daardie oomblik af saam met duisende ander kinders deel uitmaak van 'n ingewikkelde maar wetenskaplik-gefundeerde pedagogiese hierargie. Hy gee die eerste tree wat hom sal lei deur die junior en sekondêre fases van primêre onderwys en ook die junior en sekondêre fases van sekondêre onderwys. Hy sal onderrig word volgens die vooraf be= paalde beginsels en riglyne van effektiewe onderrig deur 'n reeks onderwysers wat aan kolleges en die universiteit opgelei is om op wetenskaplike wyse bepaalde doelstellings te verwesenlik.

Die tot-die-skool toetredende kind is onbewus van die totale peda= gogiese opset waarin hy hom bevind, maar die onderwyser voor die klas dra kennis van die feit dat hy self inskakel by 'n wetenskaplik daargestelde onderwysstelsel wat daarop gemik is om die kind met die loop van jare van standerd tot standerd te laat vorder om uit= eindelik af te studeer, nadat hy die doelstellinge verwesenlik het wat die stelsel vir hom in vooruitsig gestel het.

Vir die beginnertjie hierbo genoem se onderwyser(es) is die situa= sie betreklik eenvoudig: die kind vir hom/haar staan aan die begin van sy loopbaan en moet hy/sy "heel voor" begin. Vir die hoër= skoolonderwyser is die saak egter heelwat meer kompleks: die leer= ling in sy klas beklee 'n posisie "iewers" in die pedagogiese hier= argie en dit is van kardinale belang dat die jong onderwyser presies weet waar hy in sy pedagogiese opdrag by hierdie opset inskakel. Hy moet m.a.w. presies weet hoe die agtergrond lyk waarteen hy met sy leerling voor hom hulle daardie oomblik bevind en waarteen hulle in die toekoms verder sal beweeg.

Dit alles bring mee dat diegene wat met die opleiding van onderwysers gemoeid is perspektief moet hê: hulle moet 'n duidelike beeld hê van die totale pedagogiese hierargie hierbo aangedui sodat die afstude= rende onderwyser volkome toegerus sal wees om sonder probleme daarby in te skakel. Dit is ongetwyfeld 'n formidabele taak. As aan die onderwyser hoë eise gestel word, hoeveel te meer vir diegene wat

http://etd.uwc.ac.za/

gemoeid is met die voorbereiding van die jong onderwysers vir die taak.

Daar is soveel faktore wat in berekening gebring moet word: die aanvraag vir personeel, die beskikbaarheid van genoegsame voor=nemende onderwysers, die behoeftes van die gemeenskap wat bedien moet word en die bestaande fasiliteite, om maar net 'n paar te noem.

Onderwysersopleiding gaan hand aan hand met die doelstellings van die onderwys en opvoeding van 'n gemeenskap of land. Die beoefening van die onderwystaak is 'n professie wat baie hoë eise stel. Hy werk teen die agtergrond van 'n wetenskaplik-gefundeerde opvoeding=stelsel wat meebring dat die onderwyser self baie deeglik opgelei moet word. Die arbeidsituasie wat vir die aspirant-onderwyser aan die universiteit, kollege of Technikon wag, kan in breë trekke soos volg gesien word.

Hiermee saam gaan die feit dat daar van allerweë stemme opgaan t.o.v. die mannekragtekort, die behoefte aan 'n deeglik geskoolde arbeidsmag en die onus word op die onderwyser geplaas om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die land se toekomstige eise t.o.v. arbeidsaanvraag. Die latente werkvermoë van elke leerling is op die spel, en dis die taak van die onderwyser om hierdie vermoë te ontdek, te ontwikkel en die leerling voor te berei om sy volwaardige plek in die arbeids=mark in te neem tot die beste voordeel van sy gemeenskap, samelewing en vaderland. Teen hierdie agtergrond moet onderwysersopleiding dus gesien word.

### 4.1.1. Primêre (laer)skole.

#### 4.1.1.1. Inleidend

Gedurende die negentiende eeu was die formele onderwys van die inboorlingvolke en die Kleurlinge aan die Kaap (hoofsaaklik) byna uitsluitlik in die hande van die Kerke, by name Sending=genootskappe. Na die emansipasie van slawe het enkele staat=skole tot stand gekom vir die kinders van vrygestelde slawe. Sedert 1841 is Kerkskole deur die staat gesubsidieer, veral om die koste van onderwysersalarisse te bestry. Teen 1920 het die subsidies die volle koste van salarisse en die huur van geboue gedek.1)

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Soos in die geval van staatskole, is alle finansiële, profes= sionele en administratiewe sake van staatsondersteunde skole, die verantwoordelikheid van die Departement, wat nie tussen staats- en staatsondersteunde skole differensieer nie.[2)]

Weens die snelontwikkelende verstedeliking wat plaasvind, sou dit kortsigtig wees om geld te bestee om die groot aantal klein staatsondersteunde skooltjies op die platteland oor te neem, veral waar getalle afneem.[3)]

Alhoewel daar nog ongeveer twee keer meer sulke skooltjies is as staatskole, akkommodeer staatskole 579 855 leerlinge (byna 80%) van die totaal van 753 862 leerlinge (1981). Om die leerlinge binne sy huis- en familieverband te behou, volg die Departement 'n beleid van gedesentraliseerde primêre onderwys. Waar daar minstens 15 leerlinge in 'n sekere gebied is, word 'n primêre skool begin en in stand gehou.[5)]

Weens die snelgroeiende vraag na primêre onderwys en die gebrek aan akkommodasie, het die Departement besluit op 'n stelsel van dubbelskof-onderwys vir primêre skole. Een seksie leerlinge besoek skool in die voormiddag en 'n ander seksie in die na= middag. Elke seksie het sy eie stel onderwysers. Die per= sentasie leerlinge hierby betrokke het afgeneem van 12% in 1974 tot 7% in 1980, ten spyte van 'n 21% toename in leerlingtal.[6)]

Wat die sekondêre onderwys betref, verkies die Departement groot gesentraliseerde skole met 'n wye verskeidenheid vakke, en dit noodsaak die oprig van koshuise (hostels). Hiervoor word toe= laes aan kosgangers (of loseerders) toegestaan.[7)]

In 1970 was daar 1751 primêre skole en primêre skole met sekon= dêre afdelings, en in die tweede kwartaal van 1982 het die getal gegroei tot 1835 terwyl daar in 1970 slegs 72 sekondêre skole was teen 174 in 1982. Die sekondêre skoolvoorsiening moes voorkeur kry weens die groei van leerlinggetalle van 53 416 in 1970 tot 144 466 in 1982.[8)]

Vanaf 1969 is alle onderwys, vanaf Sub. St. A tot en met matriek, gratis. Alle geboue (en onderhoud), onderwysersalarisse,

http://etd.uwc.ac.za/

Soos in die geval van staatskole, is alle finansiële, profes= sionele en administratiewe sake van staatsondersteunde skole, die verantwoordelikheid van die Departement, wat nie tussen staats- en staatsondersteunde skole differensieer nie.[2)]

Weens die snelontwikkelende verstedeliking wat plaasvind, sou dit kortsigtig wees om geld te bestee om die groot aantal klein staatsondersteunde skooltjies op die platteland oor te neem, veral waar getalle afneem.[3)]

Alhoewel daar nog ongeveer twee keer meer sulke skooltjies is as staatskole, akkommodeer staatskole 579 855 leerlinge (byna 80%) van die totaal van 753 862 leerlinge (1981). Om die leerlinge binne sy huis- en familieverband te behou, volg die Departement 'n beleid van gedesentraliseerde primêre onderwys. Waar daar minstens 15 leerlinge in 'n sekere gebied is, word 'n primêre skool begin en in stand gehou.[5)]

Weens die snelgroeiende vraag na primêre onderwys en die gebrek aan akkommodasie, het die Departement besluit op 'n stelsel van dubbelskof-onderwys vir primêre skole. Een seksie leerlinge besoek skool in die voormiddag en 'n ander seksie in die na= middag. Elke seksie het sy eie stel onderwysers. Die per= sentasie leerlinge hierby betrokke het afgeneem van 12% in 1974 tot 7% in 1980, ten spyte van 'n 21% toename in leerlingtal.[6)]

Wat die sekondêre onderwys betref, verkies die Departement groot gesentraliseerde skole met 'n wye verskeidenheid vakke, en dit noodsaak die oprig van koshuise (hostels). Hiervoor word toe= laes aan kosgangers (of loseerders) toegestaan.[7)]

In 1970 was daar 1751 primêre skole en primêre skole met sekon= dêre afdelings, en in die tweede kwartaal van 1982 het die getal gegroei tot 1835 terwyl daar in 1970 slegs 72 sekondêre skole was teen 174 in 1982. Die sekondêre skoolvoorsiening moes voorkeur kry weens die groei van leerlinggetalle van 53 416 in 1970 tot 144 466 in 1982.[8)]

Vanaf 1969 is alle onderwys, vanaf Sub. St. A tot en met matriek, gratis. Alle geboue (en onderhoud), onderwysersalarisse,

http://etd.uwc.ac.za/

administrasiesalarisse, boekevoorraad, opvoedkundige hulp=
middels en skryfbehoeftes word deur die Staat betaal.[9)]

4.1.1.2. Kurrikulums, sillabusse en eksaminering.

Voor 1964 het elke provinsie sy eie kurrikulums en sillabusse gehad, maar ten spyte van die verdeelde beheer oor onderwys in die verskillende provinsies, was daar tog 'n sterk ooreen=
koms in kurrikulums en sillabusse.

In al vier provinsies het die primêre skoolkursusse oor 7 jaar gestrek en min of meer dieselfde vakke behels. Die hoërskool=
kursusse in Kaapland het oor 4 jaar gestrek, nl. 2 jaar junior en 2 jaar senior sekondêr.

Kursusse aangebied en voorgeskrewe sillabusse het grootliks ooreengekom, tog was daar verskille wat aanpassingsprobleme veroorsaak het wanneer leerlinge van provinsie verwissel het. Met die oorplasing van Onderwys na Kleurlingsake in 1964, het die sentrale beheer gekom.[10)]

Na 'n aantal oorgangsjare waarin die skole nog die provinsiale kurrikulums en sillabusse gevolg het, en die provinsiale open=
bare eksamen afgelê het, kon die Departement hulle eie kur=
rikulums en sillabusse aanbied en reeds in 1970 hulle eie Senior Sertifikaat-eksamen laat aflê. Ook het die Nasionale Wet op Onderwys van 1967 'n uniforme nasionale onderwysbeleid daargestel. Nouer samewerking tussen die verskillende Depar=
temente het gelei tot 'n uniformige stelsel van gedifferensi=
eerde onderwys. Die Gesamentlike Matrikulasieraad (G.M.R.) sou Senior Sertifikaat-eksamen kontroleer ter bereiking van 'n uniformige standaard.[11)]

4.1.1.3. Gedifferensieerde Onderwys.

Voor 1964 was die sekondêre kurrikulums hoofsaaklik akademies van aard. Die tradisionele kursus, wat bestaan het uit 2 of 3 tale, Wiskunde, Algemene Wetenskap, Geskiedenis en Aard=
rykskunde is deur die meeste skole aangebied en leerlinge het nie veel keuse gehad waardeur hulle vakke kon kies om te voldoen

http://etd.uwc.ac.za/

aan hulle eie behoeftes, vaardighede, aanleg of belangstel= ling nie. Sekere vorms van handwerk en handelsvakke is aangebied, maar nie deur alle skole nie, enersyds omdat die nodige belangstelling nie daar was nie, en andersyds omdat die geskikte opgeleide onderwysers nie beskikbaar was nie of die nodige fasiliteite ontbreek het.

Daar was geen beroeps-, tegniese of handelskole vir diegene wat minder akademies gerig was nie. Na 1964 het die Depar= tement stappe begin doen om hierdie toestand reg te stel.

Alle sekondêre skole het multi-laterale sekondêre skole geword; elkeen het naas die gewone akademiese kursus ook minstens een praktiese of beroepskursus aangebied. Die verskeidenheid vakke en kursusse wat aangebied is, is uit= gebrei. Weens eksamenvereistes en onderwysstandaarde wat geldig was, is differensiasie aanvanklik beperk tot die groter vakkeuse, dus horisontale differensiasie.[12)]

Vertikale differensiasie, d.w.s. differensiering in die moeilikheidsgraad, kon slegs in die tweede stadium ontwikkel word. Dit behels die aanbieding van vakke aan leerlinge in dieselfde standerd op verskillende vlakke (d.w.s. hoër graad, standaard graad en laer graad). Dit kon slegs aangepak word in skakeling met ander Departemente en die G.M.R.[13)]

Op versoek van die Nasionale Onderwysraad het die R.G.N. 'n ondersoek ingestel en na die publisering van hulle bevindinge en aanbevelings in 1970, het die verskillende Onderwysdeparte- mente besluit om oor te skakel na horisontale en vertikale differensiasie en is daar besluit op die 4-fase stelsel:

(i) Junior primêr: Sub St. A tot St. 1;
(ii) Senior primêr: St. 2 tot St. 4;
(iii) Junior sekondêr: St. 5 tot St. 7 en
(iv) Senior sekondêr: St. 8 tot St. 10.

4.1.1.4. <u>Die Primêre fase (junior en senior).</u>

http://etd.uwc.ac.za/

4.1.1.4.1. Toelating: 'n Kind word toegelaat tot 'n primêre skool op die vroegste aan die begin van die jaar waarin hy ses word, maar is verplig om in te skryf in die jaar waarin hy sewe word.

4.1.1.4.2. Doel: Die doel van die primêre onderwys is om die kind te voorsien van 'n wye kulturele en akademiese agtergrond. Die basiese vaardighede wat noodsaaklik is in die moderne, be= skaafde, geletterde en geindustrialiseerde samelewing, word aan die kinders geleer.

4.1.1.4.3. Inhoud: Die volgende vakke word voorgeskryf vir die normale klasse; die tyd voorgeskryf in ure en minute:

TABEL XVII.[14)]

Die junior primêre fase (tyd in uur en minute)

| VAK | Sub. A. | Sub. B. | St. 1. |
|---|---|---|---|
| Saalbyeenkoms | ,30 | ,30 | ,30 |
| Godsdiensonderrig | 1,30 | 1,30 | 1,30 |
| Eerste Taal | 8,00 | 8,40 | 6,25 |
| Tweede Taal | – | 1,30 | 4,40 |
| Wiskunde | 3,20 | 4,00 | 4,40 |
| Omgewingsleer | 1,15 | 1,15 | 2,30 |
| Skrif | 1,40 | 1,40 | 1,40 |
| Kuns | 1,40 | 1,20 | 1,40 |
| Skoolmusiek | 1,40 | 1,40 | 1,30 |
| Gesondheidsopvoeding | 1,15 | ,45 | ,45 |
| Liggaamsoefening | 1,10 | 1,10 | 1,10 |
| TOTAAL | 22,00 | 24,00 | 27,00 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XVIII.[15]

Die Senior primêre kursus (tyd in ure en minute).

| VAK | St. 2. | St. 3. | St. 4. |
|---|---|---|---|
| Saalbyeenkoms | ,30 | ,30 | ,30 |
| Bybelonderrig | 1,30 | 1,30 | 1,30 |
| Eerste Taal | 5,15 | 5,15 | 5,15 |
| Tweede Taal | 4,40 | 4,40 | 4,40 |
| Wiskunde | 4,40 | 4,40 | 4,40 |
| Algemene Wetenskap | 1,10 | 1,30 | 1,30 |
| Geskiedenis | 1,00 | 1,10 | 1,10 |
| Aardrykskunde | 1,00 | 1,10 | 1,00 |
| Handwerk/Naaldwerk | 1,45 | 1,45 | 1,45 |
| Kuns | 1,00 | 1,00 | 1,00 |
| Skoolmusiek | 1,00 | 1,00 | 1,00 |
| Skrif | 1,05 | ,30 | ,30 |
| Gesondheidsleer | ,40 | ,35 | ,35 |
| Liggaamsopvoeding | 1,10 | 1,10 | 1,10 |
| Boekopvoeding | ,35 | ,35 | ,35 |
| TOTAAL | 27,00 | 27,00 | 27,00 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hierdie vakke is basies dieselfde as die wat deur ander departemente voorgeskryf word. Met die oog op die snelle groei en uitgebreide veranderings wat in Suid-Afrika plaasvind, wat die nywerheid, landbou, tegnologie, kommunikasie en kul= turele lewe in die algemeen betref, het die gereelde hersie= ning van sillabusse noodsaaklik geword. So het die sillabusse van 1967 in so 'n mate verouder dat dit in 1982 vervang moes word. Alle onderwysdepartemente in die R.S.A. se sillabusse is gegrond op dieselfde kernsillabus.[16]

4.1.1.4.4. Metode-differensiasie.

Waar prakties moontlik word leerlinge volgens vermoë in groepe gerangskik sodat differensiasie toegepas kan word. Stadige leerders word in spesiale groepe geplaas indien getalle dit regverdig. Skoolpligtiges wat nog nie skool= gereed is nie, word in ander groepe geplaas. Leerlinge met 'n I.K. van onder 80 word in aanpassingsklasse geplaas. Voor=

http://etd.uwc.ac.za/

siening word ook vir die begaafde leerlinge gemaak waar ver=ryking toegepas kan word.

Voorligting, vakleiding en skoolinspeksie sorg dat die stan=daard van werk deurgaans gehandhaaf word. Leerlinge word aangemoedig om deel te neem aan sport, buitemuurse en kulturele aktiwiteite, en van onderwysers word verwag om hiermee te help.[17)]

4.1.2. Sekondêre Onderwys.

Hierdie is die arbeidsveld van die jong onderwyser wat vir die hoërskool opgelei word.

4.1.2.1. Junior sekondêre fase.

4.1.2.1.1. Doelstellings: Die doel hier is om voort te bou op die wye grondslag gelê in die primêre skool, en om verdere onderrig van vormende aard te voorsien om te dien as oorgang tussen die senior primêre en die senior sekondêre fases en waarin op basiese vakinhoud en vaardighede gekonsentreer word. Die kursus beoog vakeksplorasie op 'n wye grondslag, sodat die leerling 'n kursus in die senior sekondêre fase kan kies volgens sy vermoëns, aanleg en belangstelling. Die junior sekondêre kursus is vir dié doel verpligtend: een deel verpligte eksa=menvakke en 'n reeks vormende, verpligte nie-eksamenvakke.[18)]

Die junior sekondêre stadium is die "junior adolessente" stadium, tussen 13 en 15 jaar ouderdom, 'n stadium met al sy verskillende "stadia" van fisiese, psigologiese, intellektuele en emosionele ontwikkeling. Hier sal onderwysers sterk leiding moet gee om die kind te help van pre-adolessensie tot volwas=senheid. Die skoolvoorligtingsdiens sal ook hier sterk leiding moet neem.

4.1.2.1.2. Inhoud: Nie-eksamenvakke is: Bybelonderrig, skoolmusiek, liggaamsopvoeding, skoolvoorligting, kuns en boekopvoeding. Verpligte eksamenvakke is: Eerste en Tweede Taal, Wiskunde,

http://etd.uwc.ac.za/

Algemene Wetenskap, Geskiedenis, Aardrykskunde, Gesondheids=leer en Handwerk/Naaldwerk.

Opsionele eksamenvakke is:

St. 6: 1 uit: Algemene Handwerk/Naaldwerk/Huishoudkunde.

St. 7: 1 uit: Geskiedenis/Aardrykskunde.

St. 6: 1 uit: Latyn, Duits, Kuns, Rekeningkunde, Arabies, Xhosa, Ballet, Landbouwetenskap, Spraak en Drama.

St. 7: 2 uit: Latyn, Duits, Xhosa of Arabies, Rekeningkunde, Landbou, Kuns, Musiek, Ballet, Tik, Houtwerk, Werkwinkelpraktyk en -teorie, Sweis- en metaalwerk, Elektrisiteit, Pas- en draaiwerk, Tegniese tekeninge, Huishoudkunde, Naaldwerk, Geskiedenis, Aardrykskunde, (lg. twee indien nie reeds gekies), Spraak en Drama, Landbou=wetenskap.

4.1.2.1.3. Metode: In hierdie stadium word die stelsel van vakkamers en vakonderwys taamlik algemeen toegepas, m.a.w. die onderwyser moet 'n vakspesialis wees en verkieslik sy eie vaklokaal hê waarheen die verskillende groepe kom vir onderrig in die betrokke vak.

4.1.2.2. Die senior sekondêre fase.

4.1.2.2.1. Doelstellings en metodiek: In hierdie fase kom differensiasie eintlik tot sy reg. Karaktereienskappe van en verskille tus=sen leerlinge, soos vasgestel gedurende die vroeëre fases, word gebruik om, sover moontlik, onderwys (en vakke) te bied volgens die kind se aanleg, belangstelling en vermoëns.

Met die daarstelling van nege duidelik afgebakende studie=kursusse, vind horisontale differensiasie plaas en kry die leerling die geleentheid om vakkeuse te doen volgens sy aanleg en belangstelling. Vertikale differensiasie vind plaas as die leerling hoër of standaardgraad verkies. Die algemeen-vor=mende aard van die junior sekondêre kursus neig nou al meer in 'n groter mate na beroepsgerigte onderwys. Ook hier is Voorligting noodsaaklik.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Indien die fasiliteite beskikbaar is, word die vaklokaal- en vakonderwysstelsel hier, sover moontlik, streng toegepas.

4.1.2.2.2. Inhoud: Hier het ons dieselfde nie-eksamenvakke soos by die junior sekondêre fase. Dan is daar die wye verskeidenheid voorgeskrewe vakke:

(a) Eerste Taal - H/G of S/G. (Hoër Graad of Standaard Graad)
(b) Tweede Taal - H/G of S/G.
(c) Vier addisionele vakke uit:
Wiskunde/Skeinat./Biologie/Latyn/Duits/Bantoetaal/ Arabies/Aardrykskunde/Geskiedenis/Bybelstudie/Musiek/ Kuns/Ekonomie/Rekeningkunde/Tik/Handelswiskunde/Publieke administrasie/Snelskrif/Shorthand/Huishoudkunde/Naaldwerk/ Tegniese Tekeninge/Werkwinkelteorie en -praktyk/Houtwerk/ Sweis- en metaalwerk/Elektrisiteit/Pas-en Draaiwerk/ Metaalwerk/Landbouwetenskap/Ballet/Kunswetenskap/Spraak en Drama/Praktiese Musiek. Al hierdie vakke word op die H/G en/of S/G aangebied, behalwe sekeres wat net op H/G aangebied word, sekeres op S/G en enkeles op H/G, S/G of Funksionele graad.

Die finale keuse word in St. 8 gemaak. Daar is nege studie=rigtings:
(a) Tegniese kursus, (b) Handelskursus, (c) Landboukursus,
(d) Suiwer Wetenskap, (e) Humanitêre kursus,
(f) Kunsrigting, (g) Huishoudkunde, (h) Algemene kursus en
(i) Praktiese kursus.

Aan die einde van St. 10 word 'n algeheel eksterne eksamen af=gelê, onderhewig aan evaluering deur die G.M.R.

Verder sorg vakadviseurs en inspekteurs dat die verlangde gehalte werk gehandhaaf word.[19)]

4.1.2.2.3. Ander: Behalwe die onderwysers wat normaalweg in die klas=kamer besig is met formele onderwys, is daar nog die skool=voorligtingsdiens, aanpassings- en remediëringsonderwys, skoolklinieke en Oudiovisuele afdeling wat gespesialiseerde onderwys vereis.[20)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

4.1.3. Samevatting:

Bogenoemde oorsig oor die primêre en sekondêre skool doelstellings en wat alles daarmee gepaard gaan, gee 'n denkbeeld van wat van die onderwysers in die betrokke skole verwag word, en hiervolgens moet die onderwyser, hetsy vir primêre of sekondêre onderwys, opgelei word. Dit is in alle opsigte 'n formidabele taak wat die opleiding van onderwysers in 'n prioriteitsposisie plaas.

## 4.2 PERSONEELPOSISIE

Soos die vyf- of sesjarige kind tydens sy eerste skooldag deel word van 'n groot opvoedkundige opset, word die nuwe leerkrag ook lid van 'n groot onderwyskorps wat diens doen in 'n groot verskeidenheid skole en inrigtings. Saam met sy duisende kollegas vorm hy 'n taakmag wat dag na dag voor baie duisende leerlinge staan om die groot onderwysopdrag uit te voer en die mooi doelstellings wat daar in vooruitsig gestel word, werklikheid te maak.

4.2.1. In hoërskole (volgens statistiek).

Gedurende die tweede kwartaal van 1982 was die getal sekondêre skole in die R.S.A. soos volg:

TABEL XIX.[21)]

Getal sekondêre skole (in R.S.A.) soos 1982 (tweede kwartaal).

| SKOLE | K.P. | TVL. | O.V.S. | NATAL | TOT. |
|---|---|---|---|---|---|
| senior sekondêr | 119 | 17 | 1 | 12 | 149 |
| junior sekondêr | 21 | 3 | 1 | - | 25 |
| TOTAAL | 140 | 20 | 2 | 12 | 174 |

Vir dieselfde tydperk was die leerlinginskrywing in sekondêre skole soos volg:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

TABEL XX.[22)]

Leerlinggetalle in sekondêre skole, tweede kwartaal 1982.

| | K.P. | TVL. | O.V.S. | NATAL | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Sekondêr | 122 624 | 12 257 | 1 907 | 7 678 | 144 466 |

Vir dieselfde tydperk was die personeelposisie soos volg:

TABEL XXI.[23)]

Onderwysers aan sekondêre skole, tweede kwartaal, 1982.

| | K.P. | TVL. | O.V.S. | NATAL | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Sek. Onderwys | 5 160 | 580 | 77 | 397 | 6 214 |

Hieruit kan kortliks die volgende afleidings gemaak word:

(i) Van die 6 214 onderwysers verbonde aan sekondêre skole is slegs 1 156, d.w.s. 18,6% gegradueerd en gediplomeerd en het slegs 19,25% vier jaar of meer opleiding na matriek.

(ii) Die getal sekondêre onderwysers wat oor kwalifikasies beskik van (a) 'n graad en diploma, (b) 'n graad of (c) vier jaar opleiding na matriek, beloop 1 489 of 23,95%.

(iii) Die onderwyser-leerling-verhouding vir die provinsies en die land as geheel is:

| | |
|---|---|
| K.P. | : 1 tot 23,76 |
| TVL. | : 1 tot 21,13 |
| O.V.S. | : 1 tot 24,76 |
| Natal | : 1 tot 19,34 |
| R.S.A. | : 1 tot 23,25. |

Die posisie hier aangedui is baie beter as wat dit in 1970 en 1980 was, soos aangedui in die volgende tabel.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXII.[24)]

Kwalifikasies van hoërskool onderwysers, 1970 en 1980.

| Kwalifikasies | 1970 | | 1980 | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % |
| Gegradueerd + gediplomeerd | 447 | 19,63 | 1 236 | 20,3 |
| Gegradueerd + ongediplomeerd | 59 | 2,9 | 260 | 4,27 |
| St. 10 + 3 jaar of meer | 676 | 29,69 | 2 642 | 43,42 |
| St. 10 + 2 jaar | 728 | 31,97 | 1 039 | 17,07 |
| Slegs St. 10 | 101 | 4,44 | 416 | 6,84 |
| St. 9 + 2 jaar | - | - | 53 | 0,87 |
| St. 8 + 3 jaar | 110 | 4,83 | 164 | 2,70 |
| St. 8 + 2 jaar | 138 | 6,06 | 209 | 3,43 |
| Slegs St. 8 | 5 | 0,22 | 23 | 0,38 |
| Tegnies + Onderwys diploma | - | - | 10 | 0,16 |
| Slegs Tegnies | - | - | 29 | 0,48 |
| Laer as bogenoemde | 13 | 0,57 | 4 | 0,07 |
| Totale getal hoërskool onderwysers | 2 277 | | 6 085 | |
| Totale getal (hoërskool) leerlinge | 53 146 | | 126 180 | |
| Gem. Onderwyser-leerling verhouding | 1 : 23,3 | | 1 : 20,7 | |

Ten spyte van 'n verbetering van die personeelposisie, is 'n baie groot persentasie van die onderwyspersoneel nog onvoldoende ge=kwalifiseerd. Huidiglik word 'n onderwysersopleiding van matriek + 3 jaar beskou as die minimum opleiding. Daarom word sedert 1982 geen opleiding van minder as 3 jaar na St. 10 deur opleidings=kolleges aangebied nie.

Volgens bestaande gegewens (Tabel hierbo) was slegs 24,57% van die onderwysers genoegsaam gekwalifiseerd (volgens vereistes). Waar dit verwag word dat hoërskoolonderwysers 'n graad + diploma besit (4 jaar), het 20,3% onderwysers in sekondêre skole in 1980 oor hierdie kwalifikasies beskik teenoor 19,6% in 1970.[25)]

4.2.2. Skoolhoofde

Die kwessie van personeelvoorsiening aan primêre, maar veral aan sekondêre skole, bly een van die grootste probleme van die

http://etd.uwc.ac.za/

Departement.

Gesien teen die groot agterstand in behoorlik gekwalifiseerde leerkragte, veral in sekondêre skole, soos blyk uit voorafgaande, asook die ideaal dat die onderwys geheel-en-al deur sy eie mense beheer moet word, en die veelvuldige senior poste wat gevul moet word, is dit wel deeglik te verstane.

Die normale rang van poste aan 'n gewone sekondêre skool, is: (i) assistent (onderwyser), (ii) vakhoof (nie 'n bevorderingspos nie), (iii) departementshoof, (iv) adjunk-hoof en (v) hoof. Aan onderwys- en tegniese kolleges is dit: (i) lektor (ii) senior lektor, (iii) departementshoof, (iv) vise-rektor en (v) rektor, terwyl die posisie soos volg aan die Technikon is: (i) lektor, (ii) senior lektor, (iii) departementshoof, (iv) assistent-direkteur, (v) adjunk-direkteur en (vi) direkteur.

Aan die universiteit is die posisie soos volg:
(i) laboratorium-assistent, (ii) senior laboratorium-assistent, (iii) junior lektor, (iv) lektor, (v) senior lektor, (vi) pro=fessor, (vii) vise-rektor en (viii) rektor.

Maar dan is daar nog die ander vertakkinge van die Departement, t.w. professionele poste soos:

(a) vakspesialiste (kindergarten, remediërend, skoolsielkundige dienste, skoolbiblioteekwese, akademiese- en praktiese vakke);
  (i) vakadviseur, (ii) senior vakadviseur (iii) hoof-vakadviseur, (iv) assistent-direkteur van onderwys.
(b) skoolinspekteurs: (i) inspekteur en (ii) hoofinspekteur.
(c) onderwysbeplanning: (i) onderwysbeplanner (ii) senior onderwysbeplanner, (iii) eerste onderwysbeplanner en (iv) hoofonderwysbeplanner.
(d) Aan die bopunt van die onderwyshierargie staan:
  (i) assistent-direkteur van onderwys/hoof onderwysbeplanner/ hoofinspekteur van onderwys.
  (ii) adjunk-direkteur van onderwys en
  (iii) die direkteur van onderwys.[26)]

Die professionele poste hierbo genoem, d.i. dié wat sorteer onder vakadviseurs, inspeksiediens, onderwysbeplanning en onderwyshoofde,

http://etd.uwc.ac.za/

sal uit die aard van die saak uit die geledere van die senior onderwysers van die skole gevul moet word. Die oorgrote meer= derheid van die skole sit met die probleem van onvoldoende ge= kwalifiseerde personeellede, en as die bestes hieruit getrek word na meer senior poste, dan sal die bestaande personeelposisie nadelig getref word. Daar moet egter gelet word op die feit dat hier verwys word na onvoldoende gekwalifiseerde onderwysers, en <u>nie swak</u> onderwysers nie.

Die toename in die getal sekondêre skole sedert 1965 was soos volg:

<u>TABEL XXIII.</u>[27)]

Groei in getalle sekondêre skole, 1965 - 1982.

| SKOLE | 1965 | 1970 | 1974 | 1981 | 1982 |
|---|---|---|---|---|---|
| senior sekondêr | 64 | 75 | 90 | 144 | 149 |
| junior sekondêr | 25 | 22 | 25 | 23 | 25 |
| TOTAAL | 89 | 97 | 115 | 167 | 174 |

Hierdie bykomende 174 skole (1982) moes onderwys voorsien aan 144 466 leerlinge, d.w.s. gemiddeld 830,26 leerlinge per hoër= skool; 6 214 hoërskoolonderwysers het hierdie skole beman, d.w.s. gemiddeld 35,7 onderwysers per skool met 'n totale onderwyser-leerling verhouding van 1 tot 23,25.

Uit 'n opname van 32 hoërskole in Suid-Kaapland het geblyk dat 27 van die skoolhoofde oud-studente van die U.W.K. is.

Aan sekondêre skole was daar dus 174 hoofskapposte beskikbaar, en uit die aard van die saak moet die vakatures uit eie geledere gevul word. Bring hierby in berekening onderwysers wat met pensioen uittree, die wat sterf of bedank, en stel dit teenoor die beperkte aantal onderwysers wat jaarliks afstudeer, en die pro= bleem raak al meer aktueel.

4.2.3. <u>Bevorderingsposte (skole).</u>

http://etd.uwc.ac.za/

4.2.3.1. Primêre skole.

4.2.3.1.1. Adjunk-hoof: 'n Pos van adjunk-hoof kan ingestel word as die gehandhaafde inskrywing (oor 6 kwartale) 600 leerlinge oorskry.

4.2.3.1.2. Departementshoof: 'n Pos van departementshoof kan ingestel word as die gehandhaafde inskrywing 250 leerlinge oorskry. Verdere poste van departementshoofde kan ingestel word wanneer die gehandhaafde inskrywing 405, 860 en 1 105 oorskry, en wel die tweede, derde en vierde pos, onderskeidelik. Verdere instelling van poste van departementshoof blyk nie gereg= verdig te wees nie, omrede primêre skole nie enige vakrigting aanbied nie.

4.2.3.2. Junior sekondêre skole.

4.2.3.2.1. Adjunk-hoof: 'n Pos van adjunk-hoof word ingestel as die gehandhaafde inskrywing 600 oorskry.

4.2.3.2.2. Departementshoof: 'n Pos van departementshoof word ingestel by die totstandkoming van die inrigting. Soortgelyke ad= dissionele poste kan ingestel word sodra die gehandhaafde inskrywing 300, 510, 810 en 1 020 oorskry, en wel die tweede, derde, vierde en vyfde poste, onderskeidelik.

Waar daar 'n junior sekondêre afdeling verbonde is aan 'n primêre skool, word gewerk volgens die personeelvoorsiening= skaal vir primêre skole en bevorderingsposte in sodanige af= deling word volgens voormelde skaal ingestel, met inagneming van die meriete van elke geval.

4.2.3.3. Senior sekondêre skole.

4.2.3.3.2. Adjunk-hoof: 'n Pos van adjunk-hoof word ingestel as die gehandhaafde inskrywing 600 oorskry.

4.2.3.3.2. Departementshoof: 'n Pos van departementshoof word ingestel by instelling van die inrigting en daarna kan addisionele poste van departementshoofde ingestel word sodra die gehand=

http://etd.uwc.ac.za/

haafde inskrywing 226, 422, 800, 1 000 en 1 200 (ens.) oorskry, en wel die tweede, derde, vierde, vyfde en sesde pos (ens.) onderskeidelik, d.w.s. nadat die pos van adjunk-hoof op die gehandhaafde inskrywing van 600 leerlinge geskep is, een pos van departementshoof vir elke addisionele 200 leerlinge.

In plaas van die skepping van die derde en vierde pos volgens bogemelde personeelvoorsieningskole, kan twee of meer poste van departementshoof geskep word indien die totale inskry=wing van St. 8, 9 en 10 leerlinge vir 'n bepaalde studierig=ting minstens 100 leerlinge is, behalwe in die geval van die tegniese studierigtings, in welke geval 'n addisionele pos geskep kan word indien die totale inskrywing van standerds 8, 9 en 10 leerlinge vir die betrokke studierigting, minstens 50 leerlinge beloop.

By senior sekondêre skole met 'n primêre afdeling, geskied personeelvoorsiening volgens primêre skool skaal en bevorde=ringsposte in sodanige afdeling word volgens voormelde skaal ingestel met inagneming van die meriete van elke geval.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

4.2.4. Personeelvoorsiening (nie-bevorderingsposte).

4.2.4.1. Primêre skole.

Toekenning van onderwysers: 'n Addisionele onderwyser word aan die begin van die kwartaal toegeken op grond van die gemiddelde inskrywing van die vorige kwartaal met voorbehoud:

(i) dat 'n onderwyser onmiddellik toegeken word as die inskrywing die vereiste getal met 10 oorskry, in skole met 4 of meer onderwysers, die hoof ingesluit, en

(ii) dat 'n onderwyser onmiddellik toegeken sal word as die inskrywing die vereiste getal met 5 oorskry, in skole met 3 of minder onderwysers, die hoof ingesluit.

Parallel-medium skole word vir personeelvoorsieningsdoelein=des as twee afsonderlike skole behandel met dien verstande dat daar slegs een hoofonderwyser sal wees.

http://etd.uwc.ac.za/

Waar St. 6 verbonde is aan 'n primêre skool word een onderwyser vir 10 - 30 leerlinge toegeken plus een onderwyser vir elke addisionele 30 leerlinge of deel daarvan met dien verstande dat 'n onderwyser vir een jaar behou kan word al sou die getal St. 6 leerlinge benede 10 daal en die omstandighede dit reg=verdig.[28)]

4.2.4.2. Junior sekondêre skole.

In die geval van dubbel-media skole waar daar 'n minderheids=groep is (Engels- of Afrikaanssprekend), geskied die voor=siening volgens die skaal vir die skool as geheel, waarby die minderheidsgroep dus ingesluit is. Indien daar van die minderheidsgroep minstens 10 leerlinge in óf St. 6 óf St. 7 óf St. 8 is, word een addisionele onderwyser toegestaan, benewens die personeel reeds genoem.[29)]

4.2.4.3. Senior sekondêre skole.

Senior sekondêre skole met 'n tegniese rigting word van per=soneel voorsien volgens die personeelvoorsieningskaal vir senior sekondêre skole,[30)] plus addisionele personeel op die volgende basis:

(i) 1 tot 4 tegniese klasseksies: 1 onderwyser vir elke tegniese rigting;

(ii) 5 tot 8 tegniese klasseksies: 2 onderwysers vir elke tegniese rigting en

(iii) 9 tot 12 tegniese klasseksies: 3 onderwysers vir elke tegniese rigting.

Senior sekondêre skole wat nog net tot St. 8 gaan, word behandel as 'n junior sekondêre skool, maar sodra hulle met St. 9 begin, vind personeelvoorsiening plaas soos vir senior sekondêre skole.[31)]

http://etd.uwc.ac.za/

## 4.3 DIE ONDERWYSOPSET IN DIE LIG VAN DIE THERON-VERSLAG.

### 4.3.1. Inleiding.

Om die werklike omvang van die onderwyssituasie met sy velerlei probleme en agterstande beter te begryp, is dit nodig om op enkele aspekte van die Theron-verslag te wys. Dit plaas o.a. die huidige knelpunte in die onderwys in perspektief. Dit bied ook 'n ware beeld van die agtergrond waarteen onderwysersopleiding gesien moet word. Dit is waarom sovele instansies en persone hulle gedurig daarop beroep in hulle pleidooie vir onderwysver= betering.

Op 23 Maart 1973 het die Staatspresident 'n kommissie van 19 lede, genoem die Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurling bevolkingsgroep, benoem. Ses van die kommissielede was Kleurlinge. Die opdrag was dat ondersoek ingestel moes word na die demografiese en statutêre posisie, onderwys, woon- en ont= spanningsmoontlikhede, gesondheidspeil en gesondheidsdienste, maatskaplike probleme en welsyndienste, kulturele, kerklike en godsdienstige lewe en die sosio-politieke posisie en staatkundige perspektief.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Hierdie verslag, die Theronverslag, met prof. Erika Theron as sameroepster, is op 18 Junie 1976 in die Volksraad ter tafel gelê en hierdie lywige dokument van 567 bladsye het die middelpunt geword van 'n groot openbare debat oor die Kleurlinge.[32)]

Vir die doel van hierdie bespreking word daar uiteraard slegs op die afdeling oor onderwys gekonsentreer. Die hoofstuk oor onderwys in die verslag beslaan byna 50 bladsye. Omdat die verslag baie volledig is en vir vele minder toeganklik sal wees, het die voorsitter en die sekretaris van die kommissie, t.w. prof. Erika Theron en prof. J.B. du Toit (U.W.K.) die kern van dié belangrike dokument saamgevat in Kortbegrip van die Theron-verslag.

### 4.3.2. Historiese perspektief.

Die verslag gee 'n historiese oorsig van die onderwys, veral om te wys op die rol van die godsdiens en die onderskeie kerke en

http://etd.uwc.ac.za/

die aanloop tot afsonderlike skole vir afsonderlike volksgroepe. So was die eerste skool in hierdie land 'n skool vir slawekinders wat in 1658 begin is. Die eerste skool vir die hele gemeenskap, sonder erkenning van kleurskeiding, is in 1663 begin.

Die onderskeie kerkgenootskappe se rol deur die jare blyk uit die feit dat daar in 1963 nog 1 340 sodanige kerkskole bestaan het met 'n totaal van 196 988 leerlinge. Aanvanklik het blanke leerlinge ook die skole bygewoon, maar sedert die begin van die huidige eeu het die getalle begin afneem.[33)]

Die Kleurlingbevolking (-gemeenskap) het voor 1964 feitlik geen aandeel gehad in die beheer en administrasie van die onderwys nie; Sedert 1964 (Wet 47 van 1963) is, kragtens die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, die Departement van Kleurlingsake ver= antwoordelik vir onderwys in alle skole en opleidingskolleges.

Volgens die Kommissie is tussen 1964 en 1974 groot vordering gemaak op dié terrein: Die Kommissie som dit soos volg op: "Vanaf die vyftigerjare het sekere blanke instansies hulle beywer vir die skeiding in die beheer en administrasie van onderwys van Kleurlinge en blankes. ......Mettertyd het die (gestigte) Depar= tement van Kleurlingonderwys sy eie leergange, sillabusse en eksamens ingestel, en altyd word gepoog om dit op gelyke standaard met die ander onderwysdepartemente te hou. Sedert 1970 skryf Kleurlingonderwys se St. 10's hulle eie senior sertifikaateksamen onder die vereistes van die G.M.R."[34)]

Die verslag wys op uiters belangrike knelpunte wat bygedra het tot die betreklik lae onderwyspeil in die algemeen, swak voor= siening van tegnies geskoolde arbeid en die probleem van werkloos= heid, toe te skrywe aan die gebrek aan gedifferensieerde onderwys.

Die verslag meld dat daar geen voorsiening gemaak is vir die stadige leerders (I.K.: 80 - 90) nie. Normaalweg word bereken dat gemiddeld 16% van die skoolbevolking in hierdie groep val, maar dit mag heelwat hoër wees onder die Kleurlingbevolking a.g.v. sosio-ekonomiese toestande. As gevolg van frustasie ontwikkel hierdie groep gedragsprobleme en word vroeë skoolverlaters.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

'n Ander aspek van die verslag wat elke onderwyser of aspirant-onderwyser tot diepe nadenke behoort te stem, is die kwessie van onnodige vroeë skoolverlating of leerlingverliese. So het bv. in 1964 'n totaal van 85 089 in sub. A. ingeskryf, in 1965 was 66 510 van hulle in sub. B., in 1966 was 62 226 in st. 1, in 1967 was 53 925 in st. 2, in 1968 was 49 014 in st. 3, in 1969 was 41 924 in st. 4, in 1970 was 32 449 in st. 5, in 1971 was 26 587 in st. 6, in 1972 was 17 091 in st. 7, in 1973 was 12 954 in st. 8 en in 1974 was 5 777 in st. 9.[35)]

Vergelykenderwys kan gemeld word dat van die leerlinge wat in st. 6 in die sekondêre skool kom, ongeveer 11% in matriek kom, terwyl die syfer vir blanke skole ongeveer 55% is.[36)]

Die Kommissie het sekere aanbevelings gemaak om die probleem van hoë skoolverlating te probeer teenwerk, asook om knelpunte t.o.v. beheer en organisasie te probeer uitskakel. Daar is gewys op die gebrekkige aandeel wat die Kleurling self het in die be=heer van onderwysaangeleenthede, wat saamhang met 'n gebrek aan opleiding en ondervinding. Daar is o.a. aanbeveel dat ".....die bevordering van bevoegde Kleurlinge in al die poste steeds hoër prioriteit moet geniet."[37)]

4.3.3. Die kwessie van skolastiese peil en skoolprestasies is nog 'n faktor wat die onderwyser self na aan die hart lê. Die verslag wys daarop dat in 1970 23,5% van alle Kleurlinge van 6 jaar en ouer nog geen onderwys ontvang het nie, teenoor 2,3% van die blankes. Ook by die hoër skoolkwalifikasies is daar 'n agter=stand. In 1970 het slegs 10,3% van alle Kleurlinge st. 7 of hoër geslaag teenoor 63% van die blankes.[38)]

Volgens die verslag het die totale getal inskrywings tussen 1964 en 1974 verdubbel, van 286 732 tot 591 850. Ook die hoërskool=getalle het in dié tyd verdubbel.

Ten opsigte van hoërskoolgetalle vergelyk Kleurlingskole (per=sentasiegewys) swak met blanke skole, hoofsaaklik weens die hoë uitsaksyfer, wat toegeskryf word aan swakker sosio-ekonomiese omstandighede; dit is noodsaaklik dat baie kinders vroeër tot die arbeidsmark toetree; ander faktore is swakker aanpassing en

http://etd.uwc.ac.za/

gemotiveerdheid en die feit dat skoolplig nog nie effektief toegepas kan word nie.

Die kommissie het o.a. hieroor bevind dat onderwys "gestrem word deur vroeë skoolverlating, te groot klasse en 'n gebrek aan be= hoorlik gekwalifiseerde personeel." [39)]

4.3.4. Die kommissie het aandag gegee aan skoolplig en skoolakkommo= dasie, aan skole met 'n gespesifiseerde opdrag, aan spesiale onderwysdienste en aan onderwys buite skoolverband. Baie aan= bevelings is gemaak om die posisie te probeer verbeter.[40)]

4.3.5. Onderwysersopleiding en diensvoorwaardes.

Vir die doel van hierdie ondersoek is hierdie deel van die verslag van kardinale belang. Die kommissie wys in sy verslag op die vordering wat daar gemaak is met betrekking tot die op= leidingsinrigtings, akkommodasie en die aantal kandidate wat beskikbaar is veral vir opleiding van onderwysers vir die primêre skool. Die groot probleem is nog dat ongeveer die helfte van die kandidate vir primêre onderwys, inskryf vir die L.P.O.S. (twee jaar opleiding na St. 8) wat in die latere jare net dames getrek het. Die aantal onderwysers wat na opleidingskolleges gaan, is ontoereikend.

Die grootste probleem by onderwysersvoorsiening lê egter by die hoërskole. Daar is 'n geweldige gebrek aan behoorlik gekwalifi= seerde onderwysers vir die hoërskole, en die U.W.K., die enigste residensiële universiteit vir die opleiding van hoërskoolonder= wysers, lei op verre na nie voldoende onderwysers op nie.[41)]

Die Kommissie wys op die snelgroeiende leerlinggetalle in hoër= skole en bevind dat daar op verre na nie voorsien word in die vraag na gekwalifiseerde onderwysers nie. Wat die posisie van dienende onderwysers betref (in sekondêre skole), het die Kom= missie bevind dat net 20% van alle onderwysers wat op sekondêre skoolvlak onderwys gegee het (1975), oor die minimum kwalifikasies van 4 jaar opleiding na st. 10, beskik het.[42)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die Kommissie wys ook op die sogenaamde skaars vakke, t.w. natuurwetenskappe, wiskunde, Engels en handelsvakke, en die ernstige probleme wat daarmee saamgaan. Dit lei tot die swak prestasies van St. 10 leerlinge en ook van eerstejaar universi= teitstudente.

Oor diensvoorwaardes vir onderwysers het die Kommissie bevind dat "doelgerigte omvattende pogings aangewend (moet) word om leerlinge te motiveer om die Senior Sertifikaat te verwerf"en "die beginsel van gelyke salarisse en diensvoorwaardes vir gelyke kwalifikasies aanvaar en toegepas moet word". Ander aanbeve= lings was dat pogings aangewend word om meer studente vir die onderwys te trek en die benutting van die dienste van sekondêr-gekwalifiseerde blanke onderwysers om tekorte aan te vul.[43)]

4.3.6. <u>Universitêre opleiding.</u>

Die Kommissie doen verslag oor die ontstaan en vroeë ontwikkeling van die U.W.K., soos reeds in Hoofstuk III bespreek. Gebreke aan studentegeriewe, koshuisakkommodasie en vele ander fasiliteite het aandag geniet.

Oor die probleem van aanvaarding van die U.W.K. het die Kommissie in sy verslag besluit: "Omdat die Universiteit 'n mikrokosmos van die gemeenskap is, en omdat tot op hede verskeie aspekte van die breë samelewing ....., onaanvaarbaar en selfs verwerplik is, kon die Universiteit nie aan hierdie aanvalle ontkom het nie. Die Universiteit kan as gevolg hiervan en ook as gevolg van die be= sondere ideologiese klimaat waarin hy gebore is, nie maklik deur almal in die Kleurlinggemeenskap aanvaar word nie. Dog aanvaar= ding of nie-aanvaarding kan uit verskeie oogpunte benader word, en desnoods sal die politikus se sienswyse grootliks van dié van die opvoedkundige verskil. Die opvoedkundige aanvaar nie nood= wendig die konsep van afsonderlike universiteite nie, maar is bewus van die geweldige opvoedkundige agterstand en afstand wat daar onder die verskeie bevolkingsgroepe heers." [44)]

Ook by die gemeenskap (en dan by die Kleurlinggemeenskap in die besonder) is daar 'n groter mate van aanvaarding te bespeur, juis ook op grond van die gebrek aan die nodige fasiliteite elders,

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

die handhawing van standaarde en uiteindelik die produk en model wat deur die Universiteit gelewer word.[45)]

In welke mate die U.W.K. ook 'n konstruktiewe rol sou kon speel in 'n ander soort bedeling, en bydra tot 'n beter begrip van die ideale en aspirasies van die Kleurlingbevolking, moet nog bewys word. Dit kan alleenlik geskied indien die Universiteit as 'n volwaardige akademiese inrigting allerweë aanvaar word, aldus die Kommissie.[46)]

'n Meerderheid van die Kommissie beveel aan dat "alle universiteite vir Kleurlingstudente (nagraads en voorgraads) oopgestel word" en "dat benewens bestaande reëlings die U.W.K. toegelaat word om gekeurde blanke studente op nagraadse vlak in te skryf." [47)]

4.3.7. Samevattend.

Snelle bevolkingsgroei sal steeds hoër eise stel aan beskikbare fondse, geriewe en personeel. Uitsakking, vroeë skoolverlating, effektiewe toepassing van skoolplig en die ernstige tekort aan voldoende gekwalifiseerde personeel,[48)] veral in hoërskole, het alles te make met verskynsels wat veel verder strek as die terrein van die formele onderwys as sodanig.

Fondse en fasiliteite, meer en beter gekwalifiseerde onderwysers en 'n gedifferensieerde onderwysstelsel, ingestel op die behoeftes en probleme van die gemeenskap, is prioriteite.

'n Aspek wat veel dieper lê as bogenoemde, is die "beeld" en die "plek" van die Kleurlinge in die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap en dit raak veral die funksie van die onderwyserskorps.[49)] In die Kleurlinggemeenskap is dit by uitstek die onderwyser wat by die jeug die definisie van sy "plek" en "beeld" in die huidige bestel sal kan inskerp, of anders gestel, die gelykwaardigheid van alle mense.

Die (Kleurling)onderwyser kan sekerlik nie totaal afsydig staan teenoor onluste en onrus waarin skoliere betrokke is nie. Volgens die Kommissie ontstaan die vrae: Watter soort beeld as Suid-Afrikaanse burgers, kan en behoort die onderwyser aan die jeug voor te hou?, en: Watter soort toekomsbeelde en -verwagtinge

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

word daar gestel? Naas die oordrag van parate kennis moet die skool as instelling ook kan bou aan die positiewe selfbeeld van die indiwidu en die groep. "Die onderwys van die Kleurling-bevolking kan dus nie losgemaak word van die hoop en die stygende verwagtings van die Kleurlingbevolking as groep en as lands= burgers, ook op die sosiaal-politieke terrein nie. Ook nie van hul houdinge en hul samehorigheidsgevoel m.b.t. die ander bevol= kingsgroepe van Suid-Afrika nie." 50)

## 4.4. DIE DE LANGE-VERSLAG.

### 4.4.1. Ondersoek.

In die eerste plek is die R.G.N.-ondersoek na die onderwys, o.l.v. prof. J.P. de Lange, van besondere betekenis vir die onderwys in die R.S.A. en in die tweede plek vir hierdie betrok= ke ondersoek na onderwysersopleiding. Deur tekortkomings en skaafplekke uit te lig en hervorming en aanpassings aan te beveel, verkry ook die onderwysstudent 'n beter agtergrond waarteen hy sy toekomstaak moet sien.

Die Kabinet het in Junie 1980 die R.G.N.-versoek om 'n diepgaande ondersoek na die onderwys in al sy fasette in die R.S.A. in te stel. Die werkkomitee, o.l.v. prof. J.P. de Lange, het sy verslag Werwing en Opleiding van Onderwysers in 1981 gepubliseer.

### 4.4.2. Kwaliteit van onderwysersopleiding.

Professionele vorming en voorbereiding van onderwysers is bedoel om persone te bekwaam vir suksesvolle taakverrigting in die on= derwys. Aangesien effektiewe onderwys veel meer behels as die beheersing van 'n spesifieke vakgebied, behoort 'n wetenskaplike benadering by onderwysersopleiding gevolg te word, aldus die verslag.51)

Dit word vandag algemeen aanvaar dat opleidingskursusse vir onderwysers 'n akademiese, professionele en praktiese komponent moet insluit, maar die vraag is of hierdie komponente so geinte= greer moet word dat kursusse in 'n gebalanseerde eenheidstruktuur

http://etd.uwc.ac.za/

afspits op die verwerwing van spesifieke kundes, vaardighede en tegnieke wat van die onderwyser 'n unieke persoon maak wat 'n uitsonderingsposisie in die samelewing beklee. Die koördi= nering van opleidingskursusse en -standaarde verdien indringende aandag omdat die gehalte van dienslewering direk afhanklik is van die kwaliteit van die opleiding.[52)]

Oor voortgesette opleiding word gemeld dat die gangbare be= skouing dat die aanvanklike opleiding van 'n onderwyser voldoende is vir die suksesvolle uitvoering van sy beroep, gaandeweg verdwyn. Hieroor sê Boyce, soos aangehaal in die verslag: "The education of teachers is a process of progressive pro= fessional development; there must be a commitment to selfim= provement and continuous growth. The hallmark of a profession is keeping up to date; there must be a steady development of knowledge, skills and attitudes."[53)]

Voortgesette opleiding word al meer noodsaaklik a.g.v. die ongekende ontwikkeling op veral wetenskaplike en tegnologiese gebiede. Steeds geld die waarheid dat die professionele effek= tiwiteit van die onderwyskorps die gehalte van die onderwys in 'n baie groot mate bepaal en dat gebrekkige professionele vorming van die onderwyser remmend inwerk op die algemene vorming en ontwikkelingspeil van die betrokke onderwysgemeenskap.[54)]

### 4.4.3. Onderwysersvoorsiening aan die Kleurlinggemeenskap.

4.4.3.1. Werwing: Die verslag meld dat die status quo ten aansien van personeelvoorsiening gehandhaaf kan word met die huidige aanbod en dat 'n intensiewe werwingsprogram nie nodig is nie.

Hierdie departement sorg dat inligting oor die beroep, werks= omstandighede, opleidingsfasiliteite, beskikbare finansiële hulp, toelatingsvereistes tot kursusse en besonderhede oor kursusse na die skole gestuur word om aan die leerlinge beskik= baar gestel te word.

Amptenare van die onderwysdirektoraat, d.m.v. die amptelike

http://etd.uwc.ac.za/

kommunikasiekanale, onderneem die werwing. Die werwings=program is in baie gevalle nie baie suksesvol nie weens:

(a) tekortkominge van diensomstandighede (veral salarisse);

(b) die negatiewe beeld van die professie en

(c) die lang opleidingstydperk waartydens daar geen inkomste is nie.

4.4.3.2. Keuring: Die verslag meld dat die Senior Sertifikaat plus baie ander (karakter)-eienskappe in aanmerking geneem word by keuring.

4.4.3.3. Opleiding.

4.4.3.3.1. Minimum toelatingsvereistes.

Vanaf 1981 is die Senior Sertifikaat die minimum toelatingsvereiste. Daar word aanbeveel dat die opleiding van st. 8-dames tydelik behou word om tydelike tekorte te voorkom.

4.4.3.3.2. Kursusse aangebied.

In 1981 is die opleidingskursusse verander om by die ver=anderde eise aan te pas. In daardie stadium het die onder=wyskolleges en die Skiereilandse Technikon die volgende kursusse aangebied:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

TABEL XXIV.

Onderwyserskursusse aangebied aan opleidingskolleges, -skole en die Skiereilandse Technikon.

| Naam van kwalifikasie | Inrigting | Toelating | Duur |
|---|---|---|---|
| Jun. Primêre Onder=wyssertifikaat | Opleiding-skool | St. 8/9 | 3 jaar |
| Primêre Onderwys=diploma | Opleidings-kollege | Snr. Sert. (St. 10) | 3 jaar |
| Onderwysdiploma | Technikon | Snr. Sert. (St. 10) | 3 jaar |

Opleiding aan die U.W.K.

http://etd.uwc.ac.za/

1. B.A./B.Comm./B.Sc. : Matrikulasie, d.i. 3 + 1 jaar S.O.D. (H.O.D.)
2. Laer Sekondêre Onderwysdiploma: Sen. Sert. + 3 jaar.

Inligting word ook verskaf oor die P.O.D.-kursus wat aan Kolleges ingestel word. Verder word verwys na die L.S.O.D.-kursus aan die U.W.K., wat tans uitgefaseer word en deur die H.O.D.(N/G) vervang word.

4.4.3.3.3. Huidige stand van kwalifikasies.

Die verslag verwys na die stand van onderwyserskwalifikasies soos in 1980:

TABEL XXV.

Huidige (1980) kwalifikasies van onderwysers.

| Kwalifikasie | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| 1. Graad + professionele kwalifikasie | 1 355 | 5,3 |
| 2. Graad sonder professionele kwalifikasie | 262 | 1,0 |
| 3. Sen. Sert. + Prof. kwalifikasie | 8 186 | 31,8 |
| 4. Sen. Sert. sonder prof. kwalifikasie | 1 045 | 4,1 |
| 5. St. 8 + prof. kwalifikasie | 13 618 | 52,9 |
| 6. St. 8 sonder prof. kwalifikasie | 899 | 3,5 |
| 7. Ander | 355 | 1,4 |
| TOTAAL | 25 720 | 100,0 |

4.4.3.3.4. Fasiliteite.

Kolleges en Opleidingskole.

Daar was ag kolleges, nl. te Bellville, Port Elizabeth, Durban, Kimberley, Kaapstad, Crawford (Hewat), Johannesburg en Suid-Kaapland (Oudtshoorn). Dan was daar 6 opleidingskole (tans almal óf gesluit of omskep tot kolleges), nl. te Paarl, Wynberg, Worcester, Soutrivier, Kaapstad en Uitenhage.

Al die kolleges soos ook die U.W.K., beskik oor koshuisgeriewe.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

4.4.3.3.5. Koördinering van opleiding en benaming van sertifikate.

Volgens die verslag van die R.G.N. bestaan daar noukeurige koördinering tussen aanbod en aanvraag deur die bepaling van kwotas per vlak of vak deur die Direktoraat van Onderwys. Feitlik al die studente maak gebruik van hulpbeurse en juis dit maak dit vir die Direktoraat gerieflik om makliker beheer uit te oefen oor die voorsiening van onderwysers. Die aanbod van voornemende studente bemoeilik egter die keuring per skoolvlak of -vak.

Die opleiding word gestandaardiseer deur moderering en ekster=ne eksaminering. Die strewe is om altyd aan die vereistes van die Nasionale Kriteria te voldoen.

4.4.3.3.6. Finansiële voorsiening.

Die verslag meld dat die U.W.K. deur die Staat (onderwys) gefinansier word, terwyl kolleges deur die Departement van Binnelandse Aangeleenthede gefinansier word.

4.4.3.3.7. Tendensies in opleidingskursusse en riglyne vir 'n moontlike ideale opleidingstruktuur.

Deur hersiening word daar gedurig gepoog om die standaarde te verhoog en 'n praktiese onderwysperiode van 15 weke word oorweeg. Beplanning sluit in (i) om studente reeds in hulle eerste jaar van onderwysersopleiding met mikro-onderwys ver=troud te maak en (ii) om t.o.v. praktiese onderwys nouer met skole saam te werk en hul te betrek in die praktiese opleiding van onderwysers.

'n Ideale opleidingstruktuur moet die beginsels van voortge=sette navorsing, wat voortdurende hersiening en vernuwing impliseer, in gedagte hou. Daar is 'n gevoel dat die huidige opleiding te teoreties is en meer praktykgerig moet wees - die opleiding moet meer skool-gesitueerd wees.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

4.4.3.3.8. Akademiese kwalifikasies, professionele bevoegdheid en onderwyservaring van onderwysersopleiers.

Die vereistes om aangestel te word as 'n dosent aan 'n op=leidingskollege is normaalweg (uit die aard van die saak), hoër as dié van 'n onderwyser aan 'n skool. As gevolg van sekere faktore moet daar soms toegewings gemaak word, sodat mense soms aangestel word wat nie oor die nodige akademiese kwalifikasies beskik nie. Dit gebeur egter slegs in uitson=derlike gevalle.

Tydens die R.G.N.-ondersoek was kategorie C die minimum-vereiste vir aanstelling in 'n lektorspos. Alhoewel gepaste ervaring 'n sterk aanbeveling is, is dit nie altyd prakties moontlik om 'n paslik gekwalifiseerde persoon aan te stel nie. By bevorderingsposte is onderwyservaring wel 'n vereiste, aangesien die dosent in staat moet wees om die teorie wat hy in die lesingkamer voorhou altyd te kan terugvoer na en toepas op die klaskamersituasie. Uit sy eie ervaring moet hy die aspirant-onderwyser lei na die werklikheidsituasie van onder=wys gee.

Waar moontlik word persone wat onderwyskundig paslik onderlê is, as onderwysersopleiers aangestel. Dosente ontvang nie sistematiese leiding t.o.v. didaktiek nie, maar indirek kom dit tog ter sprake omdat dosente aan kolleges se werk ook periodiek geinspekteer en ge-evalueer word. Daar is egter, volgens die verslag, min koördinering tussen mense wat die=selfde vak doseer. Departementshoofde aan kolleges behoort as vakadviseurs op te tree, maar, volgens die verslag, word hulle nie korrek benut om voorligting en skoling in onderwys=metodiek aan kollegas te gee nie.

4.4.3.4. Voortgesette onderwysersopleiding.

4.4.3.4.1. Indiensopleiding. Die ondersoek het bevind dat feitlik net inspekteurs van onderwys verantwoordelik is vir indiensop=leiding. Dit geskied in die vorm van kort- en namiddagkursusse in die loop van hulle ander werksaamhede. Die inspekteurs moet behoeftes identifiseer en dan aansoek doen om kortkursusse.

http://etd.uwc.ac.za/

In 1980 is nege kursusse aangebied waarby 487 onderwysers en dosente betrek is. Dit is 'n aanduiding dat die situasie betreffende beide die identifisering van behoeftes sowel as die organisasie en aanbieding van indiensopleiding, onbe= vredigend was.

Die aanstelling van 'n groot aantal vakadviseurs wat op voortdurende basis smiddae voorligting aan leerkragte sal gee, is in vooruitsig gestel. Die Werkkomitee het hierdie beplan= ning se doeltreffendheid betwyfel. Die feit dat slegs middae afgesonder word, sou, volgens die komitee, lei tot opper= vlakkige voorligting. Onderwys en opleidingsinrigtings is dwarsoor die R.S.A. versprei, met slegs enkele gebiede met groot konsentrasies van onderwysers, en juis dit maak dit moeilik vir vakadviseurs om 'n doeltreffende indiensoplei= dingsprogram van stapel te stuur. Die komitee het aanbeveel dat goed beplande en georganiseerde weeklange indiensoplei= dingskursusse by bestaande opleidingsinrigtings, opgevolg deur eendaagse kursusse by verskillende sentra, ondersoek moes word.

Indien skoolhoofde nie spesifiek vir hulle taak t.o.v. onder= wysleiding en -bestuur, wat personeel ontwikkeling insluit, opgelei is nie, kan formele of informele indiensopleiding in die skole self, ook nie veel bydra nie.

4.4.3.4.2. Verdere opleiding. Volgens die Werkkomitee is hierdie 'n belangrike faset van die beplanning van onderwysersopleiding, aangesien dit die aangewese weg is waarlangs die verskynsel dat 60% van die onderwysers nie oor 'n st. 10 kwalifikasie beskik nie, reggestel kan word. Afstandsonderrig, gepaard met bywoningskursusse in vakansietye, kan grootliks die probleem van 'n gebrek aan geskikte plaasvervangers oplos.

Die huidige voorsiening van verdere opleiding berus hoofsaak= lik op voltydse eenjaarkursusse wat aan universiteit, tech= nikon of onderwyserskollege gevolg kan word. Kursusse vir verdere opleiding is sodanig gestruktureer dat die konsoli= dasie van bestaande kwalifikasies moontlik is.[57)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

4.5. PERSPEKTIEF. TOEKOMSTIGE BEHOEFTES.

4.5.1. Om sinvol vir die toekoms te beplan, sal die toestand, soos blyk uit voorgemelde, en veral die Theron- en De Lange-verslae, in perspektief geplaas moet word. Uit die verslae blyk dit o.a. dat (a) al die inwoners van ons land se moontlikhede nie opti= maal verwerklik word nie, sodat die land nie kan groei en ont= wikkel soos dit verwag kan word nie en dit werk stremmend in op die lewensgehalte van die inwoners, en (b) dat 'n gelyke gehalte onderwys en opleiding vir alle bevolkingsgroepe in hierdie stadium nog nie verskaf word nie.[58)]

4.5.2. Probleme.

4.5.2.1. Daar is in hierdie hoofstuk (Hoofstuk IV) gewys op (a) 'n groot mate van ongeletterdheid en min-geletterdheid, vroeë skoolver= lating, hoë druipsyfer, akkommodasieprobleme, die sosio-ekono= miese posisie van 'n baie groot persentasie ouers en die tot onlangse gebrek aan skoolplig en (b) aan die groot tekort aan behoorlik opgeleide onderwysers in hoërskole.

4.5.2.2. Veral gedurende die afgelope tien jaar was daar 'n geweldige ontploffing in die skoolbevolking, wat, o.a. gelei het tot die dubbelskofonderwys.

4.5.2.3. En hierdie probleem(e) word al hoe groter. In hierdie stadium is die getal onderwysers wat afstudeer, nie eens genoeg om leer= kragte wat met pensioen aftree, te vervang nie.[59)]

4.5.2.4. Die volgende tabel toon die groei en verwagte groei van leer= linge in die hoërskole.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXVI.

Sekondêre skole. Toename en verwagte toename (in honderde).

| JAAR | STANDERDS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | TOTAAL |
| 1975 | 348 | 269 | 168 | 71 | 37 | 893 |
| 1976 | 371 | 277 | 175 | 91 | 39 | 953 |
| 1977 | 404 | 308 | 174 | 105 | 56 | 1047 |
| 1978 | 434 | 348 | 213 | 120 | 70 | 1185 |
| 1979 | 456 | 379 | 238 | 146 | 79 | 1298 |
| 1980 | 477 | 400 | 250 | 183 | 91 | 1401 |
| 1981 | 494 | 401 | 267 | 165 | 98 | 1425 |
| 1982 | 510 | 410 | 280 | 220 | 100 | 1520 |
| 1983 | 530 | 430 | 290 | 220 | 140 | 1610 |
| 1984 | 550 | 450 | 310 | 230 | 160 | 1700 |
| 1985 | 550 | 470 | 330 | 250 | 170 | 1770 |
| 1986 | 550 | 470 | 350 | 270 | 190 | 1830 |
| 1987 | 540 | 470 | 360 | 290 | 210 | 1870 |
| 1988 | 530 | 460 | 360 | 290 | 230 | 1870 |
| 1989 | 520 | 450 | 360 | 290 | 230 | 1850 |
| 1990 | 510 | 440 | 350 | 290 | 230 | 1820 |
| 2000 | 530 | 440 | 330 | 260 | 220 | 1780 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Daar sal gemerk word dat daar vanaf 1984 by st. 6 'n dalende neiging verwag word. Die neiging het reeds in 1978 by Sub. st. A. begin, en is die direkte gevolg van die snelgroeiende lewenstandaard sedert 1973, soos deur die statistiek bewys word.[61)] Daar word verwag dat hierdie neiging sal voortduur tot 1986, en daarna sal die groeikoers weer begin toeneem, maar teen 'n laer koers. Hierdie neiging of daling sal deur= werk na alle standerds soos in bg. tabel aangetoon word.

Vir die beplanning van onderwysersopleiding, is dit egter be= langrik om daarop te let dat vir die huidige die hoërskoolge= talle geweldig toeneem, bv. van 129 800 in 1979 na 152 000 in 1982, dus 'n vermeerdering van 22 200 hoërskoolleerlinge oor 3 jaar. Na verwagting sal daar teen 1987 ongeveer 187 000

http://etd.uwc.ac.za/

hoërskoolleerlinge wees, dit is 35 000 meer as in 1982. Vir hierdie sterk toename in leerlinge sal daar genoeg behoorlik opgeleide onderwysers (vakonderwysers) voorsien moet word; 'n taak wat grootliks op die skouers van die U.W.K. sal rus.

Om 'n onderwyser-leerlingverhouding van 1 : 25 te verkry, beteken die toename van 222 000 hoërskoolleerlinge tussen 1979 en 1982 'n ekstra 888 hoërskoolonderwysers; die verwagte toe= name tussen 1982 en 1987 sal beteken dat bo en behalwe die gewone opleiding, 'n bykomende 1 400 hoërskoolonderwysers opge= lei moet word, en volgens die statistiek van die U.W.K. en inligting van die Onderwysdepartement kan daar nie einde 1983 in hierdie aanvraag voorsien word nie.[62)]

4.5.2.5. Volgens die Onderwysdepartement kan die kolleges tans 1 600 eerstejaars hanteer, terwyl die Departement graag tussen 2 000 en 3 000 per jaar sou wou oplei, (vir alle onderwysers, primêr en sekondêr). Hiervan sal ongeveer een-derde vir die Onder= wysdiploma moet inskryf, terwyl daar verwag word dat die U.W.K. ongeveer 600 gekwalifiseerde hoërskoolonderwysers per jaar moet lewer.[63)]

Hierdie uitdaging stel besonder dringende eise aan onderwys= leiers en veral aan die onderwyserskorps sonder wie geen onderwysstelsel kan funksioneer nie. Die standaard van diens= lewering in die onderwys word bepaal deur die kwaliteit van die persoon wat vir die opleiding gewerf word en die kwaliteit van die opleiding wat hy ondergaan (aanvanklike en indiensopleiding).

In die verslag word John Turner[64)] en dr. Gerrit Viljoen[65)] aangehaal in hulle besluit dat onderwysersopleiding deel van die onderwysersvoorsiening binne 'n bepaalde staatsbestel moet wees. "Dis maklik om verre ideologieë wat 'n Utopia sal waar= borg, op te tower wanneer daar politiek gepraat word. Evolusie is egter die enigste weg tot 'n Utopia. Dis in die versnelling en die moontlik maak van die evolusionêre proses dat die onderwys 'n groot rol te speel het". Gevolglik sou dit net dwaasheid wees om 'n onderwysersopleidingstruktuur te voorsien wat volgens alle verklaarde beleids- en ander stukke, nie binne die Staatsbestel akkommodeerbaar is nie.[66)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

VOETNOOT LYS - HOOFSTUK IV.

1. Education for Life, p.4.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Verslag 1981 - 1982.
5. Ibid., en Education for Life, p.5.
6. Education for Life, p.5.
7. Ibid., pp. 4,5,.
8. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Verslag, 1981/82 (R.P. 31/83)
9. Education for Life, p.5.
10. Ibid. p.6.
11. Ibid.
12. Ibid.
13. Ibid.
14. Ibid. p.7.
15. Ibid.
16. Ibid.
17. Ibid.
18. Inligting verkry van die Departement van Onderwys.
19. Ibid.
20. Education for Life, p.10.
21. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede: Jaarverslag 1981 - 1982 (R.P. 31/83)
22. Ibid.
23. Ibid.
24. Education for Life, p.43.
25. Ibid., p.12.
26. Ibid.
27. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede: Jaarverslae, 1965, 1970, 1974 1981, 1982.
28. Vir 'n volledige tabel van personeelvoorsiening aan primêre skole, sien Bylae J.
29. Sien Bylae K, , junior sekondêre skool, personeelvoorsiening.
30. Vergelyk Bylae L.
31. Ibid.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

32. Theron, E., en Du Toit, J.B.: Kortbegrip van die Theronverslag, p.1.
33. Die ontstaan en groei van skole in die ander provinsies word kortliks bespreek in die Verslag.
34. Theron, E., en Du Toit, J.B.: Kortbegrip van die Theronverslag.
35. Die Theronverslag, Tabel 8.10, p.171.
36. Ibid., Tabel 8.11, p.172.
37. Ibid., aanbeveling 72.
38. Ibid., p.170. 'n Tabel word gegee wat die geletterdheidspeil van Kleurlinge en blankes van 6 jaar en ouer aandui, soos in 1970.
39. Theron, E., en Du Toit, J.B.: Kortbegrip....., pp. 30 - 31.
40. Ibid., pp. 32 - 35.
41. In 1968 is slegs 36 S.O.Diplomas toegeken en in 1974 is net 68 S.O.Diplomas toegeken, waarvan 17 nie-gegradueerd.
42. Vergelyk Tabel IX , in Hoofstuk III.
43. Theronverslag, Aanbeveling 89.
44. Theron, E., en Du Toit, J.B.: Kortbegrip....., p.37. Vergelyk ook P.P. Kirstein: Die aard en omvang van ....., pp. 63, 64.
45. Theron, E., en Du Toit, J.B.: Kortbegrip ...., p.37.
46. Ibid., p.36.
47. Die Theronverslag, Aanbevelings 93 - 97.
48. Eie beklemtoning.
49. Eie beklemtoning.
50. Theron, E., en Du Toit, J.B.: Kortbegrip...., pp. 39, 40.
51. R.G.N. Werwing en Opleiding van Onderwysers, p.7.
52. Ibid.
53. Ibid., p.8.
54. Ibid.
55. Ibid.
56. De Lange Verslag en Verslag, 1980 (Dept. van Binnelandse Aangeleenthede).
57. Alle inligting oor die "De Lange verslag" is verkry uit die publi= kasie: Werwing en opleiding van onderwysers, deur die Verslag van die Werkkomitee, no. 13, van 1981, uitgegee deur die R.G.N.
58. Werwing en opleiding van onderwysers, R.G.N. verslag, p.106.
59. Volgens 'n woordvoerder van die Departement van Onderwys, onderhoud 21.9.1983.
60. Education for Life (Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, p.44.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

61. Ibid.

62. Inligting verkry van die Departement van Onderwys.

63. Ibid. Onderhoud 21.9.1983.

64. Teacher Education in Predominantly rural Countries

65. Minister van Nasionale Opvoeding.

66. Werwing en opleiding van onderwysers, R.G.N., p.117.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK V.

## SAMEVATTING EN RIGLYNE.

### 5.1. AANLOOP.

Hierdie studie is voltooi tydens die verskyning van die Regering se "Witskrif oor die verskaffing van Onderwys in Suid-Afrika".[1] Dit word gestel "dat dit die Regering groot erns is om te streef na 'n bestel waar alle agterstande en ongelykhede in die onderwys van al die rasse uitgewis word." [2] Dit is 'n lofwaardige doel= stelling en besonder insiggewend, en vir hierdie studie van besondere betekenis. Dat daar wel "agterstande en ongelykhede" in die onderwys van hierdie besondere volksgroep bestaan, blyk duidelik uit die pas voltooide navorsing.

Daar word aangevoer dat daar vir die Bruinmense 'n totaal nuwe bedeling in die witskrif in vooruitsig gestel word, al bestaan daar ook enkele bedenkinge.[3] Feit bly egter dat die nodige masjinerie in werking gestel is om die knelpunte uit die weg te ruim. Die belangrikste knelpunte is in hierdie studie duidelik blootgelê.

Die bepaalde onderwysdepartement waaroor hierdie studie gaan, het gegroei van 'n eenvoudige slaweskooltjie, wat in 1658 gedurende die tyd van die volksplanter, Jan van Riebeeck, begin is om die slawe touwys te maak in Hollands en die basiese beginsels van die Chris= telike geloof, en het gegroei tot 'n volwaardige onderwysdepartement. Hierdie Departement het vir baie jare deel uitgemaak van die Kaapse Onderwysdepartement en sedert 1910 onder beheer gestaan van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente. In 1964 het dit 'n eie onafhanklike departement geword. Sedertdien was daar feno= minale groei.

#### 5.1.1. Onderwysersopleiding.

Wat die opleiding van onderwysers betref, is bevind dat dit ont= wikkel het vanaf die primitiewe metode van die Sendinggenootskappe, soos dié by Leliefontein en Genadendal, via die kwekelingstelsel tot 'n baie lewensvatbare stelsel van onderwysersopleiding deur

http://etd.uwc.ac.za/

opleidingskolleges, technikons en universiteite.

Om te verseker dat die opleiding volgens die vereiste nasionale standaard geskied, word daar altyd gestrewe om te voldoen aan die vereistes van die Kriteria vir die evaluering van Suid-Afrikaanse Kwalifikasies vir Indiensneming in die Onderwys.

5.1.2. Groei in Skoolbevolking.

Statistiek toon die snelle aanwas van die skoolbevolking, veral gedurende die afgelope 20 jaar. Hieruit vloei belangrike impli= kasies, bv. die groter aanvraag om skoolgeboue en ander akkommo= dasie, die groter vraag na meer en beter onderwys, die verhoogde onderwysersopleidingsprogramme en tersiêre onderwys.

Dit het gelei tot besondere vraagstukke. Een van die dringendste probleme waarvan kennis geneem is, is die kwessie van onvoldoende gekwalifiseerde onderwysers.

Daar is bewys dat daar nie veel skort wat die onderwyser-leerling-verhouding betref nie, maar dat die werklike probleem in primêre en sekondêre skole daarin lê dat so 'n groot persentasie onderwysers onvoldoende gekwalifiseerd is. Hierdie probleem is heelwat meer akuut by hoërskole as in die primêre skole.

'n Verdere vraagstuk is die kwessie van erosie van die skoolbevol= king. Beide die Theron- en die De Lange-verslae beskou dit as 'n netelige kwessie. Daar word pertinent gewys op die hoë voorkoms van druiping, uitsakking, gedurende die skooljaar en te vroeë skool= verlating, veral na standerds 5, 6 en 7. Hoofoorsaak hiervan is die sosio-ekonomiese toestande van dié besondere bevolkingsgroep.

Dit blyk ook dat skole nie altyd kon tredhou met die aanvraag nie, dat daar veral akkommodasieprobleme ontstaan het en dat dit gelei het tot dubbelskofonderwys, wat nie bevorderlik is vir bevredigende en doeltreffende onderwys nie.

Daar is bevind dat daar wel tot op die ouderdom van 16 jaar skoolplig bestaan, maar die probleem bestaan dat dit tot nog toe nie behoorlik toegepas kon word nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Na aanleiding van bogenoemde kan dan enkele gevolgtrekkings gemaak word.

Die fasiliteite het nie tred gehou met die eise wat ontstaan het as gevolg van die snelle groei in leerlinggetalle nie, asook met die gevolglike groter eise aan meer onderwysers nie. Een van die direkte gevolge was die instelling van dubbelskofte, wat, alhoewel dit die behoefte help verlig het, nie die atmosfeer skep vir ideale onderwystoestande nie.

Die geweldige toename in die skoolbevolking en veral die snelle toename in die hoërskoolgetalle het daartoe bygedra dat daar nie bygebly kon word wat die opleiding van onderwysers betref nie. Pogings om onderwyservoorsiening te versnel, het wel die tekort help verlig, maar het daartoe bygedra dat 'n groot persentasie onderwysers nie behoorlik genoeg gekwalifiseer is vir dié soort onderwys wat hulle moes gee nie.

Daar bestaan dus 'n groot tekort aan voldoende gekwalifiseerde mense om die topposte in die onderwys te vul, nl. die inspekteurs, vakadviseurs, beplanners, hoofde, ens., en sou hierdie poste gevul kon word, dan is dit moeilik om die poste wat hierdie mense beklee het, te vul.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 5.2 AANBEVELINGS.

Dit sal nie gerade wees om in hierdie stadium, tydens die verskyning van die Witskrif en al die implikasies daarvan, met bepaalde aan=bevelings voor die dag te kom nie. Uit hierdie navorsing het dit egter geblyk dat daar enkele knelpunte bestaan wat, in die lig van die nuwe onderwysbedeling, dringende aandag vereis.

### 5.2.1. Die skoolopset.

Wat die skoolopset betref, sal daar baie meer indringend gekyk moet word na beplanning van geboue, laboratoria, vaklokale, en algemene fasiliteite.

http://etd.uwc.ac.za/

As gevolg van die hoë druipsyfer sal daar indringend gekyk moet word na die leerplanne. Dit is 'n ope vraag of die leerplanne werklik gerig is op die behoeftes van hierdie bepaalde samelewing in die besonder en die land as geheel. Die vraag is of die skool nie te akademies is nie. Dit is beslis nie prakties genoeg nie. Die tyd het moontlik aangebreek dat daar meer klem laat val word op tegnies gerigte skole i.p.v. suiwer akademiese skole.

5.2.2. Personeelvoorsiening.

Die opleiding en voorsiening van onderwysers moet aansluit by die volgende drie determinante en dit verder uitbou tot volle verwerk= liking: (a) die individuele leerling se bekwaamheid, aanleg en belangstelling; (b) die behoeftes, aspirasies en voorkeure van die gemeenskap waarin die leerling hom bevind, en (c) die land se behoeftes, die geleenthede wat dit sy inwoners bied en die toekoms moontlikhede wat opgesluit is in sy potensiaal op landboukundige, industriële, tegnologiese en ander gebiede.

Hierdie uitdaging stel besondere eise aan onderwysleiers en veral aan die onderwyskorps sonder wie geen onderwysstelsel kan funk= sioneer nie. Die standaard van dienslewering in die onderwys word bepaal deur die kwaliteit van die opleiding wat hy ondergaan om van hom 'n deeglike opvoeder te maak (aanvanklike en indiens-op= leiding). Aanbevelings oor onderwysersvoorsiening moet dus in hierdie lig gesien word en daar moet koördinering wees met ander opleidingsinrigtings.[4)]

Werwing en keuring van onderwysstudente moet wetenskaplik gefun= deerd wees. Akademiese bedrewenheid en prestasie moet nie die enigste maatstaf wees nie: daar is persoonlikheidseienskappe wat van die onderwyser 'n persoon maak met wie die kind hom graag sal identifiseer.

Daar moet vroegtydig met werwing vir die onderwys begin word - dus reeds in die skool. Besielende onderwysers moet deur hulle woord, optrede en voorbeeldstelling, leerlinge vir die onderwys wen.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Om die werwingsprogram te bevorder moet:

(i) aantreklike diensvoorwaardes saam met mededingende en pro=fessioneel-verantwoordbare salarisse aangebied word;

(ii) onderwysers <u>meer positief</u> ingestel wees teenoor die onder=wysprofessie en

(iii) persone in die onderwys van 'n hoë kwaliteit wees en so 'n beeld na buite stel wat sy professie tot eer strek.

Die positiewe aspekte verbonde aan die onderwys as 'n loopbaan moet volledig deur geskikte persone by skole aan leerlinge beklem=toon word, en daar moet gepoog word om mense te kanaliseer in dié rigtings waarin daar spesifieke behoeftes bestaan.[5)] Ook behoort daar 'n voltydse persoon(e) aangestel te word om werwing te doen, om "die onderwys te verkoop".[6)] Beter diensvoorwaardes kan ook 'n verpligte mediese skema insluit, en nie opsionele deelname soos tans nie.

5.2.3. <u>Opleidingsgeriewe</u>.

Wat opleidingsinrigtings betref, is dit so dat die bestaande inrig=tings oorvol is. Daar moet onmiddellike aandag aan toekomstige behoeftes geskenk word. Ten spyte van ekonomiese druk mag daar nooit bespaar word ten koste van onderwys nie - dit is 'n kortsig=tige beleid.

5.2.4. <u>Kwaliteit van onderwysers</u>.

Dit hoort eintlik onder keuring. Maar dit is juis die probleem, nl. dat daar nie genoeg studente hulle aanbied vir die onderwys nie en so kan daar nie behoorlik "gesif" word nie. Gepaardgaande hiermee is die probleem van onderwyserstekort. Skoolhoofde van sekondêre skole sien uit na die dag wanneer die beste aansoeker uit 'n lang lys aangestel kan word, wanneer daar dus "kompetisie" sal wees.[7)]

5.2.5. <u>Skaars vakke</u>.

Daar bestaan 'n ooraanbod in vakke soos Geskiedenis, Afrikaans en Sielkunde, teenoor die "skaars vakke" soos Wiskunde, Algemene

http://etd.uwc.ac.za/

Wetenskap, Engels en Handelsvakke. Hoër salarisse om mense te trek, sal baie probleme veroorsaak. Maar wat van 'n bonus betaal aan onderwysers in die skaars vakke?

By werwing moet voornemende studente gemotiveer word en gekanali= seer word na die wetenskappe.

5.2.6. Matrikulasievrystelling.

Dit is tyd dat die kriteria vir matrikulasievrystelling weer van nader bekyk word. Is sekere verpligte vakke vir matrikulasie= vrystelling wel noodsaaklik? - al gaan die student nie daardie vakke op universiteit loop nie? Baie leerlinge slaag matriek maar gaan om die een of ander rede nie universiteit toe nie. Moet daar nie na 'n meer praktiese oplossing gesoek word nie? Die kind met 'n goeie standerd 10-gemiddelde behoort na die universiteit te gaan, afgesien van sy vakke.

5.2.7. Akademiese opleiding.

Laat daar weer gekyk word na die student aan die universiteit se akademiese opleiding vir sy graad. Is dit werklik nodig vir twee derdejaarsvakke? Waarom nie eerder een derdejaarsvak en twee of selfs drie tweedejaarsvakke nie? Meer skoolgerigte vakke, selfs op tweedejaarsvlak, maak hom meer bruikbaar vir die onderwys.

Bestaan daar genoeg koördinering tussen opstellers van hoërskool= kursusse en die universiteite oor opleidingskursusse? Is dit nodig dat die student-onderwyser vir 'n B.Sc.-kursus bv. dieselfde Wiskunde moet loop as die voornemende geoloog, die chemikus, die fisikus, die plofstofdeskundige en die ingenieur?

In plaas van te akademies gerig, moet die opleidingskursusse nie meer professioneel-gerig wees nie?

5.2.8. Die U.W.K. - fakulteit Opvoedkunde.

Volgens die statistiek is daar 'n sterk toename in onderwysstudente-getalle.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Dit is egter onmoontlik om onderwysers op te lei waar daar 200 en meer studente in een lokaal sit. Prof. Johan Matthee van Stellenbosch vra in 'n skrywe getiteld "Hooggeskooldes: kan ons hulle goed oplei?" dié vraag: "Is dit billik dat 12 dosente bykans 2 000 voor- en nagraadse studente in uiteenlopende spesia= liseringsrigtings hanteer, met gevolglike minimum persoonlike aandag en ooreenkomstige slaagpersentasie?" [8] Daar is reeds ge= pleit vir 'n meer praktiese opleiding van onderwysers. Dis ook 'n professionele opleiding soos vir tandartse. Daar moet individuele aandag aan elke student bestee kan word vir beter praktiese vorming.

Die U.W.K. het reeds begin met 'n hersiene opleidingsprogram vir B.Ed.-studente. Dit bestaan uit modules wat per semester afgehandel word. Dit sal kleiner klasse beteken. Daar is verder ook nage= noeg 35 M.Ed. en D.Ed.-studente.

Daar word dus aanbeveel dat die universiteitsraad die personeel= voorsiening aan die fakulteit opvoedkunde indringend bestudeer. Die onderverdeling van groot klasgroepe in kleiner groepe sal moet lei tot die aanstelling van meer dosente om 'n beter dosent-student verhouding teweeg te bring.

Daar moet ook ernstig gedink word aan die oprigting van 'n doelmatige opvoedkundegebou by die U.W.K. waarin voorsiening gemaak word vir mikro-onderwys, 'n taallaboratorium, module-onderwys (groeponderwys) en selfs 'n metodiek-laboratorium vir wetenskap onderwysers. Dit moet dus lei tot beter intensiewe opleidingsprogramme.

<u>Proefonderwys</u>. Die K.P.O. beveel aan dat die tyd wat aan praktiese onderwys bestee word (gedurende onderwysersopleiding), aansienlik uitgebrei en verleng moet word sodat die student meer geleentheid gegun word om teorie en praktyk bymekaar te bring, want opvoed= kundige teorie sonder voldoende onderwyspraktyk, is soos 'n ontlig= gaamde gees wat in die ruimte sweef. [9]

Vanaf die tweede opleidingsjaar behoort studente sporadies aan praktiese onderwys onderwerp te word om hulle ten volle vir die praktyk toe te rus.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Professionele onderwys van gegradueerdes behoort hand aan hand te gaan oor die hele vier jaar, m.a.w. groter integrasie van akademiese inhoud en professionele leiding.

Die onderrigmetodes by opleidinginstansies moet by die tyds- en werklikheidsomstandighede aangepas word. Studente moet 'n meer aktiewe deelname aan hul opleiding gebied word.[10)]

5.2.9. Gesindheid en professionele trots.

Hierdie "ingesteldheid van die onderwyser teenoor sy beroep", sy gesindheid en professionele trots, moet reeds op kollege en uni= versiteit by die student ingeskerp word. Die jong onderwyser moet gelei word tot arbeidstrots en arbeidsvreugde. Hy moet roepings= bewus wees.

Dit word dus aanbeveel dat kolleges en universiteite dit deel maak van hulle opleidingsprogram. Dit word ook aanbeveel dat die onder= wysersverenigings dit inskerp by hulle lede; dat inspekteurs as spreekbuise van die departement, vakadviseurs en skoolhoofde help om die regte gesindheid en professionele trots by die onderwys= korps te kweek en uit te bou.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

5.2.10 Ten slotte.

In gesprekke met die eerste en die huidige rektore van die U.W.K., is hulle siening van enkele sake gevra:

Enkele gesigspunte van twee rektore.

Op 'n vraag oor die doel van die U.W.K. was prof. Meiring, die eerste rektor, se mening dat daar 'n baie duidelike doel is. Die Kleurlingbevolking is 'n deel van die Suid-Afrikaanse bevolking wat 'n behoefte aan ontwikkeling het, aan vorming van mense wat 'n be= hoefte daaraan het om hulle eie mense te help. Hy sien die tot= standkoming van die U.W.K. in die lig van wat die ou Victoria Kollege (later U.S.) vir die Afrikaner gedoen het. Na die Anglo-Boereoorlog was die Afrikaner verarm en verneder. Die Victoria-kollege het die potensiële leiers die geleentheid gegee om hulle te bekwaam, akademies te bekwaam, maar ook in die gemoed te bekwaam, vandaar dat sulke

http://etd.uwc.ac.za/

pragtige leiers daar afstudeer het. Dit het prof. Meiring telkemale aan die U.K.W.K. by studente en personeel probeer tuisbring.

'n Tweede doel is dat daar altyd behoefte is aan tersiêre onderwys in enige land, en daar sal altyd meer nodig wees. Dit staan te betwyfel of Kleurlingstudente wat voor 1960 na ander universiteite gegaan het, werklik die nodige aandag gekry het; is hulle nie maar dikwels afgeskeep nie? Daarom was 'n universiteit wat eintlik ge=roepe is om sy eie mense te dien 'n noodsaaklikheid.

Vir prof. Van der Ross, die huidige rektor, lê die taak van die U.W.K. daarin dat die Universiteit in die eerste plek al die dinge moet doen wat van 'n universiteit verwag word. Dit moet op 'n vlak beweeg dat studente wat hier afstudeer, kan saampraat met die student wat by Stellenbosch, Wits, U.K., ja, Oxford en Cambridge afstudeer het. Hy moet die taal van sy vak ken, hy moet goeie basiese opleiding hê in daardie vak, hy moet intelligent optree in sy dissipline - alles kom onder die naam handhawing van standaarde.

'n Besondere taak aan die U.W.K. opgedra is dat hy moet begin met 'n voedingsbron wat nie in die gewone sin universiteitsmateriaal is nie, oorhoofs gesien. Daar is die uitsonderings. Die gewone of gemiddelde eerstejaarstudent kom na die U.W.K. met 'n baie karige agtergrond, ekonomies, kultureel (lg. sluit feitlik alles in). Sy huislike agtergrond is meestal karig, 90 tot 95% van voorgraadse studente is eerste generasie universiteitstudente - daar is nie 'n pa of oupa wat voor hulle aan die U.W.K. (of ander universiteit) was nie. Hulle bring geen tradisie van 'n universiteit saam met hulle nie. Hulle weet nie wat daar aangaan nie, want daar is nie 'n pa wat ondervinding gehad het nie. Dit bring probleme vir die student en die universiteit, want die sprong wat in een generasie gemaak moet word is geweldig.

'n Universiteit is 'n "elitist"inrigting, dis vir 'n klompie uitge=soekte mense, mense wat deur 'n lang siftingsproses gegaan het. Engeland en Europa sukkel om klasseverdeling minder skerp te maak deur die werkersklas uit te lig, tog is vandag nie meer as 8%

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

universiteitstudente uit die arbeidsklas nie, die res is middel= klas. Maar die U.W.K. gooi dit heeltemal oop; dis "township" lewe, armes waar die standaarde baie laag is, plaasarbeiders, kleindorpie, van oor die hele land en dan moet daardie man in een generasie, binne 4 tot 5 jaar, universiteitsopgevoed word. Die U.W.K. doen iets vir die land wat geeneen van die ander uni= versiteite kan of kon doen nie. Die U.W.K. is tog besig om iets te ontgin uit groepe wat dalk nog 'n honderd jaar sou moes gewag het as hulle langs die gewone weg sou moes gegaan het. As rektor is hy trots op wat oud-studente van die U.W.K. alreeds dwarsoor die land presteer.

Hy sien dan die U.W.K. as 'n inrigting wat hom rig op die werkers= klas, op ontwikkelende mense, in die sin dat hulle probleme geïden= tifiseer moet word, hulle moet bewus gemaak word van hulle posisie, van die tipe van agterstand en die wyse waarop daardie agterstand homself manifesteer, en wat gedoen kan word in terme van begrip, in terme van tegnieke, in terme van leiding, om daardie mense dan op die bes moontlike en spoedig op die peil te bring. "Jy moet jou rig tot die derde wêreld om hulle te lei na die eerste wêreld". Daar moet gesoek word of daar elemente in die omgewing is wat nie vernietig moet word nie maar bewaar moet word. Anders as die swart stamme soos die Venda, die Xhosa, ens., het die Kleurling nie 'n kultuur van sy eie nie. Hy deel in die blanke se kultuur. Hy is uit en uit 'n westerse mens, maar hy is 'n arm man in die westerse kultuur.

Prof. Van der Ross vergelyk die mense met die arm-blanke van vroeër hierdie eeu, maar dat die "opheffing" van hierdie mense baie vinniger moet geskied as wat vir die arm-blanke nodig was. Die arm-blanke wat uitgestyg het, kon onmiddellik by die politieke opset van sy land inval, die Kleurling kan nog nie. Veral na die wegneem van sekere regte na 1948, het daar 'n geleidelike verset ontstaan, veral by die jonger geslagte - 'n frustrasie wat nie ge= sond was nie maar nie gekeer kon word nie. En dit is die univer= siteit se taak om hier die regte leiding te gee.

Die universiteit moet mense, en dan veral onderwysers, oplei en

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

uitstuur om 'n taak te gaan verrig en nie om by te dra tot probleme in die skool nie. Is daar gemeenskapsprobleme, soos politieke probleme; en daar is geen samelewing sonder sy probleme nie, dan moet die onderwyser daar kan staan en kop hou, sy ewewig behou en die regte leiding gee.

'n Volgende vraag is gestel aan die twee here, nl. oor hoe hulle die toekoms van die U.W.K. sien, Prof Meiring sien dit op 'n tweër= lei wyse;

(1) eerstens, in terme van die doel van die U.W.K., soos hierbo genoem. Dit moet 'n volwaardige universiteit wees wat vir die bruin gemeenskap leiers op al die verskillende terreine sal verskaf, weereens soos die ou Victoria Kollege en die huidige U.S. dit doen; en

(2) die taak van elke universiteit wat die naam universiteit werd is, nl. navorsing. Navorsingstake is reeds vanaf die begin= jare van die U.K.W.K. aangepak.

Prof Van der Ross sien ook die toekoms in die lig van die taak aan die U.W.K. opgedra. Die universiteit ontwikkel pragtig. "Ons moet nou trots wees op die Boskollege (maak dit 'n erenaam). Vroeër was dit deur baie mense verag, omdat "kyk na julle studente, kyk waarvandaan kom hulle" en dergelyke verwyte na die U.W.K. ge= slinger is. Die "elite" se kinders het veral na U.K. gegaan, van= dag nog in baie gevalle. Tog begin die U.W.K. nou studente uit die beste families en die "uitsoek" skole trek.

Dit kan alleen gedoen word as 'n universiteit homself bewys, en dit word gedoen. Oud-studente ontwikkel 'n trots op die ou Alma Mater, daar kom al meer aanvaarding, selfs 'n oud-studente organisasie is gestig. Daar is reeds 9 bruin professore aan die U.W.K., meeste oud-studente. Die B.Ed.-klas van 1983 beloop 150.

Prof. Van der Ross sluit sy toekomsiening af met die woorde: "You've got to win your spurs". Mense moet jou nie jammer kry omdat jy 'n Kleurling is nie, omdat jy 'n agterstand het en jy dus mank-mank gehelp moet word nie. Daar is 'n standaard en jy word gemeet teen daardie standaard of jy val. Ons is besig om die mense te trek na hierdie kampus, mense van gehalte (as dosente) en dan sal die studente kom, want "ek wil onder hierdie man studeer".

http://etd.uwc.ac.za/

Dit is reeds so in die meeste departemente en veral in die Fakulteit Opvoedkunde.

Op die vraag oor "oop universiteite" het prof. Meiring dit gestel dat hy nie teen die beginsel is nie, maar dat hy dit baie prag=maties benader. As 'n student aan 'n sekere universiteit wil studeer omdat hy graag 'aan die voete' van 'n spesifieke leer=meester wil studeer, omdat hy daardeur sy voorgenome taak beter sal kan verrig, dan moet hy die geleentheid gegun word. Maar prof. Meiring wil nie graag sien dat dit 'n algemene gebruik word nie, want dit is nie nodig nie. Stellenbosch is die "Afrikaner" universiteit, Kaapstad die Engelse universiteit, Potchefstroom die "Dopper" universiteit en U.W.K. die Kleurling universiteit. Maar studente moet toegelaat word om aan ander universiteite te kan studeer, indien hulle redes daarvoor het.

Prof. Van der Ross glo dat almal sal vra dat 'n universiteit "oop" moet wees, dit gaan om bedinging, amper soos water wat sy eie vlak vind, dit sal weet waarheen dit wil. Die student sal weet wat hy wil hê, waar die leermeesters is, die geriewe wat hy wil hê, navorsing wat hy soek, en daarom moet dit "oop" gelaat word. Die regering moet nie inmeng nie, laat die besluite by die universi=teitsowerhede berus. Met die kwotastelsel het die regering hom=self beskerm deur die onus op die universiteit self te plaas, want "universiteite moet so hulle karakter behou".

Die huidige rektor glo verder dat "oop" universiteite baie geld sal bespaar weens minder duplisering maar hy glo ook dat die U.W.K. oor 24 jaar reeds sy eie karakter uitgebou het. Hy is oorhoofs vir die Kleurling, soos Stellenbosch vir die Afrikaner, en hy sal so bly en hy sal 'n goeie gehalte handhaaf, en daarby kan hy dan sy blankes, sy swartes en sy Indiërs kry, en so die nodige "meng" van ons mense wat tog so noodsaaklik is. Op hierdie manier word 'n "oop" universiteit werklik 'n universiteit op daardie universele sin.

Oor die toekomstige uitbreiding sê prof. Van der Ross dat 'n mediese fakulteit vir die U.W.K. reeds in 1974 deur die Kabinet goedgekeur is, maar dat finansies en veral die opleidingshospitaal vir die fakulteit nog 'n haakplek is. Op 'n vraag oor 'n fakulteit van Vee=

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

artsenykunde was prof. Van der Ross se antwoord dat Kleurling= studente wel toegelaat mag word by Onderstepoort, maar dat 3 anderskleurige studente nie in dieselfde bus saam met ander studente na Onderstepoort mag ry nie, alhoewel hulle saam studeer. Daar is dus nog gevalle van die een deur oopmaak maar 'n ander deur toemaak.[11)]

Opvallend is die ooreenkoms in dié twee here se siening oor die toekomstaak van die Universiteit, naamlik om die nodige leiers, op alle terreine, vir die toekoms te voorsien. Alles dui dus op een ding: die sleutelrol wat die onderwys moet vervul in die voor= siening van behoorlik opgeleide mense, nie net met grade en diplo= mas nie, maar met insig en doelgerigtheid, om leiding te gee in die uitbou van 'n beter bedeling vir alle mense. Die antwoord op al die vraagstukke is eenvoudig: beter en doeltreffende onderwys.

Daar bestaan baie uitsprake oor die kardinale betekenis van die onderwys. Arendt stel dit soos volg:
"Education is the point at which we decide whether we love the world enough to assume responsibility for it and by the same token save it from that ruin which, except for renewal, except for the coming of the new and young, would be inevitable. And education, too, is where we decide whether we love our children enough to expel them from our world and leave them to their own devices, nor to strike from their hands their chance of making something new, something unforseen, by us, but to prepare them in advance for the task of renewing a common world." [12)]

Dit is 'n besonder insiggewende uitspraak hierdie. Dit gaan om meer as slegs die oordra van feite (datums, formules, begrippe) maar om "the task of renewing a common world". Dis inderdaad 'n formidabele opdrag. Vir die ware onderwyser is daar altyd die verborge leerplan ("hidden curriculum") - daardie dinge wat nie op sy werkstaat en amptelike opdrag staan nie: die ervare meester wat kinders help opvoed tot afgeronde, volwasse mense.

In aansluiting hierbo gee ons die siening van iemand wat jare lank in die onderwys gestaan het: "I have taught in high school for twenty years. During that time I have given assignments, among

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

others, to a murderer, an evangelist, a pugilist, a thief and an imbecile.

The murderer was a quiet little boy who sat on the front seat and regarded me with pale blue eyes; the evangelist, easily the most popular boy in the school, had the lead in the junior play; the pugilist lounged by the window and let loose at intervals a raucous laugh; the thief was a gay-hearted Lothario with a song on his lips; and the imbecile a soft-eyed little animal seeking the shadows.

The murderer awaits death in the State Penitentiary; the evangelist has lain a year in the village churchyard; the pugilist lost an eye in a brawl in Hong Kong; the thief, standing on tiptoe, can see the windows of my room from his county jail; and the once gentle-eyed little moron beats his head against a padded wall in the State asylum.

All of these pupils once sat in my room, sat and looked at me grave= ly across worn brown desks. I must have been a great help to those pupils - I taught them the rhyming scheme of the Elizabethan sonnet and how to diagram a complex sentence." 13)

Feit is in dié geval dat die onderwyser twintig jaar lank wel die werk gedoen het waarvoor hy betaal is: hy het die beginsels van die letterkunde aan die leerlinge oorgedra, maar daardie dinge wat die gewone onderwyser van die <u>ware</u> leermeester onderskei, het ont= breek.

Uit bostaande stelling skyn dit of daar onderskei kan word tussen onderwysers en onderwysers, tussen gewone onderwysers en leermees= ters, en dit is inderdaad die geval. Daar is - ongelukkig, welis= waar - die onderwyser wat voel dat as hy elke dag getrou volgens sy werkskema die jaar se werk afhandel, hy sy taak afgehandel het. Dit kom dan neer op die oordra van kennis en voorbereiding vir die eksamen en niks meer as dit nie.

Volgens die letter van die wet het hy "sy kant gebring", en indien hy dit korrek en volledig afgehandel het, verdien hy krediet daar= voor. Dit op sigself is lofwaardig.

http://etd.uwc.ac.za/

Daarteenoor is daar die ware onderwyser, die leermeester, wat homself sien as 'n sleutelfiguur in die kind se ontwikkeling: dit gaan vir hom om meer as boekekennis, as feite en datums en formu= les, maar om iets wat groter as hyself is, naamlik die toekoms van 'n mens, die toekoms van 'n nasie.

'n Man loop een oggend by 'n perseel verby waar 'n groot gebou aan die verrys is. Hy vra 'n werker waarmee hy besig is, en dié ant= woord: "Meneer, ek dra stene aan". Hy vra 'n tweede werker die= selfde vraag en kry die antwoord: "Meneer, ek maak dagha aan". Die derde werker se antwoord op dieselfde vraag was: "Meneer, ons bou 'n kerk". 14)

Die ware leermeester vergeet nooit dat hy wel elke dag moontlik stene aandra nie, maar buite en bowe alles onthou hy dat hy besig is om 'n kerk te bou. En dit is wat van hom 'n groot opvoeder maak.

In die onderwysprofessie het ons steendraers en kerkbouers. In die lesingsale van die inrigtings wat onderwysers oplei, sit 'n groot skare aspirant-onderwysers wat uiteindelik in een van die twee kaders hierbo genoem, ingedeel sal kan word. Hierdie feit plaas die dosent aan die opleidingsinrigting in die spervuur. Hy het voor hom in die lesingsaal 'n aantal persone wat aan die toe= latingsvereistes vir onderwysersopleiding beantwoord en op 'n baie lukraak en konserwatiewe wyse, veral in die skool,"gekeur" is. Hy het nagenoeg geen seggenskap oor wie uiteindelik tot sy lesings toegelaat word en wat die kwaliteit van die voornemende onderwysers is nie; tog word daar van hom verwag om onderwysers op te lei, en goeie onderwysers boonop.

Dit spreek vanself dat die dosent se taak nie 'n maklike een is nie, Hy is maar te bewus van die skole waar daar 'n nypende tekort aan behoorlik gekwalifiseerde onderwysers bestaan, veral aan die hoër= skole, en met die materiaal tot sy beskikking moet hy so goed as wat moontlik is voorsien. Dit behels nie slegs die daarstelling van 'n suiwer akademiese basis nie, maar ook die vertroudmaking van die student met die praktiese komponent (die klaskamersituasie) van sy toekomstaak. Uit die aard van die saak beteken dit dat die dosent self nie alleen deeglik onderlê moet wees nie, maar ook dat hy uit eie ondervinding in die skool in staat moet wees om die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

aspirant-onderwyser in te lei in die werklikhede van sy professie.

Saam met die oordra van akademiese en professionele kennis, is daar egter één aspek van onderwysersopleiding wat nooit uit die oog verloor mag word nie, naamlik die daarstelling van 'n bepaalde gesindheid teenoor die professie. Dit is 'n aspek van opleiding wat nie maklik gedefinieer kan word nie maar ook nie onderskat mag word nie: die gesindheid waarmee die jong onderwyser tot die pro= fessie toetree. Die "regte" gesindheid - hoe moeilik formuleerbaar ook al - is 'n basiese vereiste vir werklike opvoeding in die klas= kamer. Dit is slegs die teenwoordigheid van 'n positiewe gesindheid, wat seker ook die nodige geesdrif insluit, wat die onderwyser sal help om die daaglikse sleurwerk wat sy deel is (nasienwerk, punte= state, registers, werkskemas) die hoof te bied. Hy is besig met 'n moeite-werd taak en hierdie idealisme "counterbalances all the drudgery, the heart-aches and sacrifices which are part of the teaching profession".[15)]

Dit is dus vanselfsprekend dat die jong onderwyser sy toekomstaak op die regte wyse sal benader, maar hoe daardie gesindheid tydens sy studentedae aangekweek kan word, is 'n moeilike aangeleentheid. Weer eens lê die antwoord in die dosent self. Indien die dosent oor die nodige geesdrif vir die professie beskik, kan die studente nie anders as om die geesdrif raak te sien nie. Daar word aangevoer geesdrif baar geesdrif en dit is seker ook van toepassing in die lesingkamer. Indien die dosent daarin kan slaag om die studente te inspireer, hulle lus te maak om skool te hou, het hy veel verrig.

Wat die opleiding van onderwysers vir die Departement Binnelandse Aangeleenthede betref, toon hierdie studie dat dit in alle opsigte 'n uitsonderlike aangeleentheid is. In die eerste plek word die hoërskoolonderwysers byna uitsluitlik aan 'n enkele inrigting, die U.W.K., opgelei en dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op dié inrigting. In die tweede plek bevind die volksgroep wat hy bedien hom in 'n besonder ingewikkelde tydsgewrig. Daar is sprake van 'n totaal nuwe politieke bedeling, en die pas verskene Witskrif oor die onderwys hou die belofte in van 'n ongekende bloeitydperk in die onderwys. Op die skouers van die onderwyser word 'n baie groot verantwoordelikheid geplaas: om dit alles wat in die voor=

http://etd.uwc.ac.za/

uitsig gestel word 'n werklikheid te maak. Of die onderwyskorps opgewasse is vir die taak, sal die toekoms bewys.

Die U.W.K. het in die nagenoeg 25 jaar van sy bestaan ongeveer 2 000 onderwysers vir die hoërskole gelewer. Baie meer duisende sal in die toekoms opgelei word. Daar wag 'n groot taak op die Universiteit en veral die Fakulteit Opvoedkunde. Daar is reeds veel bereik in die verlede en daar word met groot verwagting na die toekoms gekyk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

VOETNOOT LYS - HOOFSTUK V.

1. Die Burger, 24 November 1983 en S.A.U.K.-T.V.I.-Nuusbulletin, 23-11-1983.
2. Hoofartikel, Die Burger, 24-11-1983, p. 26.
3. Vergelyk mnr. Franklik Sonn, S.A.U.K.-T.V.I.-Nuusfokus, 23-11-1983.
4. Werwing en opleiding van Onderwysers, R.G.N. no. 13, p. 107.
5. Ibid.: p.112.
6. Strauss, G.: sekretaris, U.T.A.S.A.
7. Ibid.
8. Die Burger, 3-12-1983, p.14.
9. C.B. Scholtz: Die opleiding van onderwysers, K.P.O. Kongres, 1981.
10. Ibid.
11. Onderhoude gevoer: prof. Meiring, 8-9-1983 en prof. Van der Ross, 19-9-1983.
12. Arendt, H.: Between Past and Future, p.196.
13. Aangehaal in Chicago Schools Journal, XXX, 10 Junie 1949.
14. Kirstein, P.P.: Gesindheid in die Onderwys, Alpha, Mei 1972.
15. Gaston, Edwin W. soos aangehaal deur P.P. Kirstein: Die Gesindheid van ...., p.71.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# BYLAE A.

## UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

## STUDENTEGETALLE

## PER PROVINSIE

| JAAR | TVL | OVS | NATAL | KAAP | S W A |
|---|---|---|---|---|---|
| 1960 | 7 | 2 | 4 | 151 | 2 |
| 1961 | 5 | 4 | 2 | 275 | 2 |
| 1962 | 3 | 3 | 1 | 308 | 5 |
| 1963 | 6 | 4 | 1 | 340 | 10 |
| 1964 | 13 | 3 | 1 | 367 | 7 |
| 1965 | 29 | 6 | 70 | 362 | 8 |
| 1966 | 31 | 6 | 16 | 442 | 13 |
| 1967 | 39 | 8 | 15 | 491 | 15 |
| 1968 | 51 | 8 | 16 | 572 | 18 |
| 1969 | 72 | 9 | 13 | 688 | 23 |
| 1970 | 83 | 4 | 16 | 808 | 25 |
| 1971 | 69 | 6 | 19 | 819 | 23 |
| 1972 | 74 | 18 | 21 | 1 084 | 57 |
| 1973 | 87 | 24 | 33 | 1 356 | 62 |
| 1974 | 139 | 14 | 17 | 1 307 | 58 |
| 1975 | 162 | 20 | 31 | 1 788 | 72 |
| 1976 | 189 | 31 | 47 | 2 179 | 85 |
| 1977 | 196 | 27 | 51 | 2 407 | 63 |
| 1978 | 182 | 20 | 85 | 2 871 | 45 |
| 1979 | 196 | 24 | 89 | 3 221 | 84 |
| 1980 | 232 | 24 | 82 | 3 690 | 125 |
| 1981 | 212 | 25 | 78 | 3 519 | 87 |
| 1982 | 163 | 17 | 41 | 3 737 | 69 |
| 1983 | 213 | 22 | 62 | 4 395 | 84 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## BYLAE B.

## UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

## STUDENTEGETALLE

| JAAR | MANLIK | VROULIK |
|---|---|---|
| 1960 | 157 | 9 |
| 1961 | 268 | 20 |
| 1962 | 282 | 38 |
| 1963 | 316 | 45 |
| 1964 | 358 | 33 |
| 1965 | 362 | 53 |
| 1966 | 391 | 117 |
| 1967 | 433 | 133 |
| 1968 | 150 | 155 |
| 1969 | 624 | 181 |
| 1970 | 661 | 275 |
| 1971 | 718 | 257 |
| 1972 | 938 | 316 |
| 1973 | 1 114 | 458 |
| 1974 | 1 130 | 405 |
| 1975 | 1 546 | 527 |
| 1976 | 1 844 | 687 |
| 1977 | 2 029 | 715 |
| 1978 | 2 381 | 889 |
| 1979 | 2 416 | 1 175 |
| 1980 | 2 911 | 1 242 |
| 1981 | 2 706 | 1 215 |
| 1982 | 2 865 | 1 162 |
| 1983 | 3 234 | 1 542 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## BYLAE C.

## UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

## STUDENTEGETALLE

## PER FAKULTEIT

| JAAR | LETTERE | NATUUR | OPV. | TANDH. | REGTE | TEOL. | EKON. + BEST. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1960 | 88 | 70 | 7 | | - | | 1 |
| 1961 | 184 | 93 | 2 | | - | | 9 |
| 1962 | 49 | 80 | 12 | | - | | 9 |
| 1963 | 218 | 108 | 24 | | - | | 11 |
| 1964 | 197 | 126 | 42 | | - | | 26 |
| 1965 | 213 | 113 | 53 | | - | | 36 |
| 1966 | 246 | 127 | 83 | | - | | 52 |
| 1967 | 301 | 131 | 98 | | - | | 36 |
| 1968 | 387 | 121 | 101 | | - | | 56 |
| 1969 | 435 | 182 | 121 | | - | | 67 |
| 1970 | 410 | 287 | 74 | - | 18 | 10 | 137 |
| 1971 | 442 | 264 | 63 | - | 31 | 6 | 169 |
| 1972 | 658 | 296 | 78 | - | 28 | 10 | 184 |
| 1973 | 889 | 488 | 99 | - | 27 | 36 | 93 |
| 1974 | 858 | 304 | 112 | 25 | 25 | 39 | 172 |
| 1975 | 1 273 | 376 | 154 | 40 | 26 | 21 | 183 |
| 1976 | 1 634 | 370 | 170 | 60 | 47 | 18 | 232 |
| 1977 | 1 728 | 446 | 181 | 84 | 58 | 22 | 225 |
| 1978 | 2 225 | 471 | 171 | 90 | 68 | 25 | 220 |
| 1979 | 2 465 | 474 | 202 | 103 | 64 | 28 | 255 |
| 1980 | 2 643 | 484 | 299 | 120 | 136 | 127 | 353 |
| 1981 | 2 387 | 397 | 357 | 131 | 155 | 141 | 353 |
| 1982 | 2 454 | 461 | 314 | 121 | 194 | 140 | 343 |
| 1983 | 2 796 | 582 | 423 | 115 | 230 | 145 | 485 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## B Y L A E  D.

| FAKULTEIT: OPVOEDKUNDE U.W.K. | 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 | 1967 | 1968 | 1969 | 1970 | 1971 | 1972 | 1973 | 1974 | 1975 | 1976 | 1977 | 1978 | 1979 | 1980 | 1981 | 1982 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S O D | - | 11 | 16 | 8 | 7 | 22 | 13 | 18 | 21 | 14 | 19 | 30 | 51 | 34 | 41 | 68 | 73 | 81 | 11 | 196 | 145 | 879 |
| L S O D | 2 | 10 | 14 | 13 | 17 | 18 | 12 | 10 | 11 | 13 | 14 | 12 | 11 | 13 | 14 | 13 | 13 | 23 | 7 | 95 | 81 | 406 |
| S O D N/G | - | 5 | 3 | 3 | 2 | 6 | 7 | - | 3 | 3 | 4 | 5 | 6 | 3 | 16 | 7 | 14 | 15 | 3 | 28 | 27 | 162 |
| SPES DIPLOMAS | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Verst. Gestr. | - | - | - | - | 7 | 4 | 2 | - | 3 | 6 | 7 | 3 | 3 | 15 | 40 | 21 | 14 | 6 | 11 | 10 | 1 | 153 |
| Kinderleiding | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 9 | 1 | 11 | 11 | 9 | 9 | 50 |
| Dipl. in Verpl. Onderwys | - | - | - | - | - | 8 | 6 | 6 | 6 | 4 | 7 | 7 | 3 | 8 | 8 | 7 | 5 | 6 | 2 | 5 | 8 | 96 |
| B. Ed. | 1 | 1 | - | 1 | 2 | 2 | 3 | 2 | - | 1 | - | 4 | 1 | 6 | 2 | 5 | 6 | 14 | 25 | 43 | 53 | 172 |
| M. Ed. | - | - | - | 1 | - | - | - | 2 | 3 | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 2 | 3 | 13 |
| D. Ed. | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 2 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 7 |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 938 |



http://etd.uwc.ac.za/

# B Y L A E  E.

## AANTAL KLEURLINGSTUDENTE AAN ANDER UNIVERSITEITE, 1982.

| | |
|---|---|
| Universiteit van Kaapstad | 655 |
| Universiteit van die Witwatersrand | 169 |
| Universiteit van Natal | 123 |
| Universiteit van Stellenbosch | 58 |
| Universiteit van Port Elizabeth | 79 |
| Rhodes Universiteit | 60 |
| Randse Afrikaanse Universiteit | 6 |
| Universiteit van Pretoria | 1 |
| Universiteit van Potchefstroom | 2 |
| Universiteit van O.V.S. | 3 |
| TOTAAL | 1 156 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

**B Y L A E  F.**

GETAL LEERKRAGTE IN GEWONE STAAT- EN STAATSONDERSTEUNDE SKOLE

(Uitgesonderd hospitaal-, kinderwet-, privaat- en spesiale skole)

GETAL LEERKRAGTE WAT HOOFSAAKLIK ONDERRIG GEE AAN: (Elke leerkrag word slegs een keer getal)

B - Blanke leerkragte  A - ander leerkragte

| | Sub A - St. 5 | | Aanpassingsklasse | | St. 6 - St. 10 | | Subtotaal | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B | A | B | A | B | A | B | A | B + A |
| Gegradueerd en gediplomeerd | 27 | 1 176 | | 1 | 349 | 1 156 | 376 | 2 333 | 2 709 |
| Gegradueerd (ongediplomeerd) | 7 | 17 | | 1 | 89 | 193 | 96 | 211 | 307 |
| Sen. Sert. + 4 jaar of meer onderwysopleiding | 27 | 201 | | 3 | 64 | 140 | 91 | 344 | 435 |
| Sen. Sert. + 3 jaar onderwysopleiding | 167 | 2 473 | 1 | 13 | 192 | 2 832 | 360 | 5 318 | 5 678 |
| Sen. Sert. + 2 jaar onderwysopleiding | 90 | 2 497 | 1 | 27 | 49 | 950 | 140 | 3 474 | 3 614 |
| Sen. Sert. (ongediplomeerd) | 17 | 625 | | 1 | 16 | 354 | 33 | 980 | 1 013 |
| Jun. Sert. + 2 jaar onderwysopleiding + Sen. Sert. | | 1 139 | | 26 | 1 | 85 | 1 | 1 250 | 1 251 |
| Jun. Sert. + 4 jaar onderwysopleiding | | 106 | | 1 | | 6 | | 113 | 113 |
| Jun. Sert. + 3 jaar onderwysopleiding (J.P.O.S.) | | 2 284 | | 24 | | 53 | | 2 361 | 2 361 |
| Jun. Sert. + 3 jaar onderwysopleiding (L.P.O.S.-spes) | | 1 130 | | 23 | | 72 | | 1 225 | 1 225 |
| Jun. Sert. + 3 jaar onderwysopleiding + Sen. Sert. | | 280 | | 10 | | 30 | | 320 | 320 |
| Jun. Sert. + 2 jaar onderwysopleiding | 1 | 8 992 | | 222 | 1 | 124 | 2 | 9 338 | 9 340 |
| St. 9 + 2 jaar onderwysopleiding (I.P.O.S.) | 1 | 258 | | 1 | | 35 | 1 | 294 | 295 |
| Jun. Sert. (ongediplomeerd) | 6 | 767 | | 3 | | 5 | 6 | 775 | 781 |
| Benede Jun. Sert. (gediplomeerd) | | 126 | | 5 | | 6 | | 137 | 137 |
| Benede Jun. Sert. (ongediplomeerd) | | 93 | | | | 1 | | 94 | 94 |
| Vakleerlingskap + tegniese kwalifikasies en onderwysopleiding | | 1 | | | | 9 | | 10 | 10 |
| Vakleerlingskap + tegniese kwalifikasies | | 1 | | | | 28 | | 29 | 29 |
| Vakleerlingskap | 1 | | | | | | 1 | | 1 |
| TOTAAL | 344 | 22 166 | 2 | 361 | 761 | 6 079 | 1 107 | 28 606 | 29 713 |

LET WEL: Hierdie getalle sluit ook die plaasvervangers in, daarom die verskil tussen die getal poste en die getal bekleërs.

http://etd.uwc.ac.za/

## B Y L A E  G.

Samevatting van getal onderwysers en lektore in onderwysersopleidingskolleges en -skole, senior en junior sekondêre en primêre skole en getal leerlinge en studente (tweede kwartaal 1982)

| Skoolstreek | Opleidingskolleges en -skole | | Senior sekondêre skole | | Junior sekondêre skole | | Primêre skole | | Totale getal onderwysers en lektore | Getal leerlinge en studente |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Staats | Staats= onder= steund | Staats | Staats= onder= steund | Staats | Staats= onder= steund | Staats | Staats= onder= steund | | |
| Beaufort-Wes | - | - | 69 | - | 79 | - | 462 | 148 | 758 | 20 791 |
| Bellville | 77 | - | 1 176 | 13 | 82 | - | 3 782 | 996 | 6 126 | 165 761 |
| Bloemfontein | - | - | 50 | - | 27 | - | 380 | 2 | 459 | 12 802 |
| Durban | 25 | - | 359 | 38 | - | - | 686 | 72 | 1 180 | 28 841 |
| George | 30 | - | 272 | - | 24 | - | 900 | 965 | 2 191 | 56 753 |
| Johannesburg | 31 | - | 510 | - | 70 | - | 1 307 | 9 | 1 927 | 58 076 |
| Kimberley | 43 | - | 213 | - | - | - | 839 | 290 | 1 385 | 38 252 |
| Oos-Londen | - | - | 109 | - | - | - | 328 | 127 | 564 | 15 100 |
| Port Elizabeth | 57 | - | 569 | 31 | 14 | 7 | 1 653 | 728 | 3 059 | 81 798 |
| Springbok | - | - | 144 | - | - | - | 329 | 698 | 1 171 | 31 021 |
| Upington | - | - | 186 | - | - | - | 532 | 432 | 1 150 | 31 921 |
| Worcester | - | 11 | 315 | - | 15 | 43 | 1 134 | 1 079 | 2 597 | 71 069 |
| Wynberg | 107 | 24 | 1 550 | 19 | 230 | - | 3 403 | 588 | 5 921 | 146 682 |
| TOTAAL | 370 | 35 | 5 522 | 101 | 541 | 50 | 15 735 | 6 134 | 28 488 | 758 867 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

BYLAE H.

<u>Samevatting van getal opleidingskolleges/-skole, senior sekondêre, junior sekondêre en primêre skole, onderwysers, lektore, leerlinge en studente (tweede kwartaal 1982)</u>

| Skoolstreek | Opleidingskolleges/ -skole | | Senior sekondêre skole | | Junior sekondêre skole | | Primêre skole | | Totale getal skole | | | Getal leer= linge en studente | Getal onder= wysers en lektore |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Staats | Staats= onder= steund | Staats | Staats= onder= steund | Staats | Staats= onder= steund | Staats | Staats= onder steund | Staats | Staats= onder= steund | Totaal | | |
| Beaufort-Wes | - | - | 2 | - | 3 | - | 22 | 50 | 27 | 50 | 77 | 20 791 | 758 |
| Bellville | 2 | - | 30 | 1 | 3 | - | 140 | 153 | 175 | 154 | 329 | 165 761 | 6 126 |
| Bloemfontein | - | - | 1 | - | 1 | - | 37 | 1 | 39 | 1 | 40 | 12 802 | 459 |
| Durban | 1 | - | 11 | 1 | - | - | 39 | 9 | 31 | 10 | 61 | 28 841 | 1 180 |
| George | 1 | - | 7 | - | 1 | - | 44 | 212 | 53 | 212 | 265 | 56 753 | 2 191 |
| Johannesburg | 1 | - | 17 | - | 3 | - | 69 | 1 | 90 | 1 | 91 | 58 076 | 1 927 |
| Kimberley | 1 | - | 6 | - | - | - | 36 | 52 | 43 | 52 | 95 | 38 252 | 1 385 |
| Oos-Londen | - | - | 3 | - | - | - | 22 | 30 | 25 | 30 | 55 | 15 100 | 564 |
| Port Elizabeth | 2 | - | 13 | 1 | 1 | 1 | 68 | 172 | 84 | 174 | 258 | 81 798 | 3 059 |
| Springbok | - | - | 4 | - | - | - | 15 | 13 | 19 | 133 | 152 | 31 021 | 1 171 |
| Upington | - | - | 5 | - | - | - | 22 | 74 | 27 | 74 | 101 | 31 921 | 1 150 |
| Worcester | - | 1 | 8 | - | 1 | 1 | 52 | 222 | 61 | 224 | 285 | 71 069 | 2 597 |
| Wynberg | 3 | 2 | 38 | 1 | 10 | - | 123 | 37 | 174 | 40 | 214 | 146 682 | 5 921 |
| Totaal | 11 | 3 | 145 | 4 | 23 | 2 | 689 | 1 026 | 868 | 1 155 | 2 023 | 758 867 | 28 488 |

http://etd.uwc.ac.za/

# B Y L A E I.

SKOOLVERLATING BY HOëRSKOLE, 1980 - 1981.

| ST. | 1980 | | | 1981 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1ste kwartaal | 4de kwartaal | Afname | 1ste. kwartaal | 4de kwartaal | Afname |
| 6 | 47 719 | 43 122 | - 4 597 | 49 290 | 45 005 | - 4 285 |
| 7 | 40 021 | 35 434 | - 4 587 | 40 115 | 36 437 | - 3 678 |
| 8 | 24 968 | 22 677 | - 2 291 | 26 698 | 24 416 | - 2 282 |
| 9 | 18 263 | 15 880 | - 2 383 | 16 474 | 14 940 | - 1 534 |
| 10 | 9 090 | 8 711 | - 379 | 9 772 | 9 500 | - 272 |
| TOTAAL | 140 061 | 125 824 | - 14 237 | 142 237 | 130 298 | - 12 051 |

DEPT. VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE, VERSLAG 1 JULIE 1981 - 30 JUNIE 1982.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# BYLAE J.

## PRIMëRE SKOOL (SUBSTANDERDS) TOT ST. V) PERSONEELVOORSIENING

| INSKRYWING | ONDERWYSERS | TOTAAL |
|---|---|---|
| 15 | | 1 |
| 25 | 1 | 2 |
| 55 | 2 | 3 |
| 90 | 3 | 4 |
| 125 | 4 | 5 |
| 160 | 5 | 6 |
| 195 | 6 | 7 |
| 230 | 7 | 8 |
| 250 | 7 | 9 |
| 265 | 8 | 10 |
| 300 | 9 | 11 |
| 335 | 10 | 12 |
| 370 | 11 | 13 |
| 405 | 11 | 14 |
| 440 | 12 | 15 |
| 475 | 13 | 16 |
| 510 | 14 | 17 |
| 545 | 15 | 18 |
| 580 | 16 | 19 |
| 600 | 16 | 20 |
| 615 | 16 | 20 |
| 650 | 17 | 21 |
| 685 | 18 | 22 |
| 720 | 19 | 23 |
| 755 | 20 | 24 |
| 790 | 21 | 25 |
| 825 | 22 | 26 |
| 860 | 22 | 27 |
| 895 | 23 | 28 |
| 930 | 24 | 29 |
| 965 | 25 | 30 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

| INSKRYWING | ONDERWYSERS | TOTAAL |
|---|---|---|
| 1 000 | 27 | 32 |
| 1 035 | 28 | 33 |
| 1 070 | 29 | 34 |
| 1 105 | 29 | 35 |
| 1 140 | 30 | 36 |
| 1 175 | 31 | 37 |
| 1 210 | 32 | 38 |
| 1 245 | 33 | 39 |
| 1 280 | 34 | 40 |
| 1 315 | 35 | 41 |
| 1 350 | 36 | 42 |
| 1 385 | 37 | 43 |
| 1 420 | 38 | 44 |
| 1 455 | 39 | 45 |
| 1 490 | 40 | 46 |
| 1 525 | 41 | 47 |
| 1 560 | 42 | 48 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## B Y L A E K.

JUNIOR SEKONDëRE SKOOL (ST. VI TOT ST. VIII) PERSONEELVOORSIENING.

| INSKRYWING | ONDERWYSERS | TOTAAL |
|---|---|---|
| 30 | 1 | 3 |
| 60 | 2 | 4 |
| 90 | 3 | 5 |
| 120 | 4 | 6 |
| 150 | 5 | 7 |
| 180 | 6 | 8 |
| 210 | 7 | 9 |
| 240 | 8 | 10 |
| 270 | 9 | 11 |
| 300 | 9 | 12 |
| 330 | 10 | 13 |
| 360 | 11 | 14 |
| 390 | 12 | 15 |
| 420 | 13 | 16 |
| 450 | 14 | 17 |
| 480 | 15 | 18 |
| 510 | 15 | 19 |
| 540 | 16 | 20 |
| 570 | 17 | 21 |
| 600 | 18 | 23 |
| 630 | 19 | 24 |
| 660 | 20 | 25 |
| 690 | 21 | 26 |
| 720 | 22 | 27 |
| 750 | 23 | 28 |
| 780 | 24 | 29 |
| 810 | 24 | 30 |
| 840 | 25 | 31 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# BYLAE L.

## SENIOR SEKONDëRE SKOOL (ST. VI TOT ST. X) PERSONEELVOORSIENING

| INSKRYWING | ONDERWYSERS | TOTAAL |
|---|---|---|
| 30 | 2 | 4 |
| 58 | 3 | 5 |
| 86 | 4 | 6 |
| 114 | 5 | 7 |
| 142 | 6 | 8 |
| 170 | 7 | 9 |
| 198 | 8 | 10 |
| 226 | 8 | 11 |
| 254 | 9 | 12 |
| 282 | 10 | 13 |
| 310 | 11 | 14 |
| 338 | 12 | 15 |
| 366 | 13 | 16 |
| 394 | 14 | 17 |
| 422 | 14 | 18 |
| 450 | 15 | 19 |
| 475 | 16 | 20 |
| 500 | 17 | 21 |
| 525 | 18 | 22 |
| 550 | 19 | 23 |
| 575 | 20 | 24 |
| 600 | 21 | 26 |
| 625 | 22 | 27 |
| 650 | 23 | 28 |
| 675 | 24 | 29 |
| 700 | 25 | 30 |
| 725 | 26 | 31 |
| 750 | 27 | 32 |
| 775 | 28 | 33 |
| 800 | 20 | 34 |
| 825 | 29 | 35 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

| INSKRYWING | ONDERWYSERS | TOTAAL |
|---|---|---|
| 850 | 30 | 36 |
| 875 | 31 | 37 |
| 900 | 34 | 40 |
| 925 | 35 | 41 |
| 950 | 36 | 42 |
| 975 | 37 | 43 |
| 1 000 | 37 | 44 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

DIE OPLEIDING VAN HOëRKOOLONDERWYSERS BINNE DIE VERBAND VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE EN DIE ROL VAN DIE U.W.K. DAARIN - 'N KRITIES-HISTORIESE OORSIG.

OPSOMMING:

In hierdie verhandeling word daar gepoog om vas te stel hoe die opleiding van onderwysers ontstaan en oor die jare ontwikkel het, wat die huidige stand van sake is en om te probeer vasstel watter moontlike aanpassings gemaak kan word.

In hoofstuk I, die oriënterende inleiding, word kortliks gelet op die doel van die onderwys en die rol van die onderwyser, die opvoeder, as plaasvervangende ouer.

Om te bewys dat die opvoedingsdoel van 'n volk of samelewing grootliks deur die omstandighede en lewensbeskouing van daardie bepaalde tyd bepaal word, is daar in breë trekke verwys na die opvoedingsdoel by die primitiewe mens, by die ou Grieke en by die Romeine. Daar word ook gelet op die bydraes wat deur enkele persone, nl. Comenius as verteenwoordiger van die Realisme van die sewentiende eeu, John Locke as formuleerder en voorloper van die Rasionalisme en Jean Jacques Rousseau as eksponent van die Natura=lisme, tot die opvoedingsdoel van hulle betrokke lewensbeskouing gemaak is.

Vervolgens word gelet op begripsbepaling van onderwysersopleiding. Daar word gelet op die doel van onderwysersopleiding, nl. die gereedmaking van die aspirant-onderwyser vir suksesvolle taakverrigting in die onderwys. Die menings van 'n aantal opvoedkundiges en onderwysinstansies oor die betrokke aspek van die onderwys is weergegee.

Vervolgens is oorgegaan tot die verskillende komponente van onderwysers=opleiding. Die doel is die opleiding van ten volle gekwalifiseerde en gebalanseerde onderwysers. Daarom moet die opleidingskursus voorsiening maak vir veral vier belangrike komponente, t.w. akademiese, professionele en praktiese opleiding en die ontwikkeling van die persoonlikheid en karakter van die aspirant-onderwyser.

Die doel van die ondersoek is, in die eerste plek, om 'n kort oorsig te gee

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

van die opleiding van die aspirant-onderwyser en die komponente wat so 'n opleidingskursus moet behels. Onderwysersopleiding in die algemeen word behandel, en dan word spesiaal verwys na die opleiding van die hoërskool=onderwyser. Spesifiek is nagevors oor die opleiding van onderwysers, veral hoërskoolonderwysers, binne die verband van die Departement van Binneland=

se Aangeleenthede. Daar word gepoog om te verwys na die uiters belangrike rol wat die Universiteit van Wes-Kaapland reeds gespeel het, en in die toekoms sal speel, in die opleiding van hoërskoolonderwysers.

Metode van ondersoek. Boeke oor onderwysersopleiding is gelees om 'n agtergrond te verkry. Inligting is verkry van die Departement van Kleur=lingonderwys, jaarverslae van die departement Binnelandse Aangeleenthede, inligting verkry deur die (U.W.K.) universiteitsbiblioteek, gesprekke met gesaghebbende persone, die raadpleging van primêre bronne en van die Theron- en De Lange.verslae. Inligting is verkry van skoolhoofde en die sekretarisse van die K.P.O. en U.T.A.S.A.

Afbakening van die studieterrein. Onderwysersopleiding dek 'n breë terrein. Omdat daar so 'n geweldige toename was in getalle by Kleurling=onderwys en tans veral in die sekondêre skool, en omdat daar (veral aan=vanklik) baie kritiek was teen die instelling en oprigting van die U.W.K., en omdat daar so 'n skaarste aan hoërskool gekwalifiseerde onderwysers in die besonder en gegradueerde mense in die algemeen was, is besluit om, teen die agtergrond van onderwysersopleiding, 'n studie te maak van die opleiding van hoërskoolonderwysers en die rol van die U.W.K. daarin. Dit is 'n krities-historiese oorsig.

Hoofstuk II.

'n Kort oorsig van literatuur wat oor onderwysersopleiding in die algemeen en hoërskoolonderwysers in die besonder, handel, word gegee. Wyd uiteen=lopende menings is teëgekom.

Op grond van inligting verkry uit bogenoemde literatuur, is toe sekere riglyne getrek, riglyne wat aandui wat die rol van opleidingskole, oplei=dingskolleges, universiteite en technikons is in die oplei van onderwysers.

Daar is toe oorgegaan na die opleiding van onderwysers binne die verband

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

van Binnelandse Aangeleenthede.

Opleidingskole: Daar is reeds begin met die uitfasering van hierdie skole. Hulle was sekondêre skole waar studente, later slegs dames, na verwerwing van die st. 8 sertifikaat, 'n tweejarige opleidingskursus kon deurloop om hulle te bekwaam as primêre onderwyseres. Die doel was om die groot tekort in te haal. Die Nasionale Onderwysbeleid vereis dat st. 10 die minimum vereiste moet wees vir onderwysersopleiding en die Departement val nou in daarby; tog het die onlangse De Lange-verslag aanbeveel om voorlopig voort te gaan met dié stelsel van opleiding. Onderwyserskolleges verskaf drie- en vierjarige opleidingskursusse om onderwysers op te lei vir primêre en junior sekondêre onderwys.

Die Skiereilandse Technikon bied opleidingskursusse vir onderwysers aan in handels- en tegniese rigtings.

Hoofstuk III. Die opleiding van onderwysers deur universiteite.

Daar word kortliks gelet op die ontstaan van die middeleeuse universiteite, as voorlopers van die moderne universiteite. Hierdie middeleeuse uni=versiteite, soos Parys, Salerno, Bologna, Oxford en Cambridge het ontstaan as gevolg van 'n behoefte aan gesaghebbendes, hetsy in die regte, teologie of die medisyne.

Die toestand soos dit voor 1960 was, wat die universiteitsopleiding en die geleenthede tot universiteitsopleiding vir anderskleurige studente betref, word bespreek. Die ontstaan van (S.A.) universiteite (hoofsaaklik vir blankes) word genoem.

Wetgewing (1959). Die aanloop tot die wetgewing en die uiteindelike wetgewing op "Afsonderlike Universiteite" (1959), wat o.a. uitgeloop het op die stigting van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland vir die Kleurling-, Maleier- en Griekwabevolking.

Vervolgens word die stigting self bespreek, al die probleme wat daarmee gepaard gegaan het en die baie moeilike eerste jare.

Onder die afdeling ontwikkeling, word aandag gegee aan die groei en ont=wikkeling van die U.K.W.K. tot die verkryging van akademiese onafhanklik=heid en die verandering van status tot die Universiteit van Wes-Kaapland

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

(U.W.K.) in 1970, en dan verdere groei tot op hede. Heelwat statistiek word verstrek.

Die U.W.K. het reeds 'n groot bydrae gemaak tot die opleiding van hoër= skoolonderwysers en spesialiseringsonderwys. Die kursusse vir onder= wysersopleiding word bespreek en aangevul met statistiek.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking van die huidige stand van sake, weer eens aangevul met statistiek.

Hoofstuk IV. Die agtergrond waarteen onderwysersopleiding gesien moet word.

Onderwysers moet opgelei word met 'n spesifieke doel en vir 'n spesifieke taak.

Laerskole. Die ontwikkeling en groei van primêre onderwys.
Onder hierdie deel word die kurrikulums, sillabusse en eksamenering in die primêre skole behandel.

Daar word aandag gegee aan die noodsaaklikheid en die daarstelling van gedifferensieerde onderwys en die indeling in 4 fases, t.w. junior primêr, senior primêr, junior sekondêr en senior sekondêr.

Die doel van primêre onderwys en die inhoud van die junior en senior primêre fases se kurrikulums word bespreek en getabuleer. Die onderwys= metode, deur differensiasie, word bespreek.

Die sekondêre fases. Die junior sekondêre skool se doelstellings en kurrikulums word bespreek en uiteengesit. Onder 'n verskillende subhofie word die metode nl. vakonderwys, behandel.

Die senior sekondêre fase is 'n voortsetting en uitbouing van die junior sekondêre fase. Vervolgens word die doelstellings, die metodiek en die inhoud van die kurrikulums bespreek.

Aandag word vervolgens gegee aan die personeelposisie onder sub-afdelings.

In hoërskole word bevind dat daar nie juis 'n tekort is aan onderwysers nie - dit is op die oog af. Statistiek toon egter dat net 20% van die totaal hoërskool onderwysers voldoende gekwalifiseerd is. 'n Ander knelpunt wat na vore tree is dié van die "skaars vakke". In sekere vakke is daar 'n

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

ooraanbod van onderwysers, terwyl in vakke soos Wiskunde, Wetenskap en Biologie, Engels en Handel 'n groot tekort ondervind word.

Daar word vervolgens gelet op die posisie van skoolhoofde en dan op be=vorderingsposte. Personeelvoorsieningslyste word as bylaag ingevoeg.

'n Belangrike insig in die posisie van Kleurlingonderwys word gegee in die Theron-verslag wat in 1976 in die Volksraad ter tafel gelê is. Aanvanklik word 'n kort historiese aanloop gegee, vanaf die ontstaan van die eerste skooltjie in 1658 tot op hede. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die skolastiese peil en skoolprestasies, geletterdheidspeil, getallegroei en aanbevelings, dan volg die kwessie van skoolplig en skoolakkommodasie, ens.

'n Belangrike deel van die verslag handel oor onderwysersopleiding en diens=voorwaardes. Dit blyk ook hier dat daar nie soseer 'n behoefte aan meer onderwysers is nie, maar dat meer as die helfte van alle onderwysers onder=gekwalifiseerd is.

Aandag word ook gegee aan die U.W.K. en die opleiding van hoërskool=onderwysers.

Ook die De Lange-verslag is belangrik.

Die werkkomitee van die De Lange-ondersoek na die onderwys, het 'n verslag uitgebring oor Kleurlingonderwys.

Dit begin met 'n bespreking van die kwaliteit van onderwysersopleiding, dan volg onderwysersvoorsiening aan die Kleurlinggemeenskap. Baie goeie posi=tiewe kritiek word gelewer en daar word gewys op die knelpunte soos die groot persentasie onvoldoende gekwalifiseerde onderwysers en die reeds genoemde probleme (sien Theron-verslag) van hoërskoolonderwysers en onder=wysers vir die skaars vakke.

Daar word aandag gegee aan werwing, keuring, opleiding, fasiliteite aan opleidingsinrigtings, koördinering van opleiding en die benaming van ser=tifikate, finansiële voorsiening aan die U.W.K. en die kolleges, riglyne vir die moontlike ideale opleidingstruktuur en die akademiese kwalifikasies, professionele bevoegdheid en onderwyservaring van die onderwysersopleiers. Die ideaal is nie altyd bereikbaar nie weens die skaarste, en dikwels on=bekombaarheid, van deeglik opgeleide en ervare dosente.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Onderwysers is nooit "klaar opgelei" as hulle aanvanklike opleiding afge= handel is nie. Indiens-opleiding is altyd noodsaaklik en belangrik.

Perspektiefstelling. Daar word gelet op knelpunte en toekomstige behoef= tes. Knelpunte wat uitgelig word is die probleem van onvoldoende ge= kwalifiseerde onderwysers en onderwysers in die "skaars vakke". Toekom= stige behoeftes word bespreek.

Hoofstuk V bestaan uit drie afdelings, t.w. 'n samevatting, gevolgtrekkings hieruit en dan 'n aantal aanbevelings wat moontlik kan help om die knelpunte en probleme te help verlig en die toestand te verbeter.

Die menings van twee rektore, t.w. prof. Meiring, die eerste rektor van die U.K.W.K. en prof. Van der Ross, die huidige rektor van die U.W.K., oor die doel en die toekoms van die U.W.K., word gegee.

Onderwys is lewe wek!

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# B R O N N E L Y S

## I. VERHANDELINGE


Baartzes, W.B.: Die Geskiedenis en Bydrae van die Opleidingskool Söhnge tot die Onderwys. M.Ed.-verhandeling, U.W.K., Nov. 1982.

De Villiers, J.F. van K.: Die belangstellingsrigtings van onderwyseresse uit 4 bevolkingsgroepe in Suid-Afrika - 'n verge= lykende studie. D.ED.-proefskrif, U.O.V.S., 1964.

Kellermann, J.E.: Die Geskiedenis van die opleiding van blanke onderwysers in Suid-Afrika. D.ED.-tesis, U.S. 1936.

Kirstein, P.P.: Die Aard en Omvang van die Kleurlinguniversiteit= student se probleme en enkele sosio-pedagogiese aanbevelings ter bekamping daarvan. D.ED.-proefskrif, U.O.V.S., 1969.

Kirstein, P.P.: Die gesindheid van die Aspirant-onderwyser teenoor sy opleiding. Verhandeling vir die graad M.Ed. aan Unisa, Des. 1962.

Le Roux, A.G.: Die Gebruik van Sielkundige tegnieke by die seleksie en gradering van kwekeling onderwysers. D.Litt. et Phil-proefskrif, Unisa, 1963.

Müller, E.C.C.: Evaluering van 'n Begeleidingsinstrument vir onderwysersopleiding. D.Ed.-proefskrif, Univ. van Potchefstroom, Des. 1979.

Nicolaai, P.R.T.: Die Bydrae van die Londense Sendinggenootskap en die Congregational Sendingskole tot die onderwys, met besondere verwysing na Oos-Kaapland gedurende die tydperk 1799 tot 1930. Verhandeling vir die graad M.Ed., U.W.K., April 1981.

Pieterse, C.G.L.: The Training of Coloured Teachers in the Cape since 1865. M.Ed.-tesis, U.K., 1952.

Rousseau, H. Jac.: University Teacher Training. Thesis for the degree D.Ed., Unisa, Jan. 1951.


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

## II. SEKONDêRE BRONNE.


Aaron-Richard, I.: John Locke. Oxford Press, London. 1973.

Adams, Harold P. and Dickey, F.G. : Basic Principles of Student Teaching. American Book Co., New York. 1956.

Archer, R.L.: Secondary Education in the Nineteenth Century, University Press, Cambridge. 1937.

Arendt, H.: Between Past and Future. Meridian, New York. 1963.

Axtell, James, L.: The Educational Writings of John Locke. Cambridge Univ. Press. 1968.

Barnard, S.S.: Blanke Onderwys in Transvaal, in historiespedagogiese perspektief. Butterworth, Durban. 1979.

Bavinck, H.: Paedagogische Beginselen. J.H. Kok, Kampen. 1928.

Bavinck, H., Visscher, H. en Van Wijlen, H.J. : Die Opleiding van den Onderwijser. Drukkerij de Standaard Amsterdam. (g.d.)

Beggs, Walter K.: The Education of Teachers. Center for Applied Research in Education. New York. 1965.

Behr, A.L.: Die Geskiedenis van die Onderwys aan Kleurlinge en van die Opleiding van Kleurlingonderwysers in Transvaal. 'n Historiese, Vergelykende en kritiese studie. Potchefstroom. 1944.

Behr, A. L. en MacMillan, R.G.: Education in South Africa. J.L. van Schaik, Pretoria. 1971.

Bingle, H.J.J.(red.): Besinning en Verantwoording. Butterworth, Durban. 1978.

Bisschoff, T.C. en Kruger, E.G. : Boustene in die Metapedagogiek-van Sparta tot Spencer. Butterworth, Durban & Pretoria. 1981.

Bowen, James: A History of Western Education. Methuen & Co. Ltd., London. 1975.

Boyd, William: The History of Western Education. A & C Black Ltd., London. 1921.

Boyd, William: The History of Western Education Revised by Edmund King. Barnes and Noble. New York. 1966.


http://etd.uwc.ac.za/

Butts, R. Freeman: The Education of the West. McGraw-Hill Book Co. Johannesburg. 1973.

Cilliers, S.P.: The Coloureds of South Africa. A Factual Survey. Bainer Publishing. Cape Town. 1963.

Cubberley, E.P.: The History of Education. Houghton-Mufflin Co., Boston. 1920.

Coetzee, J. Chris.: Die Moderne Opvoeding. J.L. van Schaik, Pretoria 1939.

Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemeen Teoretiese Opvoedkunde. Van Schaik, Pretoria. 1965.

Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde. Perskor Uitgewers, Johannesburg. 1943.

Coetzee, J. Chris.(red.): Onderwys in Suid-Afrika, 1652 - 1956. Van Schaik, Pretoria. 1958.

Cropley, A.J. & Dave, R.H.: Lifelong Education and the Training of Teachers. Unesco Institute for Education. Hamburg. 1978.

Cruse, H.P.: Die Geskiedenis van die Kleurlingonderwys in die Kaap Provinsie, 1652 - 1822., Kaapstad. (g.d.)

Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking. Deel I, 1652 - 1795. C.S.V.-Boekhandel, Stellenbosch. 1947.

Cubberley, E.P.: The History of Education. Houghton Mifflen Co., Boston. 1920.

De Lange, J.P.: Werwing en Opleiding van Onderwysers. Verslag van die Werkkomitee, No. 13. R.G.N. 1981.

Dent, A.C.: The Training of Teachers in the United Kingdom. Longmans. 1962.

De Vries, C.G.: Die Opleidingskollege, Paarl. 1913 - 1963. Fisher en Seuns (Edms.) Bpk., Paarl. 1963.

De Vries, Corné, Basson, A.J. en Steyn, J.C: Drie Pedagogiese Perspektiewe. Butterworth, Durban, Pretoria. 1982.

De Wet, P.R.: Inleiding tot Onderwysbestuur. Lex Patria, Kaapstad. 1980.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

De Witt, J.T.: Professionele Oriëntering vir die Onderwysberoep. Butterworth, Durban en Pretoria. 1979.

Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland, 1652 - 1939. J.L. van Schaik, Pretoria. 1940.

Du Toit, P.S.: Opvoedkundige Studies. Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars, Stellenbosch. 1969.

Elvin, H.L.: Education and the Contemporary Society. C.A. Watts & Co. Ltd., London. 1965.

Elvin, Lionel: The Place of Commonsense in Educational Thought. George Allen and Unwin Ltd. London. 1977.

Flowers, J.G., Patterson A.D., Stratemeyer, F.B. and Lindsay, M.: School and Community Laboratory Experiences in Teacher Education. American Association of Teachers' Colleges, New York. 1948.

Fowler, C. de K.: Skooladministrasie in die Kaap Provinsie. Maskew Miller, Kaapstad. 1954.

Gates, A.I., Jersild, A.T. McConnell, T.R. and Challman, R.C.: Educational Psychology. The MacMillan Company, New York. 1949.

Harmse, H.J. en Kirstein, P.P.: Pedagogiek I. Butterworth, Durban. 1979

Herskovits, M.J.: Man and his Works. Alfred A. Knopf, New York. 1949.

Hewett, Stanley (Ed.): The Training of Teachers, - a factual survey. University of London Press Ltd. 1971.

Hodenfield, G.K. & Stinnett, T.M.: The Education of Teachers : Conflict and Consensus. Prentice-Hall Inc. U.S.A. 1961.

Horton, L. and Horton, P.: Teacher Educatinn. Interstate Printers & Publishers, Illonois. 1974.

Jansen, J.: Naar een Hogere Paedagogische School, (Nederlandsche Onderwijzersopleiding vergeleken met die in Duitsland). Stichting Onderwijs Oriëntatie, Amsterdam. (G.D.)

Johnson, J. and Anderson, R.C.: Secondary Student Teaching Readings. Foresman & Co., London. 1971.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Jones, G.E.L.: The Training of Teachers in England and Wales. A Critical Survey. Oxford University Press, London. 1924.

Jordan, D.: Education and the nature of Creativeness. New Era, Vol. 30 no. 6. June, 1949.

Keble, Bruce, (Ed.): Fit to Teach. Hutchinson Educational, London. 1971.

King, Edmund, J.: Other Schools and Ours. Holt, Rinehart & Winston, London, NewYork. 1979.

King, Edmund, J.: The Education of Teachers. Holt, Rinehart & Winston, London. 1970.

Kirstein, P.P.: Die Verhouding tussen die Kleurlingonderwyser en die Kleurlinggemeenskap. Buro vir Sosiaal-Weten= skaplike Navorsing, U.W.K. 1974.

Knight, E.W.: Twenty Centuries of Education. Ginn & Co., Boston. 1940.

Kruger, R.A., Meerkotter, D.A. en Trümpelmann, M.H.: Onderwyskunde en Onderwysersopleiding. Butterworth, Durban, Pretoria. 1981.

Landman, W.A., Barnard, F. Gerber, A.E., Roos, S.G., Van der Westhuizen, G.J. en Smit, R.J.: Opvoedkunde vir Onderwysstudente. Universiteits= uitgewers en Boekhandelaars, Stellenbosch. 1978.

Lindsay, Margaret: Training Teachers of the Gifted and Talented. Teachers College, Columbia University, New York. 1980.

Louw, W.J.: Pedagogiekstudies No. 70. An Evaluation of the Responsibility of the University Regarding the Training of Secondary School Teachers. Universiteit van Pretoria. (G.D.)

Lynch, James and Plunkett, H. Dudley.: Teacher Education and Cultural Change. (England, France & West Germany). George Allen & Unwin, Ltd. London. 1973.

MacMillan, R.G.(Ed.): Education and our Expanding Horizons. Proceedings on the National Conference of Education, Durban 9 - 12 July, 1960. University of Natal Press, Pietermaritzburg. 1962.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Malherbe, E.G.: Education in South Africa, 1652 - 1922. Juta & Co., Cape Town. 1925.

Marais, J.S.: The Cape Coloured People, 1652 - 1937. Longmans, Green & Co. Ltd., London. 1939.

McCarty, Donald, J.: and Associates. New Perspectives on Teacher Education. Jossey-Bass Publishers, San Francisco. 1973.

McKerron.: M.E. A History of Education in South Africa, 1652 - 1932. J.L. van Schaik, Ltd., Pretoria. 1934.

Monroe, P.: A Cyclopedia of Education. Vo. 3. The MacMillan Co., New York. 1910 - 1914.

Monroe, Paul: A Textbook in the History of Education. MacMillan & Co., New York. 1956.

Morrison, A. and McIntyre, D.: Teachers and Training. Penguin Books. 1980.

Myers, Alfonzo F. and: Williams, Clarence O.: Education in Democracy. Prentice.Hall, New York. 1954.

Nathan, A.D.: De Opleiding van Leraren. J.B. Wolters, Groningen. 1935.

Nel, B.F.: Aspekte van die Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika. H.A.U.M., Kaapstad en Pretoria. 1959.

Niblett, W.R., Humphreys, D.W. & Fairhurst, J.R.: The University Connection. N.F.E.R. Publishing Co., Windsor. 1975.

Oliphant, J.: The Educational Writings of Richard Mulcaster. James Maclehose & Sons, Glasgow. 1903.

Parkinson, Nancy: Educational Aid and National Development. An International Comparison of the Past and Recom=mendations for the Future. MacMillan Press, London. 1976.

Pistorius, P.: Gister en Vandag in die Opvoeding. Pro Rege, Potchefstroom. 1975.

Pistorius, P.: Kind in ons Midde. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad. 1976.

Pistorius, P.: Kaart en Kompas van die Opvoeding. Pro Regia Pers, Potchefstroom. 1969.


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Potgieter, F.J.(Red,): Geskiedenis van die Opvoeding vir Onderwysstudente. McGraw-Hill, Johannesburg. 1978.

Potgieter, F.J. en Swanepoel, C.B.: Temas uit die Historiese Pedagogiek. J.L. van Schaik, Pretoria. 1968.

Rich, R.W.: The Training of Teachers in England and Wales, during the 19th Century. Cambridge. 1933.

Roman, F.W.: The New Education in Europe. George Routledge & Sons, Ltd., London. 1930.

Rousseau, Jean Jacques: Emile. J.M. Dent & Sons, Ltd., London. 1933.

Ruperti, R.M.: Die Onderwysstelsels in Suider-Afrika. J.L. van Schaik, Pretoria. 1974.

Rusk, R.R.: The Training of Teachers in Scotland. The Educational Institute for Scotland, Edinburgh. 1928.

Sadler, J.E. and: Gillett, A.N.: Training for Teaching. George Allen & Unwin, London. 1962.

Sarason, S.B., Davidson, K.S. and Blatt, B.: The Preparation of Teachers. An unstudied problem in Education. John Wiley and Sons, New York. 1962.

S.A.V.B.O. Publikasie No. 12; Die Opleiding van Onderwysers vir die Primêre en Sekondêre skool Binne die Huidige Tydsgewrig. S.A.V.B.O., Port Elizabeth. 1978.

Schultz, Raymond E.: Student Teaching in the Secondary Schools. Harcourt, Brace & World, Inc. New York. 1959.

Schumann, T.E.W.: Die Abdikasie van die Witman. A.P. Boekhandel, Johannesburg. 1962.

Seay, M.F. and Meece, L.E.: The Sloan Experiment in Kentucky. University of Kentucky, Lexington. 1944.

Smith, Elmer R.(Ed.): Teacher Education: A Re.appraisal. Harper & Row, New York. 1962.

Smuts, Adriaan J.: The Education of Adolescents in South Africa. Juta & Co., Ltd., Cape Town & Johannesburg. 1937.

Stabler, Ernest (Ed.): The Education of the Secondary School Teacher. Wesleyen University Press, Middletown. 1962.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Stephens, John, M.: *The Psychology of Classroom Learning.* Holt, Rinehart & Winston, Inc. New York. 1965.

Taute, Ben: *Opvoedende Onderwys.* Unie-Volkspers, Kaapstad. 1946.

Taylor, William: *Research and Reform in Teacher Education* (Council of Europe). N.F.E.R. Publishing Co., Windsor. 1978.

Theron, Erika: *Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika.* Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars, Stellenbosch. 1964.

Theron, E. en Du Toit, J.B: *Kortbegrip van die Theronverslag.* Tafelberg Uitgewers, Kaapstad. 1977.

Theron, Erika: (Sameroepster): *Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep.* (Erika Theron-Kommissie). Uitgegee op gesag, R.S.A. 1976.

Van der Merwe, H.W. en: Groenewald, C.J. (Red.s): *Occupational and Social Change among Coloured People in South Africa.* Juta, Cape Town. 1976.

Van der Walt, J.L.: *Opvoedkunde as Lewende Wetenskap.* Butterworth, Durban & Pretoria. 1980.

Van Schalkwyk, O.J.: *Focus on the Education System.* Butterworth, Durban. 1981.

Van Schalkwyk, O.J.: *Fokus op die Onderwysstelsel.* Butterworth Durban. 1981.

Venter, Al. J.: *Coloured. A Profile of two million South Africans.* Human & Rousseau, Cape Town. 1974.

Waterink, J.: *Keur uit de Verspreide Geschriften.* J.B. Wolters, Groningen. 1961.

Woodring, Paul: *A Fourth of a Nation.* McGraw-Hill Book Co., Inc. New York. 1973.

Wragg, E.C.: *Teaching Teaching.* David and Charles, London. 1974.

III. JAARVERSLAE VAN DIE DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE.

Verslag 1 Januarie 1962 - 31 Maart 1964, Dept. van Kleurlingsake. (R.P. 82/1964).

Verslag 1 April 1964 - 31 Maart 1965, Dept. van Kleurlingsake (R.P. 25/1966).

Verslag 1 April 1965 - 31 Maart 1966, Dept. van Kleurlingsake (R.P. 22/1967).

http://etd.uwc.ac.za/

Verslag 1 April 1966 - 31 Maart 1967, Dept. van Kleurlingsake (R.P. 21/1968).

Verslag 1 April 1967 - 31 Maart 1968, Dept. van Kleurlingsake (R.P. 22/1969).

Verslag 1 April 1968 - 31 Maart 1969, Dept. van Kleurlingsake.

Verslag 1 April 1969 - 31 Maart 1970, Dept. van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth Aangeleenthede. (R.P. 57/1971).

Verslag 1 April 1970 - 31 Maart 1971. Administrasie van Kleurlingsake (R.P. 70/1972).

Verslag 1 April 1971 - 31 Maart 1972. Administrasie van Kleurlingsake. (R.P. 60/1973).

Verslag 1 April 1972 - 31 Maart 1973. Administrasie van Kleurlingsake. (R.P. 40/74).

Verslag 1 April 1973 - 31 Maart 1974. Administrasie van Kleurlingsake. (R.P. 40/75).

Verslag 1 April 1974 - 31 Maart 1975. Departement van Kleurling-. Rehoboth en Nama-Aangeleenthede. (R.P. 42/1976)

Verslag 1 April 1975 - 31 Maart 1976. Dept. van Kleurling-, Rehoboth & Namabetrekkinge. (R.P. 30/77).

Verslag 1 April 1976 - 31 Maart 1977. Dept. van Kleurling-, Rehoboth en Namabetrekkinge. (R.P. 113/1978).

Verslag 1 April 1977 - 31 Maart 1978. Departement van Kleurlingsake.

Verslag 1 April 1978 - 31 Maart 1979. Dept. van Kleurlingsake.

Verslag 1 April 1979 - 30 Junie 1980. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede. (R.P. 46/1981).

Verslag 1 Julie 1980 - 30 Junie 1981. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede. (R.P. 43/1982).

Verslag 1 Julie 1981 - 30 Junie 1982. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede. (R.P. 31/1983).

IV. <u>TYDSKRIFTE, DAGBLAAIE, ENS.</u>

(i) <u>Koerante:</u>

Teachers in need to keep pace. <u>The Citizen</u>, 26/10/1982.

Nuwe kollege vir bruin leerkragte. <u>Die Burger</u>, 14/10/1982.

Projek vir bruin leerkragte begin. <u>Die Burger</u>, 3/9/1982.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Onderwyserskolleges wel beter daaraan toe. Murraysburger, 7/8/1982.

8 Coloured colleges are planned. The Argus, 22/7/1982.

Onderwyskollege vir verdere opleiding. Die Karet, Januarie 1983.

Onderwysers kan nou deur pos studeer. Die Burger, 21/1/1983.

Call to open teaching colleges to all races. The Argus, 25/2/1983.

Lei onderwysers so op, sê L.U.K. Die Burger, 1/7/1983.

Die onlogiese universiteit (V.A.K.) Die Burger, 8/7/1983.

Many S.A. teachers not fully qualified - Mouton. P.E. Evening Post, 11/7/1983.

Teachers under-trained. Cape Times, 12/7/1983.

Assurance on Maths teachers. Natal Mercury, 14/7/1983.

Witskrif oor die onderwys. Die Burger, 24 November 1983.

Briefwisseling oor Hooggeskooldes. Die Burger, 3/12/1983, p.14.

(ii) Tydskrifte:

Alpha, Maart 1964.

Alpha, Oktober 1969.

Alpha, Mei 1972.

Alpha, Desember 1973.

Alpha, April 1977.

Alpha, September 1977.

Alpha, Maart 1978.

Alpha, April 1978.

Alpha, April 1978.

Alpha, Oktober 1980.

Alpha, Februarie 1982.

Alpha, Maart 1982.

Alpha, Junie 1983.

Alpha, Oktober 1983.

Chicago Schools Journal, XXX, 10 June 1949.

Die Unie; Orgaan van die S.A.O.U. Jaargang 78 No.12, Junie 1982.

Die Unie. Jaargang 79, no. 3, September 1982.

Die Unie. Jaargang 79, no. 6, Desember 1982.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die Unie, Jaargang 79, no. 10, April 1983.

Educational Journal (S.A.T.A.) September 1982 (Training of Teachers).

Fokus, amptelike orgaan van die Christelike Opvoedkundevereniging van S.A. (C O V S A), Jaargang 7 no. 4. November 1979.

S.A.O.R. Bulletin: no. 10 Maart 1982.
: no. 11 Junie 1982
: no. 12 September 1982.
: no. 13 Desember 1982.
: no. 14 Maart 1983.
: no. 15 Junie 1983.
: no. 16 September 1983.

U.W.K.-Nuus: Vol. 7 no 2, Julie 1982.
Vol. 8 no. 1, Februarie 1983.

Unisa Alumnus, Julie 1983, Vol. 5 no. 1.

V. DEPARTEMENTELE VOORSKRIFTE.

Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake): Omsendbrief no. 5/82: Personeelvoorsieningskale vir primêre en sekondêre skole.

Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake): Vereistes vir onderwysdiplomas.

Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake): Voorskrifte vir Onderwysdiploma en Hoër Onderwysdiploma, 1 Januarie 1982.

Departement van Onderwys, K.P.A.: Riglyne by die keuse van Onderwys as loopbaan. 1982.

VI. U.W.K. - INLIGTINGSTUKKE.

Instituut vir Sosiale Ontwikkeling, U.W.K., werkstuk no. 2, 30 Oktober 1976: Die Verslag van die Theronkommissie.

U.W.K., Fakulteit Opvoedkunde: B.Ed.-program vir 1984.

U.W.K., Fakulteit Opvoedkunde: Jaarboek, 1983, Deel V.

U.W.K., Statistiek (per mnr. Morta).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## VII. ANDER INLIGTINGSTUKKE.


Commonwealth Secretariat: Teacher Education in a changing Society. Commonwealth Conference on Teacher Education, Nairobi, Kenya, 1973.

Education for Life: The Education of the Coloured population group in the R.S.A. Dept. of Internal Affairs, R.S.A.

Meiring, J.G.: Die Ontstaan van die U.W.K. (ongepubliseerd).

R.G.N.- Nuusbrief: Meer Kleurlinge en Indiërs studeer verder.

Stepping into the Future: Education for South Africa's Black, Coloured and Indian peoples. Erudita Publications, Johannesburg 1975.

Summary of Teacher Training Courses, 1977 (England and Wales). National Association of Teachers in further and higher training, London, 1976.


## VIII. REDES (LESINGS).


Coetzee, J. (U.S.): Jeugweerbaarheidsprogram as deel van onderwysers=opleiding; S.A.O.U.-Kongres, Kimberley, 29 Junie 1983.

Scholtz, C.B.: Die opleiding van onderwysers. Veertiende jaar=kongres van K.P.O., Julie 1981.

Van der Ross, R.E. (U.W.K.): Inaugural address (as rector and vice-chancellor of the U.W.C.), 3 March 1975.

Van der Ross, R.E.: The University of the Western Cape: What does the future hold for its students? Paper delivered at the Institute of Citizenship, Cape Town, on Thursday, 19 August 1982.


## IX. PERSOONLIKE ONDERHOUDE.

1. Prof. Richard van der Ross - 19 September 1983.
2. Prof. J.G. Meiring - 8 September 1983.
3. Dr. P. Avenant, dr. H. Harmse en mnr. Beukes, Departement van Onderwys, 21 September 1983.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

4. Mnr. G. Strauss, Sekretaris van UTASA, 16 September 1983.
5. Die Sekretariaat, K.P.O. - 10 September 1983.
6. Mnr. A. Vergotini, hoof, Ravensmead Senior Sekondêre Skool, 10 Sept. 1983.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/